VIR ELKE DAG

'n Bybelse Dagboek
ten dienste van
die daaglikse gebruik
deur gelowiges.

1974

VOORWOORD.

Die nuwe redaksie — lesers vind die name hier onder — verwag nie om iets anders of beters in Vir Elke Dag te lewer nie maar wil met waardering teenoor hulle voorgangers verder gaan op die weg om lesers elke dag te laat vertoef by die lewende waters van Gods Woord. Afgesien van die gebruik rondom die huisaltaar kan ampsdraers die oordenkings gerus beproef by huisbesoek. 'n Woord van opregte dank aan die medewerkers.

J. H. KOEKEMOER.
M. J. NAUDÉ.
P. M. SMITH.

MEDEWERKERS:

1 — 5 Januarie	: W. J. Steyn.
6 — 12 Januarie	: S. P. Pretorius.
13 — 19 Januarie	: A. P. B. Breytenbach.
20 — 26 Januarie	: F. H. van der Merwe.
27 Januarie — 2 Februarie	: S. J. v.d. Westhuizen.
3 — 9 Februarie	: J. P. Labuschagne.
10 — 16 Februarie	: G. P. J. Grobler (Jr.).
17 — 23 Februarie	: P. S. van Staden (Jr.).
24 Februarie — 2 Maart	: P. R. Prinsloo.
3 — 9 Maart	: A. D. Botha.
10 — 16 Maart	: J. A. Loader.
17 — 23 Maart	: J. H. Brandt.
24 — 30 Maart	: S. J. de Beer.
31 Maart — 6 April	: F. Beytell.
7 — 13 April	: P. A. Geyser.
14 — 20 April	: C. J. A. Simpson.
21 — 27 April	: A. J. Willemse.
28 April — 4 Mei	: M. J. van Schalkwyk.
5 — 11 Mei	: J. P. Snyman.
12 — 18 Mei	: G. J. J. Labuschagne.
19 — 25 Mei	: M. J. Naudé.
26 Mei — 1 Junie	: J. F. Mouton.
2 — 8 Junie	: T. F. J. Dreyer (Jr.)
9 — 15 Junie	: H. R. Visser.
16 — 22 Junie	: J. L. van Staden.
23 — 29 Junie	: J. A. Jacobs.
30 Junie — 6 Julie	: C. J. Smit.
7 — 13 Julie	: J. P. B. Blignaut.
14 — 20 Julie	: D. G. S. Steyn.
21 — 27 Julie	: H. N. Botha.
28 Julie — 3 Augustus	: A. J. Conradie.
4 — 10 Augustus	: A. M. Swanepoel.

11 — 17 Augustus	:	N. C. J. Brayshaw.
18 — 24 Augustus	:	S. G. A. Golden.
25 — 31 Augustus	:	J. A. de Beer.
1 — 7 September	:	W. C. M. de Beer.
8 — 14 September	:	G. M. M. Pelser.
15 — 21 September	:	G. C. van Staden.
22 — 28 September	:	E. C. B. Kotze.
29 September — 5 Oktober	:	F. J. Engelbrecht.
6 — 12 Oktober	:	N. M. J. S. Heyneke.
13 — 19 Oktober	:	J. M. Fourie.
20 — 26 Oktober	:	K. Papp.
27 Oktober — 2 November	:	J. I. de Wet.
3 — 9 November	:	J. A. P. van Tonder.
10 — 16 November	:	C. L. van den Berg.
17 — 23 November	:	P. S. van Staden (Sr.).
24 — 30 November	:	W. J. Engelbrecht.
1 — 7 Desember	:	P. A. R. C. van Wyk.
8 — 14 Desember	:	P. S. Dreyer.
15 — 21 Desember	:	A. J. van Staden.
22 — 28 Desember	:	P. W. A. Bierman.
29 — 31 Desember	:	P. J. L. Bierman.

1 Januarie. Lees Mark. 1:1-8. Teks: Joh. 3:30.

VERVUL JOU ROEPING.

Aan Johannes die Doper kan ons nooit anders as met groot eerbied dink nie. Hy staan voor ons as 'n man wat hom met so 'n ywer, oortuiging en karakteradel aan sy roeping oorgegee het dat ons met ongeveinsde bewondering na hom opsien. Jesus self getuig ook van hom onder die wat uit vroue gebore is daar niemand groter as hy nie.

Dit was waar van Johannes die Doper omdat hy getrou aan sy roeping as voorloper, wegbereider was; omdat die hoofinhoud van sy prediking altyd was: „Na my kom Een wat groter is as ek"; omdat sy lewensleuse was: „Hy moet meer word, maar ek minder".

Hy moet meer word, maar ek minder . . . . Hy en ek — dit is nie twee waarvan elk sy eie belange en sy eie lewensgang het nie. Nee, Hy en ek het met mekaar te make. Sy groei vind plaas deur my minderwording. Hy neem toe in mag namate ek minder word. En namate ek minder word neem ek toe in krag — in Hom.

Eers het ek voorop gegaan en het Hy my gevolg. Nou gaan Hy voorop en ek volg Hom. Hy beklee die eerste plek en ek die tweede plek. En daarin lê nou juis die vervulling van my lewe.

Dit is ware selfhandhawing wanneer ons nie ons self handhaaf nie maar ons lewensroeping handhaaf. Dit is ware grootheid wanneer ons nie groot wil wees nie maar wanneer ons Christus groot laat wees in en deur ons.

Ons staan aan die begin van 'n nuwe jaar en ons strewe seker almal na nuwe hoogtes en nuwe mylpale. In die geloof sal ons alleen dan die hoogtes bereik as Hy meer word en ons self minder en kleiner.

Alhoewel Jesus seker nie van ons lewe sal getuig: „Onder die wat uit vroue gebore is, is niemand groter as hy nie" sal Hy tog wel sê: „Mooi so goeie en getroue dinskneg! Gaan in in die vreugde van jou Heer!"

2 Januarie. Lees Mark. 1:9-13. Teks: Mark. 1:9.

HOËR GEDAGTES.

As Jesus kom, is alles altyd so anders as wat ons sou verwag.

Jesus kom na hierdie wêreld nie as koningsheerser nie maar as 'n klein en weerlose kindjie; nie met trompetgeskal en gejuig nie maar eensaam en alleen te Bethlehem; nie in 'n paleis as die seun van vername ouers nie maar in 'n krip as die „onegte" kind van Josef en Maria.

God se werk is altyd veel heerliker as wat ons sou verwag. So byvoorbeeld moet Johannes ook teenoor Jesus as die Doper sy werk verrig. Dit sou Johannes nie ontgaan het dat hierdie Dopeling nie gekom het om sy sondes te bely nie. Op sigself beskou het hy dus gelyk as hy weier om Jesus te doop. Maar ons verstaan Jesus nooit solank ons Hom op sigself beskou nie.

Waarom laat Jesus Hom dan doop? Omdat in sy eie woorde: „So alle geregtigheid vevul kan word." Die geregtigheid van God het naamlik geëis dat Jesus volkome een moes word met die sondaars om hulle te red.

Deur Hom te laat doop word Jesus volkome een met ons, maak Hy ons skuld en sonde syne en laai Hy dit op Hom!

Die solidariteit wat Hom hierdie doopwater laat ingaan het het Hom ten slotte ook na die kruis gevoer.

Die solidariteit wat ons met Hom verbind, eis ook dat ons ons lewe sal moet verloor om dit te behou; dat ons altyd en orals die blye boodskap van Jesus Christus sal verkondig.

3 Januarie. **Lees** Mark. 1:9-13. **Teks:** Mark. 1:13.

'N NUWE BEGIN.

Die geskiedenis van die mensheid mag nog eenmaal opnuut begin. Wel het in die plek van die paradys die woestyn gekom as teken dat hierdie nuwe begin nie in die ongevalle skepping nie maar midde van 'n gevalle skepping werklikheid sal wees.

Maar weer is daar 'n deur God tot Koning-van-die-skepping-geroepe-mens en opnuut is daar die duiwel om te versoek.

Die eerste Adam het beswyk voor die versoeking om soos God te wees. Hy het die woord van God losgelaat.

Die laaste Adam is die Here van die hemel wat mens geword het. Daarop rig hierdie versoeking hom nou. Sal Jesus sy mens — wees, sy dienskneg — wees trou bly of sal Hy die Satan antwoord uit sy goddelike majesteit. Die satan is vol vertroue. Hy kan goed indink dat die mens God wil wees maar hy kan onmoontlik begryp dat God mens sou wil wees.

Maar Jesus antwoord as mens, as dienskneg. Hy gee antwoorde soos u en ek kan en sou moet gee. Want Hy antwoord die satan vanuit Gods Woord.

By die laaste Adam staan die satan geen kans nie. Want die hart van die Seun is geheel en vol vertroue by die Woord van die Vader. Jesus het God vasgehou en het ons vasgehou.

As nuwe mens van die nuwe tyd kan en moet ons ook alle versoekinge van Satan weerstaan om ons roeping te vervul. As ons vashou aan Jesus Christus en sy Woord dan sal ons ook alle versoekinge weerstaan. Daarom is dit so belangrik dat ons sal weet wie Jesus Christus is en wat sy Woord sê.

4 Januarie. **Lees** Mark. 1:14-20. **Teks:** Mark. 1:17.

VISSERS VAN MENSE.

Watter geweldige storm het daar nie met die koms van Jesus losgeruk nie. Sodra Jesus die evangelie begin verkondig kom die een beweging na die ander!

Met 'n kort en kragtige proklamasie skud Hy die rustige wêreld van die vissers en boere, die kerkgangers en skrifgeleerdes wakker: „Die tyd is vervul, die koninkryk van God het naby gekom, bekeer julle en glo die evangelie."

Hierna word die eerste die beste visserspaar toegeroep: „Laat die visse met rus. Ek het vir u edeler werk! U moet vissers van mense wees. U moet mense vir die koninkryk van God vang.' Nog twee ander wat besig is om visnette te herstel word toegeroep: „Ek gee julle iets anders as net ou half vergane nette om te herstel. Ek gee julle naamlik die sondige bedorwe mensehart."

Ag ons het werklik 'n floue besef van watter ontsteltenis en opwinding Jesus te voorskyn geroep het. Maar nou is die belangrike dat Jesus nog steeds die onrus- en stormwekker is. Die verskil is net dat ons dit nie meer besef nie.

Ook vandag nog wil Hy ons hart en verstand binnedring om die nuwe tyd te bring.

Dit is wel waar die nuwe tyd vorder van ons ongetwyfeld moeilike beslissings, koerswysigings en fondamentele veranderings. Wie egter daarvoor terugdeins bly met sy sorge in die ou tyd, bly by sy stukkende nette, by sy kerkslaap.

Vandag as u sy stem hoor, verhard u hart nie maar stel uself gewillig as 'n werktuig in sy hand terwyl u so die ou tyd, die stukkende nette agterlaat en mense wen vir die nuwe heerskappy.

5 Januarie. **Lees** Mark. 1:40-45. **Teks:** Mark. 1:42.

DIE ONREINE REIN.

Melaatsheid was 'n verskriklike siekte. Dit was 'n kwaal wat so goed as seker die dood ten gevolg gehad het. Verskriklike swere het die hoof en ledemate bedek en dele van die vingers en die tone het soms afgeval. Wie deur hierdie siekte aangtas was, het die ontbinding in sy liggaam reeds in lewende lywe getoon. Ja, die onreinheid van die die dood het hom tydens sy lewe al aangekleef. Daarom het melaatsheid die lyer nie slegs siek nie maar hom ook onrein gemaak.

Meteens het so 'n lewende dooie, so 'n melaatse voor Jesus gestaan: Here as U wil kan U my reinig! Hy twyfel vir geen oomblik aan Jesus se mag nie. Inteendeel hy bely dat Jesus kan wat niemand kan nie naamlik hom genees van dodelike kwaal, hom reinig van sy onreinheid. En enkel van Jesus se wil- so weet hy, hang dit af of inderdaad ook sal gebeur wat hy vra.

Is daar by u en my ook so 'n kinderlike, onvoorwaardelike geloof? Sê ons ook teenoor Jesus: Here, as U wil kan U my reinig? „Ag" sê u miskien „ons is tog nie melaats nie." Nee gelukkig is ons nie — ten minste nie liggaamlik nie. Maar ons is wel onrein! Immers onrein deur die sonde. En soos melaatsheid die hele liggaam aantas en ten slotte verwoes, so vreet ook die sonde aan die mens en verteer hom as hy nie daarna gereinig word nie. Inderdaad as die sonde uitbreek in sy mismaaktheid is dit nie minder gevaarlik as liggaamlike melaatsheid nie want die loon van die sonde is die dood!

Die melaatse is deur Jesus volkome genees en van sy verskriklike siekte want Jesus deins nie terug nie maar tree met Hom in gemeenskap, raak Hom aan.

Inderdaad as Jesus ons verlos van die sonde dan neem Hy ook die ontsettende gevolge van die sonde weg. En so is hierdie wonder vir ons 'n teken dat Jesus die Saligmaker is, die Middelaar tussen God en die mense.

Alleen — die wonder van die ewige gemeenskap met God kom alleen tot stand deur die geloof; deur die onvoorwaardelike oorgawe aan Jesus se liefde en mag.

6 Januarie. **Lees** Mark. 2:13-17. **Teks:** Mark. 2:14b.

ROEPING EN ANTWOORD.

In die heilsweg van die Here God met die mens, staan die daad en die handeling van God op die voorgrond. Daarom loop die heilsweg van God met die mens soos Hy wil en nie anders nie. Dit bly 'n ontsettende misverstand wanneer ons mense hoor praat asof hulle self vir hulle redding verantwoordelik is deur hulle goeie en vrome besluit waartoe hulle sélf gekom het.

Ons moet daarom baie duidelik sê dat voorop, heel eerste in die weg na God toe, loop eers die pad van Hom af na ons toe. Hy is die Eerste wat handel. Duidelik kom dit na vore in ons teksgedeelte. Terwyl Levi daar in die tolhuis sit, wend Jesus Hom tot hom. Christus roep hom. Levi word aangespreek. Christus beveel: „Volg My." Dit is die heilsorde en dit kan nooit omgedraai word nie. God bly die een wat roep. So was dit reeds van die begin af. Hy spreek en alles geskied.

Wanneer Christus roep kom daar 'n antwoord. So was dit ook in die geval van Levi. Met 'n verrassende oormag kom die woord van Jesus tot Levi — „Volg My." Dan gebeur daar iets — 'n wonder. „En hy het opgestaan en Hom gevolg."

Jesus Christus roep onvoorwaardelik — „Volg My." Daar is geen verskoning of voorwaarde aanvaarbaar van: Ja, ek sal U volg, maar laat my eers toe om dit of dat te gaan doen nie. Die navolging van Christus beteken dat die mens baie dinge onvoorwaardelik moet verlaat en vaarwel toeroep.

God het ook ons in hierdie dag geroep. Hy roep ons elke oomblik deur sy Woord en Gees. Die vraag bly net of hierdie roepstem beantwoord is. Het ons soos Levi opgestaan met bereidwilligheid om alles prys te gee en te verlaat om Hom te volg? Of het ons miskien horende-doof bly sit?

7 Januarie. **Lees** Mark. 2:1-17. **Teks:** Mark. 2:17b.

JESUS CHRISTUS ROEP SONDAARS.

In die tyd van Jesus Christus se aardse werksaamhede was die tollenaars die mees gehate groep onder die Joodse volk. In die oog van die Israeliet was die tollenaars een van die laagste en gemeenste groepe in die samelewing. Daarom is hulle op dieselfde vlak as die sondaars gereken. Met sulke mense moet 'n mens jou nie meng nie. In die geselskap van hierdie mense hoort 'n ordentlike mens nie. Allermins moet jy saam met hulle eet.

As gevolg van hierdie opvatting oor die tollenaars was die Fariseërs en skrifgeleerdes geskok en vervul met verbasing en teleurstelling wanneer Jesus Hom met sulke mense bemoei, saam met hulle aan huis gaan en selfs saam met hulle eet. Hulle was verwonderd dat Jesus wanneer hy een van hulle roep sy keuse laat val op die tollenaar Levi.

Jesus het egter hulle gedagtes geken. Hy antwoord hulle daarop. In die omgang met die tollenaars en sondaars soek Hy juis sy eer. Daarin mond sy werk, sy sending na hierdie aarde uit. Die ryk wat Hy bring en wat in Hom openbaar word, is bestem vir die armes, die verlorenes. Op hulle spits Hy Hom juis toe. Om dit duidelik te maak haal Jesus 'n bekende spreekwoord aan wat sê dat die geneesheer nodig is by siekes

en nie by gesondes nie. So is dit ook met sy verlossingswerk gesteld. Hy het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering.

Die sondaar word in die roep, dit is in die Woord van God, die evangelie, aangespreek, deur die werking van die Gees van God. God openbaar dit aan 'n mens dat jy sondaar is. Uit en in jouself weet jy dit nie en wil jy dit ten ene male nie weet nie.

Dit is die blye tyding aan ons wat sondaars is. Jesus Christus het gekom om ons te roep, om ons sy kinders te maak.

8 Januarie. **Lees** Mark. 2:23-28 en Matt. 12:1-8. **Teks:** Mark. 2:28.

JESUS CRISTUS, HEER VAN DIE SABBAT.

Telkens lees ons in die evangelies dat die Fariseërs en skrifgeleerdes Christus met arends-oë dophou om te kyk of Hy nie miskien die Joodse sabbatsgebod sou oortree deur bv. siekes gesond te maak, sodat hulle 'n rede kan vind om Hom gevange te neem en so finaal uit die weg te ruim.

Die Fariseërs en skrifgeleerdes het reël op reël en gebod op gebod, ten opsigte van sabbatsonderhouding aangehang, sodat die mens eintlik 'n slaaf van die sabbat geword het. Dit het Jesus telkens ondervind wanneer hulle Hom so noukeurig dopgehou het. Daarom maak Hy dan ook die uitspraak in vers 27 en 28 — „Die sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die sabbat nie. Daarom is die Seun van die mens Here ook van die sabbat".

Wanneer Jesus hier leer dat die Seun van die Mens, Here ook van die sabbat is, bevestig Hy sy heerskappy; sy Heer-wees oor elke dag van die week, ook oor die sabbat. Dat die Seun van die Mens, dit is Jesus Christus, Here ook van die sabbat is, beteken dat hierdie besondere dag, sedert die eerste Pase, die eerste dag van die week, 'n dag sal wees waarin Hy in die sentrum van alle dinge sal staan. Dit word inderdaad „die dag van die Here". Dit word die dag van samekoms van die gelowiges (Hand. 20:7). Dit is die dag van afsondering van die offergawes (1 Kor. 16:2), die dag van die prediking. Die Ou Testamentiese sabbat het soos 'n skaduwee verdwyn (Kol. 2:16, 17) in Christus het alles nuut geword (Vgl. ook Gal. 4:9, 10).

So sê die Heidelbergse Kategismus onder andere ook dat Christus Heer is van die sabbat in die woorde: „ . . . die Kerkdiens of die predikamp moet onderhou word . . . veral op die sabbat, dit is, op die rusdag, met die gemeente van God ywerig moet opkom om die woorde van God te hoor, . . . ens."

9 Januarie. **Lees** Mark. 3:1-12. **Teks:** Mark. 3:8b.

GROOT MENIGTES VOLG DIE MESSIAS.

Jesus Christus het telkens siekes genees. Omdat Hy hierdie wonders voor die oë van die volk gedoen het, was sy dade oral bekend en beroemd. Ons skrifgedeelte vertel aan ons dat Jesus 'n man met 'n verdorde hand genees het. Soos al die ander wonders het ook hierdie een groot opspraak gewek. So 'n man, wat sulke dinge kan doen, is oral welkom. Geen wonder dat groot menigtes Hom wou sien nie. Hulle het gehoor wat Hy alles doen en daarom stroom hulle na Hom toe.

Hierdie optrede van die skares is goed te verstaan. Hy is tog 'n geneesheer; Hy kan vir die lydende mensdom iets tasbaars doen; Hy kan mense gesond maak; ja Hy kan enigiets doen. Daarom is dit geen verrassende optrede as die skare Hom op 'n keer wou koning maak nie. 'n Koning met soveel mag is tog die naam „Koning" werd. Maar so 'n koning wil Jesus nie wees nie.

Jesus wil iets anders wees as slegs 'n wonderdoener en geneesheer. Deur dit wat Hy gedoen het wou hy slegs tekens van sy heerskappy oor siekte en dood toon. Jesus het egter ook nie al die siekes gesond gemaak nie. Derhalwe was daar talle wat teleurgesteld moes omdraai wanneer Jesus die skares ontwyk het. Geen wonder dat die groot skares so uitgedun het, dat Jesus eenmaal aan sy klein groepie dissipels gevra het of hulle nie ook maar wil gaan nie!

Waarom het die groot skares weggegaan, Hom verlaat? Omdat Jesus meer wou wees as 'n geneesheer, omdat Jesus die Messias, die Verlosser van sonde en dood, die Koning van die Konings wou wees. Hy het nie gekom vir die spys en drank wat vergaan nie, daarin het sy Koninkryk nie bestaan nie! Hy wou nie alleen die liggaam van sy kwale genees nie, maar die hele mens, siel en liggaam.

10 Januarie. **Lees** Mark. 14:66-72. **Teks:** Mark. 3:16.

SIMON PETRUS DIE ROTS?

Elke mens het 'n naam. In die Bybelse tyd was die naamgewing 'n baie belangrike saak aangesien die naam deel was van jou hele persoon en wese. So is dit ook vandag die geval dat elkeen van ons baie gesteld is op sy naam. Wie jou naam beledig, gryp daarmee in teen jou eie self. In hierdie sin is die derde gebod beter verstaanbaar nl. dat wie die heilige Naam van God ydelik gebruik die persoon van God beledig. In hierdie gees praat die Kategismus ook van „geen groter sonde, of een wat God meer vertoorn nie, as die lastering van sy Naam. . ."

Jesus gee aan Simon 'n bynaam. Wat presies sy bedoeling was, weet ons nie. Moontlik moet ons 'n verklaring gaan soek in die betekenis van die naam Petrus (rots). Rots sal hy wees as hy Simon, die Woord van God aanhoor en ter harte neem. Sy bynaam moes hom ten alle tye daaraan herinner dat hy geroep word om vas te staan soos 'n rots. Onwrikbaar, onbeweeglik teen die sterkste golf.

Kan dit egter van Petrus verklaar word dat hy soos 'n rots bly staan het toe die golwe van vervolging, verraad, oorlewering en geweld losgebars het oor die hoof van Jesus? Helaas nie! Dit het geblyk dat Petrus die rots nie kon wees nie. Hy het geswig en geval: „Ek ken die man nie," tot driemaal toe. Hy het Christus verloën. Die brekende golwe het die rotsman — Simon Petrus — ook gebreek.

Daar is slegs een ding wat ewig bly staan. Dit is die Woord van God . Eerder is die vleesgeworde Woord die Rots waarop ons moet bou, want so sê die Psalmdigter tog duidelik — „moet op prinse nie vertrou nie, by wie niemand heil kan vind; op die mens jou hoop nie bou nie. . ."

11 Januarie **Lees** Matt. 26:17-30. **Teks:** Mark. 3:19.

JUDAS DIE VERRAAIER.

Bybelverklaarders het verskillende menings oor die naam Judas Iskariot. Daar is diegene wat verduidelik dat hy die seun van 'n sekere Simon, afkomstig uit die dorpie Keriot is. Ander meen weer dat die naam „Iskariot" afkomstig is van die Sikariërs. Hulle was bekend as die „manne met messe (dolke)". Hierdie dolkmanne was die mees fanatieke Joodse party, fanaties in hulle verset teen die Romeinse regering. Hulle was 'n onwettige ondergrondse organisasie teen die Romeinse owerheid. Daar is selfs 'n derde verklaring, dat die naam Iskariot sou beteken „die man uit Kirjat", 'n dorpie in die gebied van die Dan. Indien hierdie laaste verklaring juis is, dan is dit inderdaad 'n merkwaardige profetiese woord wat opgeteken is in Genesis 49 vers 17, waar daar sprake is van iemand uit die geslag van Dan, iemand wat daar beskryf word as 'n „slang op die pad, 'n horingslang op die weg, wat die perd aan die hakskene byt, sodat sy ruiter agteroorval".

Judas Iskariot, die verraaier . . . Dit is opmerklik dat ons onder ons mense baie vind met apostelname: Petrus, Johannes en Jacobus, ens. Die naam van Judas Iskariot ontbreek egter. Dit is 'n afskuwelike naam. Dit is die naam van 'n verraaier. Om jou volk te verraai is al erg genoeg, 'n opperste gemene daad. Om die Christus, die Seun van God te verraai, is 'n duiwelse daad. Geen wonder dat Jesus self gesê het, terwyl Hy dit op Judas bedoel het: „en een van julle is 'n duiwel". Vandag nog gaan daar duiwelse werk voort midde in die kring van die dissipels, sy gemeente op aarde. Wie van ons vorm nie deel van hierdie Judas nie?

12 Januarie. **Lees** Mark. 3:13-19. **Teks:** Mark. 3:14-15.

GOD RUS SY HELPERS TOE.

God kan deur sy goddelik mag alles sonder die hulp van mense doen. God het die mens nie nodig nie en kan goed sonder die mens klaarkom. Tog het God steeds van mense gebruikgemaak, sy profete, rigters, ens. om as instrumente in sy hand te dien. Feitlik van die begin van sy openbare optrede, roep Jesus dissipels om Hom te volg en te dien, en sodat Hy hulle ook kan uitstuur om te preek. Dit is die wonder van Gods genade en ontferming dat Hy van die diens van mense wil gebruik maak.

Nou weet ons hoe swak, onbeholpe, ontrou, gebrekkig en boweal, hoe sondig die mens is. Maar die feit dat die Here nogtans mense roep en uitkies om dienswerk te verrig en dat Hy dit vandag nog doen, getuig van sy nimmereindigende liefde en genade en moet deur ons met groot dankbaarheid en blydskap uit sy hand aanvaar word.

Die keuse van die twaalf, was 'n gewigtige saak vir die Here en daarom het Hy hulle ook nie aangewys sonder dat Hy eers gebid het nie. Die evangelis Lukas berig in sy evangelie dat Jesus die hele nag, voordat Hy die keuse gedoen het, in gebed deurgebring het. So, wil die Heer ons hier leer, moet ons keuses, ondernemings en al ons beplanning, deur gebed voorafgegaan word.

Die doel waarvoor Jesus die twaalf dissipels roep, naamlik om te preek, siekes te genees en duiwels uit te dryf, was uiters verantwoordelike werk. Daarom het Jesus hulle gedurende die drie jaar onderrig. Vandag nog kan niemand dienswerk vir die Here verrig as hy of sy nie onderrig word nie, en die vernaamste onderrig is in die noue gemeenskap met Jesus Christus.

Hier en ook op baie ander plekke leer en verseker die Here ons, wil Hy ons laat verstaan dat Hy nooit iemand roep sonder om ook self te voorsien dat daardie roeping vervul word nie.

13 Januarie. **Lees** Mark. 3:31-35. **Teks:** Mark. 4:35.

DIE GELOOF BRING NUWE VERBINTENISSE.

Die geloof in Jesus Christus bring nuwe verbintenisse en sny ou bande deur. Dit bring dikwels verwydering tussen familielede; dit veroorsaak ook dat mense wat geen familie van mekaar is nie, mekaar „broer" en „suster" noem. Die geloof in Jesus Christus bring selfs vyandskap en verdeeldheid in 'n huis, sodat vader en seun in onmin lewe. Maar tegelyk bind dit ook mense wat van nature mekaar vyandiggesind is sò aan mekaar dat hulle mekaar liefhet en gereeld in een huis saamkom.

Hierdie nuwe bande kom tot stand omdat hulle wat in Jesus Christus glo almal saam aan Hóm verbonde is. Die geloof in Jesus Christus is die grootste werklikheid van ons lewe. Die liefde wat Hy vir ons het is sterker as enige natuurlike binding. Almal wat aan Hóm verbonde is, sny die bande met die sonde deur: Die sonde in hulle eie lewe maar ook die sonde in die lewe van andere. Hulle doen dan nie meer hulle eie wil nie, maar die wil van hulle Vader in die hemel. Die wat in Jesus Christus glo en aan Hom verbonde is, sny ook die bande deur met elkeen wat nié die wil van die Vader probeer doen nie; al is dit ook bande van bloed en vriendskap.

14 Januarie. **Lees** Mark. 4:1-20. **Teks:** Mark. 4:20.

DIE GELOOF WORD GEWEK DEUR DIE WOORD.

Die Heidelbergse kategismus leer ons dat die geloof gewek word deur die gepredikte woord. Die kategismus sê dit op voetspoor van die Nuwe Testament. Die gelykenis van die saaier is één van die gedeeltes in die Nuwe Testament wat dit baie duidelik stel dat die gepredikte woord die geloof wakkermaak.

Daar is by dié mense wat die verlossende woord van God hoor, verskillende reaksies: Sommige mense toon hoegenaamd geen reaksie wanneer hulle die woord hoor nie. Hulle gaan voort met hulle lewe asof die verlossing in Jesus Christus glad nie bestaan nie.

Andere neem weer die woord van verlossing en vergifnis met blydskap aan. Maar dit is alles maar net oppervlakkig; want as die oomblik aanbreek dat hulle moet toon dat die woord in hulle lewe ingesink en deel daarvan geword het; dan is die blydskap weg en verloën hulle die geloof in Jesus Christus.

'n Ander groep hoor die woord, maar die wêreld bied vir hulle meer as die woord. Die strewe na vooruitgang en rykdom, die opwinding van die wêreld is vir hulle baie meer aantreklik en meer werd as om vergewe en verlos van die sonde te wees.

Daar is ook die laaste groep — die laaste en die minste. Dit is hulle in wie se lewens die woord só ingekom het dat hulle dade van die geloof doen. Dit is hulle vir wie die verlossing en vergifnis van God alles geword het. Dit is hulle wat die woord gehoor het en aangeneem het en vrugte dra.

15 Januarie. **Lees** Mark. 4:21-25. **Teks:** Mark. 4:25.

WIE HET, SAL NOG MEER ONTVANG.

In hierdie gedeelte word daar steeds gehandel oor die geloof: die geloof in Jesus Christus wat gewek word deur die woord. Hierdie geloof is die lig in 'n donker wêreld. Lig is bedoel om te skyn en nie om weggesteek te word nie. Daarom het die gelowige altyd 'n taak in die wêreld: Om 'n lewende getuie te wees van die vergifnis en verlossing wat God in Jesus Christus aan ons gegee het.

Hierdie lewende geloof wat tot openbaring kom in die dade wat ons doen word deur God gegee aan hulle wat hulle ore oopmaak vir sy woord. God géé egter nie net die geloof nie. Hy maak die geloof ook altyd sterker en sterker wil maak sodat ons 'n oorvloed van geloof en vertroue sal hê.

loof. As Jesus Christus sê: „ . . . wie het, vir hom sal gegee word . . .', dan praat Hy nie oor geld of aardse besittings nie; maar oor die geloof en vertroue in Hom en sy werk. In die woorde „wie het, vir hom sal gegee word" gee Christus ons dus die belofte dat Hy ons swakke geloof altyd sterker wil maak sodat ons 'n oorvloed van geloof en vertroue sal hê.

Aan die ander kant; as ons nié luister na God se geloof-wekkende woord nie, word ons geloof al hoe swakker. Ja uiteindelik verloor ons ook die bietjie geloof wat ons nog gehad het; en saam daarmee ook die hoop op 'n ewige lewe.

Dit is onder andere om hierdie rede dat die woord van God die brood van die lewe genoem word. Elkeen wat dit gereeld ontvang, ontvang ook geloof en saam daarmee vergifnis en die ewige lewe. Maar wie dit nie ontvang nie, verloor die geloof in Jesus Christus en só ook die laaste en enigste hoop op verlossing.

16 Januarie. **Lees** Mark. 4:26-29. **Teks:** Mark. 4:26.

DIE WONDER VAN GODS KONINKRYK.

Wanneer die Bybel praat oor God se koninkryk of die koninkryk van die hemel, dan gaan dit nie oor iets wat net in die toekoms lê en nog moet kom nie; maar dit gaan oor iets wat reeds daar is. Ons sou die uitdrukking „die koninkryk van God" baie goed kon weergee met die woorde „die heerskappy van God".

Die heerskappy van God is deur die lewe en werk van Jesus Christus op die sondige wéreld gevestig. In sy optrede, maar veral in sy opstanding het dit duidelik geword dat God kragtiger is as die sonde en die dood en dat Hy heers oor alles. Hierdie heerskappy van God word sigbaar in die lewens van die gelowiges wat nie meer hulle eie wil doen nie, maar die wil van God. In hierdie verband kan ons van die koninkryk, of koningsheerskappy van God praat as iets wat reeds gekom het.

Aan die ander kant het alle mense hulself nog nie onderwerp aan die heerskappy van God en van Christus nie. By die wederkoms van Christus sal hulle dit egter móét doen. Dan sal hulle móét erken dat Jesus die Heer en Koning is en dat God heers oor alles en almal. In dié verband kan 'n mens praat van die koninkryk van God wat nog moet kom.

Christus sê die koninkryk van God is soos wanneer 'n mens saad saai. Deur 'n wonder wat 'n mens nie kan verklaar nie groei die saad (ons kan byna sê onkeerbaar) totdat dit eindelik die volle oes oplewer. Met die koms van Jesus Christus is die saad van God se koninkryk gesaai. Dit is in die wêreld en deur 'n wonder van God is dit onkeerbaar aan die groei totdat dit eindelik die volle oes oplewer by sy wederkoms. Dit is op die oes, op die volle openbaring van God se ryk, wat ons met geloof moet wag.

17 Januarie. **Lees** Mark. 4:30-34. **Teks:** Mark. 4:31.

DIE NEDERIGE BEGIN, DIE HEERLIKE EINDE.

Terwyl Jesus Christus in die vorige gelykenis gewys het op die sekerheid van die volle openbaring van God se ryk, gaan dit in hierdie gelykenis oor die teenstelling tussen die begin en die einde. Om hierdie teenstelling tot uitdrukking te bring gebruik Hy die beeld van die mosterdplant.

Van al die saad wat die landbouer in Palestina gesaai het was die mosterdsaad die kleinste. Wanneer dit egter begin groei het, was dit weer die grootste plant op die saailand (ongeveer drie tot vier meter). Onder die skaduwee van die mosterdplant het die voëls skuiling en 'n rusplek gevind. Hierdie teenstelling tussen die nederige begin en die heerlike einde van die mosterdplant hou die Here aan ons voor as 'n beld van Gods koninkryk: Die saad wat in die optrede van Jesus van Nasaret gesaai is, was ook klein en nederig. Dink maar aan die krip in Betlehem, dink maar aan die vernederende kruis van Golgota. Maar die einde van hierdie klein en nederige begin is groot en heerlik. So groot en heerlik dat dit wêreldomvattend sal wees. Die uitdrukking „voëls van die hemel" is dikwels 'n beeld van die verskillende nasies op die aarde (vgl. Esegiël 31:6, Daniël 4:12). As die Here dan sê dat die voëls van die hemel onder sy skaduwee nes sal maak, beteken dit dat die nasies van die wêreld veiligheid en vrede sal vind in God se koninkryk.

Deur die geloof in die nederige en onaansienlike werk van Jesus van Nasaret het óns ook onder die heerskappy van God gekom. Sy heerskappy bied aan ons vrede, veiligheid en 'n toekoms — nou reeds, maar veral wanneer dit eendag in sy volle grootheid en heerlikheid geopenbaar sal word.

18 Januarie. **Lees** Mark. 4:35-41. **Teks:** Mark. 4:39.

CHRISTUS SE MAGSWOORD.

Wanneer Jesus Christus die dissipels opdarg gee om oor te vaar na die oostekant van die meer van Galilea, dan is dit blykbaar om 'n bietjie rus en stilte te vind, weg van die groot skares wat Hom feitlik geen oomblik alleen gelaat het nie. Die meer van Galilea het geweldige hoë kranse aan die oostekant, wat die oorsaak daarvan is dat daar in 'n ommesientjie ontsettende storms op die meer kan losbreek. Dit gebeur ook

daardie aand toe die dissipels besig is om oor te vaar. Jesus was blykbaar baie moeg; want terwyl die dissipels ál hulle vernuf en kragte inspan om die skuit bo water te hou, is Hy vas aan die slaap.

Vir die dissipels moes dit 'n verskriklike nag gewees het: In die donker was die golwe en die wind stadig maar seker besig om hulle te oorweldig. Die Bybel sien in die see iets demonies, iets van die magte wat God vyandig gesind is; vir Esegiël is dit sinnebeeld van die doderyk. Daarom is die stryd wat die dissipels voer 'n stryd om lewe en dood en as hulle Jesus wakkermaak met die woorde: „Gee U nie om dat ons vergaan nie?" is daar vrees en verwyt by hulle.

Deur 'n bevel maak Christus dan die see en die wind stil. Sy woord is 'n magtige skeppende woord wat dinge kan verander teen die natuur in. Soos God by die skepping deur sy woord orde gebring het in die chaos, so bring Christus, die Seun van God ook orde en rus en kalmte deur sy woord. Wanneer die demoniese magte in die donker saamspan teen die dissipels en die doderyk hulle bedreig, dan is Christus se woord hulle redding.

As óns ook eenmaal vergaan en die duisternis en doderyk ons oorweldig, sal Christus se skeppende en vernuwende woord ons redding wees, wanneer Hy by sy wederkoms téén die natuur in ons nuut sal skep uit die stof waartoe ons vergaan het.

19 Januarie. **Lees** Mark. 5:1-20. **Teks:** Mark. 5:19.

JESUS CHRISTUS, OORWINNAAR VAN DIE SONDE.

Wanneer Jesus en sy dissipels aan die oostekant van die see van Galilea aan wal gaan, kom 'n duiwelbesetene hulle tegemoet. Uit die beskrywing wat die evangelie ons van hierdie man se optrede gee is dit duidelik dat hy totaal van sy verstand af is. Hy het in die grotte (wat daardie tyd as grafte gebruik is) gebly en het geen klere gedra nie. Gedurig kon 'n mens hom hoor skreeu terwyl hy homself dikwels met klippe stukkend gekap het. Selfs boeie kon hom nie bedwing nie.

Die Bybel sê dat hierdie man van die duiwel besete was. Vir die Bybel is daar 'n verband tussen sonde en siekte. Wel nie 'n direkte verband dat ons kan sê ek ly aan hierdie siekte omdat ek daardie sonde gedoen het nie; maar 'n indirekte verband: Omdat die sonde in die wêreld is, daarom is daar ook siekte en lyding en die dood. Dit is hierdie verband tussen siekte en sonde wat die Bybel onder andere wil aandui as hy hierdie man duiwelbesete noem.

Wanneer Jesus hierdie man gesond maak deur sy woord, dan is dit teken van sy oorwinning oor die satan en die sonde. Maar Christus doen ook nog meer as dit. Deur sy optrede storm 'n trop van ongeveer tweeduisend varke wat daar naby gewei het, oor die kranse en verdrink in die see. Die mense het hierdie varke aangehou om aan die afgod Zeus te offer, vir wie daar (so weet ons uit buitebybelse bronne) 'n tempel in die omgewing was. Christus genees nie net die sieke nie, Hy vernietig ook al die afgodsoffers.

Waar die Seun van God optree vernietig Hy die sonde. Hy bring vrede en genesing in die lewe van dié man wat aan die satan uitgelewer was. Hy gee aan sy lewe ook nuwe sin en betekenis wanneer Hy hom stuur om God se groot dade te gaan verkondig in 'n omgewing wat Jesus Christus uit hulle gebied weggestuur het. Christus verlos óns ook van die mag van die satan en die sonde. Sy bevrydende woord bring ook

rus en vrede in óns lewens. Hy gee aan óns lewens ook nuwe sin en betekenis wanneer Hy ons stuur om sy groot dade te verkondig onder die mense met wie ons saam leef en werk en wat geen plek het vir Christus by hulle nie.

20 Januarie. **Lees** Mark. 5:21-34. **Teks:** Mark. 5:34.

CHRISTUS SE GAWES IS NIE TE STEEL NIE.

Die Rabbyne was van oordeel dat 'n rabbi altyd netjies gekleed moet wees. Die kleding het bestaan uit vyf stukke: 'n kopdoek — so gevou dat dit agter afhang en die nek teen son beskut, 'n lang nousluitende lyfrok, 'n gordel, 'n bokleed met aan die vier hoeke tossels en dan sandale. Die vier soldate by Jesus se kruisiging neem elk een kledingstuk en oor die lyfrok werp hulle die lot. Die oorkleed was 'n sierkleed maar is dikwels ook as 'n soort van laken gebruik om onder te slaap.

By die heidene is die klere van alle mense gelade. Nog meer as daar iets bonatuurliks aan 'n persoon verbonde was. As Jesus as 'n wonderdoener gesien word, dan sou sy klere ook met mag beklee wees.

Die vrou waarvan Markus hier vertel, is in die verleentheid. Haar kwaal is nie iets waaroor sy in die openbaar kon kla nie. So 'n gesprek sou immers nie in die afgeslotenheid van 'n dokter se spreekkamer plaasvind nie, maar op straat tussen die menigtes van Kapernaüm. Daarby was Jesus haastig. Of so kon 'n mens dink. Immers sy hulp is pas ingeroep deur die vader van 'n sterwende dogtertjie. Verder mag die vrou niemand aanraak nie. Sy is onrein en alles waaraan sy vat is onrein. (Lev. 15:25-27).

So ongemerk moontlik en sonder om Jesus se tyd in beslag te neem, dring sy tussen die mense wat Jesus omring nader. Sy gryp na een van die tossels aan sy bokleed en laat weer dadelik los. Sy merk dat sy van haar kwaal genees is. Sy wil gaan staan en stil verdwyn.

Maar dan kom almal tot stilstand want Jesus self het gaan staan. Hy het tyd selfs te midde van doodstyding.

Met sy vraag: „Wie het My aangeraak?" bring Hy die vrou na vore. Maar meer nog: Hy bring Homself na vore. Nie sy klere en haar bygeloof nie maar Hyself en haar geloof, het haar genees. Jesus is nie iemand van wie ons gawes kan neem los van sy persoon nie. Ons kan nie van hom 'n mooi les, 'n moraal, herstel van siekte of wat ookal verkry as 'n ongemerkte brokstukkie nie. Sy daad van redding is nie los te maak van sy persoon as Seun van God nie.

21 Januarie. **Lees** Mark. 5:35-43. **Teks:** Mark. 5:36.

GELOOF BRING HERSTEL.

Die verhaal oor die genesing van die vrou wat aan bloedvloeiing gely het en dié van die dogtertjie van Jaïrus, vleg in die vertelling ineen.

Maar sterker nog is die eenheid wat geleë is in die woorde „gesond word" en „geloof". Die vader smeek dat sy kind gesond mag word (5:23) en die vrou dink aan haarself: As ek maar sy klere kan aanraak, sal ek gesond word (5:28).

Jesus sê aan die vader: Moenie vrees nie, glo net (5:36) en aan die vrou: vrou, jou geloof het jou gered.

By die vrou beteken hierdie gesond word nie net 'n liggaamlike herstel nie maar sy is ook van haar onreinheid genees. Vanuit haar ballingskap word sy weer gestel in die gesonde gemeenskap met God en mens.

Nog dieper gryp dit in met die dogtertjie van Jaïrus wat nie net buite die gemeenskap staan nie maar van die lewe afgesny is deur die dood.

Beide se herstel word beskryf as gesond gemaak. 'n Woord wat ook vertaal kan word met „verlos". Hierdie verlossingswerk uit die afgesnyde, onreine en dooie toestand tot die gesonde herstelde gemeenskap en lewe, is die werk van Jesus Christus. „En jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos." (Matt. 1:21).

Aan die vrou sê Jesus: Jou geloof het jou gered (verlos, gesond gemaak) en aan die vader van die gestorwe kind: glo net.

Geloof lê die verhouding tussen die werk van Christus en ons toestand. Nie ons geloof red ons nie maar ons geloof in die persoon en werk van Jesus Christus: Hy verlos ons.

Die eerste geloofsbelydenis het dan ook gelui: Jesus Christus, Seun van God, ons Verlosser.

22 Januarie. **Lees** Mark. 6:1-6. **Teks:** Mark. 6:6.

BEKENDHEID NIE DIESELFDE AS GELOOF NIE.

In die voorafgaande gedeelte toon Markus die verband wat die geloof lê tussen die werke van Jesus Christus en ons toestand. Hoofstuk 6:1-6 toon ook die teendeel.

Dit was Sabbat. Jesus is in Nasaret — sy vaderstad. Die stad van sy jeugjare. Saam met die gemeente gaan Hy na die sinagoge toe.

Die godsdiensoefening begin met die seënbede:

„Geseënd is U, o Here, koning van die wêreld, wat die lig maak en die duisternis skep, wat vrede maak en alle dinge skape."

Hierna volg die geloofsbelydenis wat bestaan uit voorlesings uit Deut. 6:4-9; 11:3-21 en Num. 15:37-41.

Dan die gebed waarna die dienaar van die sinagoge na vore tree met die wetboek. Vooraanstaande lede van die gemeente word gevra om te lees.

Dan kom die profeterol aan die beurt. Jesus word gevra om te lees en uit te lê. Volgens 'n vaste rooster word gelees. Hy moet begin by wat ons ken as Jesaja 61. Terwyl Hy lees staan Hy. As Hy met die preek begin, gaan Hy volgens die gebruik sit. Dit is 'n buitengewone preek. Die beloofde Verlosser tree as't ware uit die boekrol uit. Die Woord word vlees. Nie net met hul ore hoor hulle nie, maar met hul oë sien hulle. Die uitleg en die toepassing staan as 'n mens in hulle midde.

Tog, ten spyte van die hele heilige liturgie, die gewyde atmosfeer, binne die samekoms van die gemeente met God in hulle midde veroorsaak die ongeloof dat hierdie mense aanstoot neem. Dat die Seun van God Hom verwonder oor hulle ongeloof.

Hy verrig minder daar in die erediens onder ongelowiges (6:5) as wat Hy op straat aan 'n onreine maar gelowige mens verrig. 'n Gelowige se dooie kind het meer deel aan Hom en sy verlossende werk as lewende mense wat Hom van sy kindsdae af goed ken maaar nie glo nie.

23 Januarie. Lees Mark. 6:7-13. Teks: Mark. 6:7.

SORG VIR DIE PREDIKING.

Jesus stuur die dissipels uit om te preek. Saam met die opdrag gee Hy 'n stempel aan hulle werk: Waar die prediking geglo word, sal die verlossende werk van God ook gestalte kry in die uitdrywing van duiwels en die genesing van siekes. Waar die prediking verwerp word, daar staan die verbreking en die oordeel in erger terme as oor Sodom en Gomorra. Die prediking geskied nie slordig nie, maar tog sorgeloos: Sonder padkos, reissak, brood, beurs, geld of klere.

Die dissipels moet leer dat die sorg van God kom. En Hy doen dit nie op bonatuurlike wyse nie, maar deur middel van mense wat die prediking glo en die predikers ontvang. Waar julle ookal in 'n huis kom, bly daar totdat julle daarvandaan vertrek. (6:10).

Ook die prediking van die kerk geskied vanweë die opdrag van Jesus Christus. Ook die kerk se prediking is nie sonder krag nie. Nog steeds is dit die middel waardeur God geloof wek en daarom mense van die duiwel in sy verknegting verlos. Nog steeds staan die prediking nie net as 'n vryspraak oor almal nie maar ook as aankondiging van die gerig van God wat ondraagliker is as 'n verterende vuur uit die hemel.

Ook vandag nog kan die prediking met volle aandag gedoen word sonder dat die prediker die oog hoef te hou op die reissak, die brood, die geld en die klere. Ook vandag nog leef die predikant en sy afhanklikes uit die milddadige versorging van die gemeente, terwyl prediker en gemeente saam mag deel in die verlossende genade van God.

Maar 'n ander gevaar dreig. Is die oog nie soms te swaar op die eiendom nie en beurs van die gemeente gerig nie? Bring dit nie nog te veel sorge oor brood —funksies, straattafels, straatkollektes — mee nie? Daar moet versorging wees, maar dit mag nie gelyk of groter wees as die sorg oor die prediking nie; want daarvoor is die kerk in die wêreld gestuur. 'n Gemeente is nie arm as hy sonder eiendomme en beleggings is nie. 'n Gemeente is arm as hy in sy prediking arm is.

24 Januarie. Lees Mark. 6:14-29. Teks: Mark 6:25.

DIE DOOD VAN JOHANNES.

Die dood van Johannes die Doper wil op die oog af lyk na die oorwinning van alle God bespottende magte.

Johannes die Doper, van die grootste onder mense kinders (Matt. 11:11) was 'n profeet soos geen ander nie. Van geboorte tot sterwe was sy lewe werklik geheilig, dit wil sê afgesonder, in die diens van God.

En tog word hy die slagoffer van 'n egbreekster se haat, 'n dronk koning se dwase lofhartigheid en 'n wellustige meisie se kinderagtigheid.

Is dit die sorgsame God wat mense uitstuur met die opdrag om onbekommerd hul werk te doen, se sorg? Is dit die beskerming van die God wat weet van elke haar wat uitval?

Maar ook die dood van Johannes is nie sonder verband nie. Hy is gebore om die voorloper te wees van Jesus Christus. Sy hele lewe was die gedurige heenwys na Hom, „wat na my kom." Dit het Johannes in sy lewe gedoen. Maar hy moes ook profeet wees van die lyding en sterwe van Christus. Agtien maande was hy in die gevangenis. Dikwels ook getwyfel. Die vraag: „Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n an-

der een verwag?" (Matt. 11:3) kom uit die gevangenis. Soos die Een wat na hom sou kom, moes ook Johannes oorgegee word in die hande van misdadige mense. Dit was dus wel 'n oorgawe in die hande van onder andere Herodias. Maar nie sonder Gods bedoeling nie. Ook dit is verkondiging nie van Gods onmag nie, van die komende heil. Soos met sy lewe wys hy ook met sy dood na Jesus die Christus wat straks ook sou ly en sterf sonder dat hulle 'n wettige klag teen Hom kon inbring. Maar deur Jesus se dood word Johannes se dood nie 'n neerlaag nie. Van sy moeitevolle voorpos word Johannes deur God weggehaal en tuis gebring in die koninkyk waarin Christus die plek bereï het. So sterf Johannes as 'n prediking van Christus maar word hy ook in sy dood minder en Christus meer en sterf Christus ter wille van Johannes en die ganse wêreld.

25 Januarie. **Lees** Mark. 6:30-56. **Teks:** Mark. 6:52.

BARMHARTIGER AS 'N SOSIALE VERSORGER.

Niks wat Jesus gedoen of gesê het, was losstaande toevallige optredes nie. Sy wonderwerke was nie soos die van 'n towenaar terwille van die wonder daarvan nie. Alles wat Hy gedoen en gesê het, was verkondiging van wie Hy is. So ook die spysiging van die 5000 mense met vyf brode en twee visse. As Hy die plat borde in sy hande neem, dan weet Hy dat ook sy liggaam geneem sal word. As Hy dit breek en uitdeel, dan is dit nie met 'n vertoon van wondervermoëns nie, maar weet Hy dat Hy straks gebreek sal word. Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee (Joh. 6:33). Jesus vermaan ook later die skare: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle julle soek My omdat . . . julle van die brode geëet en versadig geword het. Moenie werk op die spys wat vergaan nie, maar om die spys wat bly tot in die ewige lewe, wat die Seun van die mens julle sal gee, want Hom het God die Vader verseël. (Joh. 6:27). Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek julle sal gee, is My vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie. Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag. Want my vlees is waarlik spys en my bloed is waarlik drank. Wie my vlees eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom. (Joh. 6:50-56).

Die dissipels het dit nie so begryp nie (Markus 6:52) en daarom kon hulle ook nie begryp dat Hy oor die water kon loop en die storm laat bedaar nie. As Jesus Christus slegs verstaan word as die sosiale versorger wat brood gee dan begryp ons niks nie en het ook ons harte nie verstandig geword nie, omdat ons hart verhard is (vers 52). As ons op Christus hoop slegs vir hierdie lewe, is ons die ellendigste van alle mense.

26 Januarie. **Lees** Mark. 7:1-23. **Teks:** Mark. 7:23.

'N HARTGRONDIGE VERANDERING.

Aan die rustige arbeid van Jesus is Galilea het meteens 'n einde gekom. Herodes se skuldige gewete oor die dood van Johannes die Doper het hom bang gemaak vir Jesus wat soos 'n terugkerende Johannes

vir hom gelyk het. Die politieke onrus in Galilea kon deur Jesus gebruik word. Daarom wou hy Jesus dood maak. Die volk van Galilea het Jesus weer verlaat omdat Hy nie bereid was om aan hulle politieke verwagtinge te voldoen nie. Tussen hierdie twee teenoor mekaarstaande magte moes Jesus beweeg. Alles wat Hy doen wek agterdog en haat na beide kante. Daarom besluit Hy om Galilea te verlaat en na Judea te gaan.

Voordat Hy egter Jalilea kon verlaat, kom 'n sending Fariseërs en skrifgeleerdes om te kyk of hulle Hom op iets kon betrap. Gou merk hulle dat sy dissipels met etenstyd nie hulle hande gewas het nie. Dit was nie 'n oortreding van die wet nie, maar wel van die halakah — dit wil sê die oorgelewerde uitleg van die wet. En die is deur die skrifgeleerdes op dieselfde gesagslyn as die wet self geplaas. Jesus spreek Hom nie hier uit oor tradisie soos ons dit ken, naamlik gewoontes, nie maar oor tradisie in die Roomse sin van bepaalde uitsprake wat dieselfde krag het as die Woord van God.

Jesus wys dan die Fariseërs op die gebrekkigheid van die halakah as Hy die voorbeeld oor die bepalinge oor beloftes en wydinge noem. 'n Mens kon iets wat jy besit as aan God gewy verklaar. Dan kan jy dit nog gebruik maar dit is korban, dit wil sê dit is aan God gewy.

So kan 'n kind dan vir sy vader sê: Alles waarmee ek u kon dien, is korban. Dan hoef hy sy ouers nie meer te help nie en word die gebod van God kragteloos gemaak. Dan kom Jesus terug tot die handewas: Nie wat die mens ingaan maak hom onrein nie, maar wat uit die mens kom. So dikwels beskou ons die sonde as 'n mag wat van buite deur ons sintuie ons binnedring en dan wil ons dit afweer deur onsself te onttrek aan die sintuiglike waarneming van al die dinge. Maar dit help ne. Vanuit die mens self kom moord, egbreuk, ontug, diefstal, kwaadpratery en godslastering.

'n Totale wesensverandering van die mens is dus nodig. Dit kan geen mens self regkry nie. Ook nie deur wette en bywette nie. Dit kan slegs deur die geloof in Jesus Christus.

27 Januarie. **Lees** Mark. 7:24-30. **Teks:** Mark. 7:29.

EERS VIR DIE JOOD MAAR OOK VIR DIE GRIEK.

Jesus gaan na die gebied Tirus en Sidon. Hierdie gebied lê buite die grense van die Heilige Land. Daar kom 'n Griekse vrou na Jesus met 'n versoek. Sy vra Jesus om haar dogtertjie te verlos van 'n bose gees. Jesus wys haar versoek nie direk af nie maar antwoord so dat dit aan die eenkant afwys en tog ook moed gee. Eers moet die kinders van die huis gevoed word, eers vir die Jode, maar dit hou tog in dat vir die heidene ook gesorg sal word. Hierdie antwoord stoot die vrou nie af nie. Sy maak nie aanspraak op die verlossende genade van die Here Jesus nie, sy smeek in diepe verootmoediging om die krummels van die brood van die lewe. Die blye tyding van die evangelie sou eers na die dood en opstanding van Jesus Christus aan die heidene verkondig word. Nou smeek hierdie vrou reeds. Haar optrede en volharding getuig van diepe ootmoed, insig en ontvanklikheid teenoor die Jesus van wie sy gehoor het. Dit staan so in teenstelling met die afsydigheid waarmee die Jode, die kinders self, Jesus verwerp. Op hierdie volhardende smeking en verootmoedigende ontvanklikheid en aangryping van die verlossing in Jesus

Christus laat Jesus haar getroos gaan. Haar gebed is verhoor. Sy het gesmeek om die krummels, sy het uit die oorvloedige genade van God die volle brood van die lewe ontvang. So skenk Jesus aan elkeen wat op Hom wag in volhardende geloof sy reddende en verlossende genade wat vryspreek en vertroos.

28 Januarie. **Lees** Mark. 7:31-37. **Teks:** Mark. 7:35.

DIE ONTOEGANKLIKE WORD OORWIN.

'n Dowe word na Jesus gebring. 'n Mens wat doof gebore word praat gewoonlik nie omdat hy geen klank kan onderskei nie. As hy nog klanke voortbring, is dit nie verstaanbaar nie, want dit is nie geordende spraak nie. So 'n mens is haas onbereikbaar met normale spraak. Daar kan nie met hom gepraat word nie. Hierdie onbereikbare word na Jesus gebring. Hy kan nie vir homself praat nie, ander smeek namens hom om bevryding uit die greep waarin hy vasgevang is. Deur middel van sy goddelike mag en majesteit as Heer van alle dinge, is dit wat die mens onbereikbaar en ontoeganglik is, nie 'n belemmering vir Jesus nie. Hy dring deur tot die onbereikbare en deur sy mag as Verlosser bevry Hy hierdie gebondene, bereik Hy die onbereikbare, open Hy die ontoeganklike, dring sy verlossende genade deur tot die beproewing van 'n hulplose sondaar in nood. Niks en niemand is onbereikbaar en afgeslote deur die aanvegting van enige mag van sonde van God se ontfermende bedoeling met die mens nie. Elke vesting van die mag van Satan word verbreek deur Jesus Christus ons Verlosser. So klink in hierdie gedeelte die blydskap van verlossing; die uitroep van vryheid oor 'n gevangene, losmaking van 'n gebondene, verlossing van 'n magtelose, onbereikbare verlore sondaar. Jesus Christus het alle magte oorwin al lyk dit ook vir die mens onmoontlik, onoorwinbaar, ontoeganklik en hopeloos.

29 Januarie. **Lees** Mark. 8:1-9. **Teks:** Mark. 8:4.

BROOD IN DIE WOESTYN.

Die skare het Jesus gevolg vir drie dae sonder om te eet. Jesus is vir hulle innig jammer en terwyl Hy in danksegging sy oë na die hemel ophef ontferm Hy Hom oor die skare wat na Hom luister en deur 'n vretende honger al uitgeput raak. Met sewe brode en 'n paar vissies vul Hy, terwyl Hy God dank, die onmagtige leë hande van sy dissipels om die skare van vierduisend te voed sodat daar oorbly. Jesus doen dit uit medelye met die mense wie se kos al opgeraak het vanweë die lang tyd wat hulle by Hom bly om na Hom te luister. So het God in sy grote medelye met die mens Hom ontferm uit genade oor die troostelose toestand van die mens wat onder die sonde verkoop was in die wêreld. In Jesus Christus se geseënde liggaam aan die kruis op Golgota is die Brood van die lewe gebreek ter wille van die onmatige verlorenheid en verterende mag van die sonde in die wêreld. Deur sy Heilige Gees en Woord vul Hy die onmagtige menslike leegheid van sy kerk om uit te deel en te verkondig die blye verlossing in Jesus Christus die Brood van die ewige lewe. Versterk deur hierdie Brood dra Hy ons deur die vreemdelingskap van honger en dors na die geregtigheid van die lewende God in hierdie wêreld. Wat 'n heerlike troos en blye woord. Nie meer verlore in die vretende honger van die mag van sonde nie, maar deur God se ontfermende genade ontvangers van die Brood van die lewe.

30 Januarie. **Lees** Mark. 8:10-21. **Teks:** Mark. 8:11.

DIE TEKEN VAN GOD.

Die Fariseërs vra Jesus om 'n teken. Hulle aanvaar nie Jesus se wonderdade nie, hulle glo nie wat gebeur het nie; hulle ontvang nie wat Jesus aanbied nie; hulle sien nie wat God besig is om deur sy Seun bekend te maak nie. Op grond van 'n teken wat hulle vra wil hulle hulself tevrede stel en Jesus beoordeel en keur. Hierdie vraag spreek nie alleen van hulle ongeloof nie, maar hulle is ook daarmee besig om Jesus te verkleineer en af te keur. Die dade van Jesus wat dag vir dag voor hulle gebeur, die vervulling van die aankondiging van die profete, die teenwoordigheid van Jesus Christus die Teken van God onder sy volk, Hom verwerp hulle. Hy leef onder die volk; Hy breek brood en voed die menigtes; Hy laat blindes sien en kreupeles loop, maar die Fariseërs vra 'n teken. So is die mens in sy selfversekerde eiegeregtigheid blind en doof om God se Teken te sien en te hoor en te glo in Jesus Christus die Seun van die lewende God, die Verlosser van die wêreld. Jesus draai sy rug op hierdie dwase ongeloof en tartende selfversekerdheid sonder om hulle, hul sin te gee. Dit gaan in die verlossing in Jesus Christus nie om die eise van die ongeloof van die mens nie, maar om die ontfermende genade wat God in Jesus Christus gee aan elkeen wat vanuit sy eie magteloosheid op Hom alleen vertrou en in Hom glo as die Seun van God, die Verlosser van die wêreld.

31 Januarie. **Lees** Mark. 8:22-26. **Teks:** Mark. 8:23.

SIEN JY?

Jesus kom by Betsaida, 'n plekkie aan die noord-ooste van die meer. Hier word 'n blinde na Jesus gebring en Jesus word gevra om hom aan te raak. Blykbaar is daar gereken dat die blote aanraking van Jesus hierdie man sal laat sien. Jesus neem hom by die hand en lei hom weg. Hierdie aanraking doen niks aan sy blindheid nie maar het seker hoop by die blinde laat opvlam. Jesus lê die blinde die hande op en spuug in sy oë. Hy genees nie met 'n woord of 'n bevel nie. Hy stel 'n vraag. Sien jy iets? Op die oog af lyk dit asof Jesus self twyfel aan sy oorwinnende mag oor alle dinge. Dit is nie die bedoeling van Markus nie. Hierdie blinde word langsaam van sy blindheid genees. Eers sien hy in newels en dan duidelik. In die eenvoud van Markus se woorde lê die gedagte dat hierdie Lig van die wêreld wat alle blinde oë van verlorenheid verlig en op God rig, nie maar altyd meteens geskied nie. So baie oë bly blind vir die wonderbare Lig van die wêreld. Maar hy op wie Jesus sy hand gelê het word nie losgelaat nie maar vernuwe van die blinde verlorenheid tot die heldere blydskap van die verlossing in Jesus Christus. Dieselfde Jesus wat die blindheid verdryf, het ook die duisternis van die dood verdryf toe die Lig van die opstanding geskyn het uit die graf. Hy rig die blindheid van menslike ongeloof deur sy Woord en Gees op die heerlikheid van die standvastige geloof sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie maar die ewige lewe kan hê.

1 Februarie. **Lees** Mark. 8:27-33. **Teks:** Mark. 8:29.

U IS DIE CHRISTUS.

Die naam van 'n persoon in die Bybel is van groot belang. Dit is nie maar net 'n naam waaraan 'n persoon uitgeken word nie. Die naam het gewoonlik uitdrukking gegee aan die wese van 'n persoon. Wat iemand doen is deur sy naam aangedui, so ook die plek en die doel van 'n persoon ten opsigte van (ander. So gee God self aan sy Seun 'n naam. Jy moet Hom Jesus noem want dit is Hy wat sy volk van hulle sonde sal verlos. Nou vra Jesus aan sy dissipels: wie sê die mense is Ek? Die naam wat die mense aan Jesus gee bepaal hoe die mense Hom sien. Waar word Hy geplaas deur die mense, wat is sy doel? Jesus word genoem Johannes die Doper of Elia of 'n profeet. Die mense soek ook 'n oorsprong vir die wonderlike wat hulle in Jesus aanskou, maar ook 'n antwoord op sy bestemming. Met hierdie name wat deur mense aan Jesus gegee word, bly Jesus vir hulle iemand „voorlopig,' iemand wat aan die goddelike vervulling voorafgaan. Die woorde van 'n profeet is altyd aankondiging van die beloftes van God maar nie vervulling, volheid, einddoel nie.

As Jesus dan aan die dissipels vra: wie sê julle is Ek? wil Jesus weet waar plaas sy dissipels Hom in hulle voorstellingswêreld, hoe sien hulle Hom; wat is sy doel, wat beteken Hy vir hulle? Dan antwoord Petrus: U is die Christus. Die Christus is meer as 'n profeet, as Johannes of as Elia. Die Christus is die vervulling van God se beloftes, die volheid, die doel van God. Die voorlopige, die voorafgaande, die aankondiging, die heenwysing het werklikheid geword, werklikheid in die lewe van die mens in sonde. So roep die Woord van God om in Jesus te glo as die Christus, die gesalfde van God, nie 'n voorloper of goeie voorbeeld of tydelike sosiale hervormer nie, maar die groot Profeet, die enigste Hoëpriester, die ewige Koning.

2 Februarie. **Lees** Mark. 8:34-9:1. **Teks:** Mark. 8:35.

DIE MENS SE LEWE IS GERED.

In hierdie gedeelte gaan dit om die volging van Jesus. Hierdie gedeelte staan nie los van die voorafgaande nie, maar vorm juis 'n opsommende geheel of afsluitende samevatting van die betrekking van die mens op dit wat Jesus Christus is en doen. Ons sien daar is reeds 'n groep volgelinge van Jesus saam met die dissipels. 'n Volgeling is net soos 'n dissipel 'n leerling. Om Jesus te volg is nie soos 'n dapper daad wat eenmaal gedoen word en dan daarop genoem word nie. Dit is eerder soos 'n sprong wat gemaak word in die donker uit 'n vasgekeerde brandende gebou. Die evangelie van redding in Jesus is so 'n blye woord dat die mens se lewe daarvoor geëis word. Wie sy lewe self probeer red in die brandende gebou van verlorenheid in sonde in die wêreld, kom om. Wie sy lewe waag in die geloof op die roepstem van verlossing in Jesus Christus, hy word opgevang in sterke hande. Hy word in die veiligheid van die verworwe vaderhuis deur sy Middelaar, Jesus Christus gebring. So word die eis gestel aan die volgeling. Hy het in Jesus God se Woord gehoor, God se doel met die verlore mens gesien, God se verlossing gehoor en verneem en op grond van daardie heerlike geskenk, eis God die hele mens, sy lewe. Wat het 'n sterwende

mens as hy die hele wêreld sou besit sonder om die blye verlossing in Jesus te hê? Hy wat op Grond van die Woord van God deur die geloof in verbondenheid tot die lewende God betrek is deur die Verlosser, Jesus Christus, se lewe is gered, se losprys is betaal. Hy kom saam met die Seun van God in die heerlikheid van die Vader.

3 Februarie. **Lees** Mark. 9:14-29. **Teks:** Mark. 9:23 en 24.

DIE KIND HET GESOND GEWORD OP GROND VAN DIE GELOOF VAN SY OUER.

In ons Skrifgedeelte lees ons hoe die Here Jesus Christus wonderbaarlik 'n seun van kleins af aan 'n ernstige kwaal gely het, volkome gesondmaak.

Baie belangrik is egter om op te let teen watter agtergrond van geloof die Here Jesus hierdie wonderbare genesing laat plaasvind. Jesus werp nie die onus totaal op Homself nie. Van die sieke vra Hy heeltemal niks, maar aan die vàder van die seun sê Hy: „As jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo". Die Here Christus werp die onus van geloof op die vader van die siek seun. Wat 'n geweldige toedrag van sake vir 'n vader wie se gemoed reeds naby breekpunt was. „En dadelik roep die vader van die kind met trane uit en sê: Ek glo, Here, kom my ongeloof te hulp!" Eerlik en opreg kom die geloof van die vader, diep onder die indruk van die onvolmaakte geloof van 'n sondaar mens. So 'n opregte en eerlike geloof, al is dit klein en wankelmoedig in die hande van 'n mens, so 'n geloof, kom God te hulp. En Jesus het die seun wat so lank al siek was in 'n oomblik volkome gesondgemaak.

Belangrik is twee feite:

(i) **Daar is geen perke aan 'n ware en opregte geloof,** maar dan nie geloof in 'n mèns, wat 'n mèns sogenaamd deur geloof sou kon vermag nie, **MAAR GELOOF IN DIE ALMAG VAN GOD VIR WIE ALLE DINGE MOONTLIK IS.** (Ware geloof gee altyd aan God die eer. Ware geloof is in elk geval nie prestasie van die mens nie, maar daar vanweë die werking van die Heilige Gees — 1 Kor. 12:3).

(ii) **Die kind het heil en gesondmaking van God ontvang,** maar nie op grond van eie geloof nie, **máár op grond van die geloof van 'n ander, op grond van die geloof van sy vader in die almag van God.**

4 Februarie. **Lees** Mark. 9:14-29. **Teks:** Mark. 9:23-27.

IS DIT MOONTLIK DAT 'N KIND GEDOOP KAN WORD OP GROND VAN DIE GELOOF VAN DIE VERBONDSOUERS?

Omdat die sektes op hulle dwaalweë die Bybelse boodskap van die kinderdoop met alles tot hulle beskikking probeer beveg, ontken hulle onder andere dat 'n kindjie met die heil en genade van God wat daar in Christus Jesus is, bevoordeel kan word op grond van die geloof van die kindjie se verbondsouers. Vir hulle is dit totaal onaanvaarbaar dat die een mens met die heil van God begenadig kan word op grond van die geloof van 'n ander. En tog lees ons in ons teksgedeelte dat 'n siek seun gesondgemaak is deur die Here Jesus op grond van die geloof van die seun se vader! (Vgl. bv. die uiteensetting van 3 Februarie.) En dit is nie die enigste geleentheid waar so iets gebeur het nie: Matt. 8:5-13 word die kneg van 'n hoofman deur Christus genees op grond van die

geloof van die hoofman; in Matt. 9:2-8 skenk Jesus genesing en selfs vergewing van sondes aan 'n verlamde op grond van die geloof van die verlamde se vriende. **En nou begin 'n mens dink: As selfs vergewing van sondes deur God gebied word op grond van die geloof van 'n ander, en daar word genees op grond van die geloof van 'n ander, hoe kan dan geweier word om die kindjie van 'n vrome gelowige en opregte verbondsouer te doop! En inderdaad is plekke in die Bybel waar mense gedoop is op grond van die geloof van 'n ander!** (Vgl. Hand. 16:14, 15). Om nou maar net te hamer op die volgorde van glo en daarna doop, op grond van Mark. 16:16 en Matt. 28:19 en die rès van die Bybel en álle samehang te vergeet, is geen argument nie. In Kol. 2:12 is die volgorde bv. net omgedraai: eers doop en daarna opgewek in die geloof!

Alles in ag geneem, en dan ook met betrekking tot ons teksvers, sal die kerk vanuit die Bybel positief moet antwoord op die vraag of 'n kindjie gedoop kan word op grond van die geloof van die kind se vrome verbondsouers.

5 Februarie. **Lees** Mark. 9:30-50. **Teks:** Mark. 9:42.

WEE DIE MENS WAT 'N ANDER TOT STRUIKELING IN DIE GELOOF VERLEI.

„En elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, laat struikel, dit is beter vir hom as 'n meulsteen om sy nek gehang en hy in die see gegooi word."

Hierdie skrifwoord wil elke mens, letterlik èlke mens of instansie, waarsku dat dit beter is om liewer vooraf tót sterwe te kom as om die geringste en eenvoudigste lidmaat van die kerk en die Christelike gemeenskap tot struikeling in die geloof te bring sodat daardie mens se geloof miskien totaal vernietig raak en daardie mens afvallig van God word en 'n wêreldling word. Hy wat deur leiding, aansporing, woord òf optrede veroorsaak dat die geringste gelowige van God en sy kerk afvallig raak, daardie verderwer se straf sal so geweldig wees, dat hy liewer maar vooraf moes gesterwe het om homself te kon spaar van hierdie verskriklike straf.

Dit is werd dat die ligsinnige en oppervlakkige verleier hierdie waarskuwing in gedagte hou. Meer nog; hierdie waarskuwing dek 'n veld, bv.: Daardie koerant en koerantredakteur, daardie tydskrif en tydskrifredakteur, daardie rolprentmaatskappy en rolprentregisseur, daardie boekskrywer, daardie popsanger, daardie kunstenaar wat die geringste onder die kinders van God verlei en afvallig maak van Christus en sy kerk deur hulle verwronge, verkeerde, verleidelike, suggestiewe en sondige voorstellinge — onthou daar sal eendag verantwoording kom. Daardie staat wat oogluikend toelaat dat die volk deur (die staat aan wie God juis die swaard gegee het om die kwaad mee te bekamp — Romeine 13) elkeen in daardie staatmasjien wat sy plig voor God versuim het, sal verantwoording moet doen. Wee daardie man wat die geringste onder Gods kinders laat struikel het, Gods toorn sal vreeslik oor hom wees: dit sou vir hom beter gewees het as hy liewer te sterwe gekom het voordat hy verlei het. **Jy is altyd jou broer, jou medemens, se wagter en oppasser! Daar is voor God niemand neutraal teenoor ander in hierdie wêreld nie! Daar is voor God geen koerantredakteur neutraal teenoor die geestelike welsyn van die volk nie! Daar is voor God geen staat neutraal teenoor die godsdiens van die ware kerk nie!**

6 Februarie. **Lees** Mark. 10:1-12. **Teks:** Mark. 10:8.

EN HULLE TWEE SAL EEN VLEES WEES.

Wat bedoel die Bybel wanneer daar geskrywe staan dat man en vrou in die heilige staat van die huwelik „een vlees" word?

Dikwels is verkeerdelik uitsluitlik en alleen net aan de seksuele gedink. Alhoewel die seksuele nie uitgesluit is nie, is soveel meer in die begrip „een vlees" ter sprake. Wanneer die Bybel praat van „een vlees" ten opsigte van die huwelik tussen man en vrou, dan bedoel hy dat daar so 'n noue verbondenheid in die huwelik tussen man en vrou plaasvind, en móét plaasvind, dat alle aspekte van menswees daardeur geraak en daarby ingesluit word. Man en vrou in die huwelik moet in alle opsigte 'n eenheid vorm — in al hulle doen en late moet hulle 'n eenheid, 'n totaliteit, vorm, geestelik sowel as liggaamlik. Die huwelik verbind die man en vrou so heg saam dat hulle hul in so 'n eie besondere en intieme lewensgemeenskap bevind waar nie één ander mens uit die héle wêreld deel aan kàn hê! Hier staan net man en vrou. En hier in die huwelik is man en vrou gevolglik lewensbelangrik vir mekaar. Hier moet man en vrou saam God vereer deur hulle huwelik. Hier moet hulle na Gods wil bereid wees om alles vir mekaar wedersyds op te offer, te gee, te gun. Hier geld, na Gods Gebod, die hoogste en intiemste vorm van naasteliefde.

Daardie man en vrou in die huwelik wat iets begryp van die Bybelse begrip van „een vlees" ten opsigte van die huwelik, is hulle wat as grysaards eenmaal kan terugkyk oor hulle lang huwelikspad en dan kan bely: **Nou verstaan ons iets van die wonderlike werklikheid van die huwelik — wat God gegee het — nl. dat mens hier daardie wonder belewe dat terwyl julle twee is julle nogtans altyd één is!**

7 Februarie. **Lees** Mark. 10:1-12. **Teks:** Mark. 10:9.

WAT GOD DAN SAAMGEVOEG HET, MAG GEEN MENS SKEI.

Wat God dan saamgevoeg het: Volgens die Bybel verkry die huwelik tussen man en vrou sy heiligheid daarin dat God met sy gesag agter die huwelik staan. Soos wat God na Adam sy vrou gebring het (Gen. 2:22), so bring God vandag nog as met sy hand na elke gelowige sy vrou (of dan haar man).

Wanneer die gebod van die naasteliefde in Matthéüs 22:39 in ag geneem word, en nou besef word dat die huwelik die intiemste verhouding tussen twee mense is ('n man en 'n vrou dan), dan moet ons in die lig van die Bybel die huwelik sien as die hoogste en reinste vorm van naasteliefde. En agter hierdie intiemste verhoudng (die huwelik tussen man en vrou) waar Gods gebod van naasteliefde in sy hoogste en reinste vorm uitgeleef word, kan net maar weer duidelik die God van liefde staan — Hy wat liefde gee, openbaar en eis. Wanneer volgens Génesis 1:28 in ag geneem word dat God die huwelik tussen man en vrou geseën het, dan beteken dit dat God sy goedkeuring gee aan die huwelik van man en vrou, dat dit Hom behaag en dat Hy sy goeie guns aan ons wil verleen op ons huwelikspad wat ons, te verstane, nou ooreenkomstig sy perke sal moet loop.

So gesien, is dit voorwaar 'n besondere heilige gemeenskap wanneer God man en vrou in die huwelik saamvoeg. Ja, so heilig is die huweliksband nou dat niks of niemand enige skade daaraan mag berokken nie:

Nie man of vrou in die huwelik, nie ouers, nie vriende, nie omstandighede, nie 'n derde persoon wat 'n liefdesdriehoek kan veroorsaak nie. Hulle wat die heiligheid en eenheid van die huwelik skade aandoen, staan onder die heilige oordeel van God.

„Wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie" . . .

8 Februarie. **Lees** Mark. 10:13-16. **Teks:** Mark. 10:13-16.

JESUS SEËN DIE KINDERTJIES.

Ons teksgedeelte speel waarskynlik af teen die agtergrond van die vooraand van 'n Joodse Versoendagfees. Na sonsondergang, op die vooraand van die Versoendag, het die uiters vrome en gelowige verbondsouers die gewoonte gehad om hulle kinders na die skrifgeleerdes te bring sodat die skrifgeleerdes vir hulle kindertjies kon bid en die kindertjies kon seën deur handoplegging. In lyn met hierdie gebruik het die vrome verbondsouers blykbaar hulle kindertjies ook na Jesus, die groot Meester, gebring. Maar ons merk dat die dissipels probeer verhinder dat die kindertjies na Jesus gebring word: òf omdat hulle gedink het dat die kindertjies die Meester sou pla, òf omdat hulle Jesus nie op een vlak wou plaas met die gewoontes van die skrifgeleerdes nie. Jesus neem hulle hierdie verhindering egter baie kwalik en gebied vervolgens dat die kindertjies na Hom gebring moes word. Dan sê Jesus: „Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan **sulkes** behoort die koninkryk van God." Die Griekse woord vir „sulkes" het hier geweldig krag, want met die woord „sulkes" bedoel Jesus eintlik twee dinge:

(i) **Vers 15** („Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie") laat „sulkes" beteken dat iemand wat nie soos 'n kind kinderlik gehoorsaam en opreg glo nie; nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie;

(ii) **Vers 14** („Laat die kindertjies na My toe kom en **verhinder hulle** [d.i. hierdie spesifieke kinders rondom Jesus want Hy wil iets aan hulle spesifiek meedeel] **nie**, want aan sulkes behoort die koninkryk van God") **laat „sulkes" beteken dat die koninkryk van die hemele hierdie klein kindertjies van gelowige verbondsouers rondom Jesus verseker toekom.** Die „sulkes" wil dus baie duidelik ook sê dat die heil in Christus en sy koninkryk ook klein kindertjies van gelowige verbondsouers toekom — al verstaan die kleintjies hierdie dinge nog glad nie. Dit is wat genade beteken!

Vers 16 meld dat Jesus sy arms om hierdie kleintjies geslaan het, die hande op hulle gelê het en hulle geseën het. Wat beteken dit?! Hiermee wil Jesus sê dat hierdie klein kindertjies van gelowige verbondsouers, hier rondom Hom, terstond reeds binne sy Ryk gebring is en onder sy heilvolle, liefdevolle en genadige heerskappy is **Jesus het dus deur handeling en optrede die hemele aan hierdie kindertjies van verbondsouers** (nie die kinders van enige heiden op straat nie!) **toegesê — terwyl hierdie kinders nog niks verstaan van hierdie dinge en van 'n ware geloof nie** (Die Grieks in Lukas 18:15 wys dat daar ook babas en baie klein kindertjies teenwoordig was), **terwyl hulle nog geen wonderlike prestasie van hulle kant kon toon nie, terwyl hulle vooraf prakties wat nie onderrig tot bekering ontvang het** (van Jesus in elk geval niks). So hier gaan die belofte van heil en genade in Christus duidelik die **ware en vaste geloof vooraf!**

9 Februarie. **Lees** Mark. 10:13-16. **Teks** Mark. 10:13-16.

MOET DIE KINDERTJIES VAN GELOWIGE VERBONDSOUERS GEDOOP WORD?

Weer eens behandel ons die seën van die kinders van verbondsouers deur die Here Jesus. Ons teksgedeelte handel nie spesifiek oor die geldigheid en opdrag van die kinderdoop vanuit die Heilige Skrif nie. En tòg het die kerkvadere, soos byvoorbeeld Luther en Calvyn, dikwels verwys na hierdie gedeelte in hulle verdediging van die suigelingsdoop as Bybelsgefundeerd. Na ons behandeling van hierdie gedeelte op 8 Februarie is dit nou nie meer moeilik om te sien hoe die Kerkvadere daarby uitgekom het nie. Die Kerkvadere was inderdaad baie wys in hulle heengryping na hierdie gedeelte om iets meer na vore te bring van die geheimenis van die sakrament van die Heilige Doop.

Laat ons kyk:

(i) In ons skrifgedeelte leer Jesus dat die Koninkryk van die hemele óók die kinders van gelowige vrome verbondsouers toekom — **Nou as die Doop draai om hierdie selfde belofte van die Koninkryk van die hemele** (vgl. Hand. 2:38; Rom. 6:4, 5; Gal. 3:27; Kol. 2:12; Titus 3:5; Joh. 3:5; 1 Kor. 6:11), **hoe kan die kerk nou gaan waag om die sakrament van die Doop te weerhou van die kindertjies van vrome gelowige verbondsouers!** Daarom doop die kerk inderdaad die kinders van gelowige verbondsouers. Wie is die kerk om Gods genade en liefde te probeer beperk!

(ii) Let wel, Jesus seën nie enige heiden op straat se kind nie, maar enkel dié van die vrome gelowige verbondsouers — **daarom kan die kerk alleen die kinders doop van vrome en gelowige verbondsouers, en nie dié van enige roekelose** wêreldling nie!

(iii) Jesus het deur sy handelinge die hemele aan die kinders van verbondsouers uit liefde en genade toegesê ongeag die „geloofsprestasie", kwaliteit of vermoë om alles te begryp van die kant van die kinders en verder sonder dat enige verkondiging van sy kant, oor die kinders plaasgevind het — **So doop die kerk ook die kinders van vrome opregte gelowige verbondsouers, ongeag die begripsvermoë, kwaliteit en geloofsprestasie van die kind, ongeag of daar nou vooraf vir die baba gepreek is!**

(iv) In Jesus se handeling en optrede ten opsigte van die kindertjies gaan die belofte van heil, in genade en liefde, die ware en vaste geloof (enige moontlike prestasie van die mens) vooraf — **So gaan die heil belowe, in genade van Gods kant, by die kerklike Doop aan kinders van verbondsouers enige moontlike prestasie òf ware geloof òf bekering vooraf!** (Die sektes wil dit natuurlik anders om hê, hulle wil die heil verdien met menslike prestasie).

Inderdaad het hierdie gedeelte, van die seën van die kindertjies deur Jesus, veel aan ons te leer.

10 Februarie. **Lees** Mark. 10:17-31. **Teks:** Mark. 10:22.

ONS EN ONS BESITTINGS.

In ons teksgedeelte ontmoet ons 'n baie voortreflike persoon. In die Matthéüsevangelie word gesê dat hy nog jonk was en volgens die Lukasevangelie was hy 'n owerste van sy volk.

Hierdie man nader Christus om by Hom te hoor wat hy moet doen om die ewige lewe te beërwe. Christus erken die wet as uitdrukking van alles wat God gebied. Daarom wys Hy ook hierdie man daarop dat hy aan die gebooie gehoorsaam moet wees. Met groot gemak en met die eiegeregtigheid tipies aan 'n Fariseër, verklaar die jongeling dat hy al die gebooie van sy jeug af onderhou.

Die gebooie is nie vir hom 'n probleem nie. Hy wil weet of daar nie dalk iets meer is wat van hom verwag word nie. Hy vra wat hy moet doen. Hy vra dus na die prestasies wat verrig moet word naas en bo die wet. Christus stel dit egter vir hom duidelik dat die enigste gehoorsaamheid wat gevra word, die gehoorsaamheid aan die gebooie van God is. En terwyl hierdie owerste en goeie Fariseër die sin van die wet klaarblyklik nie verstaan het nie, het Christus dit vir hom konkreet gemaak deur die bevel dat hy sy besittings moet verkoop, dit aan die armes moet uitdeel en Hom moet volg. Christus hou nie aan hom 'n nuwe wet voor nie — 'n wet wat bo die Tien Gebooie staan nie. Wat Christus aan hom voorhou is dat hy die gebooie van die tweede tafel (liefde tot die naaste) sal uitleef. Nie dat Christus by die eerste tafel verbygaan nie. In die liefde tot ons naaste, word bewys of ons God lief het. As ons ons naaste nie lief het nie, sal dit wees omdat ons God nie lief het nie.

Hierdie man nader Christus om by Hom te hoor wat hy moet doen om was vir hom te swaar. Sy besittings het tussen hom en gehoorsaamheid van Christus te staan gekom.

Van ons kant af moet ons ons besittings as geleende gawes uit die hand van God sien — as dinge wat vir hierdie lewe bedoel is. Ons moenie toelaat dat ons gehegtheid daaraan ons in treurigheid en droefheid van Christus af laat weggaan nie.

11 Februarie. **Lees** Jesaja 53. Mark. 10:32-45 **Teks:** Mark. 10:45.

CHRISTUS, ONS LOSPRYS.

In ons teks vind ons een van die weinige plekke waar Christus direk oor sy lewe, lyde en dood spreek — waar Hy die sin en betekenis daarvan aan ons onthul. Meestal doen Hy dit op meer indirekte wyse, maar hier stel Hy homself duidelik voor as die Seun van die mens wat 'n lydensweg moet gaan. Dit is 'n goddelike opdrag wat Hy moet volbring, om te ly en Homself tot in die dood te gee. Want Hy is die Heer wat in die vlees gekom het en in die vlees die offer moet bring.

Hy sal sy lewe gee as 'n losprys vir baie. Ten behoewe van, in die plek van baie, sal Hy sterf. 'n Losprys was in die Griekse wêreld die prys wat betaal is vir die vrykoop van slawe. In die Ou Testament was dit die prys waarvoor 'n mens homself of andere kon vrykoop uit gevangeneskap of slawerny.

Jesaja 53 vorm duidelik die agtergrond van Christus se woorde dat Hy 'n losprys vir baie is. Hy is die Kneg van die Here wat Homself gee in die plek van ander, tot hul bevryding en redding. So bevry Hy hulle uit die skuldverhouding waarin hulle teenoor God gestaan het. Wat geen mens kon doen nie, doen Christus vir baie. Gods geregtigheid word geopenbaar in die dood van die Seun van die mens; sy barmhartigheid in die plaasbekledende offer, wat Hy in sy Seun gebring het.

Ons teksvers handel nie net oor Christus wat sy lewe sal gee as losprys vir baie nie. In samehang met die voorafgaande verse, wys Christus ons ook op ons plig aan offervaardigheid en diensbetoon teenoor ons naaste.

12 Februarie. **Lees** Mark. 10:46-52. **Teks:** Mark. 10:52.

DAT ONS MAG SIEN.

Op sy reis na Jerusalem het Christus gevorder tot by Jerigo, net dertig kilometer van sy bestemming af. By sy uittog uit dié stad het sy dissipels en verder ook 'n aansienlike skare Hom op die weg vergesel. Vermoedelik was dit feesgangers wat op reis was na die Paasfees in die hoofstad.

Langs die pad het 'n blinde bedelaar, Bartimeüs gesit. Dit is duidelik dat hierdie man kennis gedra het van Christus Jesus en ook van die genesingskrag wat daar uit Hom uitgegaan het. Nuuskierig, soos wat 'n mens maar is, het die blinde gevra wie die skare is, wat hier by hom verbygaan. Toe hy verneem dat Jesus die Nasarener onder hulle was, het hy terstond besef dat daar hiér en noú 'n kans is om van sy blindheid genees te word.

Daarom gryp hy die geleentheid aan en roep: „Seun van Dawid, wees my barmhartig!" Die reaksie van die skare op sy geroep, is goed verstaanbaar. Hy was waarskynlik redelik verslons van voorkoms en deur sy optrede, veroorsaak hy steurnis in die teenwoordigheid van 'n hooggeplaasde persoon. Daarom bestraf hulle hom. Hy moet stil bly.

Die blinde het egter terdeë besef dat sy kans om weer so naby Christus te kom, uiters gering was. Daarom steur hy hom nie daaraan dat die mense hom betig nie. Daarom roep hy al hoe harder. Christus het hom dan ook laat roep en hom genees.

Dit is opmerklik dat in hierdie laaste geneeswonder aan 'n blinde die vermoë gegee word om te sien — dit terwyl die siende Jodendom, blind gebly het vir die Messiasskap van Christus en Hom gekruisig het.

Ons, hedendaagse mense, word nie noodwendig deur Christus van fisiese blindheid genees nie. Maar God het deur sy Woord aan ons Christus as die Verlosser uit sondeduisternis geopenbaar. Laat ons nie blind wees vir sy boodskap nie.

13 Februarie. **Lees** Sag. 9:9-17. Mark. 11:1-11. **Teks:** Mark. 11:9.

OP WEG NA DIE KRUIS.

In hoofstukke 11-13, behandel Markus die verblyf van Christus in Jerusalem, voor die eintlike lydensgeskiedenis.

Die bestemming van Christus is in sig en ons teksgedeelte vertel ons van sy intog in Jerusalem. By hierdie geleentheid onthul Christus Homself as die Messias. Hy gaan Jerusalem nie binne as 'n gewone feespelgrim nie. Twee van sy dissipels word vooruitgestuur om 'n eselsvul waarop nog niemand gery het nie, te bring. So 'n dier is geskik vir 'n heilige diens.

Christus maak gebruik van 'n nederige pakdier om in nederigheid die Ryk van God te kom oprig. Die koms van die Messias is nie soos dié van 'n triomferende koning in mag en glorie nie. Christus handhaaf die nederigheid en verborgenheid van die Messias as Kneg van die Here.

Die dissipels en die feesgangers het die intog aangegryp as 'n huldiging van Christus as Messias. Hulle het hul klere in die pad voor Hom oopgesprei en takke op die pad gestrooi. Verder het hulle 'n lofsang aangehef: „Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!" Die woord „Hosanna" was oorspronklik 'n bede om hulp, wat tot God gerig is. Later het dit meer 'n uitroep van lofprysing geword.

Alhoewel daar alle rede is om te aanvaar dat die oorgrote meerderheid van die skare, die intog van Christus in 'n nasionalisties-politiese lig gesien het, het die Romeinse owerheid dit nie as 'n politieke optog beskou nie en ook niks daaraan gedoen nie.

Wanneer die stoet, wat Jerusalem so juigend genader het, uitmekaar gegaan het, word nie deur Markus vermeld nie. Hy noem slegs dat Christus na die tempel gegaan en alles daar bekyk het. Die volgende dag sou Hy tot die daad oorgaan. Voorlopig wou Hy eers na Betanië terugkeer om daar te oornag.

14 Februarie. **Lees** Mark. 11:12-26. **Teks:** Mark. 11:20.

DANKBAARHEIDSVRUG.

Die tweede dag van Christus se verblyf in Jerusalem begin met die vervloeking van die vyeboom. Op pad terug van Betanië, waar Hy en sy dissipels oornag het, het Christus 'n besondere vyeboom gesien. Al was dit nog vroeg in die lente, was die boom reeds vol blare. Christus het die boom reeds op 'n afstand gesien en daarheen gegaan in die hoop om vrugte daaraan te vind. Daar was egter niks behalwe blare nie. As verklarende opmerking voeg Markus by dat dit nog nie vyetyd was nie. In daardie wêreld word vye eers in Junie ryp. Hoe kan Christus dan verwag dat die boom nou reeds vye sal aan hê? Dit is moontlik dat Hy wintervye gesoek het — vrugte wat dwarsdeur die winter aan die boom bly hang om eers in die voorjaar ryp te word.

Hierdie boom het Christus egter teleurgestel en daarom spreek Hy 'n vloek daaroor uit. In die nuwe eeu, wanneer die natuur volgens Joodse opvatting uiters vrugbaar sal wees, sal hierdie vyeboom verdor wees. Dit sal nooit vir iemand van nut wees nie.

Dit is stellig so, dat hierdie vloekwonder simboliese betekenis het. Miskien moet ons dink aan die vyeboom as de beeld van Israel, soos wat ons dit in die profsië van Hosea en Miga vind.

Markus sien in hierdie gebeurtenis 'n beeld van Israel, wat geen vrug dra nie en waaroor Gods oordeel kóm. Wat Christus in Jerusalem gesien het, was blote vertoon. Wat Hy van die owerstes van die Jode ervaar het, was niks anders nie as verset. Die einde, die beslissing, kom nou vinnig nader; vir Christus, die kruis en vir die stad en volk van die Jode — die gerig.

Ook tot ons spreek hierdie wonder waarskuwend. Mooi vertoon, 'n geloof wat voortreflik met die mond bely word, maar sonder werke, sonder vrugopbrings, is dood. Die vrug van dankbaarheid moet by ons te vinde wees.

15 Februarie. **Lees** Mark. 11:27-33. **Teks:** Mark. 11:28.

DIE BEVOEGDHEID VAN CHRISTUS.

Ons teksgedeelte is eerste van 'n sewetal twisgesprekke tussen Christus en Joodse leiers. 'n Afvaardiging van owerpriesters, skrifgeleerdes en ouderlinge, die drie kringe waaruit die Sanhedrin saamgestel was, het Christus in die voorhof van die tempel genader. Hulle doel was om van Hom verantwoording te eis rakende sy bevoegdheid.

Soos wat hierdie gesprek deur Markus weergegee word, lyk dit of dit in die besonder betrekking het op die reiniging van die tempel wat die vorige dag plaasgevind het. Christus het daar drasties opgetree en hulle kom verneem nou by Hom deur watter gesag Hy dit kon doen.

Tog gaan dit nie net om die tempelreiniging nie. Die owerstes se vraag het stellig betrekking op die geheel van Christus se optrede in predking en tekens. Hierdie mense vra in die algemeen: waardeur kan Christus optree soos wat Hy doen? Op wie kan Hy Homself beroep? Is dit God of is dit die duiwel wat Hom inspireer?

Christus antwoord hul vraag met 'n teenvraag. Hierdie afvaardiging moet hulleself uitspreek oor Johannes die Doper en sy doop. Vanwaar was dit? Uit die hemel, of menslik?

Deur sy teenvraag het Christus sy teenstanders in 'n hoek gedryf. Daar was nie uitkomkans nie. Hulle kon die vraag nie beantwoord nie. En daarom beantwoord Christus hulle vraag ook nie direk nie. Tog bevat sy woorde 'n indirekte antwoord.

Die beroep wat Christus hier doen op Johannes, beteken dat daar 'n samehang tussen Homself en Johannes bestaan. Jesus Christus is die komende, wat deur Johannes aangekondig is. Johannes was 'n profeet met bevoegdheid wat deur God aan hom verleen is: Christus is die Messias en sy bevoegdheid kom van dieselfde God. In Christus sit God sy werk voort en voltooi Hy dit.

16 Februarie. **Lees** Jesaja 5:1-12. Mark. 12:1-12. **Teks:** Mark. 12:9.

ONBEKWAME HUURDERS.

Die gelykenis van die opstandige landbouers word deur Markus tussen die twisgesprekke geplaas, omdat hierdie gelykenis sinspeel op die groot konflik tussen Christus en die Joodse leiers — verder ook omdat dit dui op sy komende lyding.

Hierdie gelykenis spreek in baie duidelike taal. 'n Grondeienaar het, nadat hy sy landbou-eenheid pragtig ontwikkel het, dit verhuur en op reis gegaan. Kragtens die huurkontrak sou hy as eienaar geregtig wees op 'n deel van die oes. Hy het egter baie probleme met die huurders ondervind. Telkens wanneer hy diensknegte gestuur het om sy deel in te vorder, het die huurders hulle mishandel of gedood.

Die eienaar was nie van plan om van sy afspraak afstand te doen nie, en ten einde raad, het hy sy enigste seun gestuur. Hy het gedink dat die landbouers hom sou ontsien en tot ander insigte sou kom. In sy verwagting is hy nog eens teleurgestel.

Christus gee indirek self die uitleg van die gelykenis. Die wingerd is die volk Israel en die eienaar is God self. Die landbouers wat die wingerd moes bewerk sodat daar 'n goeie oes van goeie vrugte sou wees om in te samel, is die Joodse geestelike leiers. Die diensknegte wat ge-

heeld gestuur is, is die profete en dit is duidelik dat die enigste, geliefde seun, op Christus dui.

Christus beantwoord self die vraag wat die eienaar van die wingerd met die ongehoorsame, opstandige landbouers sal doen. Die wingerd, die Godsvolk, sal van hulle weggeneem word en ander sal daaroor gestel word.

Christus het met die gelykenis sy doel bereik. Sy teenstanders het begryp dat dit teen hulle gerig was en dit het hulle vyandskap verhoog. Hulle het probeer om Hom in hul mag te kry, maar vrees vir die skare het hulle nog laat terugdeins. Die evangelis laat ons egter duidelik voel dat hier net uitstel is. Christus gaan nou nog ongestoord verder, maar straks sal dit nie meer so wees nie.

17 Februarie. **Lees** Mark. 12:13-17. **Teks:** Mark 12:14.

DUIWELSE BESTORMING OF HEILIGE TOENADERING.

Tydens sy aardse lewe het Jesus nie alleen te doen gehad met die kranklike en nooddruftige enkeling nie, maar het Hy te doen gehad met groepe van mense. In ons gelese gedeelte hoor ons van twee sulke groepe wat as 'n verenigde front teenoor Jesus stelling inneem, nl. die Fariseërs en Herodiane.

Hulle verenigde vyandskap teenoor Jesus beteken nie dat hulle in die alledaagse lewe dieselfde belange en doelstellings gehad nie. In werklikheid was die Fariseërs en die Herodiane vyande van mekaar. Die Fariseërs het met skynheiligheid hulle ideale bevorder, terwyl die Herodiane openlik hulle doelstellings uitgedra het. Die Fariseërs was ontevrede met die Romeinse oorheersing terwyl die Herodiane volle steun aan die Romeinse regering van Herodes gegee het.

Maar die onversoenbaarheid van hulle belange en doelstellings word oorwin om 'n gemeenskaplike vyand vir Jesus te vorm. En die krygstaktiek waarmee Jesus bestorm word, is vir die gewone mens die onaanvegbaarste taktiek: Onder skyn van die dissipels; onder die voorwendsel van ywerige volgelinge kom hulle met 'n belydenis en erkenning oor die persoon van Jesus en sy dienswerk.

Vir die bloot menslike oor en hart sou dit verkwikkend gewees het om hierdie vleitaal oor onsself te hoor. Maar Jesus weet dat in hierdie woorde daar nie heilige toenadering of ywerige navolging is nie, maar juis onheilige bestorming en duiwelse vervolging. Jesus weet dat die woorde, van ons teksvers nie met liefde en toegewydheid uitgespreek is nie, maar dat hierdie woorde giftige pyle is.

Waar Jesus Christus is, (en Hy is orall) daar is nie net volgelinge nie, maar daar is ook 'n verenigde front van vyande!

Ons kan met reg vra hoever die wêreld weer in hierdie duiwelse bestorming van God verval het. Die Wêreldraad van Kerke het ontaard in 'n verenigde front van organisasies wat Jesus nie meer gelowig en gehoorsaam navolg nie, maar die Koninkryk met listige haat bestorm.

Doen ons mee? Werk ons saam met hierdie listige en gesamentlike vyande van God? Of volg ek Jesus Christus na met heilige oortuiging?

Laat ons hierdeur versekerd en vertroos wees: Die verheerlikte Christus sal sy vyande vernietigender verslaan as die verenigde front van Fariseërs en Herodiane!

18 Februarie. **Lees** Mark. 12:18-27. **Teks:** Mark. 12:24.

VERKEERD GELEES.

Die volgende feit dat Jesus reeds op twaalfjarige leeftyd vrae en antwoorde tot die verbasing van leraars in die tempel kan rig, het by die Sadduseërs ongemerk verbygegaan. Asof die Here geen kennis oor die Skrif sou besit nie, word die Wet van Moses stap vir stap, sieldodend logies en sistematies aan Jesus uitgelê. Oor die moontlikheid dat Jesus beter as enige mens die Skrif sou ken en uitlê, daaraan het hulle nie gedink nie!

Verder as hulle eie kennis oor, en hulle verdraaide uitleg van die Skrif het die Sadduseërs nie gekom nie. Graag wil hulle aan Jesus voorhou dat die Skrif onwaar, onuitvoerbaar, onprakties en onjuis is: Watter chaos en vyandskap sal dit nie afgee wanneer sewe mans by die opstanding stryd voer oor een vrou nie?

Dit is vir ons duidelik. Die Sadduseërs het nog nie daaraan gedink dat wat vir die mens onjuis, onlogies, onuitvoerbaar en „dwaas" is, juis by God moontlik is nie! Hulle het wel die Skrif gelees, maar het nie verder as die **mens** in die Skrif gelees nie. Hulle het nog nie by God en sy almag uitgekom nie! Die Skrif behels vir hulle niks meer as die lotgeval, die sonde, die natuur en verdorwenheid van die mens nie.

En omdat hulle met hulle verdraaide en sektariese uitleg van die Skrif nie verder as die mens kan kom nie, het die dwaling ten gevolg. Hulle aanmatigende meerderwaardigheid, nl. dat hulle beter weet as wat in die Skrif staan, bring hulle daartoe om te dwaal. God en sy alvermoë is in die Skrif nog nie gevind nie. Vir die Sadduseërs gaan dit in die Skrif nie om God nie, maar om die mens, nie om die ewige lewe nie maar om die alledaagse lewe, nie om die heilsbelofte nie maar om die praktiese lewe, nie om die liefde van en vir God nie, maar om die eieliefde.

Hulle het wel die Skrif gelees en dit bestudeer maar dit is 'n koue, hartelose studie waar die geloof van, en die liefde vir God ontbreek. God word misken en totaal vergeet, nie eers in sy Woord opgemerk nie. Die opstanding word deur hulle sonder God gesien.

Watter dwaling kan groter wees? As ons die Woord van God lees net om kennis oor die mens op te doen en om onsself te bevredig en as ons die krag van God nie daaruit leer nie, dwaal ook ons grootliks!

19 Februarie. **Lees** Mark. 12:28-34. **Teks:** Mark. 12:30.

DIE LIEFDE REGGESTEL.

Deur die eeue heen het vele leerstellings oor die liefde die lig gesien. Hierdie stellings wissel van die grootste selfverheerliking (waar die eie „ek" alleen gesien word) tot die grootste selfverraad (waar die eie „ek" uitgedelg word).

Jesus Christus wil in sy prediking ook die liefde regstel. En hiervoor word die Wet gebruik. Vir Jesus is die Wet van God nie net daar as 'n middel om die wil van God te leer ken nie. En die Tien Gebooie is vir Jesus ook nie net gevaartekens en stoptekens vir die menslike bestaan nie. Vir die Here is dit ook 'n riglyn vir en heenwysing na die liefde.

Ons weet almal dat die eerste gebod ons beveel om God lief te hê. Liefde vir God is nie slegs 'n drang, begeerte, emosie of 'n vrysinnige keuse nie, maar dit is 'n gebod! In die liefde waar ons gedwing word om ons oë op te slaan — na „Bo" te kyk — in hierdie liefde vind ons nie net trane, nie net emosie, nie net verstand of slegs krag nie, maar ons vind: hart **en** siel **en** verstand **en** krag. Die hele menslike bestaan word deur hierdie liefde opgeneem. Sou die hart ontbreek, of die siel, of die verstand of die krag, sou dit nog nie liefde vir God wees nie.

God mag nie uit bygeloof, gewoonte, vrees vir die dood ens. gedien word nie, maar alleen vanuit hierdie gebod; vanuit die liefde vir God wat in die hemel woon, dit wil sê deur hierdie gebod word ons gedwng om na Bo te kyk.

Maar dit beteken nie blindheid vir weerskante, voor en agter my nie. Inteendeel, liefde wat my naaste insluit, is insgelyks ewe belangrik. Tog, die balans mag nie versteur word nie. Daar is die eerste gebod en daar is die tweede. Die eerste mag nooit tweede kom en die tweede nooit eerste nie. Medemenslikheid sluit nie noodwendig liefde vir God in nie. Die eerste gebod moet die belangrikste in alle omstandighede bly.

En dit gebied die Wet: My hele bestaan vir God (na Bo) en my „eie liefde" ook vir my naaste.

Wie hierin slaag, is nie ver van die koninkryk van God nie. Wat nog skort om **„daar"** te wees, is Jesus Christus wat die Wet en Profete vervul het.

20 Februarie. **Lees** Mark. 12:35-37. **Teks:** Mark. 12:37.

DIE STRYD VOORTGESIT.

Vanaf die eerste vers in Markus 12 het elke groep al 'n aanval teen Jesus van stapel gestuur. Nadat die owerpriesters, ouderlinge, skrifgeleerdes, Fariseërs, Herodiane en die Sadduseërs deur Jesus die mond gesnoer is, het daar geen groep in die tempel oorgebly wat 'n strikvraag kan stel nie.

Vervolgens sit Jesus die stryd en aanslae teen Homself voort en bou op hierdie aanslae uit. Hy vra Self die grootste strikvraag van almal. Kortliks kom dit hierop neer: „Wie is die Christus?" Hierdie vraag word nie aan 'n sekere persoon of 'n sekere groep gestel nie, maar dit word aan die groot menigte gevra wat graag na Hom geluister het, dit wil sê ook aan sy dissipels wat saam met Hom in die Tempel was. En hierdie vraag word ook aan ons gevra: „Wie is Christus?"

Noudat die aardse omwandelinge van Jesus afgeloop het, en ons die volle openbaring van Jesus ontvang het, is dit maklik om in Hom te glo as Seun van God. . . .

Maar voor die geboorte van Jesus het Dawid 'n belydenis oor Jesus gedoen: Hy is Here. Die Here het, (Dawid se Here,) gespreek! Die Here sit aan die regterhand van God. Hy is die Oorwinnaar, die vyand kom onder sy voete. Hy heers as Koning oor die vyand kragtig en sterk.

Hierdie belydenis van Dawid oor Christus is nie net 'n alledaagse niksseggende aantal woorde nie, maar dit is deur die Heilige Gees: 'n BELYDENIS. Vir Dawid sou die Christus nie alleen uit sy nageslag gebore word nie, Hy is nie alleen die Seun van Dawid nie, maar Christus sit ook aan die regterhand van God en heers as ewige Koning. Dawid het deur die Heilige Gees Christus geken voor sy koms na die aarde.

Die skrifgeleerdes ken Christus glad nie — selfs nie eens ten aanskoue van Jesus nie. Jesus is vir hulle 'n probleem, terwyl vir Dawid, Jesus, die Christus, 'n Koning is.

Wie is die Christus? Sien ek Hom soos die skrifgeleerdes of glo ek in Hom soos Dawid?

21 Februarie. **Lees** Mark. 12:38-40. **Teks:** Mark. 12:38.

DIE TEENREAKSIE.

Omdat die Skrif verkeerd gelees word, word 'n weersin, en 'n teenreaksie ontwikkel in tè voor, tè vriendelik, tè vrygewig, tè gasvry, tè gelowig; in tè lang gebede. Alles word dan gesien as skynheiligheid. Sou 'n persoon nog probeer om uit geloofsoortuiging opreg te wees, is die naaste posbus vir hom of haar: „Fariseër!" Die persoon met oortuigde geloof; met sielsverlange na God en naasteliefde het die slagoffer geword van ons weersin in „tè".

Omdat ons nie as Fariseërs geken wil word nie, het die teenreaksie teen elke vorm van Fariseïsme vlamgevat en het dit die teendeel ten gevolg nl.: tè ongelowig, tè agter, tè onvriendelik, tè onbewoë. Die verandering het van die een uiterste tot die ander uiterste plaasgevind.

Met behoorlike bekleding, vriendelike begroeting, met die volmaak van voorste plekke, met besoeke aan weduwees en met oortuigde gebede is daar niks verkeerd solank dit uit opregte geloof geskied nie! Vreeslik sou die wêreld sonder geloof, fatsoenlikheid, vriendelikheid en liefde wees.

Die alles vernietigende teenreaksie en die alles verstikkende weersin in Fariseïsme beteken tog nie opregte geloof nie! Om te waak teen die Fariseërs beteken nie dat daar uit die gelowige 'n haat en veragting vir alles moet voortkom nie.

Om te waak teen Fariseïsme is om uit geloofsoortuiging te handel; en nie om 'n onsinnige teenreaksie op te bou nie.

22 Februarie. **Lees** Mark. 12:41-44. **Teks:** Mark. 12:44.

GEEN BELOFTE?

Nadat sy haar gawe in die skatkis gegooi het, het daar vir hierdie weduwee niks oorgebly nie. Uit 'n finansiële oogpunt gesien is dit 'n dwase begroting: Waarmee sal sy brood en melk, meel en olie koop?

Haar begroting is egter groter as haar liggaamlike behoeftes en haar vrees vir honger. Met die oortjie kan sy dalk 'n stukkie brood koop en vir 'n wyle leef, maar as die honger en onversadiging weer kom?

Hierdie weduwee plaas haar „dag-van-môre" nie in die oortjie nie, sy bekommer haar nie oor haar gebrek nie, en sy probeer ook nie om God om te koop nie! Dit is ook nie 'n radelose wanhoopspoging dat God haar dalk sal vergoed vir haar offerbereidheid nie.

Jesus bemerk die offerbereidheid van hierdie weduwee en Hy wys sy dissipels daarop. Oor hàar offergawe voer Jesus geen gesprek met haar nie, Hy loof en prys haar nie, en maak geen belofte oor die ewige lewe, haar sondas wat vergewe is of 'n moontlike oorvloedige lewe voortaan nie. Geld is nie 'n voorwaarde vir saligheid nie, want as dit die geval was, sou die kerk met omkoopgeld gevul gewees het.

Haar bereidwilligheid om alles te gee wat sy het, spreek nie van bedrog soos die van Saffira, Ananias nie, maar spreek van geloofsvertroue nl.: „God sal voorsien," (met alle klem op God).

Vir haar en vir elke bereidwillige gewer is dit genoeg om te weet dat onselfsugtige offergawes voor God nie ongesiens verbygaan nie. Dit in sigself bevat 'n belofte (en oordeel!) nl.: die Here weet hoeveel en hoe ons gee!

23 Februarie. **Lees** Mark. 13:1-13. **Teks: Mark. 13:13.**

TOT DIE EINDE VAN DIE VOLEINDIGING.

Nadat alle twisgesprekke tussen Jesus en die verskillende groepe afgeloop het, gaan Jesus uit die tempel. In hierdie uitgaan van Jesus uit die tempel, gebeur daar meer as net gewoonweg uitstap. Sy uitgaan het meer beslissende betekenis nl. waar Israel tot hiertoe op die koms van die Messias gewag het, moet daar voortaan op die einde van die voleinding gewag word.

Oorloë, opstande, beroeringe, aardbewings, hongersnode, huislike onrus, martelare ens. is nog nie die finale oomblikke nie! Dit is nog maar die begin van die einde. Al hierdie onrusbarende gebeure kondig die aanbreek van die einde aan en nie die doodsnikke van die einde nie.

Ons word gewoonlik so ontstel en ontstig deur hierdie sombere, onaanvegbare en onvermydelike gebeurtenisse dat ons die blye, heerlike en vertroostende in die aanbreek van die einde nie bespeur nie. En die heerlike is dat die evangelie, Gods Woord, sy Waarheid, en ons Verloser eers aan alle nasies verkondig moet word.

En die vertroostende is ook dat te midde van enige gevaar en bedreiging die Heilige Gees vir ons sal intree en spreek!

En dit is hierin wat ons moet volhard! — In vertroue en die verkondiging van Godswoord. Nie in vrees, benoudheid en beangsdheid nie. Tot aan die einde van die voleinding — die verkondiging van die evangelie en die wete dat die Heilige Gees sal spreek.

24 Februare. **Lees** Joh. 10:1-21. **Teks: Joh. 10:11.**

HERDER JESUS.

Dwarsdeur die Bybelse tyd was veeteeld een van die belangrikste lewensvorme. Omdat die grootste deel van Palestina taamlik droog is, was dit nodig dat die manne gedurende die reënlose somers vêr met hulle troppe vee moes trek agter weiding aan. Dikwels was die trop vir maande in 'n afgeleë gebied, ver van die eienaar se huis af. Daarom was die werk van die skaapherder 'n harde, verantwoordelike werk. Dit kon selfs gevaarlik wees, want 'n herder wat werklik sy werk wou doen, moes sy skape beskerm teen wilde diere en diewe. Soms het die eienaar of sy seuns self die skape opgepas, maar meer dikwels is dit gedoen deur gehuurde herders, wat baie keer nie die vertroue wat in hulle gestel was, werd was nie. As gevaar dreig, het hulle slegs aan hulle eie veiligheid gedink en die skape, omdat hulle nie vir hulle omgegee het nie, aan hulle eie aaklige lot oorgelaat. So is party skape dood en die res verstrooi, sodat hulle verlore geraak het vir hulle eienaar.

Net soos daardie skape, is ons, mense, verstrooi deur die sonde wat onder ons ingekom het. Soos 'n brullende leeu het die Bose onder die kudde van God ingekom, en die herders van God wat daar was om sy skape te bewaar, naamlik sy Wet en profete, kon nie keer nie. Sondige ongehoorsaamheid van die mense het hierdie herders kragteloos gemaak. Die latere herders — priesters, Fariseërs en Sadduseërs — was te belangeloos om te red.

Daarom het Jesus self gekom om sy en sy Vader se skape bymekaar te maak. En Hy het die versekering gegee dat Hy die Herder is wat sy skape lief het. Vir hulle is Hy bereid om met die Bose te veg tot die dood toe — die dood van die kruis. Hy sal nie vlug nie, maar sy lewe gee om hulle te red van die dood en veilig in te bring in die stal van die Here. Sien, hoor en voel ons die aanslae van die Bose teen ons in die lewe? Laat ons skuiling soek by hierdie Herder wat ons lief het.

25 Februarie. Lees Joh. 10:22-42. **Teks:** Joh. 10:31.

VERDWAALDE SKAPE.

Toe die Jode klippe opgetel het om Jesus te stenig, was dit baie meer as net bloot 'n gewelddadige uiting van hul opgekropte woede teenoor Hom. Want steniging, daardie proses om 'n beskuldigde met klippe te gooi, selfs totdat hy sterwe, was 'n aanvaarde wettige manier van teregstelling. Die beskuldigde is op 'n dramatiese wyse uitgedrywe uit die stad uit, om daarmee te kenne te gee dat die gemeenskap hom nie in hul midde wil hê nie, maar totaal verwerp. Met daardie klippe wil hulle alle gemeenskap met so 'n mens verbreek. Dit word dan ook in die openbaar gedoen waar almal kan sien hier is een wat slegs veragting waardig is. Dood deur steniging is dus 'n dood van verwerping en vernedering.

Dit is wat die Jode vir Jesus beplan het. So het hulle Hom ontvang. En hulle is geensins God-vreemdes nie! Hulle is Jode, deel van die volk wat God uitverkies het om sy Naam onder al die volke bekend te maak. Hulle ganse Heilige Skrif is vooruitwysing na die koms van die Saligmaker en Herder. Maar toe Hy kom, toe ken hulle Hom nie. Toe is hulle soos skape wat hulle eie herder nie ken nie; blinde skape wat hom nie raaksien nie. Dan is hulle die wat ander na Hom moet lei en aan hulle aan Hom moet bekendstel! As die leiers van die mense dan blind en verdwaal geword het, hoe verdwaal is die wêreld dan nie? As sy uitverkorenes Hom nie ken nie maar dink Hy laster as Hy sê Hy is die Seun van God, hoe vreemd is Hy dan nie?

Tog is Hy bereid om na sy skape te kom, sodat hulle deur sy offerdood sy liefde vir hulle kan sien en elkeen daarvan sal wegvlug na Hom toe vir beskerming.

Laat ons die klippe van ons tyd, spot of opstand of wat ook al, nooit optel nie en Hom nooit daarmee verwerp nie, maar laat ons na Hom toe vlug.

26 Februarie. Lees Joh. 11:1-44. **Teks:** Joh. 11:16.

GOD VAN GISTER IS OOK GOD VAN MÔRE.

Van die dissipel Thomas leer ons veral twee kenmerke uit die Bybel ken. Aan die een kant sien hy gewoonlik die donker sy van 'n saak. Hy verwag altyd die ergste. Die wêreld praat van hom as die ongelowige

Thomas, omdat hy die een is wat nie wou aanvaar dat Jesus opgestaan het nie. Hy sou eers dan vreugde ken as hy Hom gesien het. Voor dit sou hy nie die rou van die dood aanvaar.

In die gelese gedeelte sien ons dieselfde kenmerk. Hy onthou dat hulle Jesus wou doodmaak die vorige keer wat Hy in Jerusalem was. Betanië is skaars 'n halfuur se stap van Jerusalem af, en hy is seker hulle sal Hom daar kry en dan nie weer laat ontsnap nie. Uitkoms sal daar nie weer wees nie. Jesus se vyande sal tog eindelik hul sin kry.

Maar aan die anderkant sien ons ook sy trou teenoor Jesus. Al sien hy die dood nader, laat hy Jesus nie in die steek nie. Hy is bereid om Hom tot in die dood te volg as dit moet. Hy spoor selfs die ander dissipels aan om dieselfde te doen. Hulle kan mos nou sien dat geeneen van hul argumente Jesus sal oorreed om te bly nie. Maar hulle mag Hom nie alleen laat in die vooruitsig van gevaar nie.

Hoe baie van ons loop nie die pad van Thomas nie? Ons hou vas aan die kerk; hou vas aan ons belydenis en wil dit vir niks anders verruil nie. Maar tog bly ons soos Thomas die ergste verwag. Dit lyk vir ons of die kerk geen toekoms het nie, maar doodgedruk sal word in die wêreld; of die wêreld tog maar sy sin sal kry. Maar soos Thomas verstaan ons nie altyd die werke en weë van God nie. Tog kan ons vertrou, die pad van die Almagtige is altyd 'n pad van oorwinning — selfs al lyk dit vir ons na die pad van die dood. Daarom kan ons Hom met geloof en blymoedigheid volg en ons geloof met vertroue in die kerk uitleef.

27 Februarie. **Lees** Joh. 11:45-57. **Teks:** Joh. 11:51.

DIE PRYS VAN OPSTAND EN REBELLIE.

Die hoëpriester Kajafas en sy vriende was bekommerd oor die ophef wat die mense oor Jesus gemaak het. Hulle was nie bekommerd of dit tog wel die waarheid was dat Jesus wel die langverwagte Messias wat God beloof het, was nie. Vir hulle was dit 'n uitgemaakte saak dat Hy dit nie was nie. Maar hulle was bekommerd dat die volk onder sy aanvoering in opstand sou kom teen die Romeinse owerheid. Dan sou die Romeine met wapengeweld kom om die opstand te onderdruk. Daar sou bloedvergieting en smartlike lewensverlies wees. Hulle was bang ook hul eie lewens sou in gevaar wees. Daarom het hulle beplan om Jesus te laat doodmaak, voordat die volk Hom dalk as koning oor hulle uitroep, sodat net Hy in plaas van die hele volk sou sterwe.

So het Kajafas geredeneer en nie besef dat hy net 'n instrument is in die hand van God nie. Hy het gedink hyself is die redder van die volk, sonder om te weet dat hy hier te doen het met die ware Redder. Hy het nie die diepgaande waarheid van sy eie woorde besef toe hy gesê het dat Jesus vir die volk sou sterwe nie. Maar Jesus se sterwe sou heeltemal anders wees as wat Kajafas gereken het. Hy sou nie sterwe om die wraak van die Romeine af te weer nie, maar die wraak van God. Want met die sonde het ons mense in opstand gekom teen God; begin rebelleer teen die gesag en wil van God. Die enigste straf wat daar vir hierdie rebellie kan wees, is die dood. Hiervoor moet elke opstandeling, elke sondaar, voor God met sy lewe betaal.

Maar omdat God in sy liefde ons nie die ewige dood wat ons oor onsself gebring het wil laat sterwe nie, het Hy sy Seun gestuur om vir ons, in ons plek te kom sterwe. Ja, om die straf vir ons opstand heeltemal op Hom te neem, sodat ons sondaars, rebelle, opstandelinge, weer opgeneem kan word as deel van God se volk, in sy ewige koninkryk.

28 Februarie. Lees Joh. 12:1-11. Teks: Joh. 12:8.

GOD SE LIEFDE AAN ONS, VRA ONS LIEFDE AAN HOM.

In die tyd van Jesus se lewe op aarde, was die nardussalf beskou as een van die kosbaarste parfuums. Volgens Judas Iskariot se berekening kon die bietjie wat Maria gebruik het, vir soveel as 300 pennings verkoop word. Omgereken in ons geld, is dit 'n baie groot bedrag, aangesien 'n penning die bedrag is wat 'n arbeider per dag verdien het.

Maria doen dus 'n liefdesdaad aan die Here, waarin net die beste goed genoeg is, En selfs dan voel sy dit nog te nederig en haarself nog te nietig om Jesus se hoof daarmee te salf soos die gebruik was. Sy voel haarself nie tot meer geoorloof, as om net eerbiedig die voete van Jesus te salf nie.

Maar Judas voel ontevrede. Hy deel nie Maria se verlange tot 'n offer aan Jesus nie. Daarom beskou hy haar liefdesdaad as blote verkwisting. Dadelik stoot hy die armes voor, asof hy oor hulle bekommerd is. Want hy het gereken dat dit 'n baie goeie argument is waarin almal met hom sou saamstem: Eerder vir die armes as vir Jesus! Gee eerder vir die mense as vir Jesus; doen eers goed aan die mense, want dit is die belangrikste.

Dan wys Jesus vir Judas daarop dat daar altyd armes sal wees om voor te sorg, maar Hyself sal binnekort nie meer daar wees om met self te salf nie. Hy gaan sterwe, om aan hulle wat die ontsettende gebrek aan die ewige lewe het, die lewe te gee. Dit is sy liefdesdaad aan die mense, waarteen die daad van Maria as belaglik klein en nietig lyk en glad nie eers opweeg nie, laat staan nog oordadig lyk.

Laat ons nie ook soos Judas praat en saam met die wêreld praat, wat die medemens as enigste god erken en wil dien nie, maar al ons lof, eer, dank en aanbidding bring aan Hom vir wie dit toekom.

1 Maart. Lees Joh. 12:12-19. Teks: Joh. 12:13b.

DIE KONING HET GEKOM — DIE KONING KOM.

Ons kan onsself die toneel van uitbundige vreugde voorstel met Jesus se koms in Jerusalem in. Die skare het in hierdie stad bymekaargekom vir die viering van die paasfees. Hierdie stad, met sy tempelberg Sion, was vir hulle toonbeeld van God se liefde, nabyheid en ontferming. As Jesus inkom, roep hulle: „Hosanna!" Hulle roep die heil, die redding van God uit en begroet Jesus met 'n groet uit Psalm 118. Hulle noem Hom hulle Koning, en lê sy pad uit met palmtakke. Die skare se vreugde ken geen perke nie.

Dit is egter nie net die vreugde wat Johannes hier wil beskrywe nie, maar wat hy hier aan ons beskryf, is 'n vervulling van 'n vroeëre profete-woord. Toe Sagaria, 'n profeet uit die Ou Testament, geleef het, het die volk pas uit ballingskap teruggekom. Jerusalem was 'n puinhoop

en bouval. Die toekoms het troosteloos gelyk. Maar te midde van die murasies het Sagaria die belofte van God aan die volk gehad: „Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; . . . nederig en hy ry op 'n esel, . . ." Daardie woord is nou vir die mense bewaarheid. God se Woord is trou. Hosanna! God gee heil!

Maar daardie inkoms is ook vir ons 'n vergesig; 'n belofte vir die toekoms, wanneer ons Jesus sal sien kom as die Verheerlikte, die ewige Koning, in sy volmaakte, ewige koninkryk — die ewige Jerusalem. Saam met Hom sal sy juigende uitverkore volk wees, tot in ewigheid.

Die woorde van hierdie skare sou vir Pilatus 'n aanklag word. Dit sou as klag aan die kruis van Jesus geskrywe word: „Die Koning van die Jode", sodat hierdie woord eens ook waar kan word. Aan die kruis sou Jesus vir sy volk stry, die dood oorwin, en sy volk vrymaak om in te gaan in die vreugde van hul Heer.

Mag Hy ons ook in daardie geloof vashou, om juigend saam met Hom te mag ingaan.

2 Maart. Lees Joh. 12:20-50. Teks: Joh. 12:27.

VLUG! JESUS HET BLY STAAN.

Een van die sterkste drange by die mens, is die drang om jouself te beskerm en jou eie lewe te beveilig. Dikwels word in lewensgevaar gebid: Here, help my! Spaar my!

Die aand voordat Jesus gevange geneem is, was Hy ook bang. Om vir ons, in ons plek te kon sterwe, moes Hy as mens sterwe. Mens like vrees en benoudheid, pyn en lyding sou deel wees. Maar nogtans is sy liefde vir ons groter as wat sy vrees was. Want terwyl Hy ontsteld, bang en eensaam voel, is daar nog tyd en moontlikheid om die dood te ontvlug. Daar is geleentheid om kop uit te trek; Hy kan, sonder om die wil van die Vader in ag te neem, bid: „Vader, red My uit hierdie uur!" Maar dan vra Hy sy dissipels: sal Hy so bid? Hy gee self die antwoord: „Maar hierom het ek in hierdie uur gekom." Hy het doelgerig en doelbewus wêreld toe gekom, na hierdie smart en dood toe. Sy hele lewe was 'n gebed om redding en genade. Hy het egter nie vir sy eie veiligheid gebid nie, maar vir ons s'n; oor ons was Hy bekommerd; ons wou Hy beskerm; Hy wou hê dat ons die dood sou moes kon ontvlug.

Is daar 'n groter selfopofferende liefde denkbaar as dit? Kan iemand meer gee as om alles te gee — sy eie lewe te gee? Hy was bereid om dit vir ons te gee in plaas van te vlug, omdat sy liefde vir ons so groot was en Hy ons soveel werd geag het. Hoe kan ons dan sy liefde versmaai en optree asof ons dit nie waardeer nie? As Hy ons soveel werd geag het om dit alles vir ons te doen, kan ons dan nog onverskillig staan teenoor ons saligheid? Laat ons van die sonde en die dood wegvlug; laat ons van die verdoemenis en verderf wegvlug. Jesus het in ons plek bly staan om ons te red en te verlos. Ons moet derhalwe nie talm by die boosheid van hierdie wêreld nie, maar ons haas na Hom wat ons na die lewe roep.

3 Maart. Lees Joh. 13:1-11. Teks: Joh. 13:9(a).

SONDEBESEF.

Wanneer 'n mens aan die einde van 'n harde taak in stof en son die taaiheid aan jou liggaam voel, dan smag jy na 'n waterbad — heerlik sag en koel. Maar die boemelaar en onverfynde, gaan lê hom in sy vuilheid rustig neer op selfs die vuilste plek. Hy merk nie meer die weersinswekkende in dit wat onrein is nie.

Maar net so waar is dit dat hy wat klaar gebad het en dan 'n ent gaan stap, dikwels onbewus is van die stof wat weer aan sy voete gaan kleef het. Eers wanneer hy sy skoene uittrek, merk hy die taai swart kring om sy enkels.

Simon Petrus is rein gewas deur die genade van sy Heer en Meester, Jesus Christus. Maar elke dag weer het hy in aanraking gekom met die sonde in die wêreld rondom hom; is hy besmet deur die onreinheid van die gedagtes uit sy eie hart en die dade van sy hand. Dan kom Jesus met die doek en die waskom om hom bewus te maak daarvan. En wanneer hy bewus word daarvan dat hy deur die vuilheid besig is om sy deel aan die reinheid van Christus te verloor, verlang hy om van vooraf rein gewas te word. Hierdie woorde van Jesus hou immers vir hom dieselfde gevaar tot afsnyding in wat Sanbállat, Tobia en Gesem moes aanhoor uit die mond van Nehemia „ . . . maar julle het geen deel of reg of gedagtenis in Jerusalem nie".

Maar hy hoef nie te vrees nie. Hy het reeds die eiendom van Christus geword. Dit is maar net nodig dat sy deel aan Hom hernu sal word.

U het vanoggend die dag met Jesus begin, net soos wat u die hande en die gesig gewas het. Maak seker dat u vanaand weer u voete was voordat u gaan inkruip. Doen dit deur die dag weer in sy Naam af te sluit, want so sal u waarlik rein wees.

4 Maart. Lees Joh. 13:12-20. Teks: Joh. 13:17.

WEET EN DOEN.

Om kennis te besit is nutteloos tensy dit gebruik word. Meer as enige iets anders moet die kennis van goed en van kwaad beweging in die mens bring: voorwaarts uit die modder en die slyk na die akker wat bewerkbaar is.

Die kennis wat Jesus aan sy dissipels meedeel in hierdie paar verse, is nie bedoel om hulle op trone van selfversekerde heiligheidshoogmoed te plaas nie. Veel meer is dit bedoel om nederige naastediens by hulle tuis te bring. Hy doen dit op so 'n wyse dat daaroor geen twyfel kan bestaan nie. Wanneer twee mense met mekaar staan en redetwis oor wie se plig dit nou eintlik is om 'n taak te verrig wat benede hulle waardigheid is, is daar seker niks wat hulle so gou in beweging bring as die tussenkoms van 'n hoër gesag wat self die hand uit die mou steek nie. Rooi van skaamte verdring hulle dan mekaar om die werk uit die hande van hulle heer te neem.

Natuurlik is ons almal bereid om dinge te doen waar publieke eer aan verbonde is, en tog weet elke Christen uit sy lering dat die mens wat selfs goeie dade doen ter wille van die aansien, sy loon weg het, Christus verwag van ons dat ons sal werk in sy wingerd, ongeag wat ons hoop om voor die mense daarin te verdien.

Wanneer ek neer kniel om die vuil gebarste en met sere besmette voete van my naaste te was, het ek daarin geen verdienste nie, behalwe dat ek daarin deel het met Christus in sy nederigheid en vernedering. In Hom is daar dan ook vir my die belofte van verheffing en van eer.

5 Maart. **Lees** Joh. 13:21-30. **Teks:** Joh. 13:23.

TEEN DIE BORS VAN JESUS.

Die dissipel van wie hier gepraat word, is Johannes self. Alhoewel dit uit die ander evangelies blyk dat hy 'n belangrike rol gespeel het, verswyg hy hier soos gewoonlik sy eie naam.

Saam met Petrus staan hy in 'n besondere verband met Jesus. Hier aan tafel vind ons hom aan die bors van sy Meester. En soos hulle wat in die winter maande dig by die vuurherd sit, ervaar Johannes inniger die warmte van daardie liefde. Daarom ook dat Petrus, wat andersinds altyd die voortvarende is, dit hier aan Johannes oorlaat om die vraag te vra:- „Here, wie is dit?"

Die oomblik is gespanne, die saak is intiem en gewigtig. Van Petrus kom nou slegs 'n knik. Alleen Johannes, wat in die nouste gemeenskap met Jesus leef, waag dit om sy mond oop te maak.

Ken u die pyn in die hart van 'n vader of moeder wat merk hoedat die kind nie meer die vrymoedigheid het om tot hulle te kom met probleme nie? Om een of ander rede het die kind verwyderd geraak van die bors waarteen dit vertroos en gevoed is.

Soveel groter is die droefheid in die hart van God oor 'n verlore gaande wêreld. Met Hom het Adam in Eden gewandel, tot op daardie dag toe hy gaan wegkruip het vir die geluid van sy teenwoordigheid.

Jesus Christus het die mens weer gaan opsoek en naby Hom gebring. Maar helaas, ook daar in daardie tyd van die nuwe begin, was daar reeds weer verwydering.

Waak en bid om na aan daardie bors te bly waaruit soveel liefde vir die ganse mensdom straal.

6 Maart. **Lees** Joh. 13:31-38. **Teks:** Joh. 13:31.

AANSKOU SY HEERLIKHEID.

Hoe waar is ook weer hier vir ons die woorde: My gedagtes is nie julle gedagtes nie. So pas het Judas Iskariot die kring van liefde verlaat om uiting te gaan gee aan die haat wat Satan in sy hart geplaas het. Hy is op pad om sy Heer en Meester te gaan verraai en uit te lewer aan sy vyande.

En tog sê Jesus: **Nou** is die Seun van die mens verheerlik. Daar was so baie ander geleenthede waarby mense Hom aangegaap het, vol van verbasing oor die wonders wat Hy doen. Daar was geleenthede soos die waarby hulle Hom met geweld wou koning maak.

Dit alles egter, weeg nie op teen die gewigtigheid van hierdie oomblik nie. Judas, wat die duiwel en die vlek was in die dissipelkring, het homself laat verwyder deur sy nuwe heer en meester. Wat oorbly is die troue volgelinge wat nêrens anders heen weet om te gaan nie.

Maar ook hulle sou Hom verlaat op die oomblik wanneer hulle Hom eintlik moes bystaan. Daarom is dit nie hulle teenwoordigheid of die „hosanna" uit enige mense mond wat ons sy heerlikheid laat aanskou

nie. Nee, dit is hierdie oomblik waarop sy stryd met alle erns begin. Soos sy vader Dawid van ouds, maak Hy Homself gereed om teen die „Filistyne" te gaan veg — daardie „Filistyn" wat nou deur Judas nader gebring word.

Ook in hierdie stryd sal die geregtigheid van God seëvier bo die geweld van swaarde en stokke. Aanskou daarom, o Christen, die heerlikheid van die Stryder om u lewe — Jesus van Nasaret, die Seun van Dawid. In hierdie stryd roep Hy nie uit: „Absolom, my seun, het ek tog maar in jou plek gesterwe", nie.

Hy doen dit inderdaad aan die kruis op Golgota, — gewillig, sterf Hy in ons plek.

7 Maart. Lees Joh 14:1-12. **Teks:** Joh. 14:9.

SIEN, TERWYL U AANSKOU.

Gister het ons u aangespoor: Aanskou sy heerlikheid. Vandag wil ons u vra: Sien u werklik, terwyl u aanskou, of is u ook besig om die hart van Jesus te bedroef soos Filippus? Elke dag het hy Jesus aanskou in al sy heerlikheid as seun van Dawid, maar ook as seun van God. Immers, reeds daar aan die begin getuig hy teenoor Natanaël: „Ons het Hom gevind van wie Moses in die Wet en ook die profete geskrywe het: Jesus, die seun van Josef van Nasaret". En as hy Moses goed gelees het, sou hy begryp het dat hierdie getuienis voldoende is. Hy moet net maar besef dat dit hy is wat deur die Seun van die mens gevind is en om by Hom te bly is genoeg.

Maar vir Filippus was dit nie genoeg nie. Hy wou soos Moses, Aäron, Nagab en Abihu en die sewentig oudstes, God aanskou op die berg. Net soos die ongelowiges wie se sinne verblind is in hierdie wêreld kon hy God nie sien nie, hoewel Hy dig by hom was. Ook van Filippus geld hierdie woord van Jesaja uit die mond van Jesus: „ . . . julle sal kyk en kyk en glad nie sien nie."

En hoeveel geslagte vóór hom, het nie gesmag daarna om dit wat hy nou voor oë het, te aanskou nie. Ja selfs die engele uit die hemel sou vooroor wou buk en as't ware soos nuuskierige kinders oor mekaar se skouers loer om die wonder in die krip van Bethlehem te aanskou. Maar mettergaan het daardie krip 'n kruis geword. Asof die stal as simbool van vernedering en verwerping nie genoeg was nie, het ook sy eie mense Hom nie herken en erken nie.

Bid die Here dat hy u oë sal open dat u waarlik sal sien en getuig. Hy is die Seun van God.

8 Maart. Lees Joh 15:1-10. **Teks:** Joh. 15:4.

BLY IN HOM.

As u die Christus waarlik raak gesien het; gemerk het dat dit Hy is wat hier dig by u kom staan het; u aan die hand geneem het om u op te rig uit al u ellende, dan is dit u plig om uit dankbaarheid by Hom te bly.

Wanneer die landman met sy snoeiskêr deur die wingerd loop, sny hy die vrugtelose lote af. Daardie lote wat vrugte dra, voel ook die sny van die skêr maar weet dat dit tot hulle vordering is. Vroeër, onder uiters moeilike omstandighede het die vrugte nie uitgebly nie. Daardie loot

wat oorlaai was met nuttelose uitspruitsels het nogtans vrugte voortgebring, want hy is stewig vasgeheg aan die stam. Uit daardie stam ontvang hy die lewensnoodsaaklike voedsel wat hy ook verwerk tot nut van ander.

Wanneer Christus u en my vermaan om in Hom te bly, vra Hy dat ons ook hierdie voorbeeld van die goeie loot sal volg. Dit het Hy ons nie net voorgesê nie, maar ook voorgedoen. In sy omwandeling hier op aarde het Hy steeds voorsien in die behoeftes van ander; het Hy verdra, versorg, vertroos, ondanks al die droefheid en pyn wat Hy self moes verduur.

Gaan daarom voort om vrugte te dra wat by die berekening pas. Daardie nuttelose takkies wat aan u hang: wat dreig om al u lewenslus te verswelg, sal weldra verwyder word, want elke goeie loot maak Hy skoon. Maar net soos die wingerdloot moet ons geduldig wag. Hy ken sy tyd: Hy alleen mag besluit.

En as ons dan tot die dood toe hierdie laste dra, wie van ons is meer as Hy wat van die wieg tot die graf vir ons moet ly?

9 Maart. **Lees** Joh. 15:11-27. **Teks:** Joh. 15:18.

GEEN HEMEL OP AARDE.

Wanneer ons voldoen aan die vereiste om vrugte te dra, moet ons vir geen oomblik hoop, om daarvoor beloon te word, met 'n hemel op aarde nie. As vriende van Jesus (soos wat Hy ons dan in vers 14 noem) het ons die taak om saam met Hom te ly en te stry vir dit wat verhewe is bo die aardse genot en geluk. Hiermee wil ons hoegenaamd nie die Godgegewe aardse genietinge versmaai nie. Hy gee aan ons die sonskyn na die onweersdreiging, en die sterre in die donker nag. Op en af gaan ook ons lewenspad. Daar is die diepste laagtes maar ook die hoogste punte waarop ons mag asem haal.

Oral egter langs dié pad, is daar die Satan wat lê en loer wie hy kan verslind. Hy het Jesus gehaat omdat Hy sondeloos was en daarom kom hy nou ook tot sy vriende met dieselfde middele wat hy aangewend het om Hom tot 'n val te bring. Hy gebruik die honger en kommer van die mens om kleingeloof en ongeloof te wek. Hy gebruik die suksesse om grootheidswaan aan te wakker.

Maar omdat Christus al hierdie dinge ken, laat Hy die doring in die vlees toe om my die afhanklikheid van Hom te laat besef. Net so vertroos Hy ons deur die nabyheid van die Heilige Gees in die oomblikke van eensaamheid en sondebesef.

In al hierdie dinge mag en moet ons mekaar bystaan deur liefde te gee wat die haat van die wêreld sal oorskadu. Hierin het Christus ons ook voorgegaan toe Hy smartbelaai aan die kruis sy moeder vertroos het: „Vrou daar is u seun." Meer nog, toe Hy ons geleer het om selfs ons vyande lief te hê: „Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie."

10 Maart. **Lees** Joh. 16:1-4. **Teks:** Joh. 16:4a.

EIENAARDIGE LYDING IN DIE WÊRELD.

Hierdie hoofstukke bevat Jesus se laaste woorde voor sy arrestasie. Dit is lydenswoorde, maar wys ook heen na dit wat ná die kruisiging kom. Deurgaans hoor ons 'n klank van lyding en nood, maar ook van oorwinning en vreugde. Dit is die einaardigheid van Gods werk. Ons tekspara-graaf is eintlik die fondament van hierdie eienaardige hoofstuk.

In die tyd van **Jesus** se lyding praat Hy oor die lyding van sy **gelowiges**. Dit wil sê as Hy vervolg word, sal hulle ook vervolg word. Die ergste vir hulle sal wees dat hul vervolgers hulle in die Naam van God uit die sinagaoge sou ban. Destyds was die sinagoge nog die plek waar die evangelie verkondig is (soos Jesus en Paulus gedoen het). Daarom sou die Christene se lyding bitter wees, want as die meerderheidsmening in hul geliefde sinagoge hulle geen plek gun nie, is dit geestelike terrorisme wat hulle maklik kan laat twyfel. Nou versterk Jesus vooraf hul geloof met 'n fyn woordspel sodat hulle nie swig nie.

Die uur van vervolging kom. Jesus se „uur" is wanneer Hy aan die kruis na 'n verloorder lyk — maar in werklikheid juis 'n groot oorwinning bewerk. Die vervolgers se „uur" is net omgekeerd wanneer hulle na oorwinnaars oor die gelowiges lyk — maar in werklikheid verloorders is. Omdat die wêreld Christus vervolg het, vervolg dit ook sy gemeente. Maar omdat Christus se lyding so 'n groot oorwinning was, kry sy gemeente deel daaraan al is hul lyding ook hoe swaar. Lyding bring oorwinning — dis die goddelike wonder.

Ons moenie verbaas wees dat die kerk en die gelowiges moeite het in die wêreld nie. Dit is omdat ons Heer vervolg is. Maar so mag ons ook weet dat die kerk nooit ondergaan nie. Dit is omdat ons Heer se lyding vir ons oorwinning meebring.

11 Maart. **Lees** Joh. 16:5-15. **Teks:** Joh. 16:7.

EIENAARDIGE VOORDEEL IN DIE WÊRELD.

Jesus brei nou uit oor die eienaardigheid van lyding wat oorwinning word. Hoe kan so 'n swakke groepie gelowiges daarvan verseker wees? Dit verduidelik Jesus nou — met nog 'n eienaardigheid! Weer hoor ons iets wat treurig klink, en weer kom daaruit voort 'n klank van vreugde.

Jesus gaan weg. Hy gaan gevange geneem word en sterwe, en daarna gaan Hy na die Vader. Dis 'n klank van skeiding, van skade vir sy dissipels. Hoe kan dit dan vir hulle voordeel wees?

Dan sê ons teks: Hoe eienaardig dit ook mag klink, dit is 'n voordeel. Want as Jesus na die liggaam van die aarde weggaan, stuur Hy sy Gees na die gelowiges. Dan is Hy nie alleen op een plek teenwoordig nie maar oral deur sy Gees. As dit lyk of daar 'n pynlike skeiding kom, kom daar juis 'n innige vereniging — 'n goddelike eienaardigheid.

In plaas van 'n skande kom daar 'n groot voordeel: Die Gees van Christus versterk sy gelowiges. Sy getuienis in hul hart laat hulle verstaan dat die wêreld sondig is en dat hy in sy vervolgingswoede die een is wat in Gods geregshof skuldig bevind en veroordeel word. Maar meer nog: Die Gees troos die harte van die gemeente en verseker hulle dat hulle te midde van die lewensnood en lyding die wonderbaarlike oorwinning van Christus se kruisdood ontvang.

So werk God met sy gemeente: Innige vereniging uit skynbare skeiding. En nou: Twyfel ons miskien soms aan die oorwinning wanneer ons lewenslyding dit skynbaar weerspreek, dan mag ons versterk word deur die voordeel dat Jesus weggegaan het. Want nou is Hy nie alleen by ons nie, maar in ons deur sy Gees — om ons te verseker van die waarheid van Christus se oorwinning.

12 Maart. **Lees** Joh. 16:16-24. **Teks:** Joh. 16:20b.

EIENAARDIGE BLYDSKAP IN DIE WÊRELD.

Die eienaardige oorwinning uit die lyding en die eienaardige oordeel van Jesus se vertrek bring nou ook eienaardige lewensvreugde vir die gelowiges mee. Die eerste hiervan verduidelik die Here in ons teks. Weer word 'n vreugdeklank gebore uit 'n droewe klank.

Eers is daar weer die klank van smart. Droefheid omdat Christus gaan sterf en vertrek. Maar omdat sy lyding ware oorwinning en die skeiding ware voordeel is, kom daar juis uit hierdie droewe klank ware blydskap voort. Die blydskap waarvan Jesus hier praat, is nie oppervlakkige blyheid nie, maar duursame vreugde vir sy gemeente.

Wat dit presies beteken, kan ons sien in die beeld wat Jesus self gebruik om ons teks verder uit te lê. Hierdie blydskap uit droefheid is soos die blydskap van 'n moeder wat volg uit haar barensnood. Dié vergelyking met 'n bevalling kom uit Jes. 26 en 66. Daar word gepraat van die volk van God wat smag in hul nood soos 'n vrou in barensweë, en van die uiteindelike verlossingsblydskap wat die Messias vir hulle bring, 'n blydskap wat duursaam is soos die vreugde van 'n moeder oor haar kind. Met ander woorde Jesus is die Messias. Die droewe klank van sy lyding en vertrek is bedoel vir die droewe klank van die mense se nood. En die blye klank van sy oorwinning en troos bring vir hulle die standhoudende blydskap van verlossing uit die nood.

Daarom kan Christene nie met lang gesigte loop nie. Elke dag van ons lewe is 'n dag van lewensvreugde wat niemand kan wegneem nie, want dit is permanent van aard — dit loop uit op die blydskap van die volle hemelse heerlikheid.

13 Maart. **Lees** Joh. 16:25-33. **Teks:** Joh. 16:33a.

EIENAARDIGE VREDE IN DIE WÊRELD.

Die laaste van die vier lydensparagrawe van Joh. 16 gaan oor nog 'n lewensvrug wat Christus vir sy gemeente bring. Netsoos die ander drie, bevat ook hierdie gedeelte 'n wonderbaarlike goddelike eienaardigheid: Stryd, maar juis te midde daarvan vrede!

Die tyd van Jesus se dood is die tyd wanneer spanning en stryd vir sy dissipels begin. Hulle sal deur die vervolgers uitmekaargejaag word en in hulle lewens sal disharmonie kom. Te midde van hierdie dreigende gerammel van **strydgeluide** klink Jesus se woord met die laaste eienaardigheid van die hoofstuk: Julle sal in My **vrede** hê.

„Vrede" is 'n woord wat uit die Ou Testament stam, en in die Bybel beteken dit 'n onversteurde verhouding waar daar harmonie tussen partye heers. Te midde van die versteurings, disharmonie en onvrede in die wêreld sal die gelowiges nou juis onversteurde harmonie en vrede in

hul lewens hê. Hoe kan dit moontlik wees? — „In My" sê Jesus. Dit wil sê deur sy kruisdood bewerk Hy vir sy gelowiges 'n eienaardige vrede: Disharmonie en aanvegting van die wêreld, maar harmonie en 'n onversteurde toegang tot God.
Hierdie vrede, sê Paulus, gaan alle verstand te bowe. In die stryd en nood van die lewe mag ons innerlike rus en vrede in die hart hê. Want hoe dit ook mag storm, Christus het ons verhouding met God onversteurd gemaak.

Al die paragrawe van die afgelope vier dae toon vir ons die wesenlike kenmerk van die hele Bybelse verkondiging, nl. dat God anders as mense werk. Daarom het ons van goddelike eienaardighede gepraat. Oorwinning, voordeel, blydskap en vrede is juis daar te vinde waar dit vir mense na die teendeel lyk. By al die rykdom daarvan, getuig hierdie eienaardigheid nog boonop dat Christus se woord nie uit die mense is nie, maar uit God.

14 Maart. **Lees** Joh. 17:1-5. **Teks:** Joh. 17:3.

HOËPRIESTER WAT BID.

Die heel laaste woorde wat Johannes ons van Jesus voor die arrestasie meedeel, is 'n gebed. Dit word die hoëpriesterlike gebed genoem omdat Jesus hier soos 'n priester van die Ou Testament vir die gelowiges intree. Dit is ook begryplik dat so 'n intredende gebed sy laaste woorde sal uitmaak, want dit is die hele doel waarvoor Hy na die aarde gekom het: Om as offerende priester vir die mense in te tree.

Soos in die vorige hoofstuk, vorm die eerste deel van Joh. 17 ook die basis vir die volgende dele. In die begin van die gebed praat Jesus oor sy eie werk, nl. om die ewigheidslewe vir die mense te verwerf. Nou sê Hy dat hierdie gawe vir diegene is wat Hom en sy Vader ken. Dit is weer 'n gedagte wat uit die Ou Testament kom waar kennis nie bloot verstandelike, teoretiese kennis is nie, maar **gemeenskap.** Kennis beteken nie bloot om van iets te weet nie, maar dit beteken intieme saamleef. As mens God dan ken, beteken dit nie jy weet van Hom nie, maar dat jy in 'n verhouding van intieme verbondenheid en liefde met Hom lewe. Dit wil sê 'n volkome geloofsoorgawe aan Hom. Alleen iemand wat God só ken, ontvang die ewigheidslewe van Christus.

Die begin van Jesus se gebed bring vir ons die blye evangelie dat die ewigheidslewe vir elkeen is wat hierdie geloofskennis van God het — afgesien van verstandelike begaafdheid. Maar daar sit ook 'n vermaning in, veral vir ons Hervormers: In die teologie, prediking, katkisasie en in ons lewens is kennis van God nie blote feite waarvan ons weet, miskien baie goed weet en beredeneer nie, maar 'n intieme, warme en innige hartsverbondenheid aan God. Hoeveel van dié innigheid is daar in ons hart?

15 Maart. **Lees** Joh. 17:6-19. **Teks:** Joh. 17:15.

IN DIE WÊRELD EN VIR DIE WÊRELD.

Nadat Hy oor die betekenis van sy lewenswerk gepraat het, bid Jesus nou vir sy dissipels en hulle lewenswerk. As ons wil verstaan wat Jesus bedoel as Hy in ons teks wil hê dat hulle in die wêreld bly, sal ons ook na die woorde daar rondom moet kyk.

Jesus sê sy dissipels is nie van die wêreld nie. Dit wil sê hulle behoort nie aan die wêreldse magte nie, maar aan Hom. Hulle is nie die kragtige, agressiewe massa nie, maar die vervolgde, gehate minderheid waarvan die vorige hoofstuk gepraat het. Nou bid Jesus nie dat hulle daaruit weggeneem word nie, dat hierdie situasie verander word nie. Maar Hy bid wel dat hulle van die bose magte bewaar word, dat hulle in hul geloofsoortuiging nie sal swig en ondergaan in die aanvegtinge nie. So **bid** Hy nou dieselfde dinge wat Hy in die begin van Joh. 16 **uitgespreek** het. Maar hierdie keer gee Hy ook nog die rede waarom Hy hulle midde-in die wêreldnood wil hê.

Nie alleen ly die gelowiges soos hul Heer nie ,en nie alleen kry hulle die krag van hul Heer nie, maar soos Hy gestuur is, word hulle ook gestuur. Soos Christus reguit na die wêreld, wat Hom haat, met sy woord gekom het, so moet die gelowiges ook reguit na die wêreld, wat vir hulle geen plek het nie, met hierdie boodskap gaan. Hulle moet tussen die haters bly ter wille van daardie haters self.

Ons moenie wegkom van „wêreldse" dinge en ons toesluit in ons eie tipe kloosters nie. Die Here wil dat ons, wat aan Hom behoort en nie aan die wêreld nie, midde-in die wêreld moet bly — ter wille van die verkondiging aan hulle wat vir ons geen plek het nie. So mag ons ook weet dat Hy self vir ons beskerming ingetree het.

16 Maart. **Lees** Joh. 17:20-26. **Teks:** Joh. 17:21.

EENHEID IN CHRISTUS.

Christus se gebed kring nou uit om Christene van alle tye in te sluit. Hy bid vir die eenheid van die kerk. Dit is 'n saak wat omstrede geword het vanweë bedrywighede soos dié van die Wêreldraad van Kerke. Wat bedoel Christus dan as Hy wil hê dat alle gelowiges een moet wees?

Eenheid is nodig. Christus se gebed daarvoor bevat ook 'n bevel daartoe. In die eerste deel van ons teks word die belang hiervan onderstreep deurdat Hy die voorbeeld van die eenheid van God gebruik: **Soos** God een is, so moet sy kerk ook een wees. Maar watter soort eenheid dit moet wees, word in die tweede deel van ons teks bespreek.

Die Vader en die Seun is onderskeie, maar nogtans een — dit is 'n onbegryplike wonder. So wil Christus nou dat alle **gelowiges** een moet wees met **God.** Dit wil sê hulle bly afsonderlik van God en ver benede Hom, maar hulle is in Hom veranker. Dit beteken dat alle Christene wat in Hom veranker is, 'n eenheid vorm — soos Paulus sou sê: Net soos die afsonderlike liggaamsdele aan mekaar verbind word omdat hulle aan die hoof verbind word. Dit is die soort eenheid waarvoor Christus bid: 'n Eenheid **in** God, dit wil sê waarvan God die geloofsmiddelpunt is.

So 'n eenheid het 'n doel: **Sodat** die wêreld kan glo. As die kerk self ongehoorsaam is en sy verskeurde optrede is die teendeel van die woord wat hy verkondig, het sy verkondiging geen oortuigingswaarde nie — dit sê die derde deel van ons teks.

Daarom kan ons kerk **nie** meedoen aan 'n eenheidsbeweging waar Christus as die Verlosser nie in die middelpunt staan nie. Maar ons **moet** ook insien dat kerke waar Hy wel in die middelpunt staan, ons broeders is met wie ons kan saamwerk en van wie ons selfs baie kan leer.

17 Maart. **Lees** Luk. 21:1-4. **Teks:** Luk. 21:4.

LIEFDEGAWE AAN GOD SE HUIS.

Die pragtige tempel in Jerusalem is met groot offervaardigheid opgerig. Die inwoners van Jerusalem en feitlik die hele Israel het met hulle offergawes bygedra tot die versiering en die onderhoud van die tempel. Daarvoor het daar verskeie offerkiste by die tempel gestaan. Almal het bygedra tot die doel.

Maar nou staan die saak ook so dat die penningmeester slegs die gawes tel wat inkom; maar God beskou opmerksaam of daar in die gewer se hart liefde is. Dit is waarvoor Christus hier spreek nadat Hy in die tempel gesien het wat gebeur het. Almal gee vir die tempel — die rykes en die armes. Maar nou wil Christus ons oë open vir die allerbelangrikste aspek van die saak van die gawes vir die kerk naamlik met watter gesindheid gee ons vir die huis van God.

En om die regte gesindheid aan te toon, wys Hy op die weduwee wat die twee geldstukkies ingegooi het. Sy het iets gegee wat sy werklik self ook nodig gehad het. In haar armoede het sy tog haar hele lewensonderhoud gegee. Daardie twee geldstukke was genoeg om vir haar 'n dag se brood te koop. Sy het met daardie daad getoon dat sy haar lewe aan God toevertrou. Sy het vertrou dat die Here vir haar in haar daaglikse brood sal voorsien.

18 Maart. **Lees** Luk. 21:5-11. **Teks:** Luk. 21:9.

VERSKRIKKING.

Jesus spreek hier 'n duidelike waarskuwende woord tot sy volgelinge. Daar sal moeilike dae oor die inwoners van Jerusalem kom. Dit sal tye van oorlog en opstande wees. Christus het geweet watter vreeslike invloed sulke koorsagtige tye op die gelowiges sou uitoefen. Dit sal 'n periode wees waarin selfs die Christene se gemoedere tot die uiterste beproef sal word.

Daarom dan die uitdruklike waarskuwing en ook vertroosting — „moenie skrik nie". Aan die eenkant 'n waarskuwing — die gelowige moet vroegtydig weet dat daar moeite en verdriet ook vir ons in die toekoms opgeskort lê. En juis omdat daar ook sulke toestande kan kom, behoort die gelowige waaksaam te wees om nie in daardie moeilike tye in wanhoop te verval, soos diegene wat geen hoop het nie. Maar Christus vra juis dat ons moet waak en bid tot en met sy wederkoms wat spoedig sal aanbreek.

Aan die anderkant is daar ook 'n vertroosting van Christus self. Hierdie dinge moet gebeur. En ons moet daaraan dink dat dit alles in die raadsplan van God opgeneem is. Hy is besig om sy planne te volvoer en daarom wil Hy ons troos met die wete, dat in alles Hy sy volk in veilige bewaring sal hou.

19 Maart **Lees.** Luk. 21:12. **Teks:** Luk. 21:12.

PAD VAN DIE GELOWIGE

Die pad wat Christus op aarde bewandel het was ook 'n lydensweg gewees. En aangesien die volgeling nie groter is as die Heer nie, sal ook die volgeling so 'n pad in oënskou moet neem.

Dat die Christene ter wille van die waaragtige geloof vervolg sou word, word dan ook hier deur Christus bekend gemaak. En so het dit dan ook gebeur dat manne soos Stefanus en Jacobus kort daarna vervolg is. Spoedig na die Pinkstergebeure is ook Petrus en Johannes in die gevangenis gewerp — soos die gedeelte sê — „hulle sal die hande aan julle slaan en julle vervolg". Ook Paulus moes voor 'n goewerneur verantwoording doen oor sy geloof in Jesus Christus.

Hoe kan sulke eenvoudige en ongeleerde mense in staat wees om in sulke moeilike omstandighede, hulself te verdedig oor die waarheid van Christus? Want advokate was daar vir die gelowiges nie te vinde nie. Maar die belofte het Jesus gegee dat Hy met sy volgelinge sal wees. En deur sy Heilige Gees was daar vir hulle leiding en vertroosting in daardie dae gewees. Nou roep so 'n voortreflike getuienis van daardie martelare ook tot ons — dat ons op die pad wat voor lê, sal vertrou op die leiding en teenwoordigheid van die Heilige Gees.

20 Maart. **Lees** Luk. 21:14-19. **Teks:** Luk. 21:19.

TOEKOMS VIR DIE GELOWIGE

Met die heerlike belofte dat Christus altyd met sy gelowiges sal wees, deur die Heilige Gees, kan ons na die toekoms voor ons kyk. Miskien sien ons reeds die tekens op verskeie terreine dat ons moeilike tye te wagte kan wees. Ons hoor alreeds vir geruime tyd van ander Christene wat deur die magte van die bose, sware lyding moet ondergaan.

En as ons alles waarneem, kom die vraag op, wat kan moontlik met ons gebeur, hoe ver lê dit nog van ons af? In dié verband moet ons tog let op die vroeë Christelike martelare. Ook hulle het seker sulke vrae gevra en dit is beantwoord, hulle het ter wille van die evangelie hul lewe afgelê. Maar dit moet gesê word dat hulle deur die krag van God veilig in sy gemeenskap behoue gebly het. Hulle het nie uit sy hand gegly nie. In die aangesig van gevare en verleiding het hulle nog in die geloof volhard tot aan die einde toe.

Daarom is die hoofsaak van die toekoms wat voorlê dit — dat God die Heilige Gees met ons sal wees. Nou kan ons in die donkere dae instap. Want sy Gees sal ons toerus en aan ons krag gee om ons roeping te vervul. En belangriker nog: Hy sal ons versterk om staande te bly, sodat ons die ewige lewe by die Vader mag verkry.

21 Maart. **Lees** Luk. 21:25-28. **Teks:** Luk. 21:28.

WÊRELD-EINDE.

Dat daar 'n einde vir die wêreld is, is 'n gedagte wat nie baie dikwels in ons gedagtes opkom nie. En tog weet ons baie goed dat ons lewens 'n begin en 'n einde het. So ook die wêreld. Hier wys Christus op daardie laaste oomblikke in die wêreldgeskiedenis. En as Hy oor daardie einde praat, deel Hy die bewoners van die aarde in twee kampe. Aan die een kant die „mense" en aan die ander kant „julle". Die „mense", dit is die wêreld, en die „julle" dit is die dissipels of gelowiges.

Wat die mense aanbetref sal dit 'n onaangename tydperk wees. Want hulle sal radeloos word van angs en vrees, sodra die tekens van die naderende einde oor die wêreld kom. Die tekens sal waarneembaar wees aan hemelliggame en selfs op die aarde sal geweldige tekens wees.

Dog so sal dit nie vir die dissipels van Christus wees nie. Want as dit begin gebeur moet die gelowiges hulle hoofde opwaarts na die hemel verhef vanwaar ons hulp vandaan kom. Dit is die tyd wanneer Christus vir 'n tweede keer na die aarde sal neerdaal, om dan sy eiendom te vergader. Die „mense" sal in daardie oomblikke ineenkrimp van angs en vrees, maar die „gelowiges" moet hulle hoofde ophef en hulle uitstrek na daardie blye oomblik.

22 Maart. **Lees** Luk. 21:29-33. **Teks:** Luk. 21:33.

HEMEL EN AARDE SAL VERBYGAAN.

In hierdie hele gedeelte word daar gewys op die tekens wat die wederkoms van Christus moet aandui. Aan die einde word egter ook gesê dat in teëstelling met die tydelikheid van die hemel en aarde die Woord van God nooit sal verbygaan nie. Hierdie wêreld is 'n verskynsel van 'n verbygaande aard. Dit is wel die skeppngswerk van God, maar dit is ondergeskik aan sy regering, aan sy koninkryk en onderworpe aan sy raadsplan.

So is dit vir ons hier duidelik waar die klemtoon moet val vir die volgelinge van Christus, naamlik dat ons, terwyl ons die geleentheid het om hier op aarde te lewe, ons oë gerig moet hou op die ewige koninkryk. Daar lê die klem, dat ons op pad is na die enige stad van God. Terwyl ons lewe, moet ons volhardende in die geloof lewe, moet ons vashou aan die belofte dat Christus alreeds vir ons plek berei het in die huis van sy Vader.

Terwyl die mooiste en die beste nog op ons wag wil dit nie sê dat hierdie lewe dan minderwaardig is nie. Nee; inteendeel is hierdie lewe op aarde tog ook 'n beslissende periode, want dit is inderdaad die voorbereiding van die lewe by God.

23 Maart. **Lees** Luk. 21:34-36. **Teks:** Luk. 21:36.

WAAK EN BID.

Ons weet nie wanneer die wederkoms van Christus sal plaasvind nie. Op die vraag „Hoe lank nog", ken Gód alleen die antwoord. Tog sê Christus dat die dag onverwags sal kom, Paulus sê dat dit soos 'n dief in die nag sal kom. Aan die einde van die beeld wat Christus vir ons gegee het, kom daar dan ook 'n baie ernstige oproep — „Waak en bid".

Terwyl die wêreld nie nugter nie maar dronk is, ja eintlik in die roes van hulle dronkenskap lê en slaap, word die gelowiges opgeroep om wakker te wees. Ons moet wakker wees want ons weet tog immers dat daarde dag van sy wederkoms, besig is om dag na dag nader te beweeg.

Dit is dan die roeping, waartoe Christus oproep — wees wakker! Om wakker te wees beteken nie om passief te wees nie, maar aktief te wees. Die wagter moet sorg dat hy genoeg krag insamel om sy taak te kan vervul. Hy moet nie moeg word en dan soos die ander gaan lê en slaap nie. Nee, daarom moet ons juis ook bid dat God ons sal toerus met die krag van die Heilige Gees om staande te kan bly. Hy wil ons toerus sodat ons ons roeping kan vervul — om te waak totdat Hy terugkom.

24 Maart. **Lees** Luk. 22:7-23. **Teks:** Luk. 22:8.

ALMAL IS GENOOI.

Christus laat sy paasdis in die stad Jerusalem voorberei. Dit is niks vreemds dat God se Paaslam na Jerusalem kom om daar geslag te word nie. Daarvoor het Jerusalem deur die jare van Israel se geskiedenis bekend geword — die moordstad van God se profete. „Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en die wat na jou gestuur is, stenig."

Vreemd mag dit egter wel vir ons wees dat Christus in die stad wat binnekort sy kruisdood sou eis, sy eetmaal van gemeenskap gaan voorsit, dat Hy aan die voet van dieselfde kruis waarop Jerusalem Hom vasspyker, vir sy moordenaars die maaltyd van die lewe voorberei, dat hy op hierdie strate sy uitnodigende boodskap laat hoor: „Kom, want alles is nou gereed."

Hierdie boodskap kom ook tot ons waar ons ookal verkeer. Die Paaslam kom tot elke mens en wil deur almal geëet en geniet word. Niemand is van hierdie uitnodiging uitgesluit nie. Die maaltyd wat moet wys op die versoenende offer van Christus word aangebied aan al die mense van die stad. „Gaan uit op die paaie en na die lanings en dwing hulle om in te kom, sodat my huis vol kan word." Geeneen van ons kan sê dat ons nie genooi is nie.

Christus hou sy nagmaal in die stad met sy dissipels. So verkondig Hy sy liefdevolle genade aan almal wat sy dissipels wil wees.

25 Maart. **Lees** Luk. 22:31-34. **Teks:** Luk. 22:31.

'N ERNSTIGE WAARSKUWING.

„Simon, Simon, kyk die Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif." Jesus het die gevaar gesien wat Petrus bedreig het en nou wil Hy hom waarsku. Hy wil Petrus goed wakker skud sodat Satan hom nie slapende nie maar wakende sal aantref. Hy wil vir Petrus sê om goed daarop te let dat dit Satan is wat agter die versoeking sit wanneer dit straks tot hom sal kom. Dit sal nie die diensmeisie of die soldate wees wat hulle aanvalle op hom sal rig nie, maar Satan self. Satan is die een wat sy val begeer.

Die waarskuwende woorde van Jesus geld vir ons ook. Wanneer die versoeking tot ons kom, is dit niks anders as 'n aanval van Satan nie. Hy sit agter elke versoeking wat ons oorweldig. Hy verblind ons met die klatergoud van die wêreld. Hy maak ons verbitterd teenoor mense. Hy maak dat ons die teenswoordige wêreld meer liefkry. Hy sal ons so oorlaai met werk en sorge dat ons geen tyd of lus meer het vir gebed nie. Hy sal ons hoogmoedig maak sodat ons ons hoofde trots verhef bo die Babel wat ons gebou het. Hy sal ons werkloos maak, armoede of welvaart, krag of moegheid skenk, maar hy sal dit alles gebruik om ons soos koring te sif en indien moontlik ons te maak soos kaf wat die wind verwaai.

In hierdie lig moet ons leer om al ons lewenservaringe te sien dan sal ons leer om versigtig te wandel en nie so maklik toe te gee aan die lokstem van die satan nie.

26 Maart. **Lees** Luk. 22:31-34. **Teks:** Luk. 22:32a.

'N HEERLIKE BEMOEDIGING.

Wanneer Jesus Petrus gewaarsku het, dan laat Hy dit nie daar nie, maar Hy bemoedig Petrus sodat die aanmoediging oor Satan se aanslae hom nie sal verontrus nie. Teenoor die siftende Satan staan 'n biddende Christus. „Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie."

Dat Jesus Hom telkens afgesonder het om ook vir hom te bid, het Petrus nie besef nie. En tog, voordat Satan tot Petrus kom, lê daar reeds voor die troon van God 'n gebed vir hom.

Watter vertroostende gedagte is dit nie. Wel storm Satan met sy versoekinge telkens op my af, maar voor die troon van God staan 'n biddende Hoëpriester. Hy bid ook vir my dat my geloof nie sal faal nie. Hy sien en ken die gevare wat ons bedreig selfs nog voor hulle ons bereik en doen voorbidding vir ons.

Christus se gebed hou wel nie Petrus staande in die versoeking nie, hy val wel, maar hy verval nie. Sy geloof word wel geskend, maar gaan nie te gronde nie. Daarin lê die verhoring van Jesus se gebed.

Wanneer Jesus vir ons bid wil dit nie sê dat ons nie tot 'n val sal kom nie, maar dit wil wel sê dat ons geloof nie sal beswyk nie. As ons nie waak en bid en stry nie dan kan dit ook by ons tot 'n val kom, maar dan kan die gebed van Christus ons vashou ons oprig en ons dra deur deur die storm heen. So word ons van oomblik tot oomblik in ons lewe gewys op die opgehefte, biddende hande van Christus.

27 Maart. **Lees** Luk. 22:39-46. **Teks:** Luk. 22:44.

GETSÉMANÉ.

In die tuin het al die ellende in die wêreld sy oorsprong — Adam wil hom bo God verhef. In 'n tuin het die ewige vreugde sy oorsprong — Christus onderwerp Hom aan die wil van sy Vader. Hier ontpers die las van ons sondes Hom die bloedige sweet. Hy weet wat voorhande is en daarom is Hy bedroef en beangs. Petrus, Jakobus en Johannes slaap rustig voort. In doodstryd is die Here alleen. Hier begin sy neerdaling na die hel, sonder iemand wat daaroor geraak voel. Die feesoffer word met toue gebind tot by die horing van die altaar. In die tuin waarin Adam verkeer is daar kleur en prag. Hier is daar donkerte en vrees. Angs was daar in die eerste tuin — Adam verlaat God. Angs is daar in hierdie tuin — Christus bring sy kerk terug na God. Hy aanskou hoe alles op Hom aanstorm — vanaf die soen van Judas tot die neerdaal na die hel. Bande van die dood omring Hom, en angste van die doderyk tref Hom. Niemand is daar wat saam met Hom waak nie. Wie is daar wat Hy nie gehelp het nie? En waar is hulle nou om Hom te dank? In die eerste tuin oorwin Satan — Adam val. In hierdie tuin word Satan oorwin — Christus neem die lydenskelk. By Adam begin die dood, by Christus begin die lewe. Deur Adam kom die slawerny. Deur Christus kom die vryheid vir alle gebondenes. Die Messias kruip nie weg in die tuin nie. Hy gaan sy vyande tegemoet. Uit liefde vir ons wil Hy ly.

28 Maart. **Lees** Luk. 22:47-53. **Teks:** Luk. 22:53.

DIE MAG VAN DIE DUISTERNIS.

'n Bende storm Getsémané binne. Nie een van hierdie manne het waarskynlik ooit die moeite gedoen om na Jesus se prediking te luister nie. Hulle ken Hom nie eers nie. Judas moet Hom vir hulle aantoon dat hulle Hom kan gevange neem. Watter aangrypende toneel is dit nie? Op die agtergrond, die stad Jerusalem te midde van sy paasfeesvieringe. In Gesémané die verskrikte dissipels wat die slaap uit hul oë vee. 'n Swaard flits deur die lug. Die Herder bied Homself aan en die skape kry 'n vrye deurgang. Nou triomfeer Satan. Jesus blyk magteloos te wees. Die mag van die duisternis behaal oënskynlik die oorwinning oor die Lig van hierdie wêreld. Die waarheid moet weg uit die wêreld. Die liefde moet weg uit die samelewing. Dink Petrus werklik dat hy die mag van die duisternis kan verslaan met 'n enkele swaardslag. Daarvoor is daar heelwat meer nodig. Die mag van die duisternis belewe sy grootste uur. Vol triomf kan Jesus nou na die hoëpriester gebring word. Ag, dat Jesus Hom tog deur hierdie gespuis laat bind. Wat beteken toue vir Hom. Het selfs Simson nie op 'n keer die sterkste toue gebreek nie. Die mag van die duisternis behaal nou oorwinning oor die Seun van God. Die dertig silwerstukke is verdien. Die bende word ontbind. Hulle sending was gelukkig geslaagd. Gelukkig! Ja, gelukkig want nou gaan Jesus na Golgota in ons plek. Jesus gaan die dood tegemoet sodat ons vir ewig kan lewe.

29 Maart. **Lees:** Luk. 22:54-62. **Teks:** Luk. 22:57.

„EK KEN HOM NIE."

Een van die redes waarom die Petrusgestalte ons boei, is omdat ons onsself in hom herken. Sy naam Simon beteken: „die horende." Getrou aan sy naam is hy die man wat baie stemme gehoor het. Die klanke van die hemel en van die hel het hy opgevang. Hy bely Christus en hy verloën Christus. Hy is vir ons soos 'n oop boek. As hy bly is kan almal dit sien. Is hy bewoë, is dit duidelik merkbaar. Wanneer almal swyg, praat hy. Is ander huiwerig, dan handel hy. Hy volg sy Meester sover as moontlik. Selfs al is dit gevaarlik, betree Petrus die binneplaas van die hoëpriester se paleis. Maar dan volg die verloëning weer. Om te verloën beteken om te ontken wat vir jou dierbaar is. Bely en verloën, dit is twee sake wat net die liefde moontlik maak. Die man wat saam met Jesus op die golwe loop, sê vir die diensmeisie: „Ek ken Hom nie." En hy ontken sy Christus nog twee keer daarna. Petrus ken die Man nie. In 'n sekere sin is dit waar. Hierdie Man van smarte ken hy nie. As die haan met skril uitdagende manlikheid kraai, 'n houding wat aan Petrus self eie is, skiet Jesus se woorde hom te binne. Hy gaan na buite, snikkende soos 'n kind. Nee — snikkende soos 'n berouvolle sondaar. Maar God se genade is groot. Hy verhoor die smeekgebed. Gaan ons die tugroede breek op Petrus? Sal ons nie eerder probeer om in herinnering te roep hoe dikwels ons Jesus verloën nie? Wat kom daar in ons lewe tereg van al die plegtige beloftes wat ons afgelê het by belydenis, huwelik of doop?

30 Maart. **Lees** Luk. 22:63-71. **Teks:** Luk. 22:63-71.

DIE HOËPRIESTER VOOR DIE HOËPRIESTER.

Kajafas, die hoëpriester, sit tussen die owerpriesters en skrifgeleerdes in die paleis. 'n Vernuftige politikus is hierdie hoëpriester gewis. Dit was Kajafas wat aan die Jode die raad gegee het dat dit voordelig is dat een man vir die volk sterwe. Die diepe waarheid van sy woorde het hy seker self nie besef nie. Maar op grond waarvan moet Jesus sterwe. Gelukkig vir Kajafas is daar mense wat valse getuienis lewer. Op hulle belaglike beskuldiging swyg Jesus. Nou breek Kajafas se groot oomblik aan. Onder sy leiding sal die Raad Jesus van Nasaret skaakmat sit. „As U die Christus is, sê vir ons . . . Is U dan die Seun van God?" Dit is 'n meesterlike skuif van Kajafas. Ontken die Here hierdie aanklag dan is Hy as bedrieër ontmasker en sal Hy gestraf word. Bevestig Hy die aanklag dan kan Hy weens godslastering veroordeel word. Soos 'n wolf bekruip Kajafas sy prooi. Kort tevore het hy met Judas onderhandel oor die prys van die verraad. Hy kan juig dat alles so goed afgeloop het. Maar weet hy dan nie dat die lewende God self gesê het dat dit sy geliefde Seun is nie? Weet hy dan nie dat die blindes sien, dowes hoor en dat dooies opgewek is nie. Voor hom staan die Hoëpriester self. 'n Hoëpriester wat sy eie bloed gaan offer. Voor een hoëpriester staan die Hoëpriester. Wolf teen Lam. Veroordeel die Hoëpriester tot die dood? Van nou af sal Kajafas die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die krag van God. Die groot Hoëpriester gaan na die altaar op Golgota om Homself te offer vir die sonde van die wat aan Hom behoort.

31 Maart. **Lees** Mark. 13:24-32. **Teiks:** Mark. 13:26.

JESUS CHRISTUS KOM WEER.

In hierdie slotgedeelte van die profetiese rede van Jesus Christus wys Hy heen na die einde van alle dinge: Die Seun van die Mens sal weer kom op die wolke van die hemel.

Waar Christus by sy dissipels sit, voel ons die spanning aan, 'n spanning wat aandui dat die einde van sy aardse lewe op hande is.

Christus staan in 'n staat van vernedering en lyding voor hulle, Hy staan reeds in die skaduwee van die kruis. En dan toon Hy vir hulle aan dat hierdie aardse lewe van Hom nie die finale sal wees nie. Nee! Na die kruisiging sal die opstanding en die hemelvaart volg. Ook dit sal nog nie die slothoofstuk wees nie! Eenmaal sal die wêreld die Seun van die Mens op die wolke van die hemel sien kom. In die plek van sy vernedering en lyding sal hulle Hom sien kom met groot krag en heerlikheid.

Hierdie groot gebeurtenis sal gepaard gaan met uiterlike tekens. Die son, maan en sterre sal afstand doen van hulle glorie.

Op daardie dag sal die volk van God se belofte, die uitverkorenes, ja, hulle wat deel uitmaak van die nuwe Godsvolk, dit wil sê die kerk van Christus, hulle wat as gelowiges volhard het tot die einde toe, versamel word.

Omdat niemand behalwe God weet wanneer hierdie dag sal aanbreek nie, word die gelowiges gemaan om in vertroue vas te hou aan hierdie belofte. Hierdie vertroue van ons moet dan ook altyd gegrond wees op die woord van Christus en nie op ons eie denke en voorstellinge nie. Christus self sê immers: „Die hemel en die aarde sal verbygaan maar my woorde sal nooit verbygaan nie."

1 April. **Lees** Mark. 14:1 en Joh. 1:9-14. **Teks:** Mark. 14:2.

JESUS CHRISTUS EN DIE JOODSE RAAD.

Twee dae voor die Pasga gevier sou word, sien ons dat daar agter die skerms maatreëls teen Christus getref word deur die hoëpriester en skrifgeleerdes — die leidende figure in die Joodse Raad. Ons lees dat hulle listig planne beraam het omdat hulle geweet het dat Christus groot aanhang onder die volk gehad het. Om Hom dus openlik aan te val, het vir hulle te gevaarlik gelyk. Uit hulle geledere kom daar egter die mening dat hulle Hom nie gedurende die fees moes gevange neem nie, sodat daar nie miskien 'n oproer onder die volk sou kom nie.

Dit lyk dus baie moontlik dat hulle van plan was om Hom voor die fees reeds te arresteer — in stilte dus, sonder dat die volk dit sou opmerk. Die doel wat hulle voor oë gehad het, was om Christus uit die weg te ruim omdat Hy vir hulle 'n gevaar geword het. Om hierdie rede was hulle bereid om alle beginsels en reëls omver te werp. Die doel, so het hulle gereken, heilig immers die middele.

In hierdie gedeelte sien ons so duidelik hoe waar die woorde van Johannes was wat lui: „Hy het na sy eiendom gekom en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie."

In dankbaarheid mag óns Johannes 1 egter verder lees, en hoor: „Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God genoem te word, aan hulle wat in sy Naam glo.

2 April. **Lees** Mark. 14:3-9. **Teks:** Mark. 14:6.

JESUS BELANGRIKER AS DIE ARMES.

In die dae kort voor die Paasfees vertoef Jesus in Bethanië aan die huis van 'n sekere Simon die melaatse. Tydens 'n maaltyd waarby Christus waarskynlik saam met ander gaste gesit het, kom 'n vrou en gooi 'n fles kosbare salf op Christus se hoof uit. Die reaksie by die aanwesiges is ongunstig. Hulle beskou dit as groot verkwisting Christus wys hulle egter op die groot waarheid dat hierdie weldaad 'n daad van liefde is wat aan Hom bewys word, en dit is belangriker as 'n aalmoes aan die armes.

Verder heg Christus die betekenis daaraan dat sy met hierdie daad, al het sy dit self nie begryp nie tog sy liggaam vir sy begrafnis vooruit gesalf het.

Dit is so dat ons mense so dikwels geneig is om die belangrike met die minderbelangrike dinge te verwar. As mens maar kyk na die aktiwiteite van 'n gemeente, sien mens so dikwels dat God en die eer aan God uit die middelpunt verdring word deur allerhande ander sake. Uiteindelik gaan dit dan om die mens en sy belang, en nie meer om die verkondiging van die verlossing in Jesus Christus nie. Hierdie gedeelte toon egter vir ons aan dat die eer aan God deur niks anders oorskadu of vervang mag word nie.

3 April. **Lees** Mark. 14:12-21. **Teks:** Mark. 14:21.

JESUS CHRISTUS GAAN STERWE.

Jesus Christus is saam met sy dissipels aan tafel vir die Pasga. Gedurende die maaltyd kom Christus met 'n skokkende stelling na hulle toe. Hy sê dat een van hulle wat saam met Hom eet, Hom sal verraai. Christus verkondig dus hier aan sy dissipels die dinge wat moet gebeur.

Verder verkondig Hy dat die een wat Hom sal verraai een van die twaalf is, een uit die kring van sy eie dissipels. Hulle wat saam met Hom eet en in heilige gemeenskap met Hom lewe, hulle herberg in hulle midde die man wat Hom sal oorlewer.

Christus praat in ons teksvers oor Homself. Hy praat oor sy eie dood. Die sterwe is egter nie vir Hom 'n vreemde lot of katastrofe nie. Bewustelik gaan Hy dit tegemoet en sien in sy dood die vervulling van die getuienisse in die Skrif aangaande Homself. Wanneer Hy heenwys na dit wat die Skrifte oor sy dood sê, dan wil Hy nie daarmee sê dat sy lyde en sterwe maar net die tragiese beëindiging van sy lewenswerk is nie, nee, dit is 'n Godsbedoelde en Godgewilde afsluiting. Die feit dat Christus volgens die raadsbesluit van God aan die kruis moes sterwe, neem egter nie weg dat die mens deur wie se optrede dit gebeur die skuld daarvoor moet dra nie. Voor God bly die mens 'n verantwoordelike wese. Daarom is Judas Iskariot nooit vry te spreek nie.

Hieruit leer ons, soos 'n Judas Iskariot moes leer, dat ons onsself nooit kan verontskuldig nie, dat ons altyd verantwoordelik gehou kan word vir ons sonde.

4 April. **Lees** Mark. 14:21-26. **Teks:** Mark. 14:22 en 23

DIE SIGBARE WOORD.

In hierdie gedeelte vind ons dat die laaste Pasga geëet word, die maaltyd wat voortaan vir die volk van die nuwe verbond bekend sal staan en gevier sal word as die Heilige Nagmaal. By hierdie maaltyd lê Christus klem op twee bestanddele: die brood en die wyn. Dit is onderskeidelik die tekens van sy liggaam wat gebreek sal word en sy bloed wat vergiet sal word. Terwyl die spanning oploop na die einde toe, onderrig Hy sy dissipels en rus Hy hulle toe sodat hulle dié dinge wat moet gebeur beter kan verstaan.

Wanneer alles dan gebeur het en hulle sou die nagmaal weer vier, sou hulle elke keer kon verkondig dat die Paaslam Christus ter wille van hulle geslag is en sou hulle sy volbragte versoeningswerk in gedagtenis kon roep.

Wanneer Christus die nagmaal instel, dan is Hy bedag op ons menslike swakhede, op ons kleingeloof, of dié feit dat ons die woord wat aan ons verkondig word en die heil wat deur die verkondigde woord tot ons kom so maklik kan misverstaan. Daarom gee hy aan ons die nagmaal as die „sigbare woord," 'n woord wat so duidelik tot ons spreek dat daar geen twyfel by ons kan wees oor God se genade nie. Die Heilige Gees wil dan ook die sakrament van die nagmaal gebruik om die geloof wat Hy deur die prediking in ons harte geskep het, te bevestig en te versterk.

Elke keer dus dat ons gaan aansit by die tafel van die Here moet ons weet: God ken ons swakhede en ellende. Eens het Hy ons deur sy Seun daarvan verlos. Hierdie genade wil Hy elke keer opnuut aan ons bevestig.

5 April. **Lees** Mark. 14:32-42. **Teks:** Mark. 14:36.

JESUS CHRISTUS IN BENOUDHEID.

Jesus Christus in Getsemané! Hoe duidelik is dit nie hier dat die pad van lyding wat Hy moes loop al steiler word nie. Jesus laat sy dissipels vir Hom wag terwyl Hy Petrus en Jakobus en Johannes saam met Hom neem die tuin binne. Ons hoor dan van die onsteltenis en benoudheid wat oor Hom gekom het. Jesus kan dit uiteindelik nie meer vir Homself hou nie en daarom sê Hy vir hulle: „My siel is diep bedroef tot die dood toe." Terwyl ook húlle moet agterbly, gaan Hy 'n entjie verder en val op die aangesig om tot sy Vader te bid. Dit is duidelik dat die komende gebeurtenis swaar op sy gemoed druk. Volgens die evangelie Lukas, het sy sweet soos bloeddruppels geword wat op die grond val. Hier sien ons dat Jesus Christus wat God is, tóg ook volkome mens was, dat Hy sy naderende dood met angs tegemoet gaan. Sy nood en angs is sekerlik veel verskrikliker as wat ons as mense ooit kan ken want in sy dood moet Hy die volle las van die sonde van die ganse menslike geslag dra. Hy gaan dus sy dood tegemoet te midde van groot stryd. Dit sou dwaas wees om Christus as oorwinnaar te sien sonder dat daar stryd was.

In sy menslike nood bid Hy tot sy Vader. Hy bely dat sy Vader almagtig is. Alles is vir Hom moontlik. Dit is vir Hom moontlik om ook die beker van toorn wat sy Seun moet drink, weg te neem. Dit gaan vir Jesus egter nie om dit wat Hy wil nie maar wel om dit wat sy Vader wil. Hier leer Christus dus vir ons waarin die ware gehoorsaamheid bebestaan: Ons wil mag nooit teen die wil van ons hemele Vader afgespeel word nie. In gehoorsaamheid aan sy wil vind ons eers die regte gemeenskap met hom.

6 April. **Lees** Mark. 14:43-52. **Teks:** Mark. 14:50.

EENSAAMHEID

Uiteidelik word die voorspelling van Jesus bewaarheid. Judas Iskariot, een van sy twaalf dissipels, kom om Hom met 'n soen te verraai. Saam met hom is 'n hele bende gewapen met swaarde en stokke en gestuur deur die Joodse Raad. 'n Bende wat moontlik ook lede van die tempelwag ingesluit het. Volgens Markus het Jesus sy gevangeneming aanvanklik stilswyend toegelaat. Die impulsiewe Petrus bied egter weerstand. Hy kap naamlik Malgus, die dienskneg van die hoëpriester se oor af.

Op hierdie oomblik spreek Jesus sy gevangenemers aan. Hoekom kom arressteer hulle Hom op hierdie wyse? Hoekom met stokke en swaarde? Hulle kon dit tog met veel minder moeite gedoen het terwyl Hy in die tempel besig was om die mense te leer! Natuurlik sou hulle dit nie dáár waag nie . . .

Jesus Christus is egter nie deur hulle optrede verskrik nie. Hy sien in die gebeurtenis slegs die vervulling van die heilsplan van God, waarvan die Ou Testament reeds gepraat het.

Vir Jesus breek daar nou die oomblik van eensaamheid aan. Sy dissipels hulle wat almal trou aan hom gesweer het en selfs verontwaardig geword het toe Hy gesê het dat een van hulle Hom sou verraai, is in eens nêrens meer te vinde nie. Hulle het almal gevlug. Een van hulle verloor

selfs sy kleed in sy haas om weg te kom. Jesus bly alleen agter. Sonder die bystand van hulle wat die naaste aan Hom gestaan het moes Hy die pad na Golgotha toe loop om daar aan die kruis boonop nog te moes uitroep: „My God, My God, waarom het U My verlaat?" Dit alles moes Hy ly sodat ons tot God geneem en nimmermeer deur Hom verlaat sou word nie!

7 April. **Lees** Mark. 14:53-65. **Teks:** Mark. 14:62.

DIE AANGEKLAAGDE EENDAG EWIGE REGTER.

Dit was nog in die nagtelike ure, toe Jesus na die gevangeneming in Gesemané, weggelei is na die paleis van die hoëpriester, Kajafas. Dit blyk 'n byeenkoms te wees van die Joodse Raad of Sanhedrin. Die gereelde vergaderplek van die Raad was in een van die vertrekke van die tempelgebou, en dit is ook bepaal dat hierdie Raad slegs in die dag kon vergader. Beide hierdie bepalings word geïgnoreer . . . hulle wou so dringend van hierdie Jesus van Nasaret ontslae raak.

Die Sanhedrin het bestaan uit: lede van die Sadduseërs se priesteradel; verteenwoordigers van die Farisese skrifgeleerdes en dan die oudstes, die wêreldlike leke-aristokrasie.

Mens sou beswaarlik kan sê dat die Raad byeengeroep is om reg te spreek. 'n Verhoor in die eintlike sin van die woord is dit bepaald nie, omdat duidelik blyk dat die vonnis vooraf gevel is. By hierdie voorondersoek moes hulle slegs genoegsame getuienis vind teen Jesus.

Volgens die wet (bv. Num. 35:30) moes twee of drie getuies ooreenstem in hulle getuienis. In al die valse getuienis teen Jesus vind Kajafas nie genoegsame ooreenstemming nie. Daarom spreek hy die vraag uit waarom alles eintlik gaan: „Is U die Christus, die Seun van die Geseënde?" (Uit eerbied verswyg die Jood die Godsnaam).

Waar Jesus op al die valse aanklagte geswyg het, antwoord Hy hierdie direkte vraag van Kajafas. Met die antwoord spreek Jesus vir die eerste keer direk uit wat Hy tot nogtoe sy dissipels verbied het om te sê. „Ek is." Hier waar Hy nou in die mag van sy vyande oorgelewer is, hier waar dit soos 'n volmaakte teenstrydigheid sal lyk, openbaar Jesus deur sy direkte antwoord dat Hy die Christus is.

Maar hierdie Jesus wat lydend en swygend voor die hoëpriester staan, is ook die Seun van die mens uit die profesië van Daniël (7:13), die komende wêreldregter. Hy ondergaan sy lyding en vernedering gewillig om sy sending te vervul. Maar eendag sal hulle sy regters, te staan kom voor sy ewige regterstoel.

8 April. **Lees** Mark. 14:66-72. **Teks:** Mark. 14:72.

IN EIE DEUG VIND ONS GEEN STEUN.

Vir Simon Petrus was dit 'n spanningvolle nag — daar het soveel gebeur. Dit was ook vir hom veel meer . . . dit was die nag waarin hy homself verloor het, sodat hy homself ook weer kon vind.

Na die viering van die Pasga, was hulle saam met Jesus op pad na Getsemané. Terwyl hulle deur die stil strate geloop het, het Jesus baie ernstig met hulle gepraat. Hy het hulle gewaarsku dat hulle nog dieselfde nag aanstoot sou neem aan Hom. En toe Petrus—soos gewoonlik—baie vinnig gereageer: nog nooit . . . nie hy nie . . . besef Jesus dan nie hoe 'n goeie volgeling Hy in Petrus het nie . . . al sou almal aanstoot neem, hy sal Jesus nooit verlaat nie.

Dit was vir hom so 'n geweldige vernedering toe Jesus daarop aan hom sê dat hy Jesus voor die nag om is en die haan kraai, nog driemaal sou verloën. Hy het byna so gemaak deur op die vlug te slaan — gelukkig het hy tot sy sinne gekom en teruggedraai. Van ver af het hy die prosessie gevolg tot binne die binnehof van Kajafas se paleis.

Daar is 'n lastige diensmeisie wat meen dat hy ook onder die volgelinge van Jesus tel. So seker is sy dat sy die bewering twee keer herhaal . . . en twee keer ontken Petrus dit heftig. Daar is vir hom nog 'n beproewing. Mense eien hom aan die manier waarop hy praat — is dit dan nie Galilese streektaal wat hy praat nie? Nou is dit vir Petrus nie meer genoeg om te ontken nie, hy begin homself ook verwens en te sweer.

Toe daar iewers in die stad 'n haan kraai, was dit vir Petrus seker die skerpste en opvallendste geluid wat hy nog gehoor het. 'n Geluid vol aanklag en veroordeling.

Binne die paleis was die Joodse Raad besig om valse getuinis teen Jesus te soek om Hom dood te maak. Buite gee een van sy dissipels valse getuienis dat hy Hom nie ken nie.

Dit was seker die oomblik van groot waarheid in sy lewe. Hier het hy homself eers waarlik leer ken. Nou sou hy beter kon verstaan waarom dit nodig is dat Jesus moes ly en sterf — dit is vir sondaars en swakkelinge soos hy.

So gaan dit in die geloof. So lank as wat ons vol is van onsself . . . op eie krag en deugde staatmaak . . . besef ons nog nie mooi waarom Jesus moes ly en sterf nie.

9 April. **Lees** Mark. 15:1-5. **Teks:** Mark. 15:5.

JESUS EN PILATUS.

Dit is duidelik dat die Joodse leiers voor Pilatus hulle taktiek verander. Hulle het Jesus skuldig bevind aan godslastering. By Pilatus gee hulle die beskuldiging 'n politieke kleur. So moet ons die vraag van Pilatus aan Jesus verstaan. Die Jode wil voorgee dat Jesus die magtige Romeinse Ryk na die kroon steek. Daarop is Pilatus verplig om in te gaan. Aan 'n godsdienstige klag sou hy hom nie steur nie.

Wanneer Pilatus die nederige gestalte voor hom sien, vra hy met 'n bietjie spot en veragting: „Is U die Koning van die Jode?" Jesus staan hier nederig gekleed en magteloos geboei, met die merktekens van slae, voor die verteenwoordiger van die groot wêreldmag, die Romeinse Ryk. Aan die een kant dus Jesus, in diepe vernedering en skynbare swakheid — aan die ander kant Pilatus met al die mag en heerlikheid van 'n wêreldheerser. Jesus die gevangene en beskuldigde — Pilatus die regter om te besluit oor lewe en dood.

En tog . . . ons weet dat dit werklik nie Jesus is wat hier voor 'n toets te staan kom nie, maar Pilatus. Sy spottende vraag plaas Jesus nie in 'n krisis nie. Hy is die Koning van die Jode, die Seun van God, die Christus, dus die Koning van alle konings. Hy gaan gewillig die weg van vernedering en lyding om die wil van sy Vader te volbring.

Min het Pilatus geweet dat van die antwoord op sy spottende vraag, die saligheid van die hele wêreld afhang — ook sy eie ewige bestemming.

Dit was daarom nie vir Pilatus genoeg dat hy hom oor Jesus verwonder het nie . . . hy moes in Hom glo en Hom aanbid. So sou hy sy groot toets kon slaag.

10 April. **Lees** Mark. 15:6-20. **Teks:** Mark. 15:11.

JESUS OF BARABBAS.

Van 'n moontlike loslating van Jesus wou die skare niks weet nie. Hulle was in Hom teleurgesteld, omdat Hy nie hulle ambisies en politieke begeertes wou bevredig nie. Hulle het begin rumoerig word sodat dit moeilik was om die orde te handhaaf. Die dreigende en rumoerige volk daar in sy binneplaas het Pilatus laat besef dat die situasie gevaarlik kon word en dat hy iets moes doen om moeilikheid te voorkom.

Dit was sy gebruik dat die volk op die Paasfees een gevangene se vrylating kon versoek. Dit laat by hom die gedagte ontstaan om die volk te laat kies tussen Jesus en 'n berugte misdadiger Barábbas.

Hierdie Barábbas was die leier van 'n opstand teen die owerheid en het by daardie geleentheid ook 'n moord gepleeg. Nog voor daardie tyd het hy berugtheid verwerf as 'n rower en geweldenaar.

Nou stel Pilatus hierdie twee teenoor mekaar en die volk moet kies. Die Een, die goddelike Redder wat uit die mag van die sonde verlos; die ander een wil 'n menslike redder wees, wat selfs deur die mag van die sonde wil verlos. Die Een gaan gewillig op die weg van selfverloëning en lyding; die ander volg die weg van selfverheffing en veroorsaking van lyding. Die Een sonder sonde; die ander diep verval in die sonde.

Skynbaar het dit die owerpriesters en die ouderlinge — dit wil sê lede van die Sanhedrin nie veel moeite gekos om die skare om te haal om Barábbas te kies nie.

Waarom?

Hierdie wêreld het veel meer aan 'n messias vir hier en nou — iemand wat stry teen die onderdrukking deur die owerheid, iemand wat praat en veg vir 'n sogenaamde vryheid, iemand wat stemreg en rykdom beloof.

Ons moet in ons tyd weer opnuut waak teen hierdie dwaasheid om Barábbas te kies in plaas van Jesus.

11 April. **Lees** Mark. 15:21-32. **Teks:** Mark. 15:21.

GEDWONGE ONDER JESUS SE KRUIS.

Jesus moes sy eie kruis dra van die vesting Antonia, waar Pilatus die volk hulle sin gegee het, tot buite die stad, waar die teregstelling sou plaasvind. Die swaar las was baie gou te swaar vir die uitgeputte en gemartelde liggaam van Jesus. Daarom kommandeer die soldate een van toeskouers van hierdie skouspel nader — 'n sekere Simon van Cirene uit Noord Afrika. Waarskynlik het hy ook vir die Paasfees na Jerusalem gekom — heel die pad van Cirene in Afrika. Nou word juis hy gekies om die kruis te help dra. Niemand wou Jesus help dra nie, omdat so 'n persoon dan moes loop asof hy self 'n misdadiger is. Maar belangriker nog dit sou beteken dat hy verontreinig is op die vooraand van die Paasfees. Daarom moes Simon seker in der daad gedwing word om Jesus te help.

Maar is dit nou so dat Simon onskuldig en onverdiend by 'n vernederende saak ingesleep is? Was Jesus Wie se kruis hy help dra het, nie die werklike onskuldige Een nie? Eintlik moes Simon self daardie kruis gedra het. Ook nie net tot by Golgota om daar toeskouer te wees hoe Jesus daaraan vasgenael word nie. Nee, hy moes self aan daardie kruis gehang het en self daar uitgeroep het: „My God, my God,

waarom het U My verlaat." Maar Goddank, die sondaar, Simon van Cirene kon die kruis by Golgota neerlê sodat die sondelose Jesus, in sy plek daaraan sou hang.

Hy is gedwing om Jesus se kruis te help dra. Jesus het egter gewillig Simon se kruis nie net vir hom gedra nie, maar ook daaraan gesterf. En nou kan ons wat dít betref elkeen van ons name met die van Simon ruil. Ons kan elkeen ons kruis, die las van ons sondeskuld, wat ons verdien om te dra, na Golgota bring en dit daar neerlê. Daar verneem ons dat Jesus ons kruis op Hom geneem het en dat Hy nou daar aan my kruis hang en van God verlaat is sodat ek, met God versoen, kan lewe.

12 April. **Lees** Mark. 15:21-32. **Teks:** Mark. 15:27.

GETUIES VAN DIE VERSOENING.

Wanneer mens as buitestaander na die gebeurtenis op Golgota kyk, lyk dit oënskynlik asof dieselfde met al drie gekruisigdes gebeur. Op grond van wat gesê of gedoen is, het hulle vir die samelewing ondraaglik geword en is hulle tot die dood gevonnis om van hulle ontslae te wees. Daar hang hulle al drie saam — Jesus met hulle . . . en hulle met Jesus. Maar tog al lyk dit uiterlik so dieselfde, is daar letterlik 'n hemelsbreë verskil. Want deur die sigbare lyding en dood van hierdie Jesus, die Man aan die middelste kruis, het daar ook 'n inwendige onsigbare gebeurtenis plaasgevind. Iets wat nie kon gebeur deur die dood van hierdie twee kwaaddoeners of deur enigiemand se dood nie. Dit kon slegs deur Jesus se dood gebeur, want Hy is Jesus, die Saligmaker — 'n mens net soos die ander twee en soos ons, maar tegelyk ook so verskillend van ons. In Hom was God self teenwoordig en aan die werk.

In die dood van hierdie Man aan die middelste kruis het iets geweldig groots tot stand gekom — het God die wêreld met Homself versoen. In Hom het God die vol en swaar pak van ons sondes op Homself geneem . . . het Hy ons boosheid sy eie gemaak. Hy het Homself gegee in sy Seun, Jesus, om as 'n misdadiger behandel en veoordeel te word, so asof Hy die heilige God self al die sonde gedoen het wat ons gedoen het en nog steeds doen. Dit is die versoening deur die kruis van Jesus op Golgota: Sy verdoeming is ons vryspraak; sy vernedering ons oorwinning; sy dood die geboorte van ons ware lewe.

So was die twee misdadigers aan die ander twee kruise in werklikheid die naaste getuies van hierdie magtige versoeningsdaad van God wat hier in Jesus, langs hulle en saam met hulle, voltrek is.

13 April. **Lees** Mark. 15:33-47. **Teks:** Mark. 15:43.

BY 'N RYKE WAS HY IN SY DOOD.

Josef van Arimatea was 'n besonder bevoorregte mens — hy was verkies om die instrument te wees deur wie God die voorspelling van Jesaja (53:9) in vervulling laat gaan het: „en by 'n ryke was Hy in sy dood." Josef was lid van die Joodse Raad, maar tog ook 'n leerling van Jesus. Dit was seker uit vrees vir die Jode dat hy nie openlik sy simpatie met Jesus betuig het nie.

Vanweë sy rykdom en invloed het hy maklik toegang tot Pilatus. Die ander dissipels van Jesus wat gevlug het, het nog nie weer verskyn nie. Skynbaar is in hulle verdriet en moedeloosheid omdat Jesus van wie hulle soveel verwag het, nou dood is — alles verydel.

Maar God gryp wonderbaarlik in. 'n Man wat tot dusver in die Skrif heeltemal 'n onbekende was en daarby nogal 'n lid van die Sanhedrin kom na vore en het genoeg moed om Pilatus te vra om die liggaam van Jesus.

Daar was haas in al hulle handeling, want dit was amper aand en die aanbreek van die sabbat — na die sabbat sou hulle alles klaarmaak. Nadat die liggaam toe met skoon linne toegedraai is, het Josef Hom in die graf weggelê wat hy vir homself in die rots laat uitkap het. Waarskynlik in 'n tuin nie ver van Golgota nie.

Ja, na die plek van die diepste menslike aftakeling en vernedering word Jesus heengedra en alles word afgesluit met 'n groot swaar klip waarmee Hy finaal afgesluit word van die wêreld daarbuite.

So het Hy die straf van die lyding, die vloek van die dood en die verskrikking van die graf, ter wille van hulle wat aan Hom behoort, enduit gedra en vir hulle oorwin.

Dit sou in volle heerlikheid blyk op die derde dag.

14 April. **Lees** Matt. 28:1-7. **Teks:** Matt. 28:6.

PAASFEES: 'N NUWE BETEKENIS.

Ons lees van die instelling van die paasfees in Exodus 12:1-28. Die Here het Moses en Aäron beveel om vir die Israeliete te sê dat elke huisvader 'n lam moes neem, sonder gebrek of letsel. Hierdie lam moes geslag word en die bloed moes aan die deurposte gesmeer word. Dit sou die teken wees in die uur van besoeking wanneer die doodsengel by die huise in Egipte sou omgaan om die eersgeborenes met die dood te tref. Die pasga is dus die fees van die sparende verbygaan van die Here. Hiernaas was die pasga ook die fees van die ongesuurde brode, dit wil sê, die fees van die haastige vertrek uit die land van die slawerny, uit Egipte.

Die latere jodendom het sommige van die oorspronklike voorskrifte afgeskaf. So het hulle byvoorbeeld nie meer die bloed aan die deurposte gesmeer nie en ook nie die ongesuurde brode met haas geëet terwyl hulle in reisklere beklee was nie. Tog het die eitlike betekenis bly staan en is die pasga op die bestemde tyd gevier. Dit was tydens die paasfees dat Jesus gekruisig is, of anders gestel, geslag is. Tydens die paasfees het sy bloed gevloei. Tydens die paasfees het Jesus die nagmaal ingestel.

Die kerk van Jesus Christus vier die vervulling van die pase van ouds. Pase is vir ons die fees van verlossing uit die slawerny van die dood en die sonde, die fees van die afwassing van die sonde deur die bloed van Jesus, die fees van die brood van die lewe wat Hy vir ons ingestel het. Met daardie paasfees het die grootste wonder van alle wonders plaasgevind: die Heer het die dood oorwin deur uit die graf uit op te staan.

15 April. **Lees** Mark. 16:1-7. **Teks:** Mark. 16:3.

DIE STEEN WORD WEGGEROL.

Ons lees dat Maria Magdalena en Maria, die moeder van Jakobus, en Salomè op die eerste dag van die week met speserye na die graf van Jesus gegaan het om sy liggaam te balsem. Hulle het met ander woorde op 'n dag wat ons vandag as Sondag ken hierdie onderneming aangepak.

Op die pad vermoed hulle dat die graf verseël was met 'n groot rotsblok wat voor die ingang van die grafkelder geskuif was. Die Jode het dit gedoen omdat hulle bang was dat die dissipels van die Here sy liggaam sou steel en dan daarop aanspraak sou maak dat Jesus uit die dode opgestaan het (Matt. 27:64). Hierdie voorsorg van die Jode verhinder die vroue om hulle voorneme uit te voer. Hulle word egter nie hierdeur ontmoedig nie want hulle vra: „Wie sal vir ons die steen voor die opening van die graf wegrol?"

In hierdie vraag van die vroue lê opgesluit; hulle onvermoë wat hulle deeglik besef asook hulle soeke na iemand om dit vir hulle te doen.

Toe hulle by die graf kom, sien hulle dat die steen weggerol was. Die groot en onmoontlike taak is vir hulle gedoen. Die skynbaar onmoontlike het moontlik geword omdat Christus daarby betrokke was.

As ons dieselfde vraag ten opsigte van ons eie graf sal vra met die wete dat ons nooit uit eie krag daartoe instaat sal wees nie, dan sê die evangelieboodskap vir ons: die steen is weggerol vir elkeen wat in die Here Jesus glo en op Hom vertrou. Ja, ook jou graf is 'n geopende graf . . . dit is die deurgang tot die ewige lewe.

16 April. **Lees** Mark. 16:1-6. **Teks:** Mark. 16:6.

JESUS HET OPGESTAAN.

Die woorde van ons opskrif is die inhoud van die paasgebeure. Dit is ook die inhoud van die prediking van die kerk nie alleen tydens pase nie, maar tydens elke geleentheid wanneer gelowiges vergader om die evangelieboodskap te hoor. Want hierdie woorde is ons troos, hulle is die grond en fondament van ons blydskap en ons vreugde. Hierdie woorde verseker ons dat die dood oorwin is en dat die graf sy mag ontneem is. Nog meer, hierdie woorde wek in die lewe van elkeen wat dit hoor en dit glo 'n verwagting wat die hele lewensuitkyk verander, wat die lewe op aarde 'n ander inhoud en betekenis gee. Hierdie verwagting is diè van die wederopstanding uit die dode wat elke gelowige deelagtig sal word omdat Jesus Christus elkeen wat in Hom glo in sy opstanding deel laat kry.

Paulus stel dit so in sy brief aan Titus: „ . . . sodat ons, geregverdig deur sy genade, erfgename kan word ooreenkomstig die hoop van die ewige lewe."

Hierdie verwagting wat met die paasgebeure waarheid en feit geword het, is die blye boodskap wat ons nie alleen mag hoor en ontvang nie, maar wat ons ook moet uitdra en deurleef. Daarom gaan ons kerk toe op die eerste dag van elke week . . . om die feit van die opstanding van die Here Jesus te vier en ons te verbly in ons eie opstanding wat eendag werklikheid vir elkeen van ons sal wees op die tyd soos deur die Vader bepaal. Nou reeds is ons erfgename. Met die finale opstanding sal ons ons erfdeel ontvang. Intussen leef ons, soos Paulus dit stel, „met reikhalsende verlange" na daardie dag toe. Ons kan dit met sekerheid doen, want Jesus HET opgestaan.

17 April. **Lees** Mark. 16:5-8. **Teks:** Mark. 16:6.

SY WOORD WORD WAARHEID.

Jesus het tydens sy omwandeling met sy dissipels hulle op verskillende maniere vertel van sy komende lyding en verheerliking. Op die oog af lyk dit asof hulle verstaan en begryp het wat Hy vir hulle gesê en verduidelik het. Tydens die paasgebeure sien ons egter dat hulle nie die volle draagwydte van sy woorde en die volle implikasie van sy dade besef het nie. Hulle wat drie jaar lank self saam met Hom was, hulle wat met hulle eie ore gehoor het wat Hy self aan hulle gesê het, is die mense wat totaal onvoorbereid is op Jesus se opstanding. Hulle word byna onverhoeds gevang. Hulle twyfel, hulle word met ontsetting en angs vervul, hulle vlug van die graf af weg, hulle is bevrees en beangs.

Vir hierdie mense sê die engel: „Gaan sê vir die dissipels en vir Petrus dat Hy voor julle uitgaan na Galilea. Daar sal julle Hom sien soos Hy vir julle gesê het."

En dan lees ons in Mattheus 28:16 dat Jesus wel aan hulle verskyn het daar in Galilea waar Hy hulle bestel het. Hierdie afspraak wat Hy met hulle gemaak en dit nagekom. Hy het sy woord vervul en sy belofte gestand gedoen. Wanneer Hy vir ons sê dat ons syne is omdat Hy vir ons gesterf en opgestaan het en dat ons deel het in alles wat syne is, dan kan en moet ons versekerd wees dat dit so is want sy Woord word altyd waarheid omdat sy Woord waarheid is.

18 April. **Lees** Matt. 28:5-7. **Teks:** Matt. 28:6.

JESUS LEEF.

Die vroue het na die graf gegaan met die bedoeling om die laaste eer aan 'n geliefde wat van hulle weggeneem is te bewys. Toe hulle nie vind waarop hulle hulle voorberei het nie is hulle met vrees en bewing vervul. Die onverwagte en skynbaar onmoontlike het gebeur. Johannes berig in sy evangelie dat Maria gedink het dat hulle Jesus êrens anders gaan begrawe het. Hulle het 'n gestorwe Jesus gaan soek, maar 'n lewende opgestane Heer gevind. Want Jesus was nie meer daar nie. Hy het opgestaan soos Hy gesê het. Jesus wat dood was het die dood oorwin. Hy leef en Hy skenk lewe aan elkeen wat in Hom glo.

Ook vandag is dit nog steeds so. Die Heer wat ons ken as Jesus die gekruisigde leef. Hy het nie in die dood gebly nie. Hy was nie maar net 'n held, 'n persoon wat eenmaal gesterwe het en wie se nagedagtenis ons elke Sondag eer nie. Ons aanbid en verheerlik en dien die lewende Here Jesus Christus, die Heer wat ook aan ons die lewe skenk deur sy Woord en Gees. Die Heer wat ons voed en versterk, ons onderhou en vergader, wat vir ons by die Vader intree, wat vir ons woning berei in die hemel. Ons ken die Here Jesus Christus wat weer na ons toe sal kom wanneer daardie woning berei is om ons tot Hom te neem. Jesus Leef, en ons wat glo leef met Hom.

19 April. **Lees** Mark. 16:15 en 16. **Teks:** Mark. 16:15.

VERTEL DIE WÊRELD.

Die gebeure tydens pase was eenmalig . . . ook was dit 'n gebeure vir alle tye. Nie net die paar aan wie hierdie wonder openbaar gemaak is, het daarin gedeel nie, maar ook al die baie ander en hulle geslagte wat sou volg. Hierdie wonder van Pase was 'n verreikende gebeurtenis wat in hierdie wêreld vir die mense op die wêreld 'n heel nuwe toekoms en hoop tot stand gebring het. 'n Hoop en verwagting wat in die woorde van Jesus aan Martha so goed tot uitdrukking kom: „Jesus sê vir Martha: „Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe."

Hierdie woorde van Jesus het waarheid geword tydens daardie gebeure. Maar dit is nie al wat daarvoor te sê is nie. Hierdie woorde moet waarheid word ook vir u en vir my en vir ons kinders. Hoe sal ons dit dan weet as ons dit nie gehoor het nie en hoe sal ons dit aan ons kinders kan meedeel as ons dit nie glo nie? Om hierdie rede het die Here Jesus Christus self die opdrag aan sy dissipels gegee: „Gaan en verkondig die evangelie. „Ja, die goeie boodskap moet uitgedra word aan elkeen sodat daar nuwe hoop en verwagting vir 'n moedelose en toekomslose wêreld mag kom. Want wie hierdie woord hoor en dit glo, sal gered word. Vir elkeen wat in Jesus glo is daar die belofte van die lewe tot in ewigheid.

20 April. **Lees** Mark. 16:19 en 20. **Teks:** Mark. 16:20.

GEHOORSAAMHEID ERVAAR WERKLIKHEID.

Die beloftes van God is nooit leeg nie. Met ander woorde, die woorde van die Here word werklikheid, elkeen van sy woorde kom in vervulling. So was dit ook met die belofte aan sy dissipels hier aan die einde van Jesus se samesyn met hulle. Nadat Jesus opgeneem is in die hemel het hulle in gehoorsaamheid hulle opdrag uitgevoer en die waarheid van sy beloftewoord ondervind. So lees ons dan dat die Here saamgewerk het en die woord bevestig het deur die tekens wat gevolg het. In ons eie lewe is dit presies net so gesteld. Eers wanneer ons ons in gehoorsaamheid aan sy Woord aan Hom onderwerp, sal ons daadwerklik sy werkende en troosryke hand in ons lewe raaksien en ondervind. Dit wil nou nie sê dat Hy volkome van ons gewilligheid afhanklik is nie en niks sonder ons medewerking en gewilligheid tot stand kan bring nie. Dit is juis omgekeerd. Ons is onwillig en traag. Dit is ons natuur. Daarom het Hy vir ons 'n mens geword, het Hy gely, is Hy gekruisig, het Hy gesterwe en opgestaan. Dit het Hy alles gedoen sodat ons in sy LEWE kan deel. Maar ons moet dit nie alleen bely nie. Ons moet dit glo en sy Woord vertrou. Ook daartoe help Hy ons. Hy wek by ons die gewilligheid sodat ons gewillig kan word. Hier moet ons nie teen stry nie, maar ons aan sy werk onder sy leiding met bereidwilligheid stel. Dan word ons wat ons uit onsself nooit kan wees nie: werktuig in sy hand, word ons vrugbare grond vir sy saad, word ons vrug in sy koninkryk, word ons deelgenote en deelhebbers van sy rykdom en aan sy rykdom: die ewige lewe en die opstanding uit die dode.

21 April. **Lees** Luk. 24:1-12. **Teks:** Luk. 24:11.

ONSINNIGE PRAATJIES.

In die algemeen geneem, is die mens 'n wese wat alle dinge met sy verstand wil verstaan. Met sy verstand ondersoek hy elke nuwe verskynsel en maak dan gevolgtrekkings in verband daarmee. Wat vir sy verstand aanvaarbaar is, aanvaar hy; die res verwerp hy.

Ook die Israeliet en later die Judaïs het met sy voete plat op die aarde gestaan. Vir die meeste van hulle het dié woorde gegeld: **Sien is glo.**

Dis om dié rede dat die dissipels nie die verhaal van die vroue wou glo nie. Die verskynning van engele was in daardie dae 'n seldsame verskynsel. Dat iemand uit die dood uit opgestaan het, was vir hulle net so moeilik om te aanvaar. Daarom dat die verhaal van die vroue vir hulle na onsinnige vrouepraatjies gelyk het.

By nadere ondersoek het dit egter geblyk dat die verhaal van die vroue waar was. Groot was hulle blydskap oor die skynbaar onmoontlike wat gebeur het:

DIE HERE HET OPGESTAAN!

In die tyd waarin ons vandag leef, word by elke geleentheid, in elke werk, op alle gebiede van die samelewing, gereeld 'n beroep gedoen op die mens se verstand. Die mens het so gewoond geraak daaraan om elke verskynsel eers met sy verstand te ondersoek voor hy dit aanvaar, dat hy nie meer dinge wil aanvaar wat hy nie met sy verstand kan uitredeneer nie. So is daar heelwat dinge wat nog altyd deel van ons geloof was, wat baie mense vandag nie meer wil aanvaar nie, bv. die wonders van Jesus Christus en sy opstanding.

Geseënd is hy egter wat hierdie geloofswaarhede in die geloof aanvaar en daaraan bly vashou tot die dag wanneer hy self die werklikheid van dit wat hy altyd geglo het, in die hiernamaals sal ervaar.

22 April. **Lees** Luk. 24:13-35. **Teks:** Luk. 24:22 en 23.

ONSTELTENIS I.

Baie in Israel in die tyd van Jesus Christus het die hoop gekoester dat **Hy** die verwagte Messias was. Veral toe Hy begin optree het in die openbaar; toe Hy siekes gesondgemaak het, kreupeles laat loop het, blindes laat sien het en selfs dooies uit die dood opgewek het. In Hom het hulle die persoon gesien met die krag en mag om die Romeinse oorheersende juk van hulle af te gooi. Daarom was dit ook nie eienaardig dat hulle teleurgesteld was toe Jesus aan die kruis gesterf het nie.

Terwyl hulle in hulle teleurgesteldheid gekluister gesit het, kom Maria, Johanna en Maria Magdalena ook nog daar aan en vertel hulle van die gesig wat hulle gesien het: 'n Engel het hulle by die graf meegedeel dat Jesus lewe.

Dit is juis hierdie mededeling wat hulle ontstel het. Die vroue was eerbare mense wat nie dinge uit hulle duim sou suig nie. Maar tog het niemand Hom nog gesien nie. Hoe kon hulle die vroue se woorde glo?

Met hierdie warboel van gedagtes loop die Emmaüsgangers, toe Jesus aan hulle verskyn. Hoe groot moes hulle vreugde nie gewees het toe hulle ontdek dat dit Jesus in lewende persoon was wat aan hulle verskyn het nie. Die ontsteltenis maak plek vir uitbundige vreugde; 'n vreugde wat hulle nie vir hulleself kon hou nie, maar dadelik gaan oordra het aan die ander dissipels.

Die waarheid van die opstanding het hulle nou aanvaar. En wat hou die opstanding nie alles vir hulle in nie. Nóú het Hy aan die wêreld sy mag getoon. Niks sou Hom nog kon verhinder om die koninkryk van Israel te herstel nie.

23 April. **Lees** Luk. 24:36-49. **Teks:** Luk. 24:37.

ONTSTELTENIS II.

Toe die Emmaüsgangers in Jerusalem by die ander dissipels kom, moes hulle daar hoor dat Jesus ook aan Simon Petrus verskyn het. Ons kan onsself voorstel hoe die vreugde en opgewondenheid gegroei het toe die twee manne van Emmaüs hulle ondervinding aan die elf en die ander wat daar bymekaar was, meegedeel het. As daar twyfel was oor die opstanding van Jesus Christus, dan het dit nou grootliks verdwyn.

In hulle opgewonde deurmekaar gepraat het Jesus skielik daar aan hulle verskyn. En ten spyte van hulle opgewondenheid en verdwynende twyfel was die skok vir hulle te groot. Hulle was ontsteld en het gemeen dat hulle 'n gees sien. Dadelik was die ou twyfel weer terug in hulle harte. Eers moes hulle weer oortuig word dat dit werklik die opgestane Heer is wat daar voor hulle staan. Eers tóé het die twyfel heeltemal verdwyn.

Dit is 'n heel menslike ding om te twyfel. Meeste van ons sal moet erken dat daar al twyfel in ons opgekom het oor een of ander godsdienstige saak. Soms twyfel ons selfs oor die bestaan van God.

Die twyfel wat telkens by die dissipels van Jesus opgekom het, het Jesus self met sy teenwoordigheid verdryf. En met sy verskynings het Hy telkens ook die Skrifte aan hulle uitgelê, en dáárdeur die twyfel verdryf.

So is daar vir ons vandag ook nog net een manier om die twyfel wat van tyd tot tyd by ons opkom, te verdryf en dit deur die raadpleging, bestudering en ondersoek van die Skrifte — veral daar waar dit in die gepredikte Woord aan ons uitgelê word.

24 April. **Lees** Joh. 20:11-18. **Teks:** Joh. 20:11a.

EGOSENTRIESE DROEFHEID.

In Maria langs die graf sien ons 'n tipiese voorbeeld van egosentriese droefheid. Dit is wanneer 'n mens bedroef is nie omdat ander bedroef is nie, maar omdat jy jouself jammer kry. Maria se droefheid toon hoe gebonde sy aan die aardse liggaam van Jesus was. Noudat — soos sy gemeen het — hulle die Here se liggaam weggeneem het, het sy geen graf eers meer om telkens heen terug te keer in haar droefheid en verlange nie. Diepe bejammering vir haarself wel in haar op. Vir geen oomblik dink sy daaraan dat ander ook die liggaam van Jesus kan mis nie. Haar woordgebruik beklemtoon haar selfsugtige droefheid: Sy sê: „my Heer", ek weet nie", „sê vir my" en „ek" sal Hom wegneem". Só is

sy in haar smart gekeer dat sy nie eers onderskeid maak tussen die engel én die tuinier nie. Geen oomblik dink sy daaraan dat Hy dalk lewendig kon geword het nie. Dat dít die rede is waarom die graf leeg is nie.

Dit is heel menslik om egosetries te wees. Dikwels kry ons tog egter die verskynsel by kerkmense dat hulle by die lees of die aanhoor van die lyding en sterwe van Jesus tot trane beweeg word — dit uit bejammering vir Hom. Instede van trane behoort ons egter met blydskap vervul te wees, behoort ons juis hier egosentries te wees, omdat Hy vir óns voordeel dit gedoen het.

Andersins is ons so geneig om God vir onsself toe te eien, asof Hy net my persoonlike God is; asof Hy net vir **my** voordeel daar is, al is dit tot nadeel van ander. God is God vir almal. Christus het gesterf vir almal. En wat Hy laat plaasvind, het universele betekenis, is vir die **wêreld** tot voordeel.

25 April. **Lees** Joh. 20:19-23. **Teks:** Joh. 20:22.

KLEIN PINKSTER.

Uit vrees vir die Jode het die dissipels ná die kruisiging van Jesus Christus die deure van die huis waarin hulle saam was, gesluit. Die aand van sy opstandingsdag verskyn Hy daar aan hulle. Om hulle dit maklik te laat glo, wys Hy aan hulle sy hande en sy sy. En ten spyte van die wonde **was hulle bly.** Die blydskap oor sy opstanding was groter as die smart oor sy wonde. Ja, dit het enige smart of droefheid wat daar nog kon wees, verdryf.

Nou gee Jesus aan sy dissipels ook die opdrag om getuies te wees van sy opstanding: Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle. En dit hoef hulle nie in hulle eie krag en swakheid te doen nie. Hulle word toegerus met die Heilige Gees; die Gees wat inspirasie gee wanneer die moed ontbreek, wat insig gee wanneer die verstand afgestomp is. 'n Besondere groepie mense ontvang hier die Heilige Gees — in werklikheid die kern van die Christelike kerk. Hierdie ontvangenis van die Heilige Gees word ook die **klein pinkster** genoem. Dit word so genoem omdat hier slegs 'n afgesonderde groepie mense die Heilige Gees ontvang. Hierteenoor staan die uitstorting van die Heilige Gees op pinksterdag: Wéér aan die apostels, maar hierdie keer kring dit verder uit na die mense wat daardie dag daar teenwoordig is. Almal word toegerus met krag uit die hoogte, met geloof. Almal word toegerus, die kerk word hier as't ware toegerus om die evangelie van vergifnis van sonde die wêreld in te dra.

So is die **kerk** vandag nog toegerus met die Heilige Gees om die evangelie uit te dra. So is dit vandag nog die taak van elke lidmaat van die kerk om dié blye boodskap te versprei.

26 April. **Lees** Joh. 21:1-14. **Teks:** Joh. 21:11.

DIE KOMENDE WÊRELD.

In Hebreeus het elke letter van die alfabet 'n getalwaarde. Uit die getalwaarde van letters kan die getalwaarde van 'n woord gekry word deur die getalwaarde van die letters bymekaar te tel. In Aramees sowel as in Grieks kry ons ook later hierdie gebruik. Deur getalwaardes van woorde te ontleed, kon dikwels verborge betekenisse na vore gebring

word, omdat skrywers dikwels spesifieke woorde gebruik het met getalwaardes wat ooreenstem met die getalwaardes van ander woorde. So kon 'n woord 'n dubbele betekenis hê. In Openbaring 13:18 byvoorbeeld is die getalwaarde van die „dier" 666. Dit staan weer gelyk aan die twee Hebreeuse woorde vir „Keiser Nero". Maar dit staan ook gelyk aan „Titus Flavius Domitianus Augustus", soos ons dit vind in Openb. 17:11, keiser van die Romeinse Ryk in daardie tyd, onder wie die Christene wreed vervolg is. In hierdie boek maak Johannes van hierdie beeldspraak gebruik om die keiser aan te val, omdat hy die keiser vrees.

So maak Johannes moontlik ook van beeldspraak gebruik in ons teksvers. Die 153 visse kan dus simboliseer 'n woord of uitdrukking waarvan die getalwaarde ook 153 is, soos bv. die Hebreeus vir „komende wêreld". Hierdie verskyning van Jesus, asook die wonder van die 153 visse moet dus as vertroosting dien vir die dissipels dat daar 'n „komende wêreld is; dat Hy opgestaan het juis om die toekomstige lewe, die ewige lewe moontlik te maak vir elkeen wat in sy Naam glo. Sy koninkryk is nie van hierdie wêreld nie, maar van die „komende wêreld."

So wil Hy ons vandag ook weer die versekering gee deur ons teksvers dat Hy deur sy opstanding vir ons die „komende lewe" moontlik gemaak het.

27 April. Lees Joh. 21:15-25. **Teks:** Joh. 21:17.

WAT IS LIEFDE?

In Grieks word twee woorde gebruik vir „liefhê". Die een is 'n sterker woord en dui meestal die verhouding aan wat daar behoort te bestaan tussen 'n mens en God. Dit dui veral die gesindheid aan wat God vir die mens het. Ons kan dit ook noem „volmaakte liefde". Die ander woord het meer die betekenis van „aangetrokke voel". Ons kan dit ook vertaal met „soos 'n mens liefhê."

In hierdie Skrifgedeelte word albei hierdie woorde gebruik. Twee maal vra Jesus vir Petrus: „Het jy My **waarlik lief?"** Jesus maak gebruik van die sterker woord. Petrus antwoord hierop met die swakker woord: „Ja, Here, U weet dat ek U **liefhet".** Duidelik is die bedoeling van Petrus, teen die agtergrond daarvan dat hy Jesus vroeër drie maal verloën het, dat hy nooit nou met vrymoedigheid kan sê dat hy Jesus op 'n goddelike wyse of volmaak liefhet nie, want sy vroeëre verloëning het bewys dat dit nie so is nie. Daarom antwoord hy as't ware: Ek het nie die reg om te sê dat ek U **waarlik liefhet** nie, maar dít weet ek: ek **het U lief soos 'n mens maar kan liefhê.** Hierop sluit Jesus by hom aan en gebruik ook die swakker woord in sy derde vraag, waarop Petrus volhou met die swakker woord. Hierop het Petrus bedroef geword omdat hy sy swakheid maar te goed geken het.

Ons liefde tot God moet nie net bly by 'n menslike aangetrokkenheid tot God nie. Ons moet daarna streef om **iets** van die sterker liefde vir God te hê. Daarom moet ons liefde ook insluit God eer, God dien, God hoogag — alhoewel ons weet dat, omdat ons mense is, dit hier op aarde nooit volmaakte liefde vir Hom sal wees nie, maar wel eers in die hiernamaals.

28 April. **LEES** 1 Kor. 15:1-11. **Teks:** 1 Kor. 15:1.

DIE WARE EVANGELIE.

Paulus self het die gemeente in Korinthe gestig. Hy het omtrent twee jaar lank in hierdie gemeente gearbei. Met ander woorde die Korinthiërs het die evangelie van Jesus Christus uit die mond van Paulus self gehoor. Paulus het ook aangevoel dat hy deur Christus geroep is om die evangelie te verkondig. Daarom sê hy: „Want Christus het my nie gestuur om te doop nie, maar om die evangelie te verkondig . . . "

Waarom sê Paulus dan in hierdie hoofstuk „ek maak julle die evangelie bekend" as dit juis hy was wat hierdie gemeente gestig het? Hy erken dat die Korinthiërs hierdie evangelie aangeneem het en dat hulle nog daarin staan.

Die rede hiervoor is dat Paulus aan hulle die evangelie verkondig het van Christus wat gekruisig is. Maar nou het dit noodsaaklik geword dat hy ook die betekenis van hierdie evangelie aan hulle moet verduidelik. Hy moet dus nie net oor die geskiedkundige feite in Jesus se lewe handel nie, maar veral ook oor die betekenis daarvan. Hoe raak dit die mens? Wat is die waarde daarvan vir die mens?

Paulus moet dus aanvul by die dinge wat hy reeds aan die Korinthiërs geleer het, anders is daar plek vir wanopvattinge en verstarring. Daarom sê Paulus in hierdie hoofstuk vir hulle: „Want in die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het, dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte; en dat Hy begrawe is, en dat Hy op die derde dag opgewek is . . . " Nou weet die Korinthiërs dat Jesus vir ons sondes gesterf het. Maar nou weet hulle ook verder dat Hy nie in die dood gebly het nie. Jesus Christus het opgestaan uit die dood.

Daarmee het Hy die heerskappy van die dood vernietig. Elkeen wat in Hom glo, sal ook eenmaal opstaan uit die dood en opgeneem word in Gods koninkryk.

Die ware evangelie is om te glo in Jesus Christus wat ter wille van ons sondes gesterf het, maar wat opgestaan het uit die dood tot ons geregtigheid.

29 April. **Lees** 1 Kor. 15:12-19. **Teks:** 1 Kor. 15:12.

CHRISTUS HET OPGESTAAN UIT DIE DOOD.

Die eerste lidmate van die Christengemeente in Korinthe, was hoofsaaklik Grieke. Nadat Paulus van Korinthe af weggegaan het, het Apollos die gemeente vir 'n tyd lank bearbei en onder sy bearbeiding het baie van die Jode oorgegaan tot die Christendom. Aangesien die Sadduseërs onder die Jode nie geglo het aan die opstanding uit die dode nie, is dit moontlik dat hierdie gedagte by 'n deel van die gemeente posgevat en voortgeleef het.

Paulus wy die hele hoofstuk 15 aan die opstanding uit die dode. Daarom is hierdie hoofstuk ook so belangrik en vorm dit een van die hoogtepunte in die hele brief. Allereers bewys Paulus met feite dat Jesus Christus op die derde dag opgestaan het uit die dode. Ten eerste is Hy opgewek uit die dode op die derde dag volgens die Skrifte. Alles wat Christus wedervaar het, was 'n vervulling van die voorsegginge in die Ou Testament. Maar ook in die Nuwe Testament word op verskillende plekke die opstanding van Jesus beskrywe.

Ten tweede het Christus na sy opstanding aan Céfas (dit is Petrus) verskyn en daarna ook aan die twaalf. Verder het Hy verskyn aan oor die vyf honderd broeders tegelyk van wie sommige al gesterf het, maar van wie die meeste in Paulus se tyd nog geleef het. Daarna aan Jakobus; daarna aan al die apostels en ten laaste ook aan Paulus self. Dit is genoegsame persoonlike getuienis van Jesus se opstanding.

Met 'n diepgaande redenasie bewys Paulus verder dat as daar geen opstanding is nie, is die geloof tevergeefs. Dus, die opstandingsboodskap is deel van die Christusverkondiging.

Om die dwaasheid van die verloëning van Christus se opstanding aan te toon, redeneer Paulus verder en bereik hy onmoontlike gevolgtrekkings. As die opstanding van Christus wegval, val die hart van die evangelie en van die geloof weg, en altwee is dan sonder inhoud en betekenis. Wat help dit om net vir hierdie lewe op Christus te hoop? Wat gebeur met jou na die dood?

Die geloof in Christus tot vergifnis van sondes is juis gerig op Hom wat deur sy opstanding uit die dode die bewys van sy oorwinning gelewer het.

30 April. **Lees** 1 Kor. 15:20-26. **Teks:** 1 Kor. 15:26.

CRISTUS VERNIETIG DIE LAASTE VYAND.

Paulus het nou genoegsaam bewys dat Christus wel uit die dode opgestaan het. Hy het ook op die noodsaaklikheid daarvan vir die geloof gewys. Maar waarom gaan dit alles? Waar kom die sonde en die dood vandaan? Hoekom moes Christus na die aarde toe kom om hierdie dinge te oorwin?

Paulus kan nou verder gaan in sy onderrig en dit is nou juis die sake wat hy behandel. Adam was die eerste mens. Maar God het gesien dat dit nie goed is dat die mens alleen is nie en daarom het Hy vir Adam 'n vrou gemaak as hulp om by hom te pas. Die eerste mensepaar leef in volmaakte geluk en harmonie met mekaar en met hul Skepper Boonop het God vir hulle 'n tuin in Eden geplant met 'n groot verskeidenheid van bome wat verskillende soorte vrugte dra om in al hul liggaamlike behoeftes te voorsien. God het hulle ook toegelaat om van al die bome in die tuin te eet behalwe van die boom van kennis van goed en kwaad „want die dag as jy daarvan eet, sal jy die dood sterwe."

Maar ongelukkig het Adam hulle hierdie enigste gebod van God nie nakom nie. Hulle het teenoor God oortree. Dit was die eerste sonde, en op hierdie sonde het die doodstraf gevolg. So het die sonde deur 'n mens in die wêreld gekom, en so het die dood ook deur 'n mens in die wêreld gekom.

Om die sonde en die dood te oorwin, was 'n bo-menslike taak. Geen mens kon dit regkry nie. Slegs God is in staat om sonde en dood te oorwin. Daarvoor stuur God sy Seun Jesus Christus na die aarde. Hy het die gestalte van 'n mens aangeneem en onder die mense kom woon. Met sy Goddelike krag het Hy die sonde oorwin. Maar Hy het verder gegaan. Hy het die straf van die sonde op Hom geneem en die boeteprys daarvan aan die kruis betaal. Na sy oorwinning oor die sonde het nog die laaste vyand, naamlik die dood oorgebly. Maar ook die dood het Christus oorwin. So het Hy die eersteling uit die dode geword en so sal Hy ook almal wat aan Hom behoort, uit die dood laat opstaan tot die ewige lewe.

1 Mei. Lees 1 Kor. 15: 27-34. **Teks:** 1 Kor. 15:28.

GOD ALLES IN ALMAL.

Met sy opstanding uit die dode, het Christus die laaste vyand op aarde oorwin. Deur die sonde wat Adam-hulle in die Paradys gedoen het, het die dood in die wêreld ingekom. Maar God het uit sy liefde vir die mens sy Seun Jesus Christus gestuur om te kom herstel wat Adam bederf het. Deur volharding en lydsaamheid het Christus hierdie opgelegde taak afgehandel. Dit het seker soms selfs vir Hom 'n ondankbare taak gelyk. Eenmaal het Hy met groot droefheid oor die moedswilligheid en koppigheid van die mens uitgeroep: „Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig die wat na jou gestuur is — hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaar maak, en julle wou nie!" Op 'n ander plek het Hy weer gesê: „My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil."

So het Christus alles aan sy voete onderwerp: die sonde, die versoeking van die satan en ten laaste ook die dood. Hierdeur het Hy die mense bevry en hulle kinders van God gemaak. Met sy taak afgehandel sal die Seun self Hom ook onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God kan wees alles in almal. Daarmee het Christus dan sy verlosserswerk en sy middelaarstaak afgehandel. Wat Adam bederf het, het Christus herstel en so gee Hy dit terug aan God, die Vader.

Maar dit kan alleen geglo word en dit kan alleen waarde vir die godsdiens hê as dit geglo word dat Jesus uit die dood uit opgestaan het. Indien Jesus nie uit die dood opgestaan het nie, kan Hy nie Verlosser en Middelaar wees nie. Die sakrament van die Heilige Doop wys ook hierna: „Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewendig is vir God in Christus Jesus, onse Here."

2 Mei. Lees 1 Kor. 15:35-44. **Teks:** 1 Kor. 15:44.

DIE OPSTANDINGSLIGGAAM IS 'N VERHEERLIKTE LIGGAAM.

Die Korinthiërs het geroem op hulle verstandelike insigte; hulle was nugter in eie oë. Hulle was nie bereid om 'n saak te aanvaar sonder om dit deeglik te beredeneer nie. Hulle wou graag 'n konkrete bewys van 'n saak gehad het, alvorens hulle bereid was om dit te glo. Paulus het hulle so geken en daarom doen hy in die voorafgaande gedeelte 'n beroep op hulle om op die regte manier nugter te wees. Met hul eie soort argumente wil Paulus hulle oortuig. Daarom sê hy: „As die dode nie opgewek word nie, laat ons eet en drink, want môre sterwe ons!" Met ander woorde as daar nie 'n opstanding is nie, dan is dit nie nodig om jou lewe rein te hou en selfbeheersing toe te pas nie. Dan moet jy maar liewer elke oomblik van jou lewe geniet sonder om jou te steur aan die gevolge.

Net so, as iemand sou vra op watter manier die dode opgewek word en in hoedanige liggaam dit sal wees, redeneer Paulus dat almal tog weet dat as jy saai, saai jy nie die liggaam wat sal word nie, maar jy saai 'n korrel; 'n saadjie. Die saad wat gesaai word, sterf; en dit onder-

gaan 'n gedaanteverwisseling sodat dit worteltjies voortbring wat die aarde indring en 'n stengel wat opwaarts groei. Met hierdie proses in die natuur bewys Paulus die opstanding.

Dit kom daarop neer dat die aardse liggaam sterf en begrawe word. Hierdie aardse liggaam is die natuurlike liggaam met allerlei beperkinge. In die opstanding word 'n geestelike liggaam opgewek. Hierdie liggaam is nie verganklik soos die aardse nie, maar dit is onverganklik. Die opstandingsliggaam is 'n verheerlikte, onverganklike, hemelse liggaam. Dit het nie meer aardse drange en behoeftes nie. „Want wanneer hulle uit die dode opstaan, trou hulle nie en word hulle nie in die huwelik uitgegee n.e, maar is soos engele wat in die hemele is," het Christus aan die Sadduseërs gesê (Markus 12:25).

Hierdie opstandingsliggaam is ook nie gebonde aan ruimte of tyd nie want Jesus het byvoorbeeld na sy opstanding deur geslote deure beweeg.

Tussen die aardse liggaam wat begrawe word en die hemelse liggaam wat opgewek word is daar wel kontinuïteit maar ook radikale verskil. Die aardse word gekenmerk deur verganklikheid, oneer en swakheid; die hemelse deur onverganklikheid, eer en krag.

3 Mei **Lees** 1 Kor. 15:44-49. **Teks:** 1 Kor. 15:45.

CHRISTUS DIE LEWENDMAKENDE GEES.

Paulus voer die verskil in hoedanigheid van die twee liggame terug na die oorsprong van elkeen. Die eerste mens was Adam. Deur sy toedoen het die mens aards geword. (Die woord Adam beteken letterlik mens maar hang ook baie nou saam met die woord wat vir aarde gebruik word.) Oorspronklik is die mens uit die stof van die aarde gemaak. „En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus geblaas die asem van die lewe. So het die mens dan 'n lewende siel geword." (Gen. 2:7.) Deur die sondeval van Adam het die mens 'n slaaf geword van die sonde en daarom ook onderhewig aan die straf oor die sonde, naamlik die dood.

Christus is die laaste Adam. Dit was Christus se taak om te kom herstel wat die eerste Adam bederf het. Van die eerste Adam ontvang alle mense die lewe, met ander woorde hulle word lewende wesens met 'n liggaam wat ingerig is vir die natuurlike bestaan. Van die laaste Adam, dit is Christus, ontvang hulle die lewendmakende Gees. Dit is die Gees wat die dood oorwin en wat die mens opwek uit die dood.

In Esegiël hoofstuk 37, word die volk Israel vergelyk met 'n laagte vol doodsbeendere. As die profeet Esegiël in opdrag van God oor hierdie doodsbeendere profeteer wat beteken dat Esegiël vir hulle Gods Woord verkondig het, het hierdie bene vol senings, vlees en vel geword, maar nogtans was hulle sonder gees. Eers as die Here sê: „Ek sal my Gees in julle gee, dat julle lewendig kan word . . . " (vers 14) sal die graftes oopgemaak word en sal die Here die beloofde land aan hulle gee.

In Christus het hierdie profesie in vervulling gegaan. Of anders gestel: Hy het deur sy Middelaarswerk dit moontlik gemaak dat hierdie profesie vervul kon word. Op sy voorbede stuur God die Vader die Heilige Gees om ons te wederbaar, ons te troos, ons in alle waarheid te lei en by ons te bly tot in ewigheid.

Soos ons deur Adam die beeld van die aardse mens gedra het, so sal elkeen wat in Jesus Christus glo, die beeld van die hemelse dra.

4 Mei. **Lees** 1 Kor. 15:50-58. **Teks:** 1 Kor. 15:55.

DOOD, WAAR IS JOU ANGEL?

Paulus het self die gemeente in Korinthe gestig. Vanuit sy mond het die Korinthiërs die eerste keer die evangelie van Jesus Christus verneem. Solank Paulus by hulle was, het hulle geen geloofsprobleme ondervind nie. Selfs solank as Apollos by hulle was, het dit goed gegaan. Maar toe hulle alleen hul weg moes vind in die groot stad en te midde van al die filosofiese stellings in hul midde, het hulle verward geraak en soms selfs gedwaal. Met hierdie brief aan hulle het Paulus nou die evangelie aangevul of die konsekwensies van die evangelie verder deurgetrek. In hoofstuk 15 veral, waar dit gaan oor die opstanding uit die dode — nie net van Christus nie, maar van alle mense — bereik sy brief 'n hoogtepunt.

Vlees en bloed kan nie die koninkryk van God beërwe nie. Die aardse bestaansvorm van die mens is onderhewig aan die sonde. Daar tree 'n uitwendige verandering in wat tegelyk 'n herskepping is. Dit is wat Jesus Christus op aarde kom doen het. Wat die eerste Adam in die Paradys verbrou het, het die tweede Adam (dit is Christus) aan die kruis herstel. Wanneer die laaste basuin blaas met die wederkoms van Jesus Christus, sal die dode onverganklik opgewek word. Maar ook die gelowiges wat op daardie dag nog in lewe is, sal verander word, sodat die verganklike met onverganklikheid en die sterflike met onsterflikheid beklee word. Wanneer dit gebeur, sal vervul word wat die profeet Jesaja in hoofstuk 25 vers 8 gesê het, naamlik dat die dood vir ewig vernietig sal wees.

„Dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning?" Dit is 'n oorwinningskreet! Dit is 'n jubelkreet! Hoeveel mense het nie al by die dood van 'n geliefde uit hierdie verse troos geput nie? Die angel van die dood is die sonde en die sonde kom omdat God sy Wet gegee het en die mense daardie Wet nie kan onderhou nie. Maar nou het God dit alles in sy Seun Christus vir ons gedoen. Jesus Christus het die sonde oorwin — daarmee het Hy die angel uit die dood getrek. Maar Hy het ook die dood oorwin — daarmee het Hy die oorwinning van die dood oor die mense vernietig. „Maar God sy dank, wat ons die oorwinning gee deur onse Here Jesus Christus."

Die hoofstuk sluit af met 'n oproep wat in berymde vorm voorkom in Gesang 75:1: „Waak Christen, staan in die geloof, Dat niemand u u kroon ontroof! Gedra u manlik, wees kloekmoedig. In trou volvoering van Gods werk: Standvastig, onbeweeglik sterk, Volywerig, altyd oorvloedig. Dan sal u arbeid in die Heer; Tot seën wees, sy Naam ter eer!"

5 Mei. **Lees** 2 Kor. 4:1-6. **Teks:** 2 Kor. 4:6.

KEN GOD IN CHRISTUS.

Die doel van die verkondiging van die evangelie van Jesus Christus is dat sondaars mag kom tot die kennis van die heerlikheid van God. Hierdie kennis het die mens besit toe hy deur God geskape is na sy beeld en gelykenis. Deur die sondeval het die mens die beeld van God egter verloor. Daar het hoogstens net klein oorblyfsels oorgebly; hoogstens maar die besef dat daar 'n hoëre mag bokant hom is sonder dat hy hom

ken. Al die lig wat in die mens was, het in duisternis verander (Nederlands Geloofsbelydenis). As hierin ooit verandering sou kom, moes die toestand waarin die mens geval het radikaal verander en vernuwe word. Dit het God in sy barmhartigheid en genade gedoen.

Soos Hy op die eerste dag van die skepping gedoen het toe Hy uit die duisternis die lig tevoorskyn geroep het, so verlig Hy ook die duistere mensehart om weer tot die kennis van die heerlikheid van God te kom. Soos iemand wat die son wil sien, nie in die son self moet kyk nie, maar op die uitstraling daarvan, so sien ons die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus. In Hom het God die heerlikste geopenbaar: in sy verskyning, in sy Woord en werk, in sy vernedering en verhoging, in sy dood en opstanding. Alle kennis buite die aangesig van Jesus Christus is dikwels ydel en vals.

Christus alleen is die weg tot saligende en waaragtige kennis van God. Ons kom tot die kennis waar God die hart verlig. Bid dan dat God ook u hart sal open wanneer die evangelie van Jesus Christus aan u verkondig word.

6 Mei. **Lees** 2 Kor. 4:8-15. **Teks:** 2 Kor. 4:14.

BEMOEDIGING IN VERDRUKKING.

Jesus het vir sy dissipels gesê: In die wêreld sal julle verdrukking hê. En: 'n Dienskneg is nie groter as sy heer nie. As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg. Dit het Paulus en so menige Christen voor en na hom ondervind. Voortdurend was daar die moeilikste omstandighede waarin hulle verkeer het: teenwerking, onderdrukking, marteling, vervolging. Dit is asof die Christene voortdurend aan die dood oorgelewer is en dit net van weë hulle verbondenheid aan Jesus Christus. Die haat en vyandskap jeens Jesus het nog nie uitgewoed nie, maar werk nog na in sy gemeente (Op. 12:17). Daarom is dit nie vreemd wanneer ons vandag hoor dat Christene wat vervolg en gemartel word in kommunistiese lande nie, en sal dit ook nie vreemd wees as ons met teenkanting en onderdrukking en vervolging in ons eie land te doen sou kry nie.

Paulus was nie moedeloos toe hy so 'n lewe moes ly nie. Dit blyk duidelik wanneer hy sê: „In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is verleë, maar nie radeloos nie, vervolg, maar nie verlate nie, neergewerp, maar nie vernietig nie." Die weg van verdrukking, teenkanting, vervolging en marteling eindig weliswaar in die dood, maar Paulus is ten volle getroos: Want Hy wat die Here Jesus opgewek het, sal hom ook deur Jesus opwek. Jesus Christus het opgestaan uit die dood en sy opstanding is vir ons 'n gewisse pand van ons salige opstanding. Hy wat die Here Jesus opgewek het, sal ons ook deur Hom opwek.

Hierdie hoop op die opstanding bemoedig in lyding en verdrukking; dit verhef ons bo die vrees vir die dood; dit hou ons staande; dit laat ons ons kruis blymoedig dra en dit laat ons ons so-dikwels-moeilike weg met blydskap bewandel.

7 Mei. **Lees** 2 Kor. 5:1-10. **Teks:** 2 Kor. 5:1.

ONS AARDSE TENTWONING EN ONS EWIGE HUIS.

Ons aardse bestaan is maar kort van duur. Die dae van ons jare — daarin is sewentig jaar, of as ons baie sterk is, tagtig jaar. Ons bring ons jare deur soos 'n gedagte, want gou gaan dit verby en ons vlieg daarheen. Paulus vergelyk hierdie lewe dan ook met 'n tentwoning. Wanneer ons 'n tent opslaan, bly ons nie ons hele lewe daarin nie; dit is net 'n tydelike verblyf. 'n Tent verweer ook gou en is nie juis bestand teen storms nie. Die tentpenne word gou uitgeruk en die ankertoue breek af. So is ons aardse bestaan kortstondig. Die dood wink elke uur. Maar as ons aardse tentwoning afgebreek word, het ons 'n gebou van God, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele. 'n Gebou in teenstelling met 'n tent is iets stewigs en permanents . . .

As ons aardse bestaan dus ophou, het ons 'n bestaan wat onvergankiik en ewig is. Die dood is met ander woorde vir ons net oorplasing van 'n onvaste tentwoning na 'n ewige woning deur God self berei. Ons weet dit. Ons weet met sekerheid dat ons aardse tentwoning afgebreek word omdat ons byna daagliks sien hoe mense rondom ons tot sterwe kom. Maar weet ons ook met sekerheid van die gebou van God, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele. Ja, dit ook. Ons kan met sekerheid weet, maar . . . slegs in die geloof. Want in die geloof weet ons dat Jesus Christus met sy dood en opstanding vir ons die mag van die dood oorwin het sodat ons nie ewig 'n prooi van die dood hoef te bly nie; sodat, as ons aardse tentwoning afgebreek word, ons 'n gebou van God het, 'n huis nie met hande gemaak nie, ewig, in die hemele.

Wie in Jesus Christus glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe, want Hy sal hom opwek in die laaste dag.

8 Mei. **Lees** 2 Kor. 5:1-10. **Teks:** 2 Kor. 5:10.

DIE KWAAD GESTRAF, DIE GOED BELOON.

Die mens is bestem om eenmaal te sterwe en daarna die oordeel. Ons glo ook dat Christus weer sal kom om te oordeel die lewende en die dode. Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad. Vreeslik sal dit dan wees om te val in die hande van die lewende God. Want wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars — hulle deel sal wees in die poel wat brand met vuur en swawel, dit is die tweede dood.

Die gelowige egter, hoef nie te vrees nie, want die Regter wat hom sal oordeel is ook sy Middelaar en Borg wat aan die kruis alles vir hom volbring het. Christus het Hom tevore ter wille van die gelowige voor die strafgerig van God gestel en die vloek geheel en al van hom weggeneem. Dit beteken nie dat die gelowige nou maar kan sondig omdat Christus klaar vir hom aan die kruis geboet het nie, want die gelowige se oue mens het met Christus gesterf en hy is met Christus opgewek tot 'n nuwe lewe. Die gelowige lê hom daarom ook ywerig daarop toe om Hom wel behaaglik te wees. Want wanneer Christus kom om te oordeel, oordeel Hy nie alleen oor die kwaad wat bedryf is deur dit te straf nie, maar ook oor die goed wat gedoen is.

Die wederkoms van Christus hou daarom vir die gelowige geen vrees in nie, maar dit is vir hom 'n blye verwagting: Kom Jesus, ja, kom spoedig Heer. Want hy weet dat vir hom weggelê is die kroon van geregtigheid wat die Here die regverdige Regter, hom in die dag sal gee, ja, vir almal wat sy verskyning liefgehad het.

9 Mei. **Lees** 2 Kor. 5:11-15. **Teks:** 2 Kor. 5:15.

LEEF VIR CHRISTUS.

Kajafas het gesê dat dit voordelig is dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie omkom nie. Op Golgota het die **een man** (dit is Jesus Christus) vir almal gesterf (naamlik vir almal wat in Christus glo). Nou skryf Paulus hier dat as een vir almal gesterf het, hulle dan almal gesterf het. Beteken dit nou dat almal wat in Christus glo gesterf het? Ja, in die sin dat deur sy krag ons oue mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe is, sodat die bose luste van die vlees in ons nie meer regeer nie. (Heidelbergse Kategismus antw. 43). Die oue mens waar die bose luste van die vlees regeer, is die sondige aard waarin ons ontvang en gebore is; die vlees waarin niks goeds woon nie.

Vir hierdie lewe is die gelowige in Christus nou 'n gestorwene, want as die oue mens gesterf het, regeer die bose luste van die vlees nie meer in hom nie, maar Christus wat vir hom gesterf en opgestaan het. Met Christus het die oue mens gesterf en is hy met Christus opgewek tot 'n nuwe lewe. Paulus sê daarom ook elders: Ek is met Christus gekruisig en ek leef nie meer nie maar Christus leef in my.

Die gelowiges wat lewe, moet daarom nie meer vir hulleself leef nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en opgewek is. Mag ons ons voorneme daartoe elke dag bely:

Ons wil U needrig wy ons lewe,
U volg waar U ons ook gelei,
U gans ten offer oorgegewe,
met dankbaarheid U toegewy.

10 Mei. **Lees** 2 Kor. 5:11-17. **Teks:** 2 Kor. 5:17.

DIE GELOWIGE — 'N NUWE SKEPSEL.

Die gelowige in Jesus Christus is saam met Hom gekruisig en is saam met Hom opgewek tot 'n nuwe lewe. Hy is 'n nuwe skepsel. Dit beteken nie dat hy 'n persoons- of liggaamsverandering ondergaan het of iets anders as mens geword het nie. Nee, hy bly dieselfde mens met dieselfde liggaam en word nie iemand of iets anders nie. Maar hy is 'n nuwe skepsel omdat hy anders dink en spreek en handel as wat hy gedoen het voordat hy tot die geloof in Christus gekom het. So groot is die verandering dat hy met die mens wat hy was nie eens te vergelyk is nie. In plaas van „vleeslike" dinge te spreek en te dink en te doen, spreek en dink en doen hy „geestelike" dinge; in plaas daarvan om 'n sondige weg te bewandel, bewandel hy 'n weg van waarheid, geregtigheid en heiligheid; in plaas daarvan om 'n vyand van God te wees, leef hy soos 'n kind van God; van een wat tot die dood gedoem was, het hy geword soos een wat vir die ewige lewe bestem is. Waarlik, 'n nuwe skepsel. Die ou dinge het verbygegaan — ou gedagtes, ou gewoontes, ou beginsels, ou begeertes. Kyk, dit het alles nuut geword.

Weliswaar het die mens wat in Christus is nog sy vleeslike natuur en bestaan die sonde, die magte, die dood nog. Dit tree nog aktief en kragtig op. Maar wie in Christus is weet dat hulle reeds oorwin is deur Jesus Christus. Die sonde se ure is getel. Dis ou dinge dat eintlik al verby is. Daarom is die oog van die gelowige gerig op Christus wat sy lewe is. Op Hom is sy hoop; in Hom sy toekoms; uit Hom sy krag; in Hom sy lewensdoel.

11 Mei. **Lees** 2 Kor. 5:11-21. **Teks:** 2 Kor. 5:19a, 20b.

LAAT U MET GOD VERSOEN.

Versoening veronderstel 'n verbreekte verhouding. Aanvanklik was daar 'n vreedsame verhouding tussen God en die mens. Deur die sonde is hierdie verhouding egter verbreek. By die sondaar het daar nou vyandskap teen God en by God toorn teen die sonde gekom. Om 'n versteurde verhouding te herstel, vra die skuldige gewoonlik om versoening. Maar daar het niks van die mens se kant uitgegaan om die vyandskap teen God te laat ophou nie. God self het die verbreekte verhouding herstel. Die versoening het van sy kant gekom. Daarom is die versoening tussen God en die mens 'n wonder; die wonder van sy liefde. Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.

God het sy Seun, Jesus Christus, gegee en op Hom al die straf gelê en die volle toorn oor die sonde oor Hom laat kom. Die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom. Deur die offer van Jesus Christus aan die kruis, is die goeie verhouding tussen God en die mens weer herstel. Daar is in u sonde geen rede meer dat God oor u die toorn moet behou nie, want die bloed van Jesus Christus bedek die sonde voor sy aangesig.

Hy is daarom bereid om u wat die sonde wil versaak, die oue mens wil kruisig en in 'n nuwe godsalige lewe wil wandel, al u sonde om Christus wil te vergewe en Hom tot u in 'n verhouding van vrede te stel. As God dan in Christus u met Homself versoen het, moenie uitstel om u met Homself te versoen nie. Laat u met God versoen. Vandag as u sy stem hoor, verhard u harte nie. Kyk, nou is dit die tyd van die welbehae. Kyk, nou is die dag van heil.

12 Mei. **Lees** 1 Thess. 4:1-7. **Teks:** 1 Thess. 4:3.

DIE HEILIGMAKING.

Die gemeente in Thessalonika, deur Paulus gestig, was slegs vir 'n kort tydjie deur Paulus bearbei. 'n Rukkie nadat Paulus die gemeente in haastige vlug moes verlaat, stuur hy Timotheus om hulle weer op te soek. Die nuus wat Timotheus aan Paulus kom meedeel, laat Paulus besef dat alhoewel daar veel is om voor dankbaar te wees, daar tog nog groot leemtes by die gemeente bestaan.

Een van die terreine waarop dit nie goed gaan nie, is die Christelike lewenswandel en dan veral die sedelike lewe. Ontug en sedelike vergrype het nog voorgekom. En dit hoort nie tuis in die lewe van die Christen nie. Daarom roep Paulus die gemeente dringend op tot 'n gelowige,

Christelike, heilige lewenswandel: Want dit is die wil van God: julle heiligmaking.

Om te heilig beteken om af te sonder vir die diens van God. Die Christen moet hom afkeer van die sonde en homself afsonder vir die Here. Die begeerlikhede van die vlees mag nie meer oor hom heerskappy voer nie. Dat die Christen hom moet heilig maak, beteken dan ook dat hy doelbewus die stryd teen die sonde en die Satan moet aankoop en dat hy doelbewus die reine, skone, godvrugtige lewenswandel moet najaag.

Die oproep tot heiligmaking is ook in die wêreld van vandag met sy permissiewe gees nie onvanpas nie. Orals rondom ons sien ons die sedelike verval. Gedra deur die geloof in Christus, gelei deur die Woord van God, moet ook ons ons lewenswandel heilig — sodat ons daaglikse lewe, 'n lewe tot eer en verheerliking van God sal wees.

13 Mei. **Lees** 1 Thess. 4:8-12. **Teks:** 1 Thess. 4:9.

LIEFDE VIR MEKAAR.

Die oproep tot heiligmaking (verse 1-7) word direk opgevolg deur 'n oproep om nog oorvloediger in broederliefde te word. Negatief bestaan die heiligmaking in 'n wegvlug van die sonde en positief in die najaag van die liefde. Die uitlewing van die liefdesgebod is inderdaad een van die skoonste vrugte van die werking van Gods Gees in die lewe van die gelowige. Trouens, liefde vir mekaar is een van die kenmerke van die gelowiges. Christus het self verklaar: „Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is as julle liefde onder mekaar het." (Joh. 13:35). Liefde is die merkteken van die kerk in die wêreld.

Dit is opmerklik dat Paulus verklaar dat die Thessalonisense inderdaad liefde onder mekaar het. En wat meer is: die liefde word bewys aan al die broeders in die hele Macedonië. Met broederliefde bedoel Paulus die liefde wat Christene onder mekaar het. Uit die geskrifte van die kerkvaders weet ons dat die destydse heidenwêreld na die Christene gewys het en gesê het: „Kyk hulle het mekaar lief". 'n Pragtige getuienis. Maar desnieteenstaande vermaan Paulus hulle om nog oorvloediger in die liefde te word. Want hy weet dat niemand volmaak in die liefde is nie. Die oproep van Paulus is 'n herhaling van die oproep van Christus; „Wees julle dan volmaak, soos julle Vader in die hemele volmaak is." Volmaak in liefde.

Aan opregte, warme, Christelike liefde het die wêreld van vandag ook dringende behoefte. Hoe koud en gevoelloos kan ons nie soms by mekaar verby leef nie. Dit mag nie so wees nie. Ons, wat onsself koester in die liefde van Christus, moet hierdie liefde deurgee aan ons naaste. In liefde moet ons mekaar bystaan, bemoedig, vertroos en deur die lewe dra. So sal die wêreld weet dat ons Christene is, as ons liefde onder mekaar het.

14 Mei. **Lees** 1 Thess. 4:13-18. **Teks:** 1 Thess. 4:13.

ONKUNDIGHEID

Anders as die Korinthiërs het die gemeente in Thessalonika nie die opstanding uit die dode geloën nie. Tog het daar by hulle onkunde met betrekking tot die ontslapenes (dit is die gelowiges wat gesterwe het sedert Paulus se vertrek) en die wederkoms van Christus geheers.

Ons moet onthou dat Paulus maar slegs vir 'n baie kort tydjie in Thessalonika was. In hierdie tydjie het Paulus die evangelie verkondig en 'n gemeente gestig. Daar het egter nog onsekerheid oor sekere sake oorgebly.

Hierdie onkunde het aanleiding tot groot droefheid oor die ontslapenes gegee. Sou diegene wat gesterwe het, nie agter staan by die lewendes tydens Christus se wederkoms nie? Hierdie misverstand wil Paulus uit die weg ruim. Die lewendes sal die ontslapenes hoegenaamd nie voor wees nie. Paulus beklemtoon dat almal saam deel sal hê aan sy koms en heerlikheid en dat almal dan vir altyd by die Here sal wees.

Onkunde oor geestelike sake heers daar vandag nog by baie. Reeds die profeet Hoséa het gesê: „My volk sal ten gronde gaan weens 'n gebrek aan kennis." Daarom is dit nodig dat ons die Woord van God elke dag sal lees en bestudeer. Dit is die lamp vir die voet en die lig op die pad. Sy Woord is die bron van troos in tye van droefheid, dit gee krag en sterkte in tye van beproewing. Wie sy Woord ken en daarop vertrou het hoop en verwagting — selfs in die donkerste nag — of langs 'n geopende graf.

15 Mei. **Lees** 1 Thess. 5:1-7. **Teks:** 1 Thess. 5:2.

SOOS 'N DIEF IN DIE NAG.

Die Thessalonicense het sterk geleef onder die verwagting van die nabye wederkoms van Christus. Hulle het gewonder oor die tye en geleenthede. Dit wil sê hulle het vrae gevra soos: Hoe lank nog? en wanneer? Paulus het hulle egter alreeds daarop gewys dat dit nie vir die mens beskore is om die presiese dag van sy wederkoms te weet nie.

Die uitdrukking: „soos 'n dief in die nag" wys egter op die onverwagsheid van, op die skielikheid van sy wederkoms. Dit is daarom ook gevaarlik vir die een wat nie gereed is nie, wat in de sonde en ongebondenheid lewe. Christus self het die beeld van die dief in die nag gebruik om daarmee sy dissipels te waarsku. (Matt. 24:43).

Hieruit volg dan dat daar gewaak moet word. Die Christen moet wakker wees en nie in brassery en dronkenskap, in ontug en liefdeloosheid lewe nie. Nee,, die Christen moet gereed wees sodat hy sy Heiland enige tyd, enige plek, enige uur kan ontmoet. „Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie." So het Christus sy volgelinge gewaarsku.

Dit wil voorkom asof so vele van ons vandag hierdie dringende waarskuwing vergeet het. Die gevaar is nie gering nie, dat ons soos die maagde, die vyf dwases, aan die slaap sal raak — of dalk reeds aan die slaap geraak het. Nee, die gelowige moet wakker wees en so lewe dat hy enige dag sonder vrees die dag van die Here tegemoet kan gaan. Skik u om u God te ontmoet.

16 Mei. **Lees** 1 Thess. 5:8-11. **Teks:** 1 Thess. 5:11.

BEMOEDIG MEKAAR.

Met die oog op die wederkoms of die naderende lewenseinde moet die gelowiges mekaar bemoedig en vertroos. Paulus weet dat die gelowige ook maar 'n mens is wat aan velerlei gebreke en swakhede mank gaan. Dit is nie altyd maklik om te midde van stryd en probleme in die geloof staande te bly nie. Daar bestaan naamlik die wesenlike gevaar dat die Thessalonicense moedeloos sal word of aan die slaap kan raak. En dit

mag nie gebeur nie. Die Christen moet nugter wees, die borswapen van geloof en liefde moet aangegord wees, en as helm moet die hoop op die saligheid daar wees.

Die Christen moet nie 'n kind van die duisternis wees nie, maar 'n kind van die lig. Om dit te kan bly moet hulle mekaar versterk, vertroos en bemoedig. Die Christene moet dus op mekaar ag gee, die een moet die ander se hoeder wees. Paulus beklemtoon hierdie gemeenskap van die gelowiges.

Ook vandag is hierdie vermaning van Paulus baie nodig. Ons lewe immers in 'n wêreld vol versoekinge, vol bedreiginge en vol van smarte. Elke huis het sy kruis en elke hart het sy smart. Hoeveel het 'n vriendelike, bemoedigende woord nie al vir 'n naaste in beproewing beteken nie. Laat ons as gelowiges op mekaar ag gee — sodat ons onberispelik bewaar kan bly tot op die dag van die Here.

17 Mei. **Lees** 1 Thess. 5:12-18. **Teks:** 1 Thess. 5:18.

DIE CHRISTELIKE DANKBAARHEID.

God is die Skepper en Onderhouer van alles wat bestaan en lewe. Ook die mens is voorwerp van sy liefde. Alles wat die mens op aarde besit, ja, sy ganse bestaan word van die Here ontvang — sy lewe, sy gesondheid, kleding en voedsel — alles is van die Here.

Maar Hy het nog verder gegaan. God het ook sy Seun gegee as 'n losprys vir die sondaar. Hierdeur is die deur na die Vaderhuis geopen, is die moontlikheid van 'n ewige saligheid vir die mens geskep. Vir hierdie gawes moet die gemeente in Thessalonika dankbaar wees. God is eindeloos goed vir hulle. Maar die gemeente moet nie net dankbaar wees vir die goeie nie, hulle moet ook dankbaar wees vir die tye van beproewing, van leed en smart. Want Hy het ook daarmee 'n besondere bedoeling naamlik tugtiging en loutering. Hulle moet God in alles dankbaar wees.

Hierdie dankbaarheid is ook die wil van God, op grond van die verlossingswerk van Christus wat Hy tot voordeel van die gemeente gedoen het. 'n Lewe van blydskap, gebed en danksegging is wat die Here van die Christen vra.

En nou is dit so dikwels met die dankbaarheid so treurig gesteld. Ook ons is maar so — ons wil net altyd graag ontvang, veral natuurlik die goeie — maar bly tog so ondankbaar. Die lewe in dankbaarheid is egter die toetssteen van die geloof. Bedink dan wat God in Christus aan u gegee het en wees God in alles dankbaar.

18 Mei. **Lees** 1 Thess. 5:19-28. **Teks:** 1 Thess. 5:24.

GOD IS GETROU.

Ontrouheid is so kenmerkend van die mens. Sedert die sondeval is ontrouheid die daaglikse deel van die lewenspatroon van die mens. Ontrouheid sien ons dan ook op al die lewensterreine. Ons sien dit by die werkgewer en die werknemer. Ons sien dit selfs in die huwelikslewe. Daarom dat die Psalmdigter ons waarsku: Moet op prinse nie vertrou nie.

Teenoor die ontroue mens staan God as die ewig Getroue. God is getrou. Hy laat nie vaar die werk van sy hande nie. Hy voer sy Woord getrou uit. En Hy roep ons tot sy wonderbare lig — Hy roep ons tot die ewige saligheid wat Hy in Christus aan ons belowe het. As ons na Hom toe gaan: Hy sal dit doen. Hy sal sy beloftes uitvoer. Want Hy is die ewig Getroue. Al is ons swak — Hy is sterk. En die wat op Hom vertrou sal nooit beskaamd staan nie.

Wat 'n troos is dit nie vir die gelowige om te midde van al die troosteloosheid van die aardse bestaan te mag weet: daar is Een wat getrou is. Al mag dan alles ons ontval, al sou almal ons verlaat: God is altyd daar. Hy sal my nooit begewe en my nooit verlaat nie. Dit is hierdie wete wat die Christen krag gee om by alle lewensomstandighede nog te glo en nog te hoop. God is in Christus ons Vader en Hy is die Ewiggetroue.

19 Mei. **Lees** Openb. 1:1-8. **Teks:** Openb. 1:8.

JESUS CHRISTUS IS VAN EWIGHEID TOT EWIGHEID.

Die skrywer van die boek Openbaringe, die apostel Johannes, was as gevolg van die geweldige vervolging van die Christene in die eerste eeu na die eiland Patmos verban. Daar het hy die Openbaringe van Jesus Christus ontvang wat hy aan die kerk van die Here bekend moes maak. Hy moes alles wat hy gehoor en gesien het, neerskryf. Die doel van hierdie openbaringe was om die vervolgde kerk te vertroos deur die triomf van Christus en sy evangelie. So ook om die aanbreek van die volle geluksaligheid vir die gelowiges te beskryf.

Die Alfa en die Omega is die eerste en die laaste letter van die Griekse alfabet, soos ons A en Z. Jesus Christus is die begin en die einde van alles. Deur Hom het die Here God alles geskape en Hy sal ook die laaste woord hê op die oordeelsdag.

Hierdeur word Jesus se almag beklemtoon. „Wat is en was en wat kom", dien as die insluitende begrip van tyd. Jesus was van die begin af by God, want Hy is self God. Toe het Hy 'n mens geword en het aan die kruis gesterwe. Maar Hy het weer uit die dode opgestaan en het opgevaar na die hemel. Maar Hy sal weer kom. Hy oorspan dus alle tye, Hy is van ewigheid tot ewigheid.

Hierdie wete dien as vertroosting van die kerk tot vandag toe. Die vyandskap teen die kerk word by die dag heftiger. Die kerk bly maar die vervolgde kerk en Satan is die vervolger. Hy wil graag die kerk uitroei. By tye lyk dit asof Satan baie sukses behaal. Maar gedagtig daaraan dat Jesus die Almagtige is, voer die duiwel tog 'n verlore stryd. Uiteindelik sal die kerk van Jesus Christus triomfeer en Satan verpletter word. Daarom mag ons nie moedeloos word nie. Ons moet elke dag die goeie stryd stry — ons oorwinning is gewaarborg deur Jesus Christus, die Here.

20 Mei. **Lees** Openb. 2:1-7. **Teks:** Openb. 2:4.

LIEFDE VERLAAT.

Die gemeente van Efese was 'n bedrywige gemeente. Vir die Christene van daardie stad was die kerk nie 'n rusoord nie. Dit was eerder 'n juk waaronder hulle geroep was om te arbei — om die saailand van die wêreld te ploeg en die saad van die evangelie te saai. Ter wille van die Naam van Here het hulle onvermoeid gearbei.

Maar daar was tog iets verkeerd met die gemeente in Efese. Nadat die Here hulle lof toegeswaai het, kom die beskuldiging soos 'n donderslag: „Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het!" Dit was 'n geweldige aanklag. Wat help al hulle arbeid, hulle inspanning, hulle moeite en hulle opofferings as hulle Jesus nie lief het nie? As die liefde vir Jesus ontbreek, is al die ander voortreflike dinge van weinig waarde. Hierdie een beskuldiging van die Here het 'n streep getrek deur al die lofprysings wat die Here in die eerste deel van hierdie brief vir die Efesiërs gehad het. Dit het swaarder geweeg as enigniets anders. As die arbeid in daardie gemeente en al die prestasies wat hulle behaal het, was om eie eer en nie omdat hulle deur die liefde van Christus gedring was nie. En nou loop hulle gevaar dat hulle kandelaar van sy plek verwyder mag word.

Om hierdie saak weer reg te maak, is daar net een weg oop — die weg van bekering. Hulle moet dus terugkeer na Christus toe, hulle eerste liefde.

As die kerk van die Here loop ons dieselfde gevaar as die gemeente van Efese — om beskuldig te word dat ons ons eerste liefde verlaat het. In die dienswerk waartoe ons as gelowiges geroep is, mag dit nooit gaan om onsself nie, maar altyd om die eer en die verheerliking van Jesus Christus, die Hoof en die Heer van die kerk.

21 Mei. **Lees** Openb. 2:8-11. Teks: Openb. 2:**10(b)**.

GETROU TOT DIE DOOD.

Die gemeente van Smirna was 'n vervolgde gemeente. Hulle het feitlik al hulle besittings verloor sodat hulle brand-arm geword het. Blykbaar het die Jode die Christene van Smirna by die heidense owerheid aangekla bloot omdat hulle Christene was. Hulle straf was die onteiening van hulle besittings. Hulle was beroof van selfs die eenvoudigste lewensmiddels. Hulle is dakloos gelaat. As daar nou in gedagte gehou word dat Smirna 'n welvarende stad was en dat die inwoners daarvan ryk was, kan ons besef hoe bitter swaar die klompie verarmde Christene dit in daardie stad moes gehad het.

Maar die Here was nie hiermee onbekend nie. Hy wat die armoedigste mens op aarde was, het presies geweet hoe moeilik sy gemeente dit gehad het. Trouens die Here het ook geweet van nog baie erger dinge wat hulle sou tref. Hulle sal nog in die gevangenis gewerp word en vir 'n tyd lank verdrukking hê en baie moet ly.

Nou stuur die Here vir hulle hierdie briefie van Patmos af om hulle te bemoedig in hulle stryd. So heftig sal die vervolging wees dat baie hulle lewens gaan verloor. Ten spyte daarvan en selfs in die aangesig van die dood vra die Here hulle om getrou aan Hom te bly. Die Here maak ook 'n belofte aan hulle as hulle getrou bly, naamlik dat Hy aan hulle die kroon van die lewe sal gee. Hierdie kroon is die ewige lewe self. Hulle mag wel hulle lewe hier op aarde verloor, maar hulle ontvang die ewige lewe daarbo in die hemel.

Om so getrou te bly tot in die dood vra van elke mens 'n standvastige geloof in die Here. Het ons so 'n sterk geloof om weerstand te kan bied teen die aanvalle van die satan? Laat ons nie ophou om vir meer geloof te bid nie.

22 Mei. **Lees** Openb. 2:12-17. **Teks:** Openb. 2:13(a).

DIE PLEK WAAR JY WOON.

In die brief aan die gemeente van Pergamus staan daar iets skokkends oor hulle woonplek. Daar staan dat hulle woonplek by die troon van Satan is. Die satan moes dus sy troon in die stad Pergamus opgerig het en vlak langs daardie troon was die kerkgeboutjie van die gelowiges in daardie stad. Dit was hulle woonplek.

Die troon van die satan dui daarop dat die setel van die owerheid in Asië daar in Pergamus was. Dit was daar ook die middelpunt van die staatsgodsdiens wat niks anders was as afgodery nie. Dit het bestaan uit die verering, aanbidding en bewieroking van die keiser as god. Die satan se troon was dus werklik daar in Pergamus. Daarvandaan het hy die stryd aangeknoop teen die Here en sy kerk.

Met hulle woonplek so naby aan die troon van die satan was die gemeente se stryd om nie onder te gaan nie des te swaarder. Die versoeking om tou op te gooi en maar saam met die stroom van die wêreld te gaan, moes vir daardie klompie Christene baie groot gewees het. Die Here was ook bekend met hulle moeilike omstandighede. Daarom bemoedig Hy sy gemeente deur hulle te prys dat hulle aan sy Naam vasgehou het en die geloof in Hom nie verloën het nie. Ten spyte van hulle woonplek was dit 'n klompie getroue en standvastige Christene wat die goeie stryd in Pergamus gestry het.

Ons moet daarop let dat die Here nie sy eise aan sy gemeente om heilig te lewe en getrou te bly enigsins verslap het omdat hulle in Pergamus naby die troon van die satan gewoon het en dit baie moeilik gehad het nie. Die Here verslap nooit sy eise aan ons in watter omstandighede ons ookal mag verkeer nie. Maar Hy gee krag om te volhard tot die einde toe.

23 Mei. **Lees** Hand. 1:6-11; Openb. 2:18-29. **Teks:** Openb. 2:25

HEMELVAART EN WEDERKOMS.

Die Here Jesus het van die Olyfberg opgevaar na die hemel terwyl die dissipels Hom sien wegvaar het, totdat 'n wolk Hom voor hulle oë weggeneem het. Toe het die twee manne in wit klere, wat niemand anders as engele was nie, 'n baie belangrike aankondiging gedoen, naamlik dat dié Jesus wat van hulle opgeneem is in die hemel, net so weer sal kom soos hulle Hom na die hemel sien wegvaar het.

En dit is waarop die ganse Christelike kerk met verlange wag, naamlik op die wederkoms van ons Heer en Heiland. En wanneer Hy kom, sal Hy al die gelowiges versamel en met Hom neem na 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde. Dit is die ryke troos wat die kerk vandag het in sy stryd teen Satan.

Sy wederkoms is ook die troos wat die Here het vir sy gemeente in Thiatire. Die getroues van hierdie gemeente het ook 'n swaar stryd gevoer teen 'n valse profetes wat onder die dekmantel van die godsdiens baie gemeentelede verlei en afvallig gemaak het. Hierdie vrou wat ook Isébel genoem word, staan niks terug vir haar naamgenoot in koning Agab se tyd nie. Sy vrou was ook Isébel en sy het Israel laat struikel met haar afgodediens. Jesus wat self oor sy gemeente waak, waarsku sy kerk in Thiatire om op hulle hoede te wees vir daardie gevaarlike vrou wat verwoesting aanrig en onder die gelowiges.

Om suksesvol weerstand teen die valse leringe te bied, moet hulle maar net vashou wat hulle het, totdat Hy kom. Hulle moet aan sy Naam vashou en voortgaan met hulle diens van liefde en hulle lydsaamheid. Dit sal hulle help in hulle stryd sodat hulle die geloof mag behou. Wanneer Hy kom, is alle stryd op 'n end en die oorwinning verseker. Hulle moet nie wankel nie maar net vashou en vasstaan. Dan sal die einde salig wees.

24 Mei. **Lees** Openb. 3:1-6. **Teks:** Openb. **3:1(b).**

LEWENDIG DOOD!

Die gemeente Sardis was eens op 'n tyd 'n vooraanstaande en toonaangewende gemeente onder die sewe gemeentes in Asië. Die gemeente was bekend daarvoor om 'n lewenskragtige gemeente te wees. Hulle het die naam gehad. Hulle was seker ook baie trots op hulle goeie naam. Maar nie Jesus nie. Hy sê vir hulle: „Ek ken jou werke, dat jy die naam het dat jy leef, en jy is dood!" Toe die gemeente van Sardis hierdie woorde van Jesus verneem het, moes dit vir hulle 'n geweldige skok gewees het. Iewers was daar 'n groot skroef los in daardie gemeente. Jesus sê ook presies wat verkeerd is. Hy sê: „Ek het jou werke nie volkome voor God gevind nie!"

Uit hierdie aanklag van die Here moet 'n mens aflei dat hulle bedrywighede nie met suiwere bedoelings geskied het nie. Dit het by daardie gemeente nie altyd om die eer van die Here gegaan nie. Dit het om eie eer gegaan. As gevolg daarvan het hulle geestelike lewe agteruit gegaan.

Oënskynlik was alles te pragtig in die gemeente van Sardis. Daar was vooruitgang op elke gebied, behalwe op geestelike gebied. Daar was dit dor en doods. Die gemeente het die prooi van sy goeie naam geword. Die Here stuur aan hulle hierdie brief om hulle oë betyds oop te maak vir hulle tekortkominge. Die Here wil hulle wakker skud voordat dit te laat is.

Tekens van doodsheid is vandag oral in die gemeentes op te merk. Leë kerkbanke is seker die vernaamste getuienis hiervan. Op stoflike, materiële gebied gaan dit besonder goed met die gemeentes, maar is dit ook so op geestelike gebied? Ons sal almal weer moet gaan nadink wat dit beteken om 'n lewende lidmaat van die kerk van die Here te wees en dit ewig te bly.

25 Mei. **Lees** Openb. 3:14-22. **Teks:** Openb. **3:15.**

KOUD OF WARM?

Van die briewe aan die sewe gemeentes in Asië is die een aan Laodicea die droewigste. In hierdie brief is daar net bestraffing en nie 'n enkele woordjie van lofprysing nie. Waar die gemeente van Sardis se kwaad in sy goeie naam gelê het, was dit by die gemeente van Laodicea weer sy rykdom. Hulle het daarmee geloop en spog dat hulle ryk is en aan niks gebrek het nie. En dit was juis hierdie grootpratery wat aanleiding gegee het tot die bittere klag van die Here. Die rykdom waarin die gemeente geleef het, was die oorsaak van hulle geestelike agteruit-

gang. Dit was so omdat hulle rydom hulle hoogmoedig en onafhanklik gemaak het. Daar het vervreemding tussen hulle en die Here gekom. Hulle hart het nie meer warm vir die Here geklop nie. Maar hulle was darem ook nie koud en onverskillig nie.

Maar hierdie toedrag van sake is nie vir die Here aanneemlik nie. As hulle harte warm geklop het vir die Here, sou Hy hulle innig liefgehad het. As hulle koud was, sou die Here hulle met sy warme liefde deurdring het. Maar nou is hulle so tussen-in, nie warm nie en ook nie koud nie, maar lou en dit kan die Here nie verdra nie. Daarom sal Hy hulle soos iets wat sleg smaak uit sy mond uitspuug.

Die Here gee hulle egter nog 'n kans. Hulle enigste redding iê daarin dat hulle van hulle rykdom moet vergeet en hulle slegs op die Here verlaat. Hulle moet hulle bekeer. Hy staan by die deur van hulle harte en klop en wag dat hulle hul harte vir Hom moet oopmaak dat Hy alleen Koning van hulle harte en lewens kan wees. Wie dit doen, sal saam met Jesus op sy troon mag sit in heerlikheid tot in ewigheid.

26 Mei. **Lees** Openb. 4:1-11. **Teks:** Openb. 4:3

DIE VOLLE REËNBOOG.

Die lewe van die gelowiges op aarde is 'n lewe van gesug omdat die satan nog altyd rondloop soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind. Baie dae lyk dit vir ons na 'n hopelose stryd. So staan Johannes byvoorbeeld op Patmos met 'n woeste see rondom hom. En so kan Johannes ook vra: Is alles dan tevergeefs?

En dan hoor hy meteens daardie magtige stem wat reeds tevore met hom gepraat het — 'n stem soos die van baie waters. Die stem sê vir hom: „Kom op hierheen, en dadelik was ek in die Gees." En aan Johannes is onuitspreeklike dinge gegee soos aan Paulus wat weggeruk is tot in die derde hemel.

So sien Johannes onder andere dat die Een wat op die troon sit die voorkoms het van die steen jaspis en sardius. Volgens Openb. 21:11 is die jaspis 'n baie kosbare steen. Sy kleur is kristalhelder soos die van 'n diamant en praat van die heerlikheid van God. Die sardius, wat 'n rooikleur uitstraal, spreek weer van die geregtigheid van God.

Wat egter opmerklik is, is dat hier gepraat word van die reënboog. „En rondom die troon was 'n reënboog wat in sy voorkoms gelyk het soos 'n smarag." Nou is die interessante dat die reënboog rondom die troon was.

Die reënboog het vir duisende jare in die wolke gestaan, sedert die dae van Noag, as 'n teken van God gegee, dat Hy die aarde nie meer deur water sal laat vergaan nie. Op die aarde is die teken egter net half gesien. Dit was maar net 'n halwe boog, net soos die genade van God op aarde maar ten dele ondervind is. Sonde en genade wissel mekaar hier gedurig af. Maar elkeen wat eendag, soos Johannes, die volledige reënboog sal sien sal vir ewig lewe net onder die genade en liefde van God in Christus.

Smarag is groen. Dit is die kleur van lewe en hoop. Dit is die kleur van die lente. En hierdie boog om die troon vertel van ewige lente vir die kinders van God. 'n Lente op 'n nuwe aarde onder 'n nuwe reënboog vanwaar die genade van God vir ewig sal afstraal op sy verlostes.

Hoeveel van ons verlang vandag om eendag te sien dit wat Johannes eenmaal gesien het?

27 Mei. **Lees** Openb. 5:1-8. **Teks:** Openb. 5:2.

WIE IS WAARDIG.

Die mens is geneig om homself baie dinge aan te matig. So spreek waardigheid 'n groot rol in die lewe van die mens. Ons wil almal waardig wees. Ja, die een wil waardiger wees as die ander. En tog: „Wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek."

Johannes, ook 'n mens, wat in die Gees verplaas is na die hemele, sien in die hand van Hom wat op die troon sit 'n boekrol beskrywe van binne en buite en verseël met sewe seëls. Hy besef dan seker ook dat daardie boekrol die openbaring bevat van die raadsbesluite van God die Skepper. Maar hy hoor ook 'n sterk engel met 'n groot stem uitroep: „Wie is waardig om die boek oop te maak en sy seëls te breek." Dit is die eiendom van die Almagtige self, en wat in die hemel en aarde sal gebeur, is afhanklik van die opening van daardie boekrol. En hoe waardig ons ookal dink ons is sê Openbaringe hier: „Niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde kon die boek oopmaak of daarin kyk nie." Nie die grootste gelowiges waaronder seker Moses, Jesaja, Dawid, Daniël, Paulus, Maria of Johannes kon die boek oopmaak nie. Ook niemand in die hemel soos Gabriël en Michael nie. Hulle is almal te onwaardig om hierdie magtige werk van God te doen. Ook nie die magtigste wêreld heersers uit die wêreld geskiedenis is instaat om die boekrol te open nie.

Net so staan die mens van die wêreld onbeholpe om homself te red. Daarom kan niemand opklim na die hemel nie. Net soos God alleen die boekrol sal open, so het God die wêreld verlos slegs deur Jesus Christus. Wat kan ons doen om onsself te verlos?

Die wêreld van vandag dink dat hy alles self kan doen. Maar al kan hy die maan bereik kan hy nie die boekrol open of homself verlos nie.

Hoe afhanklik is ons nog van God? Glo ons nog dat daar een is wat waardig is, naamlik God in Christus. En ons is slegs waardig wanneer ons nie meer leef nie, maar Christus in ons.

28 Mei. **Lees** Openb. 5:9-14. **Teks:** Openb. 5:9.

U IS WAARDIG.

Soos die lig kom uit die duisternis, so kom die lewe uit die dood. Jesus Christus het nie na die aarde gekom om vir ons 'n voorbeeld te wees nie. Hy het ons kom verlos want ons was dood. Hy het ook nie gekom om die siekes gesond te maak en enkele dooies op te wek en die sondes van enkelinge te vergewe nie. Hy het gekom om die losprys te betaal vir die menslike geslag. Hy moes Satan en die magte van die nel oorwin en uit die gevangenis bevry. Hy moes die dood self oorwin. En toe dit gelyk het of alles misluk het, toe het Hy getriomfeer en die bloed van versoening ingedra in die hemelse heiligdom. Daarom kon een van die ouderlinge die wenede Johannes troos met die woorde: „Moenie ween nie: Kyk, die Leeu wat uit die stam Juda is, die Wortel van Dawid, het oorwin om die boek oop te maak en sy sewe seëls te breek."

So word Christus se woorde in Joh. 12:24 waar: „As die koringkorrel nie in die aarde val en sterwe nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug." Ja, om te sterf kon Hy eers die wortel van Dawid word. Hy moes soos 'n lam geslag word. Daarom dat Jesaja ook sê: „En in die dag sal die nasies vra na die wortel van Isai wat daar staan as 'n banier van die volke; en sy rusplek sal heerlik wees."

Maar Hy is ook die Leeu uit die stam van Juda. En om sy volk te verlos moet Hy die oordeel bring oor Satan en die opstandige volk en hul leiers. So word die lam 'n Leeu.

En so kan alleen Hy wat Lam was Leeu word die boekrol oopmaak. En daarom kan ook Hy alleen uitvoering gee aan die raadsbesluite van God teenoor die mensdom, die aarde en die hemel.

So het die ouderling Johannes getroos met Jesus Christus. Wie is vandag ons troos? Soek ons dit nog by Christus of by die wêreld en onsself?

Sing ons ook die nuwe lied: „U is Waardig."

29 Mei. **Lees** Openb. 6:1-2. **Teks:** Openb. 6:2.

DIE WIT PERD.

Johannes sien hoedat die Lam een van die seëls van die boekrol oopmaak. Net voor dit was daar 'n magtige donderslag. Dit was een van die vier lewende wesens wat gepraat het. Vier is die aardse getal, soos die vier windstreke en die vier jaargetye op die aarde.

Hierdie stem roep: „Kom kyk!" „Daar was 'n wit perd." Johannes het seker dadelik begryp wat dit beteken. Ir die Bybel het die perd slegs een betekenis — dit is die oorlogsdier. Die trekdier was die os, volgens Num. 7:7, en die rydier was die esel (Num. 22:21). In Job 39:23-28 word die perd pragtig beskryf as oorlogsdier. Van vêr ruik hy die oorlog.

Dit is 'n wit perd en wit is die kleur van oorwinning. „En hy wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan om te oorwin." Dit laat dan ook geen twyfel dat hy wat op die wit perd sit sy vyand gaan oorwin nie.

Johannes en die gemeentes van die Here was nog gedurig aan die verloorkant op die aarde. Johannes sit as 'n banneling op Patmos en die gemeentes word vervolg. Ook het hul leier 'n smadelike dood aan die kruis gesterf. As hy dan die persoon op die wit perd sien vra hy seker saam met Jesaja: „Wie is dit wat daar aankom pragtig in sy gewaad, wat agteroor buig in die volheid van sy krag?" En die antwoord wat hy gekry het is: „Ek is dit wat geregtigheid spreek, wat magtig is om te verlos."

En hierdie ruiter is dieselfde as die van Openb. 19 en sy Naam is die Woord van God. Dit is Jesus Christus. Dit is dan ook die blydskap by die Christen dat ons Oorwinnaar leef en sal kom op die wit perd. Hy sal al sy vyande oorwin en ons ook voer tot oorwinning. Hy sal sy vyande 'n voetbank van sy voete maak.

Elkeen wat dan ook in Hom glo sal mede oorwinnaar wees en lewe tot in ewigheid.

Daarom is ons bede: „Here gee ons meer geloof."

30 Mei. **Lees** Openb. 6:3-4. **Teks:** Openb. 6:4.

DIE VUURROOI PERD.

Hier word weer gepraat van die perd, die oorlogsdier. Nou is dit 'n vuurrooi perd as die seël oopgemaak word. Rooi is die kleur van bloed. Hierdie ruiter ontvang ook 'n swaard. 'n Swaard is vir oorlog bedoel. Hy sal dan ook die vrede van die aarde af wegneem. Die ruiter is waarskynlik een van die magtige geeste van God, want 'n sekere mag is aan hom gegee. Hy het die opdrag om die vrede van die aarde af weg te neem.

Toe Jesus op die aarde was het Hy hierdie toestand aangekondig: „En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë." Hierdie dinge is dan ook voortekens van die wederkoms van Christus na die aarde. Alhoewel daar nog altyd oorloë op die aarde was sal hierdie baie intenser wees. Dink maar aan al die dreigende bedrywighede vandag. Hierdie ruiter het dan ook 'n groot swaard in sy hand. En die ruiter kom om die vrede van die aarde af weg te neem. Die Bybel sê dan ook duidelik dat hulle mekaar sal doodmaak. Hierdie afval kom omdat die mens al hoe meer afvallig word van God.

Paulus sê ook duidelik dat hul die liefde tot die waarheid nie aangeneem het nie, en daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur om die leuen te glo.

So sal dan die vuurrooi perd uittrek om die vrede op die aarde te verdryf. En eindelik sal die wêreld in twee kampe verdeel word, soos dit al eintlik is. Hulle sal teen mekaar bots waar die leërs volgens Openb. 9:16 twee maal tienduisend maal tienduisend sal tel. Dit sal word 'n oorlog van nasies teen mekaar.

Tog kan die gelowiges daardie dae tegemoet gaan omdat ons as oorwinnaars lewe. Soos die Israeliete deur die Rooi See veilig voor Farao deurgetrek het, so sal God sy kinders lei deur al die ellendes heen. Saam met Ps. 91:7-8 kan die gelowige in die wêreld uitroep „Al val daar duisend aan jou sy en tienduisend aan jou regterhand — na jou sal dit nie aankom nie. Net met jou oë sal jy die vergelding van die goddelose sien."

Is ons geloof in Jesus Christus nog so sterk dat ons kans sien vir die wêreldstryd?

31 Mei. **Lees** Openb. 6:5-6. **Teks:** Openb. 6:5.

DIE SWART PERD.

Die swart perd stel voor die hongersnood na 'n oorlog. In 'n oorlog word alles opgeoffer, die jong manne en die voedselvoorrade. Dan word daar na die gewone volk nie veel omgesien nie, want die leërs moet gevoed word. As daar dan nog 'n droogte kom of haelstorms of ander plae, hoe groot is die ellende dan nie.

Die swart perd stel die hongersnood voor. In die Hollandse vertaling lees ons in Klaagliedere 5:10 dat ons vel swart geword het van die honger. So vertaal die Engelse Bybel dit ook met „black."

Hongersnood is ook in die hand van die Here. So lees ons in Esegiël: „Mensekind, kyk, Ek verbreek die staf van die brood in Jerusalem, en hulle sal brood by die gewig en met kommer eet en water by die maat en met verbaasdheid drink."

Johannes sien die engel op die swart perd met 'n weegskaal in sy hand. Alles wat verkoop word, sal geweeg word. „'n Rantsoen koring vir 'n penning en drie rantsoene gars vir 'n penning."

'n Penning, ongeveer sewe sent, was die dagloon van 'n arbeider. As hy dan nog 'n familie ook het, hoe sal hy vir hulle sorg? Die garsbrood is drie rantsoene maar minderwaardig.

„En moenie die olie en die wyn beskadig nie." Dit is weelde artikels. Dit sal met ander woorde daaraan nie ontbreek nie. Aan die eenkant sal daar dus weelde wees en aan die anderkant gebrek aan die daaglikse. So sal die swart perd ook sy deel eis van die mensdom.

Tog kan die gelowige die tye tegemoet gaan met die taal van Dawid: „Ek was jonk, ook het ek oud geword, maar nooit het ek die regverdige verlate gesien, of dat sy nageslag brood soek nie."

So sal die Here ook vir die gelowiges kraaie beskik soos in die dae van Elia.

1 Junie **Lees** Openb. 6:7-8. **Teks:** Openb. 6:8.

DIE VAAL PERD.

Dit blyk uit die gedeelte dat God die dood sal loslaat oor die aarde. „Daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood." Dit laat 'n mens dink aan die griep van 1918. Dit het gekom soos die pes wat in die donker wandel, en die siekte wat op die middag verwoes. Johannes sê dan ook: „Aan hulle is mag gegee oor die vierde deel van die aarde om dood te maak met swaard en hongersnood en pes en deur die wilde diere van die aarde."

Soos die griep was, so praat die Bybel van pes wat duisende sal afmaai. Reeds nou hoor 'n mens van siektes soos cholera wat talle slagoffers eis.

Ook sterf talle van hongersnood in talle lande. Die vaal perd trek deur die wêreld en eis sy slagoffers.

So is ook die swaard in die wêreld om dood en verwoesting te saai. Daagliks word talle mense doodgeskiet. Dink maar net aan Viëtnam.

Dan word hier ook gepraat van wilde diere. Wilde diere word alreeds in Esegiël genoem as 'n gerig. Ook Lev. 26 praat van wilde diere as 'n strafgerig.

In die paradys was geen verskeurende diere soos tiers, leeus, bere, krokodille besig om te verwoes nie. Al hierdie word egter genoem as plae wat oor die mensheid sal kom vanweë die goddeloosheid van die laaste dae. Die vaal perd, die dood, sal sy verwoesting op alle maniere saai. Die doderyk volg hom, aldus die Bybel. Die doderyk sluk dus alles in waar die vaal perd langs gegaan het.

Maar die gelowige weet ook dat Jesus die dood oorwin het. Daarom behoort daar geen vrees by die gelowige te wees nie. Hulle is saam met Christus mede-oorwinnaars oor die dood.

Die gelowige glo en bely ook dat die engel van die Here 'n laer sal trek rondom diegene wat Hom vrees en hulle sal red.

Is daar by ons nog die vrees vir die Here?

2 Junie. **Lees** Hand. 2:1-4. **Teks:** Hand. 2:1.

DEUR DIE GEES VAN GOD WORD MENSE EENDRAGTIG SAAMGEBIND.

Die eerste kenmerk van die vroeë Christelike gemeente is seker dat vermeld word dat hulle eendragtig bymekaar was. Solank Jesus op die aarde was, het Hy sy dissipels om Homself saamgesnoer. Meteens is Hy egter weg. Hulle het Hom sien ten hemel vaar. Tog bly hulle eendragtig bymekaar. Hulle word nog saamgebind deur hierdie selfde Jesus.

Hy het ook belowe dat Hy hulle nie sal verlaat nie. Hy stuur sy Gees om by hulle te bly. In hierdie verwagting word die dissipels nie teleurgestel nie. Op Pinksterdag vind die wonderlike gebeurtenis plaas met die uitstorting van die Heilige Gees. Soveel sterker word hulle nou deur hierdie wondergebeure saamgebind. Jesus is nie weg nie. Hy wil nog met hulle gemeenskap hou. Na sy Godheid, Majesteit en Gees wyk Hy nooit meer van ons nie.

Dit is die vreugde daar waar die dissipels op die pinksterfees vergader en dit is die vreugde waarin die ganse Christelike kerk nog steeds kan deel. Hy wyk nooit meer van ons nie. Na sy Gees bind Hy sy dissipels saam daar op die pinksterfees as mense wat aan Hom behoort. Na sy Gees bind Hy sy dissipels tot vandag toe en tot op die laaste dag saam as mense wat aan Hom behoort.

Daarom leef die gelowige nie uit kleinlike verskilletjies onderling tussen mense nie. Gelowiges word saamgebind deur 'n oorweldigend blye boodskap. Hy is bewus van opstanding uit die dode. Deur die werking van die Gees van God in sy hart weet hy dat Jesus Christus die Here is. Daarom kan gelowiges soos in die vroeë gemeente nog steeds eendragtiglik bymekaarkom in 'n fees tot eer van God.

3 Junie. **Lees** Hand. 2:14-21. **Teks:** Hand. 2:21.

GOD SE ONTFERMING IS GROOT.

Wat 'n getuienis van God se grote liefde lê daar nie in hierdie woorde opgesluit nie! Wat is die mens dat U aan hom sou dink, sê die Psalmis. Let ons op die mens soos sy doen en late in die wêreld is of soos die Bybel hom teken, dan kry 'n mens 'n prentjie van 'n liefdelose, eiegeregtige, opstandige wese. Die gebooie wat God aan hom gee, verbreek hy voortdurend. As God van hom liefde vra, dan antwoord hy met haat en nydigheid.

So 'n wese kan tog nie by God welkom wees nie. En nou word die woorde van die teksvers op 'n paar plekke in die Bybel weergegee. Daar word nie eers onderskeid gemaak en voorkeur gegee nie. Vir sy redding word daar nie eers 'n lang lys opgestel wat die mens eers moet doen voor hy kan gered word nie. Daar word nie van mense gepraat wat te sleg is om gered te word nie. Daar word nie gesê dat sekere mense te ver benede God is om gered te word nie. Daar word slegs gesê dat elkeen wat die Naam van die Here aanroep sal gered word.

Meteen staan daar teenoor al my sonde en skuld 'n God so groot en vol ontferming. Jesus Christus het gesterwe en vir my verrys. Hy het die segepraal ook vir my verwerwe. Nou laat my skuld my nie meer twyfel nie. Nou bly alleen dié God oor wat groter is as my hart.

Nou is dit nie meer die vrees vir straf nie. Nou bly alleen oor die vreugde en dankbaarheid voor dié God wat sy Seun laat sterf het sodat ek by die aanroep van sy Naam ook weet dat ek gered sal word.

4 Junie. **Lees** Hand. 2:41-47. **Teks:** Hand. 2:42.

DIE GELOWIGE BLY VOLHARD.

Onder die kenmerke van die eerste Christelike gemeente is daar ook die vermelding dat hulle volhard het. Hulle nuutgevonde geloof was nie iets wat sommer net van verbygaande aard was nie. Hulle godsdiens was nie net 'n kortstondige sensasie nie. Dit was vir hulle iets blywends. Hulle het mense met 'n toekomsverwagting geword. Dit hetnou vir hulle gegaan om die ewige waarheid van lewe en verlossing in Jesus Christus. Dit gaan nie meer net om die verganklikheid van 'n aardse bestaan nie. Dit gaan nou om die ewigheid.

Daar is vir hierdie mense iets wat blywends is. Daarom volhard hulle. Maar hulle weet ook waarin hulle volhard. Hulle ken die leer van die apostels. Daarom word hulle nie meegsleur deur elke nuwe leer wat aan hulle voorgehou word nie. Die enigste dat Jesus Christus in die wêreld gekom het en gely en gesterwe het sodat elkeen wat in Hom glo, kan gered word.

Daarom kry hierdie leer ook vir hulle betekenis in hulle daaglikse lewens. As God dan met ons wil bemoeienis maak, dan moet dit tog daartoe lei dat ons ook met mekaar wil bemoeienis maak en daarom ook met mekaar wil gemeenskap hou. Hulle wil die gemeenskap met God nie loslaat nie. Hulle weet dat sonder God word 'n mens dwalend en soekend sonder enige verwagting. Daarom volhard hulle ook in die gebede. So leef hierdie mense in vreugde en dankbaarheid dit uit wat hulle in hulle harte voel.

5 Junie. **Lees** Hand. 3:1-9. **Teks:** Hand. 3:6.

JESUS GENEES VAN DIE SONDE.

'n Besondere ervaring val die man te beurt van wie daar in hierdie hoofstuk vertel word. Ongeskik vir werk deurdat hy van geboorte af kreupel is, sit hy dag vir dag voor die ingang van die tempel en bedel.

Die eerste woorde wat Petrus tot hom rig, is teleurstellend. Hy het nie goud en silwer nie. Hy kan dus niks van Petrus verwag nie. Maar Petrus gee hom die vermoë om op te staan en te loop. In 'n oomblik se tyd kan hy doen wat hy van geboorte af nog nooit kon doen nie.

Maar hy ontvang iets meer as net die herstel van 'n liggaamsgebrek. Hierdie wonder geskied in die Naam van Jesus Christus die Nasarener. Hy herstel nie net die liggaamsgebrek nie. Hy herstel veel meer. Hy herstel die mens uit sy geestelike kreupelheid vanweë die sonde. Hy stel die mens vlekkeloos en sonder gebrek voor die aangesig van God. Hy skenk nie silwer en goud nie. Hy gee herstel en opstanding tot die ewige lewe.

Soos die kreupele kan opstaan en die tempel juigend binne-hardloop, so staan die gelowige eenmaal op om Gods koninkryk juigend binne te tree. In die Naam van Jesus Christus die Nasarener staan die kreupele op en loop. In die Naam van Jesus Christus die Nasarener staan ons eenmaal op in Gods koninkryk. Dit is nie net die kreupele wat 'n besondere ervaring deel deur die hoor van hierdie Naam nie. Ons deel nog altyd in hierdie selfde vreugde.

6 Junie. **Lees** Hand. 3:17-23. **Teks:** Hand. 3:18.

DIE SKRIFTE IS VERVUL

Wanneer Petrus in die tempel praat na aanleiding van die herstel van kreupelgeborene, dan staan hy op die gesag van 'n verkondiging waarmee die mense in die tempel baie goed bekend is. Vir eeue lank al is die woorde van Moses bekend dat God 'n Profeet sal verwek na wie geluister moet word. Vir eeue lank al leef hulle in die verwagting op 'n Messias.

Al wat Petrus dus meedeel is dat al hierdie verwagtings waarin hulle soveel eeue reeds leef, vervul is. Deur die mond van al sy profete, sê hy, is verkondig dat die Christus sou ly. Daardie dinge het ook werklik so gebeur. As Jesaja dan voorspel van 'n lam wat stom is voor sy skeerders of wat ons krankhede op hom geneem het, dan is hierdie verkondigings van die profete in Jesus Christus vervul. Petrus kom nie iets vreemds aan die mense verkondig nie. Hy kom iets meedeel wat aan hulle reeds vir baie lank bekend is. Dit behoort vir almal duidelik te wees dat hy nie op eie gesag praat nie maar dat hy praat op gesag van die Woord van God.

Die mense kan net met vreugde besef dat hierdie Woord vervul is. So het God die mensdom daarop voorberei dat teenoor die sonde en afval van die mensdom God in ontfermde liefde staan. Hy sal self op sy tyd sorg dat hierdie wanverhouding waarvoor die mens verantwoordelik is, beëindig word. Aan die mensdom is meegedeel dat die sonde van die mens so groot is dat Christus vir daardie sonde moet ly en sterwe om verlossing vir die mens te bring.

Saam met die mense wat uit die mond van Petrus moes hoor dat die verkondiging van die profete vervul is, kan ons in blydskap terug dink aan die groot dade van God.

7 Junie. **Lees** Hand. 4:8-12. **Teks:** Hand. 4:12.

JESUS ALLEEN.

In die geskiedenis van die mensdom is daar baie name wat vir eeue lank van geslag tot geslag voortgedra is. Met hierdie name word persone aangedui wat in die geskiedenis van die mensdom 'n belangrike plek ingeneem het. Geen wonder dat die Prediker sê dat 'n goeie naam beter as 'n goeie olie is nie.

Ook in die geskiedenis van die kerk was daar deur die eeue heen mense wie se name steeds onthou sal word vir die groot dinge wat hulle in die diens van die koninkryk van God gedoen het. Tog word elke groot belangrike naam 'n nietigheid wanneer dit naas die Naam van Jesus gestel word. Daar is geen ander naam onder die hemel aan die mense gegee waardeur ons gered kan word nie. Al sou wie ookal wat wou doen, dit is vir enige mens onmoontlik om Jesus se heilswerk oor te neem. Hy alleen kan middelaar wees. Hy alleen kan by God vir ons intree. Elke ander mens ongeag sy goeie hoedanighede is deur hierdie Middelaar gered.

Of dit nou Petrus of Johannes of Maria of Paulus of wie ook al is, hulle name vervaag wanneer dit naas die Naam van Jesus gestel word. Geen wonder dat die groot Kerkhervormers weer opnuut beklemtoon het dat dit om Jesus alleen gaan nie. Daar is vir ons geen ander Naam onder die hemel aan die mense gegee waardeur ons gered kan word nie as die Naam van Jesus.

8 Junie. **Lees** Hand. 4:18-21. **Teks:** Hand. 4:20.

DIE GELOWIGE KAN NIE SWYG OOR CHRISTUS NIE.

Die apostels het 'n wonderbaarlike ervaring beleef. Slegs enkele mense was bevoorreg om vir 'n paar jaar persoonlik te verkeer met Jesus. Soos 'n groot voorspel in afwagting op iets wonderbaarliks wat moet gebeur, staan die Ou Testament daar.

Mense praat en hoop dat die Messias moet kom. Eeue het gekom en gegaan sonder dat iemand Hom ooit gesien het. En dan vir drie jaar lank het die apostels in sy geselskap verkeer. Dit is onmoontlik om oor so 'n ervaring te swyg. Hulle voel verplig om te spreek oor die dinge wat hulle gesien en gehoor het.

Maar dit is ook vir hulle om 'n ander rede onmoontlik om te swyg. Deur die kragtige werking van die Heilige Gees in hulle harte is dit vir hulle onmoontlik om nie te spreek oor wat hulle gesien en gehoor het nie. Dit is nie maar net 'n menslike begeerte om van 'n wonderlike ervaring te vertel nie. Dit is God self wat in hulle harte werk. Daarom kan die dreigemente en geweld van die owerpriesters en ouderlinge hulle nie tot swye bring nie.

So werk God nog steeds in die harte van gelowiges. So is gelowiges nog steeds bewus van die groot dade van God. So kan gelowiges tot vandag toe nie ophou om te spreek van die groot dinge wat God in Christus Jesus vir ons gedoen het nie. So mag die gelowige hom nog steeds deur niks die swye laat oplê oor die dinge wat God vir hom gedoen het nie.

9 Junie. **Lees** Hand. 5:1-16. **Teks:** Hand. 5:4.

NIE VOOR MENSE NIE . . . VOOR GOD.

Ananías het mos gedink dat Petrus nooit sou weet dat hy 'n gedeelte van die prys vir homself terughou nie. Die groot sonde hier was nie dat hy 'n gedeelte van die geld teruggehou het nie, maar die feit dat hy hom vals voorgedoen het. Hy het voorgegee dat hy ook **alles** bring soos die ander dissipels; niemand het hom dit gevra nie, nee, dit was 'n vrywillige daad en hy het waarskynlik met homself geredeneer én met sy vrou en gesê: „Nou sal hulle ook sê: Kyk, Ananías is ook 'n dissipel en hy handel net soos die dissipels." Met onder woorde, hy het Petrus opsetlik bedrieg. Maar hy het vergeet dat hy daarmee God ook bedrieg. „Jy het nie vir mense gelieg nie, maar vir God."

Die Heilige Gees, God, sien ons en ken ons en weet alles van ons, maar hoe dikwels vergeet ons dit nie? Daar waar die gemeente vergader, is dit nie die prediker of ouderling wat van belang is nie — hoewel hulle ampte belangrik is; die belangrikste Persoon is die Heilige Gees. Bo Petrus was God die Heilige Gees. As iemand na die kerk kom met bedrog en skynheiligheid, dan sien en weet die Heilige Gees dit. Al kom ons ook hoe mooi en goed voor en dink die omstanders hoe baie van ons, tog kyk die Gees van God dwarsdeur ons en Hy sal vir ons sê: „Jy het nie vir die mense gelieg nie, maar vir God."

Ananías moes boet met sy lewe. Agan moes sterwe omdat hy ook met Gods Gees gespeel het. Sal ons dan nie waak en bid om versigtig te wees in ons godsdiens nie? Dit is nie wat die mense van ons dink nie, maar God! Hoe sien Hy ons? Pas op dat u nie terughou van wat u reeds op die altaar van God geplaas het nie. Pas op dat u nie God probeer bedrieg nie.

10 Junie. **Lees** Hand. 5:17-26. **Teks:** Hand. 5:19.

GEOPENDE DEURE.

Dié wat gemeen het dat die apostels nou in die gevangenis vir goed die swye opgelê is, het nie rekening gehou met die krag van God nie. Hy het 'n engel gestuur om die deure oop te maak en hulle uit te lei. Daarna is hulle beveel om in die tempel „al die woorde van hierdie lewe" aan die volk te verkondig. En hulle sou 'n boodskap hê, nie net vir „hierdie lewe nie," maar ook vir die ewige lewe, want hulle boodskap was die boodskap van die ewig-lewende Christus.

Hy is die Christus wat die bande van die dood verbreek het en die in sonde vasgevange mense vrygemaak het.

So is daar vandag nog geen deur wat die Here nie kan oopsluit nie Daar waar gevaar of versoeking of pyn op u wag, sluit God vir u 'n deur oop om u te bewaar. Maar Hy sluit ook vir ons deure oop om by in te gaan; en aan ons te skenk geloof, heiligmaking en hoop.

En as u in die gevangenis, van sonde verkeer, met bande en boeie en kettings van ongeregtigheid gebind — ook vir u kan Hy losmaak en vry uitlei in sy diens om deur u getuienis „al die woorde van hierdie lewe" vir die naaste te spreek.

11 Junie. **Lees** Hand. 5:27-42. **Teks:** Hand. 5:29.

NIE SWYG NIE.

Nog steeds probeer die Joodse Raad om die monde van die Meester se getuies te snoer. En hoe moeiliker hierdie taak geblyk het, hoe onrustiger het die owerpriesters geword. Die skuldige gewete was besig om te ontwaak. Hulle het die „bloed van hierdie Man" Jesus gevrees. Want hulle het geweet dat hierdie bloed aan hulle hande, bloed was wat hulle sou veroordeel omdat hulle die hande aan hom geslaan het. Vir hulle was sy bloed nie tot redding nie, maar tot oordeel. En so sal dit wees ook met elkeen wat deur woord en daad die Meester kruisig en so sy bloed van genade vertrap tot 'n bloed van veroordeling.

Petrus en Johannes weier egter om deur hierdie skuldige mense die swye opgelê te word. Inteendeel beskuldig hulle hul op ondubbelsinnige wyse deur te sê dat hulle Jesus „omgebring het deur Hom aan 'n kruishout te hang." En hulle motiveer hulle uitgesproke belydenis deur te sê: „Ons moet God meer gehoorsaam wees as mense."

Ook ons kan en moet hulle voorbeeld navolg. So dikwels pas ons heilige beginsels aan by die verdraaide publieke opinie. Ons demp die stem van ons getuienis omdat ons mense konsidereer. Ons verwater ons boodskap uit mensevrees. En ons is die mens soms meer gehoorsaam as God!

12 Junie. **Lees** Hand. 6:1-7. **Teks:** Hand. 6:3.

MANNE VAN GOEIE GETUIENIS.

Die Here stel bepaalde eise aan die wat in sy diens moet staan. Dit blyk reeds hier by die aanstelling van die eerste sewe diakens. Hulle moes mense wees met bepaalde eienskappe. „Manne van goeie getuienis." Met ander woorde, manne wie se handel en wandel in die samelewing bekend staan as onberispelik en voorbeeldig. Hulle moes ook wees „vol van die Heilige Gees."

Vandag nog verwag God dat sy medewerkers manne en vroue van goeie getuienis sal wees. Voorts moet hulle wees „manne van wysheid." Diegene wat die Here gebruik, het ook omsigtigheid, wyse oordeel en nugtere verstand nodig. Vandag kan God se werk veel skade ly as gevolg van 'n heethoof en 'n dwaas wat te kort skiet aan Christelike wysheid.

Ons merk ook dat die Here en sy kerk steeds omgesien het na die nood van die medemens deur aan hom die evangelie te verkondig en barmhartigheid aan hom bewys. Ook vandag moet die oë van die kerk oopbly, om ook goed te doen aan die wat veragter ook op tydelike gebied.

13 Junie. **Lees** Hand. 6:8-15. **Teks:** Hand. 6:15.

WARE VROOMHEID.

Stefanus was die eerste Christen om vir sy geloof te sterwe. Hy sou bekend staan as die eerste martelaar. Die marteldood was te veel vir hulle wat nie geheel en al getroue volgelinge van Jesus was nie. Ook u en ek moet steeds vir onsself rekenskap gee of ons bereid sou wees om vir die Meester te sterwe as dit nodig sou blyk.

Maar ons moet ook bereid wees om elke dag vir Hom te lewe! En as 'n mens vir die Here gelewe het, sal jy ook maklik vir Hom sterwe. Soos met Christus, het hulle ook met Stefanus gemaak. Mense is opgestook, leuens is versprei en valse getuies het opgetree. Vandag nog gebruik die wêreld hierdie gemene wapens om kinders van God te breek.

Die mense was verbaas om te merk dat Stefanus se gesig soos dié van 'n engel was. Hy het anders gelyk as sy sondige vervolgers. Maar eintlik was sy vrome gesig maar 'n weerkaatsing van wat daar in sy siel was — „Hy was vol geloof en krag" en daar was by hom „wysheid". So moet ook ons deur die geloof lewe en sterwe.

14 Junie. **Lees** Hand. 7:1-53. **Teks:** Hand. 7:51.

ONHEILIGE WEERSTAND.

Dit lyk asof Stéfanus hier in sy redevoering skielik onderbreek is, want die vers het nie 'n onmiddelike verband met die vorige vers nie. Miskien het die Jode van Sanhédrin hom in die rede geval met hulle aanvalle en geskree, daarom sê hy in vers 52: „Watter een van die profete het julle vaders nie vervolg nie? Ja, hulle het dié gedood wat vooraf die koms van die Regverdige verkondig het." In skerp taal het hy hulle aangeval; hy noem hulle hardnekkiges en onbesnedes van hart en ore. Hy beskuldig hulle dat hulle altyd die Heilige Gees weerstaan.

Hulle het die Heilige Gees waarlik weerstaan, want hulle wou nie eers verder luister wat Stéfanus te sê het omtrent Jesus die Regverdige, nie. Hulle het hul ore toegestop en soos een man op hom aangestorm.

Is ons nie ook dikwels hardnekkig en onbesnede van hart en ore nie? Ja, ons weerstaan dikwels die Heilige Gees. As die Woord van God ons raak in verband met een of ander sonde in ons lewe, dan maak ons ons ore daarvoor toe en ons gaan voort met daardie sonde; of baie keer is

ons kwaad vir die predikant omdat hy kwansuis te skerp is. Ons weerstaan die Heilige Gees as ons nie wil hê dat die sonde in sy naaktheid genoem moet word nie. Ons weerstaan die Gees as ons moedswillig wegbly van die gepredikte woord. Ons moet nie hardnekkig wees nie, maar gewilliglik luister na Hom, want Hy wil ons na Christus toe lei; Hy soek ons verlossing.

15 Junie. **Lees** Hand. 7:54-60. **Teks:** Hand. 7:58.

WELGETROOS STERWE.

Toe Stéfanus sy hoorders daarvan beskuldig dat hulle die Regverdige verraai en vermoor het, was hulle woedend in hulle hart, maar hy was vol van die Heilige Gees, en God skenk hom 'n hemelse visioen om hom in sy nood en ellende te versterk. Reeds sien hy die hemeldeure oop asof om hom te ontvang. Christus wat aan die regterhand van God is, staan asof Hy met groot belangstelling die dapper stryd van die eerste martelaar volg.

Soos hulle dan aan Hom gedoen het, doen hulle ook aan sy dissipels. Buite die stad word hy na sy dood geneem. Hulle klere word gelê aan die voete van waarskynlik die jongste lid van die Joodse Raad, die dertigjarige Saulus van Tarsus. En so voltrek die wrede beule die vonnis. Maar die man wat hulle klere oppas, sou die grootste enkele bydrae lewer tot die uitbreiding van die koninkryk waarvoor dié martelaar, wie se dood hy nou goedkeur, gesterf het.

En Stéfanus, met die gesig soos 'n engel, sterwe soos 'n held. Ja, as gelowige sterwe hy met twee kruisbedes op sy lippe: „Here Jesus ontvang my gees!" en „Here, reken hulle hierdie sonde nie toe nie." So kan alleen hulle sterwe wat **vir** God en **met** God en **deur** God gelewe het.

16 Junie. **Lees:** Hand. 8:26-31. **Teks:** Hand. 8:27.

DIE MINISTER VAN FINANSIES VAN ETHIOPIË GAAN OP REIS.

Ons teksvers bring ons in aanraking met 'n man van wie daar gesê word dat hy op reis was. Hierdie man moes 'n voortreflike en belangrike heer gewees het. Die evangelis, Lukas, sê dat hy 'n hofdienaar van Kandacé die koningin van die Ethiopieërs was; dit wil sê, hy was die tesourier- die minister van finansies van daardie staat. Van hom staan daar verder ook geskrywe, dat hy op sy wa gesit het. Hy het dus 'n wa besit. En hoewel dit in ons tyd nie veel beteken en sê nie, was dit in daardie tyd 'n duidelik bewys dat hy 'n welgestelde en aansienlike man moes gewees het.

Dit is egter nie die magsposisie of die rykdom van hierdie man wat die evangelis Lukas beïndruk het om sy geskiedenis te boek te stel nie. Dit is nie die bogenoemde feite wat van die Ethiopiër 'n onvergeetlike persoon gemaak het nie. Wat u en my van hierdie man interesseer is nie sy hoë posisie of sy welgevulde beursie nie, maar sy reis. Hy het op reis gegaan. In die koerante lees ons daagliks van hierdie of daardie hooggeplaaste wat op reis is en nou lees ons ook hier in die boek Handelinge van so 'n staatsman: Die man van ons tekshoofstuk is egter nie op 'n staatsbesoek of op 'n sakereis of vir die plesier om vreemde lande te besigtig nie, maar hy is op reis om . . . te aanbid. Dit was 'n baie merkwaardige reis. Daar is in ons tyd nie baie mense wat met hierdie doel

op reis is nie — „en daar was 'n man van Ethiopië . . . wat . . . na Jerusalem gekom het om te aanbid." „Soos 'n hert wat smag na waterstrome so smag my siel na U o God." In die hart van hierdie man was daar 'n hunkering, 'n verlange, 'n begeerte om God te dien en daarom het hy op reis gegaan, op reis om die Naam van die Here aan te roep in die voorhowe van die huis van die Here binne in Jerusalem.

By al sy drukke werksaamhede, en tenspyte van sy besige en vol lewe, het hierdie man ook nog tyd gevind, eintlik gemaak, om God te soek, om die Here te aanbid. Sal dit ook eenmaal van u en my gesê kan word?

17 Junie. **Lees** Hand. 8:26-35. **Teks:** Hand. 8:35.

'N RYLOPER VERKONDIG CHRISTUS VANUIT DIE SKRIF.

Op die eensame pad wat van Jerusalem af loop na Gasa staan daar 'n man langs die pad; dit is Fillipus. God het hom daarheen gestuur. Gestuur na die pad waarlangs die soekende Ethiopiër gereis het. God stuur Filippus na die pad in die suide met 'n bepaalde doel, naamlik om die hofdienaar in sy soeke na God tot hulp te wees.

Die hofdienaar het sy wa tot stilstand laat kom en Filippus opgelaai. En deur hom op te laai, kan ons sê, het daar by hom op die wa 'n erediens begin. Die tekshoofstuk vir daardie geleentheid was Jes. 53 — die skrifgedeelte waaruit die hofdienaar gesit en lees het, maar nie verstaan het nie. ‚En Filippus het sy mond geopen en van hierdie Skrif af begin en die evangelie van Jesus aan Hom verkondig." 'n Erediens is alleen 'n erediens as die Skrifte verklaar word; en daarom het Filippus begin deur die Skrif vir sy hoorder uit te lê, want dit is alleen die Skrif wat 'n mens na Christus toe heen voer. Filippus sê aan die hofdienaar dat hierdie Ou Testamentiese professie waaruit hy gelees het, heenwys na die Messias en dat dit in vervulling gegaan het met die lyde en sterwe van die Here Jesus. Vanuit die Skrif wys die prediker Filippus, die hofdienaar na Christus toe heen. Uit dit wat aan hom gepredik word, word die lewende God aan hom kenbaar gemaak, hy maak kennis met die God wat in Christus 'n reddende hand na 'n sondige en verloregaande mensdom uitgesteek het. Dit is by die uitlê van die Skrif waar hy van die opsoekende en reddende liefde van God verneem het. Eers nadat Filippus die Skrif gepreek het, het daar vir die hofdienaar 'n lig opgegaan. Hy het begin verstaan wat daar geskrywe is. En nou is Christus sy enigste hoop op die saligheid. Die Skrif sê dat hierdie Lam wat geslag is, die soenoffer is vir die sondes van al die mense. Wie in Hom glo, sal deur Hom gered word, en wie aan Hom toebehoort, die mag verneem: „Al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol." Die bloed van Christus reinig ons van al ons sondes.

18 Junie. **Lees** Hand. 8:36-38. **Teks:** Hand. 8:36b en 37a.

ALLE DINGE IS MOONTLIK VIR DIE EEN WAT GLO.

In hierdie Skrifgedeelte verneem ons dat ‚die glo van iemand', die onmoontlike moontlik gemaak het; en dat dit wat nie geoorloof of toelaatbaar was nie, geoorloof en toegestaan is.

Die man van Ethiopië met wie ons in hierdie hoofstuk kennis gemaak het, moes een of ander tyd met die Joodse godsdiens in aanraking gekom het, vermoedelik was dit in Egipte waar vroeg Jode was. Blykbaar

het hy die Joodse godsdiens ook aanvaar. As dit nie so was nie, waarom sou hy dan na Jerusalem gekom het om te aanbid. Maar omdat hierdie man van Ethiopië, 'n hofdienaar, 'n kamerling was, met ander woorde 'n ontmande persoon was, was dit nie vir hom toelaatbaar om tot die Joodse godsdiens toe te tree nie. Die voorskrifte in die Wet het dit vir hom onmoontlik gemaak. Volgens Deut. 23:1 kon geen ontmande persoon tot die gemeente van Israel behoort nie. Sy opgaan na Jerusalem om te aanbid was eintlik vir hom teleurstellend en onbevredigend. Selfs 'n besoek aan Jerusalem, die brandpunt van die Joodse godsdiens, het aan hom geen vrede en vreugde besorg nie. Hy het sy terugreis onderneem sonder enige blydskap. Met 'n vurige verlange om die Skrifte te kan verstaan, het hy die boek Jesaja sit en lees toe Filippus by hom aangesluit het. En as die evangelie van Christus deur Filippus aan hom verkondig word, dan verstaan hy die Skrif. Hy verstaan dat ewige en ware vreugde alleen sy deel kan word as ook hy, die kamerling, kan toetree tot die gróép vir wie die Lam geslag is. En om te kan toetree, beteken dat hy gedoop sal moet word. Sy begeerte om deel te mag kry aan die verlossingsdaad van Christus, word uitgespreek in die woorde: „Daar is water wat verhinder my om gedoop te word." En dan gebeur die onmoontlike, die ongeoorloofde word toegelaat. „As u glo . . . is dit geoorloof." Die kamerling aan wie vantevore toegang tot en reg op die Heer geweier is, word gedoop, hy tree toe tot dié groep van mense aan wie God sy weldade bewys. Hy ontvang die teken, die waarborg dat hy deel kry aan die verlossing.

Dat u en ek wat gesondig het voor die regverdige oordele van God vrygespreek sal word, is nie moontlik nie; Ons verdien om uitgewerp te word in die buitenste duistenis. Dit is onmoontlik dat en ek by die Heilige God aanneemlik is. Maar nou het die onmoontlike in Christus ontwil aanvaarbaar geword. „Want so lief het God die wêreld gehad dat hy sy enige gebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar gered kan word." Ons word opgeroep om in die geloof aan hierdie Christus vas te hou.

19 Junie. **Lees** Hand. 9:1-6. **Teks:** Hand. 9:6.

WAT WIL U HÊ?.

Saulus ontvang magtiging van die hoëpriester om die Christene in Damaskus te volg. Op pad daarheen omstraal 'n hemelse lig hom en 'n hemelse stem roep hom tot besinning. Hierdie gebeurtenis is so oorweldigend dat hy homself op die grond neergooi; en as hy weer tot homself kom, dan is sy vraag aan die hemelse Christus, „Here wat wil U hê moet ek doen."

Hierdie ontmoeting met die Here, het 'n radikale verandering en ommekeer in die lewe van Saulus gewerk. Hy was op pad, om ander mense te boei — en nou word hyself 'n gevangene, die gevangene van Christus. Hy wat na Damaskus gegaan het om te vervolg — word die volgeling. Hy wat ander mense wou vernietig wat van „hierdie Weg" was — verkondig „hierdie Weg" as die enigste tot die ewige lewe. Dit word vir hom 'n betroubare woord en werd om tenvolle aangeneem te word, want dit is die krag van God tot redding vir elkeen wat glo.

Saulus leef nie meer nie, maar Christus leef in Paulus. Die grote Saulus het die kleine Paulus geword. Toe hy Jerusalem verlaat het, het dit by hom alleen gegaan om wat hy wil, maar hier in ons teksvers gaan dit alleen om wat die Here wil. In die lewe van Paulus is sy wil nie meer die belangrike nie. Sy wil word ondergeskik aan die van God gestel. Die lewe van Paulus het anders geword toe God met hom op die pad gepraat het.

God het ook baie keer en op baie maniere met ons op die pad gepraat. Is hierdie verandering ook in ons lewe te bespeur? Het u en ek al geleer om saam met Paulus te vra:- „Here wat wil U hê moet ek doen." Of leef ons maar nog voort in eiegeregtigheid, in eie wil asof God nog nooit met ons gepraat het nie? Het ons ons wil aan sy heilige en goddelike wil onderwerp?

20 Junie. **Lees** Hand. 9:6-12. **Teks:** Hand. 9:9.

DIE BLINDE WAT TOG GESIEN HET.

Ons teksvers vertel dat Paulus drie dae lank niks gesien het nie. Nadat Ananias hom egter die hande opgelê het, het daar iets soos skille van sy oë geval en hy kon weer sien. Deur die verblindende lig wat hom op die pad omstraal het, was hy dus tydelik met blindheid geslaan. Bo en behalwe dat hy niks gesien het nie, het Paulus gedurende daardie drie dae ook niks geëet of gedrink nie. Hy was dus in hierdie tyd in afsondering en bepeinsing. Dit was vir hom die tyd van nadenke en besinning. Deur Gods krag is hy verbrysel en deur Gods lig is hy verblind; tog het hierdie blinde Paulus in die drie dae van duistere afsondering en bepeinsing, meer gesien as wat hy ooit vantevore in sy lewe gesien het. Sy blinde oë sien 'n lig wat oor hom skyn en wat hom homself in sy naakte werklikheid laat sien het wat hom 'n wysheid leer soos hy aan die voete van Gamaliël nooit van gehoor het nie.

As Fariseër het hy gedink hy is volmaak en as yweraar vir die tempel het hy gemeen dat hy God behaag met sy dade, maar in sy blindheid sien hy nou dat hy tot hiertoe eintlik blind was; blind vir sy sonde, blind vir sy onvermoë en doemwaardigheid. Maar terselfdertyd was hy ook blind vir die liefde en genade wat God in Christus aan die wêreld geskenk het. Paulus se vleeslike oë is blind — hy het niks van al die dinge rondom hom gesien nie, maar in sy binneste is 'n geestelike oog geopen en het hy 'n heerlikheid gesien waarvan hy nooit kon droom nie, die heerlikheid van die saligheid wat toebedeel word aan almal wat in Hom glo en aan Christus die Here toebehoort. Wie verbaas op die grond neerval en die oë uit eerbied en ontsag sluit voor die wonder van Gods genade en liefde in Christus ons aangebied, die sien met die geestesoog jou eie sondigheid en verlorenheid, maar tegelyk sien jy ook die hande van die Heiland, reddend na jou uitgesteek.

21 Junie. **Lees** Hand. 9:10-16. **Teks:** Hand. 9:11b.

DIE GEBED IN DIE BINNEKAMER.

In die huis van Judas in Reguitstraat, sit daar 'n man, Saulus van Tarsus, hy is swak, blind en hulpeloos. En nou word Ananias deur die Here na hierdie swak, blind en hulpelose man gestuur. By die opdrag om te gaan, gee die Here ook die rede waarom Ananias na Saulus moet gaan. Ons ken seker almal die rede waarom die Here sy dissipel in Damaskus, na Saulus stuur. Die rede is immers voor die handliggend.

Saulus het op die pad na Damaskus tot bekering gekom. Die vervolger van die Christene het volgeling van Christus geword. En nou kan en wil die Heer hom in sy diens gebruik, hy is 'n uitverkore werktuig in die Koningsheerskappy van God. Bogenoemde is egter nie die rede wat God aanvoer nie. Dat hierdie swakke, blinde en hulpelise man bid — is die rede waarom hy Ananias na Saulus stuur.

Waarom noem die Here van alle dinge Saulus se gebed? Hierop het ons seker geen antwoord nie, want die Bybel gee hieroor geen uitspraak nie, maar as ons ernstig oor hierdie ‚bid' van Saulus nadink, dan kan ons daaruit sekere gevolgtrekkings maak. Vir God is die ‚bid' van Paulus belangrik en betekenisvol. Ananias sien Saulus soos wat u en ek mekaar sien, soos wat die spreekwoord dit uitdruk: „Ons sien mekaar voor die kop, maar nie in die krop nie." Terwyl ons mekaar se gesigte sien, weet ons nie wat daar in die binneste van 'n ander mens leef en woon nie. Waaraan kan ons sonder enige twyfel verseker wees van die opregtheid van die geloof van iemand anders? Is dit aan sy goeie dade en voorbeeldige lewe? Is dit aan sy getroue kerkbesoek en mooi lippebelydenis? Aan die pragtige en lange gebede in die openbaar miskien? Al hierdie dinge is goeie en lofwaardige dinge wat seker van elke gelowige verwag word, maar hierdie goeie dade en voorbeeldige lewenswandel in die openbaar, kan nog altyd die sonde van die privaatlewe bedek. Agter al hierdie mooi en lofwaardige dinge kan daar nog altyd 'n sondige daad skuil, waarvan geen mens weet nie. God sê egter van Paulus dat hy bid. Hy stort dus sy siel uit voor God. Hy het berou oor sy sonde en sy siel dors na lafenis en hy soek dit in die gebed by die lewensbron. Hierdie lafenis, hierdie vergewing kan die Here alleen aan hom gee. In die gebed word die saak uitgemaak en reggemaak tussen hom en sy God en daarom is die gebed belangrik. Aan die eensame gebed kan ons dus nie twyfel nie. By die eensame gebed is daar nie mense wat ons kan sien en hoor nie. Daar is nie mense voor wie ons 'n goeie vertoon wil lewer of op wie ons 'n goeie indruk wil maak nie. Ons het geen rede om te huigel nie. Hier is God alleen teenwoordig. In die eensame gebed word die siel verhef tot God om in al sy naaktheid voor God te staan, om met God te worstel of in verslaenheid God te smeek om genade, of om in vreugde voor God te juig. In die gebed gee die bidder homself resloos oor in die hande van God. „Want kyk hy bid" — so getuig die Here van Paulus. Wat sal hy in die verborgenheid sien van u en my getuig?

22 Junie. **Lees** Hand. 9:17-25. **Teks:** Hand. 9:20.

CHRISTUSVERKONDIGING.

Paulus was 'n man van durf en daad. 'n Man wat gedoen het wat die hand gevind het om te doen. By hom was daar nie so iets soos uitstel vir later nie. Die Heer se verskyning aan Paulus op die pad na Damaskus het van hom 'n nuwe mens gemaak, en met 'n nuwe doel voor oë het hy verder geloop. Hy het 'n nuwe taak en opdrag van die Heer ontvang. Hy is 'n uitverkore werktuig — en as werktuig wil hy werk. Werk want die nag kom, en dan kan niemand werk nie. Die werk wat hy moet doen is om die evangelie van Christus te verkondig. „En hy het dadelik . . ." , so lees ons, „ . . . Christus . . . verkondig."

Uit ons tekswoord kom daar veral twee gedagtes sterk na vore. In die eerste plek leer ons: Paulus het dadelik begin om die opdrag wat hy van die Heer ontvang het uit te voer. Hy stel nie uit tot later nie. Nou is die welaangename tyd. Hy begin onmiddelik met sy dienswerk.

Ten tweede moet ons daarop let dat hy sy dienswerk reg begin. Hy verkondig Christus. In sy preke in die Sinagoge tot die gelowiges, wys hy sy hoorders slegs na Christus toe heen. Hy praat nie oor homself of oor die gebeurtenis op pad na Damaskus nie. Hy vertel nie aan sy hoorders hoe hy tot bekering gekom het, of hoe swak en blind en hulpeloos hy daar in die huis van Judas in Reguitstraat gelê het nie. Dit is van minder belang. Die belangrikste in die lewe van Paulus is dat die sondige mens sal weet, dat hierdie Christus, die Seun van God is, dat Hy deur God in die wêreld ingestuur is om op te soek en te red wat verlore moes gaan. „En hy het dadelik Christus verkondig." Die liefde van Christus dring hom daartoe. „Wee my . . . " skryf hy later in een van sy briewe. „ . . . As ek die evangelie nie verkondig nie." Christus staan in al sy spreke in die middelpunt. Hy skryf dan ook aan die Korinthiërs: „Ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet as Jesus Christus en Hom as Gekruisigde." Hy skaam Hom nie vir die evangelie van Christus nie — al is dit vir die Grieke 'n dwaasheid en 'n struikelblok vir die Jode — hy het Christus verkondig, dat Hy die Seun van God is. Vir Paulus is Christus die spil waarom alles draai en nou wil hy dat Christus die middelpunt sal wees van die lewe van elke mens op aarde. Hy wil dat Christus deur almal aanvaar sal word as Verlosser en die enigste Hoop op saligheid.

Ons behoort Paulus hierin na te volg. In ons dienswerk gaan dit nie om onsself nie, maar dit gaan om Christus as die Seun van God. Doen wat die hand vind om te doen, doen dit soos wat Paulus gedoen het. „En hy het dadelik Christus verkondig . . ."

23 Junie. **Lees** Hand. 10:1-4. **Teks:** Hand. 10:2.

GELOOFSMOED.

Dit was seker uitsonderlik dat daar onder hierdie soldate so 'n godvrugtige man was. Die soldate was nie baie hoog aangeskrewe nie. Die diepe godsdienssin van Cornelius onder soveel goddeloosheid is inderdaad treffend. (Hy het seker ook nie veel aanmoediging van die Jode gehad nie). Sy godsvrug was ook nie net uiterlike vertoon nie. Dit was vir hom diepe erns gewees. Hy was altyddeur in gebed.

En nou was dit nie net Cornelius alleen wat die Naam van die Here aangeroep het nie. Nee, hy en sy hele huisgesin. En dit het vir sy huisgesin groot gevare ingehou. Want die Joodse godsdiens was gehaat. 'n Romein wat 'n vreemde godsdiens aanneem het hom aan swaar strawwe blootgestel. Ondanks al hierdie gevare het sy hele huisgesin die Here gedien. Hoe dikwels gebeur dit nie dat een of meer uit 'n huisgesin nie die Here dien nie. En dan word dit maar sien-der-oë deur die vingers gesien. Daar word niks daaraan gedoen nie!

Cornelius het verder ook baie aalmoese aan die volk gegee. En nou was dit nie met bymotiewe nie. Nee, hy het dit uit ware dankbaarheid vir die ryke seëninge wat God aan hom skenk, gedoen. En hy het dit nie net aan enkeles gedoen nie. Wanneer Lukas sê dat hy aan die volk aalmoese gegee het bedoel hy daarmee aan alle armes. Met hierdie aalmoese wou hy ook aan die Jode te kenne gee dat hy een is met hulle in hulle godsdiens.

Ons, as Christene, behoort ons dikwels eintlik te skaam as ons hoor van hierdie man wat ondanks soveel hindernisse, so godsvresend was. Want as 'n klein vonkie van die geloof soveel vermag wat moet die volle lig van die evangelie van Jesus Christus nie bewerk nie! Maar terwyl ons so dikwels oor Christus praat, verskil ons dalk sover van die godsvrug van hierdie man dat ons nouliks 'n skaduwee verstaan van die deugde wat by hom tot uiting kom. Hoe dikwels laat ons die gebed na, hoe traag is ons in die beoefening van Christelike barmhartigheidsdiens? En dit ondanks die feit dat ons weet van die offer wat aan die kruis van Golgota vir ons volbring is.

24 Junie. **Lees** Hand: 10:23-29. **Teks:** Hand. 10:24.

DEELGENOTE VAN DIE GELOOF.

Cornelius het nie alleen self die koms van Petrus angstig afgewag nie. Maar hy wou ook sy vriende en bekendes, deelgenote maak van sy geloof. Hy het seker nie nodig gehad om hulle ook uit te nooi nie. Want hy het geen bevel gehad om ander ook saam te nooi nie.

Maar hy het met homself oorleg gepleeg dat dit verkeerd sou wees as hy net aan homself dink en nie rekening sou hou met ander nie. Hy is van mening dat dit 'n skandelike nalatigheid van hom sou wees om die skat van die evangelie te begrawe en dit vir ander te misgun. Daarom het hy gedoen wat die Here deur Jesaja en Miga van sy kinders eis dat ons, ons broeders en susters aan die hand sal neem en aan hulle die evangelie sal verkondig.

Cornelius het ons, deur sy voorbeeld, geleer dat ons, wanneer die lig van Sy evangelie, ons harte bestraal, dit nie net vir onsself moet hou nie, maar ander ook moet voorlig en vir hulle die weg aanwys.

En wanneer ons dit doen moet daar ook, soos hier by Cornelius, geen vertoon wees nie. Cornelius roep ander om saam met hom onderrig te word in die evangelie. Ons moet steeds onthou dat ons ons nie moet skaam om deur Hom onderrig te word nie. Hy wil ons die weg aanwys — want Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe.

Laat ons nie dalk na ons familie en vriende deelgenote van ons geloof in Jesus Christus, te maak nie? Hoe dikwels skaam ons ons nie vir die evangelie van Jesus Christus nie? Is ons dan skaam daarvoor dat mense moet weet dat ons glo in Jesus Christus?

25 Junie. **Lees** Hand. 10:39-43. **Teks:** Hand. 10:43.

VERLOSSING ALLEEN DEUR JESUS CHRISTUS.

Petrus vestig in sy evangelieverkondiging die aandag veral op die veolgende aspekte: Dat Christus gekom het om ons sondes met God te versoen; dat ons die vergiffenis van sondes deur geloof deelagtig word; en dat dit nie 'n nuwe leer is nie maar dat dit reeds in die dae van die profete verkondig is.

Ons sal almal, vanweë ons sondes veroordeel word (want God gedoog nie die sonde nie). En aangesien daar tog by ons geen geregtigheid gevind kan word nie, word ons geleer om na die barmhartigheid van God te vlug. Wanneer Petrus sê dat ons alleen deur die Naam van Christus versoen kan word, wil hy daarmee sê dat ons alleen deur die Middelaar Jesus Christus gered kan word.

Maar alhoewel daar maar een weg is om vergiffenis van sonde te bekom, naamlik deur die Middelaar Jesus Christus, is daar nogtans baie deur die Satan mislei. So baie soek na ander weë wat noodwendig dwaalweë is. So baie wil die weg wat in Jesus Christus aangebied word en alleen in die geloof deelagtig gemaak kan word, nie aanvaar nie. So is daar onder andere in die plek hiervan allerlei soenoffers en goeie werke as voorwaarde tot die saligheid gestel met tersydestelling van Jesus Christus.

Wie die vergiffenis van sonde deelagtig wil word moet dus nie afwyk van die weg wat Christus vir ons aanwys nie. Wanneer ons hoor dat ons vergiffenis van sonde deur geloof deelagtig wil word moet ons die krag en betekenis van die geloof in gedagte hou. Dit is dan ook niks anders as om Hom met 'n opregte gesindheid van die hart te dien soos Hy in die evangelie aan ons geopenbaar is nie. Dis die weg waarop ons wat van nature van God vervreemd is, weer in genade herstel kan word.

Cornelius, wat groot eerbied vir die wet en profete gehad het, se aandag word ook daarop gevestig dat die godspraak van die profete in Jesus Christus in vervulling gegaan het.

Laat ons daarom ophou om ander weë te soek. Daar is maar net een weg — en dit is Jesus Christus wat die Weg en die Waarheid en die lewe is. Die verlossing is in niemand anders te vinde as in Jesus Christus nie.

26 Junie. **Lees** Hand. 11:1-18. **Teks:** Hand. 11:17.

ROEPINGSBEWUSTHEID.

Die apostels en broeders het Petrus dit erg verkwalik dat hy Cornelius wat 'n heiden was, gedoop het. Hulle kla Petrus aan en hy moet homself verdedig. Hy doen dit in alle beskeidenheid terwyl hy steun op die goeie reg van die saak. Hy vertel die hele geskiedenis van die doop van Cornelius sodat hulle sal weet dat hierdie saak uit God is.

Petrus beweer dat hy niks verkeerd gedoen het nie. Hy was aan God gehoorsaam en het die evangelie glad nie onverskillig of te onregte verkondig nie. Trouens, Christus het self die genadegawe van die Heilige Gees geskenk. Hy weet dat wie steun op sy evangelie, dié het genoegsame grond om homself te verdedig. En indien mense hiermee nie tevrede is nie, hoef ons ons nie langer met hulle verkeerde opvattings bemoei nie.

Ons moet ook daarvan bewus wees dat ons nie alleen deur openlike verset teen God wederstrewig is nie; maar ook as ons sou nalaat om die evangelie te verkondig waar en wanneer ons daartoe geroepe is nie!

Petrus sê dat hy nie kon weier om aan Cornelius wat 'n heiden was, die evangelie te verkondig nie, want dan is hy 'n teenstander van God. Wie die deur wat God geopen het toesluit, staan Gods werk teë.

Hoeveel oop deure is daar nie ook op u en my lewenspad nie? Is ons dan nie ook geroepe om die oop deure te benut om die evangelie van Jesus Christus aan almal te verkondig nie? Hoe dikwels sluit ons daardie oop deure deur ons onwilligheid, toe? Staan ons die gang van die evangelie Jesus Christus teë? Laat daar by ons 'n roepingsbewustheid wees om die evangelie van Jesus Christus aan almal te verkondig (by elke geleentheid wat daar aan ons gebied word).

27 Junie. **Lees** Hand. 12:1-5. **Teks:** Hand. 12:5.

BID VIR MEDE-CHRISTENE IN NOOD.

Nadat Herodes gesien het dat dit vir die Jode welgevallig was dat hy Jakobus om die lewe laat bring het, het hy ook Petrus gevange laat neem en in 'n streng bewaakte gevangenis laat plaas.

Herodes het Petrus se teregstelling nie uitgestel omdat hy nog nie seker was wat hy met hom sou doen nie maar omdat dit nie toelaatbaar was om op die Pasga 'n mens dood te maak nie. Hy wag net op 'n gunstige geleentheid om Petrus tereg te stel.

Die ander Christene het nie as gevolg hiervan in hulle roeping verslap nie. Hulle het Petrus bygestaan sover as wat dit binne hulle vermoë was. Hulle moed was nie gebreek nie. Want deur hulle gebede volhard hulle in die behartiging van die goeie saak waarvoor Petrus hom beywer het.

Hierdie gebeurtenis leer ons watter gesindheid daar by ons moet wees wanneer ons bemerk dat mede-Christene as gevolg van die belydenis van sy Naam verdruk word. Want indien ons sou nalaat om belang te stel in hulle nood onthou ons nie alleen die broederlike liefde van hulle nie maar dan verloën ons ook die belydenis van ons geloof.

En indien dit 'n saak is wat om die heil van die Christendom gaan, is ons nie alleen ontrou teenoor mede-Christene nie maar ook teenoor onsself en teenoor Christus.

Dit is daarom nodig dat ons ons toevlug in die gebed tot Hom sal neem. Lukas sê hier ook dat hier nie net een gebed geuiter is nie, maar hy sê dat daar gedurig gebid is. Hulle het tot God gebid — en „roep My aan in die dag van benoudheid" (Ps. 50:15).

Dink ons in ons gebede aan mede-Christene wat ter wille van die Naam van Jesus Christus vervolg word? Dra ons hulle in ons gebede aan sy genadetroon op?

28 Junie. **Lees** Hand. 12:19-23. **Teks:** Hand. 12:23.

WEES ALTOOS NEDERIG.

Herodes het die stede van Tirus en Sidon op die knieë gedwing deur hulle van die toevoer van noodsaaklike lewensvoorrade af te sny. Hulle kon nie anders as om te kom en om vredesvoorwaardes te pleit nie.

Op die bepaalde dag gaan sit Herodes op sy troon en spreek hulle toe. Hy het blykbaar 'n goue mantel aan wat die sonstrale wat daarop val weerkaats. Die volk word hierdeur so geïmponeer dat hulle hom toeroep: „'n stem van 'n god en nie van 'n mens nie." Herodes laat hom dit welgeval in plaas van om dit af te wys en aan God al die eer toe te bring. God straf hom met krankheid. Watter soort krankheid dit was, kan nie met sekerheid gesê word nie. Wat egter seker is, was dat hy terwyl hy nog leef deur 'n stank van verrotting verteer was asof hy 'n lewende lyk was. Hy het nie alleen baie smart verduur nie maar was ook aan bespotting blootgestel. Want God wil dat so 'n trotse mens so gestraf sal word dat hy in die uiterste vernedering verkeer. Hoe ootmoediger iemand is hoe dieper wil God hom in die dieptes terneerwerp. Die straf is so swaar omdat die trotsaard nalaat om aan God al die eer te gee.

Ons moet daarom daarteen waak dat hoogmoed nie ons lewe sal oorheers nie. Die genesing hiervan vind ons aan die voete van die kruis van Jesus Christus. Die wat neerbuig voor Hom die Gekruisigde sal leer om tevrede te wees met wat God aan ons skenk. Dan wil ons nie daarna jaag om onsself te verhef nie. Dan sal persone in belangrike posisies (in die samelewing) ook steeds onthou dat ons maar sterwelinge is wat nog steeds aan Hom al die eer moet toebring. Dan sal ons ook verstaan dat ons nie maar net halfhartig aan Hom die eer sal toebring nie — maar met ons hele hart. En wie aan Hom al die eer toebring sal steeds leer om nederig te wees. Die sal nederig neerkniel voor Hom die Gekruisigde — ons Verlosser, Jesus Christus.

29 Junie. **Lees** Hand. 13:46-52. **Teks:** Hand. 13:50.

PASOP VIR MISLEIDING.

Paulus en Bárnabas het die evangelie aan die inwoners van Antiochië verkondig. En daar was baie wat die evangelieverkondiging ter harte geneem het. Dit het soos 'n suurdeeg deurgewerk. Dit is selfs verder in die omliggende landstreke uitgedra.

Dit het egter nie sonder veel moeite en inspanning geskied nie. Paulus en Bárnabas het inderdaad 'n moeilike stryd gehad. Want daar was godsdienstige en eerbare vroue (van die vernames van die stad) aangehits om die Christene teen te staan.

Hierdie teenstand van die evangelie was baie gevaarlik. Want dit kon die eenvoudiges wat nou die evangelie van Jesus Christus aanvaar het maklik in vertwyfeling bring. Wanneer hulle merk hoedat die vernames van die stad so venynig teen die evangelie was, kon dit hulle verwar.

As hierdie teenstand van mense gekom het wat geen aansien in die gemeenskap gehad het nie sou dit nie soveel skade gedoen het nie. Maar komende van sulke godsdienstige vroue het dit inderdaad baie skade gedoen.

Dit was dus noodsaaklik dat die Christene wat (sopas) die evangelie aanvaar het, versterk sou word in hulle geloof en toegerus word in die stryd. Hoe sou hierdie Christene staande kan bly as die evangelie van Jesus Christus nie vir hulle 'n lamp vir die voet en 'n lig vir die lewenspad was nie? Laat ons ons ook nie deur sulke poging laat mislei en moedeloos maak nie. „Hou Christus self sy kerk in stand vergeefs die hel se woede!"

30 Junie. **Lees** Hoogl. 1:2-6. **Teks:** Hoogl. 1:4.

GAAN IN IN DIE VREUGDE VAN JOU HEER.

Die Hooglied, die lied by uitnemendheid, handel oor die huwelik van die koning met die ongekunstelde jongvrou van die platteland. Uit Sulam, ten noorde van Jisreël, die gebied wat aan die stam Issaskar gegee is, is sy afkomstig. Uit hoofde van haar agtergrond en omgewing is daar 'n geweldige verskil tussen haar en die seun uit die paleis. Dat dit die koning kan behaag om haar, die nederige wingerdbewaakster, om haar hand te vra, wek by haar loutere verwondering. Die band van die liefde wat hulle egter aan mekaar bind, oorbrug nie alleen die gevoel van minderwaardigheid nie, maar laat in haar opstuwe die byna grenslose en verterende vreugde van bruid te mag word van die koning. Die liefde van haar bruidegom is weergaloos ryk en sy naam is soos 'n geurende wolk van lieflike herinneringe.

Haar liefde wil sy vervulling dearin vind dat haar bruidegom haar met hom sal saam neem. Haar beker het vol geword omdat die koning haar in sy binnekamer bring. Hierdie spontaan opwellende huweliksliefde, suiwere en waaragtige liefde, staan in teenstelling tot alles wat slegs op 'n kunsmatige skyn berus. Dit is God self wat dit heilig en verhef bo die onreine sfeer waarin die sonde dit so gaag wil aftrek.

Maar ons moet ook saam met Paulus hierdie groot verborgenheid besien en belewe met die oog op Christus en sy gemeente. Hy is die hemelse Koning en Bruidegom wat in offervaardige liefde neerbuig om die gevalle sondaar te verlos en saam te bind in sy liggaam as sy aardse bruid. Hy wil haar met Hom saamneem na die huis van sy Vader waarin daar baie wonings is.

Wie die wonder gemaak het om aan Jesus Christus en sy genademiddele deel te hê, kan nie anders nie as met mateiose verlange saam met hierdie bruid en die kerk uit te roep: Laat ons gou maak . . . Amen, ja kom, Here Jesus.

1 Julie. **Lees** Hoogl. 1:7-2:7. **Teks:** Hoogl. 2:2.

BRANDENDE HARTE.

Die bruid se sekerheid en verankering lê nie in haarself nie. Die teenwoordigheid van haar bruidegom bring oor haar die vertroostende were van beskerming en veiligheid. Daarom wek die geringste gevoel van alleenheid by haar die drang om na hom te soek en hom te vind. In haar soeke bly sy egter steeds gebonde aan bepaalde lewensreëls. Sy mag haar nooit goedkoop maak as sy ylings deur die strate met 'n gesluierde gesig dwaal nie. Hoe brandend die verlange ook mag wees, die sekerheid van die bestendige en onveranderlike liefde van haar bruidegom wil haar steeds dra. In onwankelbare vertroue mag sy voortgaan totdat die bestemde tyd van die ontmoeting daar is.

Daar is ook die tye en geleenthede in die lewe van die bruid van Christus waarin dit voorkom asof Hy ver en vreemd is. In haar vrese van verlatenheid kan ook hierdie bruid angsvallig raakdtas. Ook vir haar is die gevaar wesenlik dat sy die indruk van losbandigheid mag skep. Haar roeping is vas en seker in die Here. Die belofte en genadebewyse van die getroue Heer wil ook vir haar in die krisisoomblikke tot troos en sekerheid dien. In haar ontmoetingsgeleenthede met haar Bruidegom by die ope Bybel, die stille gebed en in die versterkende erediens toon Hy haar steeds dat sy nooit verstote of vergete is nie.

Hierin wil God steeds sy gemeente dring om te waak en te bid eerder as om in gewaande verlatenheid wêreldgelykvormig te word.

2 Julie **Lees** Hoogl. 2:8-17 **Teks:** Hoogl. 2:15

STAAN DAN VAS . . .

Met die beeld, ontleen aan die ontwakende lente, teken die bruid die heerlike opbloei van die huweliksliefde. Omdat sy jaloers wil waak daarteen dat geen skadelike invloed hierdie brose liefde sal versteur nie, daarom roep sy die hulp in dat hierdie jakkalse wat die wingerd kan verniel uitgeroei sal word. Hierdie liefde wil sy koester omdat sy in hierdie verbintenis die enige ware vreugde vind. Sy wil juis leef in die vaste sekerheid dat sy aan haar beminde behoort en hy aan haar.

Nou bely die gelowige „dat ek met liggaam en siel, sowel in lewe en in sterwe, nie aan myself nie, maar aan my getroue saligmaker Jesus Christus toebehoort." (Antw. 1 Heid. Kat.). Jesus Christus wat alles nuut maak, bring in die lewe van die gevallene juis hierdie ontwaking, hierdie vernuwing met die belofte van groei en vrugte dra.

Omdat die jakkalse wat die wingerd verniel ook hier onverpoosd aan die ondergrawing besig is, sal die gelowige nie minder op sy hoede mag wees nie. Ons moet saam met 'n Kain hoor: „Die sonde lê en loer voor die deur, maar jy moet daaroor heers." Vir die spotter met God en sy werk kan die jakkalse selfs die stadsmuur omspring (Neh. 4:3). Die gelowige durf hom nie deur hierdie spot van koers laat bring nie. Esegiël ken die valse profeet wat die geloofssekerheid ondergrawe as 'n jakkals. Met bedrieglike gesigte en leuenagtige waarsêery word getrag om die reg te verdraai en die waarheid te vervals.

Hierdie gevare moet geken en bestry word sodat die bruid onvervreembaar aan haar Bruidegom Jesus Christus bly behoort.

3 Julie. **Lees** Hoogl. 3:1-11. **Teks:** Hoogl. 3:11.

DAAR KOM DIE BRUIDEGOM.

Die bruidegom kom triomfantlik met sy bruid in Jerusalem aan. Manne en vroue verheug hulle by die aanskoue van hierdie feestelike intog. Die dogters van Sion word opgeroep om met oorgawe te deel in hierdie vreugde van hulle koning. Dit pas hulle om so daarin te deel dat hierdie vreugde hulle vreugde word.

Uit die gelykenis van die tien jong meisies weet ons dat die koms van die bruidegom 'n saak van universele betekenis is. Dit word die beslissingsmoment vir elkeen se lewe. Soos die dogters van Sion hier opgeroep word, so wil die wekkende Woord van God appél wees na ons kant om in die waaksame gereedheid te lewe. Dit kom immers daarop aan in welke gesindheid ons die koms van die Bruidegom bejeën. Dat daar, ondanks die skuld van die wêreld so 'n fees kan wees en dat ons deelgenote aan daardie fees mag wees, is louter genade van God. Maar omdat die genadige redding van God hieraan ten grondslag lê, beteken nie dat ons onbewoë en belangeloos vry kan bly nie. Vir wie die koms en wederkoms van Jesus Christus van beslissende belang in die lewe is, wag daar die onverdiende en ongekende vreugde van die ewige bruilofsfees. Diegene wat hierteenoor egter koud en onverskillig was, sal beslis hoor: „Ek ken julle nie."

4 Julie **Lees** Hoogl. 4:1-5:1. **Teks:** Hoogl. 4:12.

IN DIE MENSE 'N WELBEHAE.

In welsprekendheid roem die bruidegom die bekoorlikhede van sy bruid. Die koning het sy bruid gaan haal uit die deel waar die lêplekke van die leeus en die berge van die luiperds was. Sy wat blootgestaan het vir die verskeurders is deur die reddende liefde van die koning opgesoek en gevind om aan haar in sy veilige vesting beskerming te bied.

In erkentlikheid word hierdie liefdesdaad van die koning so beantwoord dat die liefde van sy bruid vir hom beter is as wyn. Sy is te alle tye enkel op haar bruidegom aangewys. Vir elke ander liefdesbewys is sy soos 'n geslote tuin. In reinheid en kuisheid is sy vir elke ander een

ongenaakbaar behalwe vir hom. In haar gereserveerdheid en afgeslotenheid ken sy egter geen verskraling of verstarring van haar lewe nie, inteendeel, sy is vir hom soos 'n hof met kostelike vrugte en welriekende speserye, ja soos 'n stadig-vloeiende bron van helder stromende water.

So sien God sy gelowiges aan, want „soos die bruidegom bly is oor die bruid, sal jou God oor jou bly wees" (Jes. 62:4) Maar alleen in n' aan God gewyde lewe sal ook ons antwoord op sy liefde gevind word. Dit is nie sonder rede nie dat die afkerigheid van die mens teenoor God geteken word onder die beeld van die huweliksontrou. Te veel word hierdie tuin van God kaalgepluk deur die wat met die pad verby gaan. Die wildevark uit die bos eet dit op en die diere van die veld wei dit af (Ps. 80:13, 14).

5 Julie. **Lees** Hoogl. 5:2-6:3. **Teks**: Hoogl. 5:2.

ONTWAAK JY WAT SLAAP.

In die droom wat die bruid gehad het, het 'n ontstellende vreesgedagte na vore gekom. Haar bruidegom wat ondanks ontbering en opoffering na haar gekom het, het sy geskok met haar afsydigheid. Sy wat haar reeds tot die slaap begewe het, het dit te veel moeite geag om op te staan en vir hom oop te maak. As sy tot haarself kom en besef dat dit haar geliefde is, en haar haas om oop te maak, dan is hy reeds weg. As sy die mirre bemerk wat hy as liefdesgebaar oor haar deurgrendel uitgegiet het, word die verlange na hom onuitstaanbaar. Buite is geen antwoord meer nie. Hy is weg. Sy gaan hom soek. In haar soektog deur die strate is sy deur die wagte aangeval en as 'n op-prooibeluste slegte vrou afgeransel.

In haar ontnugtering kan sy haar optrede nie verstaan nie. Die onmoontlikheid om te doen wat sy normaalweg graag sou doen, naamlik om haar geliefde met vreugde binne te laat, kan sy nie verklaar nie. Die apostel Paulus weet dat dieselfde gebeur in die lewe van die gelowige: „Want wat ek doen, weet ek nie; want wat ek wil dit doen ek nie, maar wat ek haat dit doen ek." (Rom. 7:15).

Ons onverskilligheid en agtelosigheid kan die oorsaak wees dat ons die gemeenskap met Christus verloor. Maar ook hier het die Woord vir ons troos. Die gelykenis van die twee seuns (Mat. 21:28-32) leer ons dat die seun wat die wil van die vader wel gedoen het, was hy wat aanvanklik nee gesê het, maar later spyt gekry het en gaan werk het in die wingerd.

6 Julie. **Lees** Hoogl. 8:5-14. **Teks**: Hoogl. 8:9.

BEWAAR JOU PAND.

Vir die bruid bly dit 'n onbetwyfelbare saak dat die vrou geroepe is tot onbesproke kuisheid. Vir haar bruidegom is sy bestem. Omdat sy onvoorwaardelik slegs aan hom behoort, bly dit haar hartewens dat hy haar in reinheid soos 'n seëlring op die hart sal dra. Sy begeer dit omdat sy reeds die oorweldigende krag van die liefde ondervind het. Dit eis op soos die dood. Onontwykbaar is die mag as hy sy hand op jou gelê het. Daarmee mag nooit op 'n riskante wyse gespeel word nie. As die vlam van die liefde ontsteek word, is dit soos 'n gloed van vuur wat verteer. Daarom roep sy die hulp van haar bruidegom in dat hy so met haar sal omgaan dat sy in die uitlewing van haar liefde kuis en suiwer sal bly. Sy wil leun op die sterke arm van haar bruidegom.

Uit die optrede van die broers spreek 'n gesinsverbondenheid wat ons in ons dag jaloers moet maak. Hulle wil in liefdevolle toegeneëntheid waak oor die heil van hulle jonger suster. Haar eer is hulle huis se eer. Die dinge wat vandag selfs nie meer 'n vader en 'n moeder verontrus nie, was vir hierdie broers van lewensbelang. In haar versigtige omgang met die jongmans het haar broers haar hooggeag. Sou sy egter ligvaardig en eerloos optree, sal hulle skerp op haar toesien. Sy was tot by haar huwelik egter ongenaakbaar soos 'n vesting en met eer kon sy die huwelikspad loop.

Omdat die tydsgees ons al losser maak van God daarom kan ons nie meer vreesloos en ontoeskietlik vashou aan die welvoeglikheidseise nie. Saam met die bruid moet ons toevlug neem na die hemelse Bruidegom. Ouers, broers en susters moet op sy arm leun. Die liefde wat Hy werk, sal die gesin rein hou voor God terwyl die huisgenote, in gebondenheid aan mekaar, die een die ander sal opskerp tot verantwoordelike en sobere optrede.

7 Julie. **Lees Eseg. 1** **Teks: Eseg. 1:1-3.**

WOORD VAN GOD ONGEBONDE.

Terwyl Jeremia in Jerusalem opgetree word Esegiël vir dieselfde diens onder die ballinge geroep. Hy is self 'n balling — ook die getroustes in 'n volk wat aan die skuld nie iets bygedra het nie voel die pyn van die sondes van die volk. Die dra van die pyn lê egter anders by die getroue as by die bose. 'n Ander gemoedsstemming heers by die gelowige en hy ontvang alles nog as uit Godshand en bid om genade. Woorde van troos en bemoediging vanaf 'n lydende of treurende gaan altyd met sterker oortuiging gepaard by 'n medebedroefde. Die banneling word die meeste getroos deur 'n medeballing.

Die Gees van die profete is ook nie beperk tot die land van Israel nie en word ook die heerlike goddelike openbaring geskenk in die land van die Chaldeërs. Dit op sigself is 'n profesie van wat die kerk later sou ervaar in die opbou van die gemeente van Jesus Christus midde in die heidedom. Soos by Esegiël dien die verslawing van die Jode tot verbreiding van die kennis met betrekking tot God. Waar ons ookal is kan ons gemeenskap met God beoefen. Al word die diensknegte van God soms aardsgebonde, Godswoord kan nooit gebind word nie.

8 Julie. **Lees Eseg. 2:1-10.** **Teks: Eseg. 2:1.**

DIE BEKWAAMMAKENDE GEES.

„Mensekind" dui dat hoeseer die profeet ookal met visioene en openbaringe begenadig word, hy nog 'n aardse wese bly, 'n sondaar onder sondaars. Dit behaag God om Esegiël as sy openbaringsinstrument te gebruik, maar Esegiël mag hom daarin nie beroem nie. Alle roem is uitgesluit en God alleen ontvang alle eer.

Hierdie titel kom ons ook toe as na Jesus Christus verwys word — dan ook om sy volkome menswording aan te dui met hierdie uitsondering dat Hy die sonde uitgesonderd was.

Esegiël bly sondige mensekind maar, deur die bekwaammakende Gees van God kan hy die vrag van die opdrag van God aan die mens dra, kan hy spreek en die wil van God tot oordeel en blye boodskap aan

sy volk oordra. Omdat Esegiël soos alle mense op sigself geen krag het, om homself op te rig nie, en geen moed met die visioene voor hom het nie kom die Gees en stel hom op sy voete, maak hom gewillig en gereed om te gaan na die volk wat genoem word „hard van aangesig en verstok van hart, 'n wederstrewige huis."

9 Julie. **Lees** Eseg. 3:1-15. **Teks:** Eseg. 3:3.

DIE WOORD IS SOET.

Met „eet' word hier nie letterlike eet bedoel nie, maar wel die positiewe inneem van die kennis van die visioen. In ons taal praat ons ook van „'n saak herkou" — met hierdie bedoeling moet Esegiël die rol, waarop al die nodige kennis geskrywe is eet — goed instudeer, deel van sy siel, deel van homself maak. Esegiël vind die inneem van die kennis ook nie vermoeiend nie. Hy vind dit wonderlik goed, soet — soos heuning, so soet.

So behoort predikers in hulle gereedmaak vir die verkondiging van die Woord van God die Woord in te neem wat aan ander gepreek moet word; so moet gemeentelede die prediking en die Bybel tuis inneem om almal saam aan die wêreld die soete evangelie te kan verkondig, soete sielevoedsel te kan gee.

10 Julie. **Lees** Eseg. 4:1-8. **Teks:** Eseg. 4:7.

PROFETEER MET KRAG.

Aan die profeet word opgedra om deur simboliese handeling aan sy volk die beleg van Jerusalem voor te hou. 'n Beleg waarvan die grondoorsaak die sonde is So dui die ysterpen, 'n vlak skottel die skeiding aan wat die sonde tussen God en die mens teweggebring het — die oorsaak van die verwoesting van die eens bloeiende stad. Met groot pyn en ongemak moet hy die ramp skilder en die ongeregtigheid van die huis van Israel en Juda dra. In hulle ballingskap moet Israel die rede en die skande van hulle ballingskap verstaan. Hulle het eintlik Jerusalem laat beleër en hulleself laat uitwerp. Teen hierdie skande moet die profeet hom met ontblote arm rig. Met ander woorde met volle krag moet hy spreek teen die oorsaak van belegging van Jerusalem, teen dit wat skeiding maak tussen Jerusalem en God, tussen die huis van Israel en God, teen die afval van die gelowige.

11 Julie. **Lees** Eseg. 5:1-17. **Teks:** Eseg. 5:15.

DAAROM HET EK DIT TEEN JOU.

Jerusalem was onder die nasies soos 'n stad op 'n berg met 'n lig om die lig van die goddelike openbaring, waarmee hulle geseënd was, uit te straal. Hulle het egter minder kennis van die openbaring as die nasies aan wie hulle die kennis moes gee. „Daarom, so sê die Here Here het Ek dit teen jou, ja Ek." Jerusalem staan skuldig omdat hulle die insettinge van God nie betrag het nie. So is die eer van God onder die nasies aangetas en gaan die strafgerig van Israel en Juda heen, word hulle verstrooi. In die verstrooiing word 'n profeet geroep sodat hulle hul oortreding sou besef en regmaak. Israel moes 'n voorbeeld van Gods verordeninge vir die nasies wees en hulle was nie. Nou sal God hulle 'n voorbeeld van sy gerig, sy oordeel onder die nasies maak (vers 15). „En dit sal 'n voorwerp van smaad en skimp wees, 'n waarskuwing en 'n voorwerp van verbasing vir die nasies wat rondom jou is.

12 Julie. **Lees** Eseg. 6:1-14. **Teks:** Eseg. 6:10.

KOOP DIE TYD UIT.

Deur die wat die afgode geheilig het sal hulle onheiligheid aangetoon word deurdat die wat deur die afgode beskerm moes word voor die afgode dood sal lê — so dood soos die afgode eintlik is. Daar sal niemand wees om rondom hulle altare te staan nie. 'n Klompie sal egter gespaar word — die oorblyfsel wat in 5:3 gesimboliseer word deur die hare aan die slip vasgebind. 'n Klompie wat hulle sal bekeer, hulle gruweldade sal besef en hulleself sal verwyt oor hulle misdade „en hulle sal vir hulleself walglik wees weens die slegte dinge wat hule gedoen het, volgens al hulle gruwels.

„En hulle sal weet dat Ek die Here is, Ek het nie tevergeefs gespreek dat Ek hulle hierdie onheil sal berokken nie."

Die waarskuwings in die Naam van die Here moet vroegtydig ter harte geneem word en bekering moet daarna 'n vroeë vrug wees want so kan Jerusalem baie gespaar gewees het.

13 Julie. **Lees** Eseg. 7:1-27. **Teks:** Eseg. 7.2.

DIE EINDE

As ons in die huidige tyd praat van die „einde" dan is dit asof die woord geen bestaansreg het nie, byvoorbeeld as ons kyk na die sedelike verval, bedrog, toenemede wanorde in state en gesinne. As predikers, as gelowiges waarsku dat aan die einde die oordeel nie sal uitbly nie, blyk dit dat dié tipe waarskuwing geen indruk meer maak nie.

So het die inwoners van die land van Israel en Juda ook gedink en geen einde aan hulle afgodediens gemaak nie. Ja, sinnebeeldig en direk is deur profete soos Esegiël onder die ballinge en Jeremia in Jerusalem gespreek dat die volk hulle moet bekeer en na die weë van God terugkeer voor die einde kom en die Here Here wat die laaste sê het spreek oor jou dade van onwilligheid.

Moses in Deut. 32:29 stel dit so: „Was hulle wys, hulle sou dit insien, hulle sou op hulle einde let." Jeremia 1:9 praat so: „Haar onreinheid kleef aan haar some, sy het aan haar einde nie gedink nie, en sy het wonderbaarlik gesink sonder dat sy 'n trooster het." Waak dan en bid.

14 Julie. **Lees** Eseg. 8:1-18. **Teks:** Eseg. 8:8.

DIE BREEK VAN DIE MUUR.

In Jerusalem waar na die eerste wegvoering in 591vC. nog 'n belangrike deel van die volk agtergebly het, het hulle uit die hoogte neergesien op die ballinge.

Hulle was die eintlike sondaars en hulle het alleen maar gekry wat hulle verdien het. Hulle wat egter in Jerusalem gespaar is, het ook hulle loon gekry. Die Here beloon immers die deugsames.

Selfs die ballinge wou nie aanvaar dat die ondergang van Jerusalem naby was nie. Hulle het skynbaar tekens gesien wat hulle hoopvol gestem het vir 'n voorspoedige einde van die ballingskap.

Die samekoms van die oudstes in die huis van Esegiël, waarvan in vers 1 gewag gemaak is, kan ons daarom beskou as 'n soort kerklike kongres, waar die moontlikhede van 'n eventuele vrymaking bespreek is of miskien 'n vergadering van kerkherstel. Hoe dit ookal sy vir die toekoms het hulle goeie moed gehad.

Tydens hierdie vergadering het dit dan gebeur dat die Here die profeet in die gees verplaas het na Jerusalem, na die tempel en wel tot by die ingang in die voorhof. Dan kry hy die opdrag: „Mensekind breek tog deur die muur heen."

Hy moet deurbreek tot in die binneste tempelsale om te konstateer wat daar in die verborgene geskied en wat die oudstes van die huis van Israel in die donker doen. En toe het hy gesien die afgodediens, die gruwels wat daar gepleeg word. En hy het geweet dat Jerusalem nie gespaar sal word nie.

Ook tot ons vandag kom die opdrag: „Mensekind breek tog deur die muur heen." Veral die muur van ons eie lewe totdat ons gekom het by die deur wat lei na die „gruwels" van ons eie hart. Om te breek of te grawe is moeisame werk veral vir hulle wat nie daaraan gewoond is nie. Dit is veral pynlik omdat hierdie breek of grawe moet lei na die grawe van 'n graf om daarin die ou mens te begrawe. Niks is moeiliker nie. Maar tog is dit 'n moet.

15 Julie. **Lees** Eseg. 9:1-11. **Teks:** Eseg. 9:10(a).

GOD SE OOG.

Wanneer die oog van 'n aardse vader vlam, is dit onheilspellender as wanneer sy hand tugtig. Want dan is die atmosfeer gelaai en drukkend. Kinders wat hulle ouers lief het, kan dit nie verdra nie. Nee, laat die hand maar liewers slaan, solank as wat die oë vriendelik is. So is dit ook met die Here God gesteld. As die hande van God tugtig dan bedoel dit herstel en bekering, maar wanneer die Here God sê: My oog sal nie verskoon nie; dan het die lange weg van lankmoedigheid en geduld ten einde gekom.

In die dae van die profeet Esegiël was daar alle rede voor dat die oog van God en dus ook sy hart vir die volk Israel toegesluit was. Immers in die tempel het hulle altare van afgode geplaas. En nou weet ons dat die altaar in die ou bedeling die brandpunt van God se liefde was. Die bloed van die offerdiere wat van die altaar neergdrup het was die heenwysing na die bloed van sy Seun Jesus Christus. Op die altaar het die Here God sy hart gelê, soos wat straks die hart van sy Seun sou breek op die altaar van die kruis.

Hierdie altaar het die volk van Israel nou verontreinig. Hulle het die Here God op die hart getrap. Die hoogste openbaring van God se liefde, die skatte van heil en versoening wat Hy met tere hande op die altaar gelê het, het hulle met hulle voete vertrap.

In hierdie tyd waarin ons vandag leef, waarin daar soveel dinge is, wat vir ons die plek van God ingeneem het, het dit hoog tyd geword dat ons weer die eintlike van God sal soek.

Daar is soveel dinge wat ons vandag soek: geluk, 'n gerieflike huis, 'n vaste betrekking. Maar wat ons bo alles nodig het is om te soek na God self, soos wat Hy sy hele siel en hart blootgelê het in sy oog.

Iets wat die Bybel noem die aangesig van God. En dit behoort onder die soeke van die dinge wat daarbo is.

En wanneer ons Sy oog soek is daar kontak.

16 Julie. **Lees** Eseg. 11:1-13. **Teks:** Eseg. 11:3.

DIE POT EN DIE VLEIS.

Nog altyd is die profeet Esegiël in die gees in Jerusalem. Nou het die Gees van die Here hom weer op en bring hom na die oostelike poort van die huis van die Here waar hy 'n vyf en twintigtal manne ontdek. Hy kom hier in die geselskap van die vorste van die volk, ons sou kon sê die geestelike leiers of die kerkraad van Sion.

In hierdie kerkraadsvergadering is Esegiël 'n stille toehoorder. Daar word gewigtig geredeneer. Elkeen van hulle het iets te sê maar ten slotte het almal dieselfde oortuiging. Hierdie stad is die pot en ons is die vleis. Wat bedoel hulle nou eintlik met hierdie woorde?

Die stad Jerusalem vergelyk hulle met 'n pot. So 'n pot kan maar op die vuur gesit word, die vlamme kan maar aan alle kante omheen slaan, dog die pot sal niks oorkom nie, ook nie die inhoud, dit wil sê die inwoners van die stad nie.

Die stad is die pot en ons is die vleis. Dit is die toppunt van selfoorskatting. Dit is 'n lied wat die volk Israel so graag gesing het. Soms het hulle dit so gesing: Dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel. 'n Ander keer weer so: Ons is die kinders van Abraham. Telkens is dit ander woorde, maar nog altyd is dit dieselfde wysie.

Dit voel vir ons amper asof die profeet Esegiël in plaas van 'n wyle vertoef het in die kerkraad van Jerusalem, in ons tyd 'n wandeling gemaak het deur die kerkrade en die gemeentes van ons eie kerk, ons wat so maklik vir ons die reg toe-eien „dit is die pot en ons is die vleis." Ons is die regte kerk en al die ander groepe is niks anders as die afval of die dooie beendere nie.

Pasop vir 'n valse gerusteheid.

Want as ons geestelike lewe net maar hou vir Sondag en die res van die week leef ons soos die wêreld, dan kan ons maar gerus ophou om te roem in die suiwerheid van ons leer en van ons kerk. Want alleen hulle is waarlik kinders van Abraham wat dit geestelik is, wat nie ydel roem in uitwendige voorregte nie maar wat roem in die Here.

17 Julie. **Lees** Eseg. 11:13-25. **Teks:** Eseg. 11:13.

DIE DOOD VAN PETALJA.

Op die vergadering van die geestelike leiers in Jerusalem waar hulle so maklik geroem het: „Hierdie stad is die pot en ons die kinders van Israel, ons is die Gode welgevallige vlees", op hierdie vergadering het Esegiël ook die woord geneem. Of moet ons sê die woord is hom gegee deur die Gees van God self. Want hy kry die opdrag: Profeteer teen hulle mensekind, profeteer mensekind. En met die woorde wat vir geen tweërlei uitleg vatbaar is nie, het die profeet, hierdie selfvoldane leidsliede van die volk die oordeel aangesê. Hy het aan hulle gesê dat dit in die oog van God net andersom is; dat naamlik hulle slagoffers die uitgebuite „Nabots" die vlees was en dat die bloed van hierdie martelare van die aardbodem tot God roep, maar dat hulle die aansienlike verdrukkers, soos waardelose afgietsels uit die stad gebring sal word. (vers 7).

Hierdie woorde het 'n ontsettende uitwerking gehad. Nog is Esegiël besig om te spreek of hy sien tot sy onsteltenis dat een van die lede van die raad, Petalja die seun van Benaja plotseling inmekaar sak en sterwe. Petalja hoe heerlik is die naam wat hy dra. Dit beteken: Die Here laat ontkom. Maar omdat sy lewensopenbaring vloek teen sy naam, het die Here hom nie laat ontkom nie, maar hom laat omkom. Hy was een van die wat geroem het: Hierdie stad is die pot en ons is die vleis, die vuur sal ons niks aandoen nie, terwyl op daardie selfde oomblik sy roemende mond vir altyd gesluit word.

Die geval van Petalja bring ons by die ernsige vraag: Hoe is dit met ons gesteld? Wat is ons lewenshouding? Is ons bekeer? 'n Bekeerde mens leef so dat hy elke dag kan sterwe, sonder om hom te verontrus oor die moontlikheid van 'n plotselinge dood. Dit wil nie sê dat ons elke dag aan onsself die vraag sal voorlê: Kan ek vandag sterwe? Dit is dwaasheid. Nee elke dag wat die Here aan my gee moet ek vra: Kan ek vandag lewe, lewe soos wat die Here wil hê dat ek moet lewe? Dan word die lewe vir my Christus en die sterwe wins.

18 Julie. **Lees** Eseg. 12:1-20. **Teks:** Eseg. 12:3.

GEREED VIR DIE REIS.

Voor die oë van sy medeballinge moes die profeet Esegiël 'n daad verrig. Hy moes iets doen omdat vir hulle ore die profesieë al lankal nikseggende klanke geword het.

Wat die profeet moes doen was iets heel gewoon en alledaags. Hy moes alles wat hy nodig het vir ballingskap in 'n bondel pak wat op sy skouers gedra kan word. Oordag moes dit voor sy huis gepak word.

Dit het niemand nog ooit gedoen nie. Nee, hulle was gewoond om teen die val van die aand, wanneer die grootste hitte verby was hulle reisvaardig te maak.

Hierdie daad moes wel aandag trek, sodat elkeen wat verbygaan vir 'n wyle sou stilstaan en sou vra: „Wat gaan hier aan? Gaan die profeet die land verlaat."

Nog interessanter het dit geword toe die saamgegroepeerde menigte teen die aand hom tevoorskyn sien kom op 'n wyse wat nie die mees gebruiklike was nie. Hy het sy huis verlaat nie deur die deur nie, maar soos wat die Here God hom beveel het deur 'n gat in die muur van sy huis te grawe. Toe het hy alles op sy skouers gelaai, gereed om vir goed afskeid te neem.

Eers die volgende môre toe die aandag van almal hoogsgespanne was, het die verklarende woord van die Here tot hulle gekom oor die vreemde gebeure.

„So spreek die Here, Here. Hierdie las sien op die vors in Jerusalem en die hele huis van Israel wat onder hulle woon."

Die woord van die Here was ook nie leeg of ydel nie, dit het in vervulling gegaan. Op hierdie ongewone manier het die vors van Jerusalem die stad verlaat. (Vergelyk 2 Kon. 25:3-4).

Esegiël was gereed vir die reis. Is ons gereed vir die reis?

Gereed om die laaste en vreemde reis te onderneem, waartydens ons vir goed afskeid neem van ons aardse besittings en ons aardse gedagtes. Vir hierdie vreemde en verre reis het ons niks anders nodig as net genade nie. Want die ongewone versoenende reis van iemand anders, van Jesus Christus het dit vir ons moontlik gemaak om so te gaan. Daarom is ons gereed vir die reis, o Heer.

19 Julie. **Lees** Eseg. 13:1-16. **Teks:** Eseg. 13:4.

VALSE PROFETE.

In hierdie gedeelte word die profete van Israel deur die profeet Esegiël aan die kaak gestel as valse profete. En die mees krasse oordeel wat oor hulle uitgespreek word, is dat hulle profete uit eie hart is. Die deur God gestuurde profeet spreek egter nooit uit sy eie hart nie. Want selfs die hart van die allerbegenadigste is maar 'n troebele bron. Daar kan nie veel goeds uit te voorskyn kom nie. Daarom spreek die diensknegte van God altyd „uit die Woord." Ook al is dit hoe swaar en al gaan dit lynreg teen hulle eie sielsbegeertes in.

Maar so doen die valse profete nie. Hulle spreek wat hulle eie hart hulle sê. En dikwels doen hulle dit met oortuiging en entoesiasme. Hulle gee nie hulle gedagtes gevange aan die Heilige Skrif nie, maar hulle „vang" die Heilige Skrif in hulle gedagtes. Hulle gebruik dus so ver moontlik Bybelse terme, waaraan hulle hulle eie inhoud gee.

En waar die profete van Israel hier jakkalse genoem word, word hier in die eerste plek gedink aan die verwoesting wat jakkalse aanrig. Hulle grawe gate en ondergrawe alles wat staan. Hulle wat heil beloof het, het onheil gestig. Hulle het die volk aan die slaap gewieg in plaas van om hulle tot waaksaamheid aan te spoor. Hulle word verwyt: „Julle het in die bresse nie opgestaan nie en die muur nie gebou om die huis van Israel, om in die stryd pal te staan in die dag van die Here nie."

Dit was hulle roeping. Deur voorbodes of deur biddende hande op te hef tot God, moes hulle in die bres spring vir hulle volk om so die mure om Sion te bou. Maar dit het hulle nie gedoen nie. „Jou profete o Israel is soos jakkalse in puinhope."

Laat ons as gelowiges, wat elkeen die amp het van profeet te wees, met ons gebede in hierdie angsvolle tye in die bres spring vir ons volk, sodat ons eenmaal geen dwase nie, maar wel profet bevind sal word, geen brekers nie, maar bouers, geen huurlinge nie maar herders, geen jakkalse nie maar skape van Sy weide.

20 Julie. **Lees** Eseg. 14:1-11. **Teks:** Eseg. 14:3.

GOD 'N HULP IN NOOD OF NOODHULP?

Op 'n sekere dag het 'n eerbiedwaardige geselskap na Esegiël gekom. Dit was nie maar net die eerste die beste nie. Nee, dit was die oudstes, ons kan maar sê die leidsliede van die volk Israel. En die feit dat hulle by die voete van die profeet gaan sit het, bewys nie alleen dat hulle in hom die meerdere, die meester erken nie, maar ook dat hulle nie gekom het om te debatteer nie, maar om iets te vra, nie in die eerste plek aan hom as persoon nie, maar as tolk van die Here. Esegiël was vir hulle maar 'n dromer of 'n dwaas, in elk geval nie 'n profeet van die Here nie. Nee, hulle het gekom om die godspraak te raadpleeg.

Esegiël, bly dat hy nou eindelik resultate mag sien, kry dan van die Here bevel dat hy tot hierdie manne geen enkele woord mag spreek nie, nog minder na hulle mag luister, hulle van geen antwoord mag bedien nie. Nee, Hyself sal aan hulle 'n antwoord gee. Die antwoord: „Ek sal my aangesig rig teen die man en hom tot 'n teken en 'n voorwerp van spot maak. Ek sal hom uitroei uit die midde van my volk en julle sal weet dat Ek die Here is."

Die profeet Esegiël het hom al by voorbaat verbly omdat hierdie manne eindelik tot inkeer gekom het. Maar Hy wat die kenner van harte en niere is openbaar dan aan sy kneg wat hierdie manne so graag verborge wou hou.

„Mensekind hierdie manne het hulle drekgode in hulle hart opgeneem." Hulle is nog presies dieselfde as voorheen. Is dit dan 'n wonder dat die Here Hom teen so 'n geknoei verset het?

Die Here God wil wel 'n helper in nood wees maar nie net 'n noodhulp nie. Wie se gebde ophou net so gou as wat die nood verby is om dan maar weer met staat te maak op eie wysheid of insig, beledig die Here en so iemand moet hom ook nie verwonder as die Here dan teenoor hom sê: „Sou Ek My dan werklik deur jou laat raadpleeg?"

21 Julie. Lees Eseg. 15. Teks: Eseg. 15:1.

DIE NUTTELOSE WINGERDSTOK.

In die lewe van die Christendom leef daar 'n groot sonde wat ons te min bedroef en voor God in verootmoediging bring. Dit is die sonde van nalatigheid of onvrugbaarheid. Hierdie onvrugbaarheid bestaan daarin dat ons nie alleen het wat God ons verbied het nie, maar ook nagelaat het wat God ons gebied het.

Vir ons mense is die nalaat van iets wat ons eintlik kon doen en moes doen onopsigtelik en dikwels onbelangrik. Nalatigheid — gebrek aan vrugte is nie so opsigtelik nie omdat takke en blare dikwels hierdie gebrek verberg. Dra iemand se lewensboom egter giftige vrugte of vrugte wat bederf en sigbaar op die grond val dan wys ons dikwels die vinger, byvoorbeeld die vrugte van diefstal, dronkenskap, moord en owerspel. Sulke vrugte wat mense dra is hedendaagse nuuswaardigheid.

In die lewe van die kerk is dit dikwels die vrugtelose wat uit die hoek van hulle verdoeselde vrugteloosheid die vrugte van ander in twyfel trek en afskrywe as vals en bedorwe. Ontvlam die toorn van God nou alleen teen die openlike diewe, hoere en tollenaars of ook teen die vrugtelose boom in die tuin van sy gemeente?

Die Bybel stel nie alleen mense in 'n staat van beskuldiging oor die kwaad wat hulle doen nie, maar ook oor die goeie wat ons nalaat. Die wat ore het en nie hoor nie, verdien Sy dubbele gramskap.

Die doel van die wingerdstok is om vrug te dra. Sy hout is onbruikbaar. Dra dit nie druiwe nie is dit bestem vir die vuur van die tuinier. Jerusalem is voorbeeld van so 'n nuttelose wingerdstok. Daarom word uitgeroei wat die grond nutteloos beslaan.

Nie beskawing of 'n hoë lewensstandaard borg vrugte voor God nie. Alleen sy Woord roep die vrug op in ons lewe wat ons salig en gelukkig maak.

Geen vrugtelose boom kan met sy blare en takke die sonde van sy onvrugbaarheid voor God verberg of sy daadlose en liefdelose geloof verdoesel nie.

22 Julie. **Lees** Eseg. 16:46-63. **Teks:** Eseg. 16:56.

SODOM IS JOU SUSTER.

Die profeet trek te velde die owerspelige Jerusalem en verglyk Jerusalem met Sodom. Hy praat van 'n susterskap tussen hulle. Jerusalem kraai koning oor Sodom in boosheid. Jerusalem vergryp haar nie soos Sodom aan die gestuurdes van God nie, ook nie aan Christus in die moederskoot soos Egipte nie. Jerusalem vergryp haar aan die heerlikheid van Jesus Christus wat van die Vader kom vol van genade en waarheid.

'n Vergelyking met Sodom plaas Jerusalem nog in 'n te gunstige lig. Nieteenstaande die goddelike waarskuwings is dit daar erger aan toe as in Sodom. Sodom het vleeslike ontug bedrywe en Jerusalem geestelike ontug. As Jerusalem bid, is dit soos die Fariseër, wat sy dank betuig omdat hy nie so sleg is soos Sodom nie.

Esegiël se aanval met hierdie vergelykings is vol bytende spot. Jerusalem is vir hom 'n egbreekster wat volgens die Joodse regsreël naak aan 'n skandpaal vasgebind en gesteneg is. Hierdie selfde lot wag op die owerspelige Jerusalem.

Jerusalem het 'n tempel waar gepreek en geglo word en oortref Sodom desn eteenstaande in boosheid.

Ook n ons tyd word toeriste die ooggetuies dat die lande van die Westerse wêreld in onsedelikheid en onfatsoenlikheid die heidense wêreld ver voor is.

Die verband tussen die hoog kerklike Jerusalem, die sektariese Samaria en die heidense Sodom is 'n susterskap.

Ons doop en belydenis mag nooit 'n Josefskleed word wat ons trotse verbylopers maak by Sodom en Samaria verby nie.

God vra ons om saam met Sodom en Samaria ons susterskap in ons boosheid te bely. Ons moet die evangelie en die teenwoordigheid van God biddend inroep sodat Hyself die boosheid uit ons midde kan uitroei.

Ook Sodom en Samaria is geskape vir die ewigheid van God en hulle is net soos ons vrygekoop van die skande waarin hulle gebore is.

23 Julie. **Lees** Eseg. 17. **Teks:** Eseg. 17:2.

'N RAAISEL AAN DIE VOLK.

Omdat mense van nature geneig is om God nie toe te laat om met hulle te praat nie, gebruik God verskillende maniere om mense aan te spreek. In Esegiël alleen word gebruik gemaak van simboliese handelinge, toesprake, gelykenisse en nou ook 'n raaisel.

Zedekia die koning het hom skuldig gemaak aan troubreuk. Hierdie sonde roep nou God se toorn wakker oor Jerusalem. Hierdie toorn word nou openbaar deur 'n raaisel.

'n Adelaar pluk 'n takkie af van die sederboom en bring dit na 'n stad van koopliede. Dan weer pluk die adelaar 'n stukkie van die wingerdstok en hy plant dit versigtig.

'n Tweede adelaar kom navore en die wynstok wat die eerste adelaar geplant het, laat sy wortels en ranke na hom toe uitskiet. Die eerste adelaar is die koning van Babel. Jojagin die koning wat na Babel gedeporteer is, is die tak van die hoë seder. Die eerste adelaar wou van

Palestina 'n veilige buffer maak teen die groot Egipte. Vir hierdie doel gebruik hy Zedekia as vasalkoning op Dawid se troon. In die Naam van God het die koning aan Nebukadnesar sy trou onderneem.

Die tweede adelaar is Egipte. Die wynstok draai sy rug op Babel. Troubreuk teen Babel, 'n onverwagte wending. Is 'n leuen so erg vir 'n heiden en 'n geweldenaar soos Nebukadnesar.

Die koning se daad word afgewys. God kan nie beskermheer wees van 'n valse verdrag nie. Ons wat bely: Is ons betroubaar? Is dit wat ons vandag sê, (al is dit vir 'n heiden) môre nog waar?

In gewone geselskap, die sakelewe en in diep ernstige bewerings klae mense dikwels oor onbetroubaarheid. By doop, belydenis en huwelik word sulke onbetroubare beloftes gemaak. 'n Leuenwoord van elke Christen onteer God se Naam. God kies die kant van die bedriegde party. Wie lieg lewe as vreemdeling vir God se genade. Glo u in, hoop u op Jesus Christus? Want in en uit hierdie geloof en hoop word ons woord waar en betroubaar.

24 Julie. **Lees** Eseg. 18:2. **Teks:** Eseg. 18:2.

ERFSKUD EN PERSOONLIKE VERANTWOORDELIKHEID.

As die vraag gestel word: Wie is verantwoordelik vir die mens se dade, is dit die erfskuld in Adam of elkeen persoonlik.

Aan die eenkant sê die Wet van God die sonde van die vaders besoek aan die kinders tot in die derde en vierde geslag van die wat Hom haat (Erfskuld).

Aan die anderkant sê Esegiël die spreekwoord: „Die vaders het groen druiwe geëet en die tande van die kinders het stomp geword," moet afgewys word, want die siel van die wat sondig moet sterwe. (persoonlike verantwoordelikheid).

Die teenstrydigheid tussen hierdie twee uitsprake is net skynbaar. Dit is soos twee ewewydige lyne wat nie kruis nie, twee reëls van een treinspoor. Beide hierdie erfskuld en persoonlike verantwoordelikheid moet in die oog gehou word.

Esegiël se tydgenote vergeet hulle persoonlike verantwoordelikheid en lê die skuld vir hulle verkeerde dade op hulle voorouers. Die kinders se tande is stomp omdat die ouers groen druiwe geëet het. By hulle leef geen berou of skuldbesef nie. Hulle aanvaar self geen verantwoordelikheid vir hulle dade nie.

Dit is so dat die nakomelinge dikwels op pynlike wyse die sonde van die ouers ervaar. Niemand sondig vir homself nie. Daarvoor is die bande van die bloed te nou. Wat ouers half doen, doen kinders uiteindelik glad nie.

Die ellende waarmee mens worstel kan nie veroorsaak wees deur die onverantwoordelike gedrag van die ouers nie maar is dikwels die vrug van ons eie sonde. „Die siel wat gesondig het, moet sterwe," sê Esegiël.

Ten slotte staan elke mens nieteenstaande sy natuurlike afstamming persoonlik verantwoordelik voor God. Kan 'n mens ooit voor God ontoerekenbaar wees? Dit is moontlik dat 'n goddelose vader 'n vroom seun kan hê en andersom. Die oordeel deur die lyn van geslagte is dus nie fatale erfgoed nie, want ook God se verkiesende genade in Jesus Christus loop deur die lyn van geslagte.

25 Julie. **Lees** Eseg. 19. **Teks:** Eseg. 19:2.

JOU MOEDER.

Zedekia die koning doen soveel leed aan sy moeder dat die profeet hieroor die teerste snare aanraak. Die moedertema is 'n meesterlike greep na die hart van 'n afvallige seun. Ook sy moeder sal as balling weggevoer word na Babel. Haar lot sal die koning se skuld wees, sê Esegiël. Hy maak dus appél op die koning se gemoed.

In die eerste deel van sy klaaglied vergelyk hy die moeder met 'n leeuin wat tussen die leeus lê en in die tweede deel met 'n wingerdstok. Albei hierdie beelde beteken dieselfde.

Juda word hier voorgehou as die leeuestam. Die betekenis hiervan is vir die hoorders duidelik. Hamoetal, vrou van Josia, koningin moeder neem so 'n belangrike plek in die hofhouding in dat sy 'n leeuin genoem kan word. Oor haar kinders waak sy met uiterste sorg. En as Joahaz deur haar invloed koning word doen hy wat kwaad was in die oë van die Here. Die volke organiseer 'n jag op hierdie leeu. Hy word deur Farao Necho gevang en na Egipte gevoer. Dit was die droewige einde van hierdie leeu uit Juda.

'n Ander seun Zedekia, 'n jong leeu se sonde is nog groter as sy voorganger. Deur sy sonde word 'n net oor hom gesprei. Dit is die droewige resultaat van al die sorge van die moeder. Hierdie seun word ook weggevoer.

So maak kinders dikwels deur hulle lewensoptrede die opvoeding, sorg en vergesigte van 'n moeder tot niet wat met inspanning na hulle omgesien het. Dit was 'n trap van die seun op die hart van sy moeder.

Elke seun word so deur Esegiël aangespreek om te dink, te onthou dat die moeder vir hom gekniel en gebid het. Daarom is die doen en late van elke seun wat doen dit wat kwaad is in die oë van die Here 'n miskenning van haar sorg, 'n trap op haar hart.

26 Julie. **Lees** Eseg. 20:9-23. **Teks:** Eseg. 20:22.

GOD TREK SY HAND TERUG.

Geen mens sal ooit 'n mislukking van sy eie lewe toegee nie. Al bestaan daar vir 'n sterwende weinig hoop; al is die persoonlike lewe van 'n gesin verdof en verdonker; al het ons troubreuk gepleeg met God — daar bestaan nog altyd hoop.

As 'n mens kyk na die lewe rondom jou, wonder 'n mens waarom Gods oordeel nie oor ons kom nie. Maar nouja, solank daar lewe is, is daar hoop.

So het die oudstes in Jerusalem ook hartstogtelik gehoop op herstel. Op hulle vraag aan die profeet oor die toekoms, kom God se antwoord dat God met hulle in die gerig gaan tree. Want hulle het die heidene se geselskap verkies en die Wet nie gedoen nie.

Maar God wil nieteenstaande sy straf, tog sy hand terug trek oor hulle. God wil hulle nie verdelg nie. Op grond van die eer van sy Naam voltrek Hy nie sy oordeel nie.

God se beskrywing van Israel se geskiedenis is 'n lang akte van beskuldigings. Hulle lewens het God versoek en uitgetart. Hulle saak is so vertroebel by God dat Hy daaraan dink om hulle te verdelg. Hier is sprake van beraad wat God met Homself hou. Hierdie is 'n toonbeeld van sy lankmoedigheid. Hy handel nooit in blinde drif nie. Hy doen niks sonder oorleg en onbeheersd nie. Ook in sy toorn is Hy wys en goed.

Ons almal antwoord God in die geskiedenis. Ons antwoord aan Hom getuig van ontrou. Ons betaal nie wat ons belowe nie; eet en drink sonder om te dank. Ons is bywoners en maak of ons eienaars is.

Waarom trek God sy hand oor ons terug? Ter wille van sy Naam. Sy Naam van verlossing Jesus Christus is die skild wat ook die pyl van die dood van ons weghou.

Die konstante lyn van troubreuk en sonde by Israel en by ons word permanent deurbreek met die vaste lyn van God se ewige voorneme (van liefde) Jesus Christus.

27 Julie. **Lees** Eseg. 21. **Teks:** Eseg. 21:19-23.

DIE TWEE WEË.

Die profeet stel dit duidelik dat die swaard wat van God kom, in die gestalte van Babel se koning na Israel kom. God sal Nebukadnesar gebruik as roede om Jerusalem te tugtig. Hy wil sy woord ook duidelik maak met 'n skets.

Twee paaie kom uit Babel. Een pad se wegwyser wys na Jerusalem en die ander na Rabbat, hoofstad van die Amoniete. Die koning staan by die kruispad, onseker watter pad om te kies. Albei stede was sentra van verset teen Babel.

In sy onsekerheid gryp die koning na waarsêers. Nebukadnesar wil ook nie as heiden alleen gaan nie. 'n Beskamende voorbeeld uit die heidendom vir ons wat sonder gebed op reis gaan.

Die pyl orakel gee die deurslag. Twee pyle word in 'n pylkoker gesit en geskiet. Op die een pyl staan Jerusalem en op die ander Rabbat. Die koning trek met sy regterhand die pyl waarop Jerusalem staan. So word sy rigting aan hom openbaar.

Maar ook die heidense orakels staan in diens van God. Die ontrou in Jerusalem bring God se oordeel nader deur die koning van Babel se koms. Hy laat hom nie verblind deur dure ede nie. Hy bring hulle ongeregtigheid in herinnering.

God se oordeel gaan nie net een rigting naamlik na die wêreld toe nie. Vir sy oordeel kan mens ook nie agter die mure van Jerusalem of die kerk wegkruip nie. God verwerp en verkies wie Hy wil. Jakob het Hy lief en Esau haat Hy, albei uit Abraham onder die verbond gebore.

Almal wat deel vorm van sy verbond is wel bevry van sy oordeel, maar in alle verbonde is twee dele. Sy verbond verplig ons tot liefde vir Hom en vir mekaar en 'n wandel in 'n godsalige lewe. Ons kan in sonde val maar nie daarin bly lewe nie. Dure ede en beloftes wat nie nagekom word nie, vermenigvuldig die oordeel.

28 Julie. **Lees** Eseg. 22:1-16. **Teks:** Eseg. 22:8.

DIE SONDE VAN JERUSALEM: MY HET JULLE VERGEET, SPREEK DIE ERE.

Die profeet van die Here spreek nou as regter die oordeel van God uit oor die sondes van Jerusalem. Die lys van sondes wat die inwoners van Jerusalem bedryf het, omvat die hele tien gebooie. Hulle het hul selfs skuldig gemaak aan moord. Afgodediens was ook aan die orde van die dag. Die kinders was ongehoorsaam aan hulle ouers. Verdrukking en afpersing het die armes swaar getref. Vir Gods sabbat het hulle geen

respek nie: hulle wend hul tot die afgodiese praktyke van die heidene — dit het vir die Jode interessanter gelyk. Onreinheid van liggaam en huwelik was oral aan die orde van die dag.

Al hierdie sondes spruit uit een feit: „My het julle vergeet," spreek die Here Here. Die toorn van God het nou ontbrand oor sy uitverkore volk. Hy het hulle oorgegee aan die heidene: Jerusalem is verwoes en al die leiers is weggevoer as bannelinge. Die uitverkore volk van God het hulle dus gedra soos heidene en hulle pluk nou die vrugte van hul ontrou en rebellie. Wat jy saai sal jy maai.

Ook die Nuwe Testamentiese volk het onbeskryflike voorregte ontvang: die ewige verlossing vir hulle wat glo in die gekruisigde en opgestane Heer. En verder: „Julle is 'n uitverkorene geslag 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig." Die volk van die nuwe verbond is dus geroep om te getuig van die groot genade van God in Christus Jesus deur hul handel en wandel en deur voortdurend 'n godvresende lewe lei. Maar ook hulle verneem: „Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy maai; maar hy wat in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai. En laat ons nie moeg word om goed te doen nie want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie." (Gal. 1:7-9).

29 Julie. **Lees** Eseg. 22:17-77. **Teks:** Eseg. 22:20.

JERUSALEM IN DIE SMELTOOND.

Die profeet gaan voort om die treurige toestand van Jerusalem te beskryf. Hy gebruik 'n gelykenis om duidelik te maak wat Gods oordeel inhou. „Die huis van Israel het vir my tot skuim geword." Dit is wat God dink van sy volk. Hulle was silwer. In die dae van Dawid en Salomo sou mens kon sê dit is 'n koninkryk wat skitter van goud en silwer as gevolg van hulle trou. Maar nou het hulle in bandeloosheid verval. Hulle het skuim geword.

Israel is nou in die oond bymekaar. Uit al die dele van die land het hulle na Jerusalem gevlug. Jerusalem was vir hulle die finale toevlugsoord. Dit was nie alleen 'n sterk ommuurde stad nie, maar dit was tog die heilige stad — die stad van God. Daar is die veiligheid. Ironies genoeg moet hulle verneem dat juis hulle wat saamgestroom het vir hulle veiligheid deur God beskou word as 'n hoop van verskillende soorte metaal wat gereed lê in die smeltoond om gesmelt te word ten einde die skuim van die metaal te skei. Jerusalem was omring deur die vyand se troepe en binnekort sou die slagting begin. Die ongehoorsames moet gestraf word maar dit sal ook dien as loutering vir hulle wat nog nie die weg van die Here verlaat het nie.

Die feit dat God nog soveel belangstel om sy afvallige kinders te beproef, is teken van sy groot genade. Hy stel nog belang. Hy tugtig diegene wat Hy liefhet.

Ook vir ons moet dit tot troos dien wanneer ons voel of ons in die smeltoond gewerp is: God stel nog belang. Hy is besig om my te louter. Wanneer Christus die Heer ons deur die hitte van die woestyn lei op pad na die ewige Kanaän dan weet ons Hy is besig om my te reinig tot eer en verheerliking van sy heilige Naam. Eenmaal sal ek in die nuwe Jerusalem aankom gereinig deur die bloed van die Lam.

30 Julie. **Lees** Eseg. 24:15-27. **Teks:** Eseg. 24:16.

DIE LUS VAN JOU OË WORD WEGGENEEM.

Hierdie gedeelte is die laaste verse oor die belangrike saak waaroor die boek Esegiël van die begin af gehandel het, naamlik oor die verwoesting van Jerusalem. Die profeet verneem nou van God dat hy sy vrou deur die dood sal verloor. Uit die benaming „die lus van jou oë" waarmee sy vrou beskryf word, kan os aflei dat Esegiël sonder twyfel 'n verstandige en goeie vrou moes gehad het. „Wie sal 'n deugsame vrou vind? want haar waarde is ver bo korale." (Spr. 31:10). Ook vir die diensknegte van God is 'n liefdevolle en getroue vrou 'n groot troos en bemoediging. Veral vir Esegiël met sy besondere roeping saam met sy volk in ballingskap, moes sy vrou vir hom veel beteken het. Maar . . . dan word die lus van die oë van die profeet deur die dood weggeneem.

Die volk is uitermate verbaas oor die dood van die vrou en die eienaardige gedrag van die profeet daarna en wil van hom weet wat die betekenis van sy gedrag vir hulle inhou. Wat Esegiël se vrou vir hom persoonlik beteken het, het die tempel vir Israel beteken. God straf die sonde van Israel — hulle is dus verantwoordelik vir die vernietiging van Jerusalem en die tempel.

Die dood van 'n geliefde bly steeds vir ons 'n skok. Die mens kan nie aan die donker hand van die dood gewoond raak nie — die dood bly die laaste vyand. In hoeveel van ons lewens het dit nie miskien gebeur of staan dit voor die deur dat die lus van ons oë van ons weggeneem word nie? My man, my vrou, my klein kindjie, my seun of dogter op hoërskool of universiteit, my vader en moeder, broer of suster. Steeds gaan daar 'n siddering deur ons hart by so 'n onverwagte gebeurtenis. Die Christen mag treur oor 'n geliefde wat van ons weggeneem is. Maar 'n Christen mag nie treur soos diegene wat geen hoop het nie. „Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so dié wat in Jesus ontslaap het saam met Hom bring." (1 Thes. 4:14). Dan is vir my die lewe Christus en die sterwe wins.

31 Julie. **Lees** Eseg. 25:1-7. **Teks:** Eseg. 25:3.

AMMON WORD VEROORDEEL OMDAT HULLE MET DIE VOLK VAN GOD GESPOT HET.

Israel se skuld is beskryf in die eerste vier-en-twintig hoofstukke van hierdie boek. Hulle skuld voor God is ten volle uitgemeet en oopgevlek.

Nou kom Gods oordeel ook oor die heidene. Nie hulle afgodery in die eerste plek, maar veral hulle blydskap oor die val en ondergang van Israel word hulle ten laste gelê. God kan hulle hoogmoed en selfverheffing nie verdra nie. As mens die volk Israel bespot of verneder, dan vergryp jy jou aan die eer van die God van Israel. God keer nou sy toorn van Israel af teen hulle wat spot. Vyf jaar na die val van Jerusalem stroom die vyand oor Ammon: eers die Chaldeërs; wat hulle nie verwoes nie vernietig die Arabiere en rondtrekkende bedoeïene soos roofvoëls.

Deur die eeue heen was die volk van God vir die ongelowiges 'n voorwerp van spot. Die wêreldling is nie tevrede met die lewe van die gelowiges nie. Dit moet afgetakel word; dit moet bespot word; die gelowiges moet verkleineer word; hulle moet veragtelik voorgestel word in die oë van die wêreld. Vir die kommunisme het die Christendom sy

grootste vyand geword. Slagspreuke word teen die Christendom aangehef: „Godsdiens is die opium van die volk." „Die Christelike kerk is net daar as wapen in die hande van die kapitaliste om die onderdruktes tevrede te hou. God is dood." Dit is die woorde van die goddelose antichris vandag. En die gelowiges krimp ineen onder hierdie aanslae en wonder waarom God nie die goddeloses wegvee van die aangesig van die aarde nie. Maar ook ons verneem: Christus het nie net vir jou gesterwe nie, maar Hy het ook sy lewe afgelê vir daardie verhardes wat nou sy kerk vervolg. Christus is barmhartig en genadig en Hy sal kom op die wolke op sy tyd om te oordeel die lewende en die dode. Intussen word elkeen opgeroep tot bekering en daaglikse volharding in die geloof.

1 Augustus. **Lees Eseg. 25:8-11.** **Teks: Eseg. 25:8.**

GODSPRAAK TEEN DIE MOABIETE.

Die sonde van die Moabiete was wat hulle gesê het: „Kyk die huis van Israel is soos al die nasies." Moab is deur koning Dawid onderwerp maar onder die regering van koning Agab het hulle hulself bevry. Die verhouding teenoor Israel het steeds vyandig gebly. Dit word nou as verwyt teen Moab geslinger dat hulle Juda, noudat hulle verslaan en verneder is, beskou as gelyk aan ander volke. Dit impliseer ook dat Israel se God niks meer werd is as die afgode van die heidene nie.

Maar die boodskap van die Here kom ondubbelsinnig: al het Juda hulle gedra soos heidene en het Ek hulle gestraf dan sal Ek nogtans 'n oorblyfsel bewaar en op my tyd sal Ek my volk weer teruglei na die beloofde land. Ek sal ook in Moab strafgerigte voltrek en hulle sal weet dat Ek die Here is.

Die soort verwyt van Moab word ook die kerk van Christus toegeslinger: Julle is soos al die nasies. Ons merk geen verskil tussen die lewens van Christene en nie-Christene nie. En ons moet onsself afvra of hierdie beskuldiging van die heidene nie waar is nie. Is dit nie so dat die gemeente van Christus, dié gemeente wat Hy duur gekoop het met sy eie bloed, so wêreldgelykvormig geword het dat daar geen verskil is tussen die lewe van die gelowiges en ongelowiges. Ons moet dit weet: as ons as Christene nie die lig, wat Christus in ons harte laat ontbrand het, laat skyn sodat die heidene dit sien en God verheerlik nie, Hy ook oor ons sy strafgerig sal laat gaan. „Nie elkeen wat vir My sê Here Here, sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is." (Matt. 7:21).

2 Augustus. **Lees Eseg. 25:12-14.** **Teks: Eseg. 25:12.**

„AAN MY KOM DIE WRAAK TOE," SPREEK DIE HERE.

Die sonde van Edom was dat hulle wraak geneem het op Israel. Die Edomiete was die nasate van Esau. Ons weet dat daar reeds tussen Jakob en Esau vyandskap en spanning was. Hierdie spanning het deur die eeue voortgeduur. Die Edomiete was volgens 'n bevel van God ondergeskik aan Israel. Gedurende die koningskap van Joram het hulle in opstand gekom en is verpletterend verslaan (11 Kon. 14:7). Edom het nou in die tyd van Juda se vernederde ballingskap blykbaar die toestand uitgebuit en wraak geneem deur plundertogte te organiseer. Dit was 'n groot sonde in die oë van die Here.

Dit was steeds so deur die eeue heen dat die mens geneig was om wraak te neem op sy vyand. Sommige mense loop soms vir baie jare rond met wraakgedagtes en wag hulle kans af. Ook in die dae van Jesus se omwandeling het Hy oor hierdie belangrike saak gesê: „Julle moet julle vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg." (Matt. 7:44). En ook in die Romeine brief kry ons 'n baie duidelike aanwysing: „Moenie julle wreek nie geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeldgeld spreek die Here. As jou vyande dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop." (Rom. 12:19,20). Maar dit bly voorwaarde: dit is nie enige mens wat sommer kan vergewe en vergeet nie, maar alleen hy wat bely dat Christus sy sondes vergewe het. Wie is ek dan om die oortreding van my broeder teen hom te hou?

3 Augustus. Lees Eseg. 28:1-10. Teks: Eseg. 28:9.

DIE GOD-MENS.

Hier rig die Woord van God hom nou teen die koning van Tirus, naamlik Itobaäl II. Dié koning het gereken dat sy vesting, gebou op 'n eiland in die see onoorwinbaar is. Netso onoorwinbaar as die verblyfplek van die afgode wat hulle vereer het. As Tirus so oninneembaar is as die godewonings dan is sy vors 'n god. 'n God-mens dus.

Maar die profeet van die Here herinner die koning daaraan dat hy 'n mens is en geen God nie. Jy is 'n afhanklike skepsel en daarby 'n sterflike wese. Jy sal die dood van 'n onbesnede sterf. Dit is die dood van hulle wat vervreemd is van God, hulle wat nie opgeneem is in die verbond nie en daarom sal oor hom gaan Gods toorn en vloek omdat hy gesê het: „Ek is 'n god ek bewoon 'n godewoning in die hart van die see."

Hierdie man wou graag 'n God-mens wees. Ons lees in die Bybel slegs van een wat God en mens was, nl. Jesus Christus. Hy het as eniggebore Seun van God na hierdie wêreld toe gekom en die menslike vlees aangeneem toe Hy gebore is uit 'n vrou. Maar Hy was ook waarlik God gewees: God uit God, Lig uit Lig, waaragtige God uit waaragtige God. Jesus was die enigste God-mens.

Geen mens durf dit waag in die heilige teenwoordigheid van God te kom nie. Daarom dat Gods eniggebore Seun bereid was om op te tree as ons advokaat. Omdat Jesus vir mense wil intree moes Hy ook werklik mens wees. Daarom dat daar so 'n wonderlike nag was waarop die engele uitgeroep het: „Eer aan God in die hoogste hemele en vrede op aarde in die mense 'n welbehae. Want vir julle is vandag in die stad van Dawid gbore die Saligmaker wat Christus die Here is." (Luk. 2:14, 15). Omdat Christus mens geword het, het ons die vrymoedigheid om in sy Naam tot die troon van genade te nader.

4 Augustus. Lees Eseg. 29:1-16. Teks: Eseg. 29:16.

DIE ANTWOORD OP ONS WAAROM.

Ons het hier te doen met die eerste profesie uit 'n reeks van sewe profesieë van Esegiël teen Egipte. Tussen Sedekia en Farao Hofra het 'n soort bondgenootskap bestaan. Die Farao het Juda aangemoedig tot 'n opstand teen Nebukadnesar, met die voorwendsel dat hulle op die magtige Egipte kan steun.

Esegiël het egter reeds vroeër gewaarsku dat Egipte net soos die riete langs die Nyl is. Hulle lyk reguit en sterk maar beteken nie veel nie en knak as die geringste druk daarop uitgeoefen word. Die waarskuwing van Esegiël word egter in die wind geslaan en die stryd word Nebukadnesar aangesê. As Jerusalem egter beleër word, blyk Egipte 'n baie onwillige bondgenoot te wees. Die gevolg is dat die volk van die Here, en daarom ook die Here self, verneder word.

Nou kondig Esegiël die oordeel van die Here oor Egipte aan. Egipte sal getref word en die land sal so 'n knou toegedien word dat dit nooit weer die groot moontheid sal wees wat dit eenmaal was nie. Waarom? Sodat dit vir die huis van Israel geen voorwerp van vertroue meer sal wees nie en dat hulle kan weet wie die Here is.

God handel nooit doelloos nie. Menigmaal het ons al gewonder waarom teëspoed, rampe en terugslae ons tref. Dit gebeur nie maar net toevallig met ons nie! Miskien is dit die weg wat die Here kies om ons te leer dat Hy alleen die Here is. Ons vertroue moet op Hom alleen gevestig wees.

Waarom? Dit was ook die uitroep van Christus aan die kruis. Maar ook die kruis was geen toeval nie. Dit was die weg wat God vir sy Seun gekies het om aan hulle wat glo verlossing te skenk.

5 Augustus. **Lees** Eseg. 30:1-19. **Teks:** Eseg. 30:3.

DIE DAG VAN DIE HERE.

Die profeet word hier weer aangespreek as mensekind. Hy moet die boodskap van sy sender aan die mens bekend maak. Hy ontvang 'n opdrag om te profeteer. Daar moet 'n gehuil opgaan. Wie dit is wat moet weeklaag word nie gesê nie, maar uit die verband kan ons aflei dat dit Egipte moet wees.

Die dag van die Here sal vir Egipte aanbreek. Dit sal 'n dag van wolke wees, dit wil sê 'n dag van rampspoed. Eintlik kan ons die dag van die Here altyd sien as die dag waarop die Here as die oordelende Regter optree, 'n dag wat finaal en volkome sal aanbreek in die eindgerig. In daardie dag sal dit blyk dat die Egiptiese gode nietighede is. In die uur van krisis beteken hulle vir hulle onderdane niks nie. Die gode en hulle setels sal verwoes word. Dit sal weer eens duidelik word dat die Here alleen die lewende God is.

Op die dag van die Here word die son en die maan duister en die sterre trek hulle glans in. Volgens die Nuwe Testament is dit die dag waarop Christus van die hemel neerdaal om die lewende en die dode te oordeel. In Openbaring word met die benaming „die dag van die Here" die Sondag bedoel.

Vir hulle wat soos Egipte op afgode vertrou, sal die dag van die Here 'n dag van wolke en donkerheid wees. Die aanbreek van die dag word dan gevrees. Maar almal wat glo dat Jesus die Here is, sien verlangend uit na daardie dag. Hulle weet dat op daardie dag die ewige Sondag, die ewige rusdag aanbreek. Wees dan waaksaam want die koms van die dag is naby.

6 Augustus. **Lees** Eseg. 31:1-18. **Teks:** Eseg. 31:13.

CHRISTUS DIE BOOM VAN DIE LEWE.

Egipte word hier vergelyk met 'n seder op die Libanon. Penregop troon hy uit bo al die ander bome. Vir elkeen bied hierdie boom iets. Die voëls maak nes in sy takke, die wilde diere van die veld teel onder sy takkies aan en al die volke gaan sit onder sy skaduwee. So het dit ook met Egipte gegaan. Almal se oë was op Egipte gerig. Egipte kan vir almal iets bied. Soos 'n seder bo ander bome uitstaan, so het Egipte bo die ander nasies uitgestaan. En die nasies het gekom om in sy koelte skuiling te soek.

Maar hierdie hoogheid het Egipte hoogmoedig gemaak. Daarom het God sy ondergang bewerk. En toe hierdie magtige seder, hierdie reuse Egipte neergevel is, het hulle wat eens by hom skuiling gesoek het hom nie te hulp gesnel nie. Al die voëls van die hemel het gaan sit op sy omgevalle stam en al die wilde diere van die veld was op die takkies. Toe het die volke hulle gehaas om nog meer voordeel uit die gevalle Egipte te trek.

Hier word dit duidelik hoe die mens vir eie gewin lewe. Daar is haas geen sprake van liefde nie. Toe Egipte groot en magtig was, het hulle by hom skuiling gevind. Nou dat hy neergevel is, wil hulle hom kaal stroop.

So is daar ook teenoor Christus opgetree. Hy het siekes genees, blindes laat sien en aan armes die evangelie verkondig. Toe het hulle Hom toegeroep: Hosanna. Maar toe Hy neergevel was het hulle uitgeroep: Kruisig Hom. Maar Jesus Christus, die boom wat afgekap is, het ons geleer dat elkeen wat sy lewe om Christus ontwil verloor dit uiteindelik sal herwin.

7 Augustus. **Lees** Eseg. 32:1-16. **Teks:** Eseg. 32:8.

DIE LIG VAN DIE WÊRELD.

In vers 2 is daar sprake van 'n leeu en van 'n draak of 'n krokodil. Daar is sommige verklaarders wat beweer dat die leeu en die krokodil nie albei op Egipte betrekking het nie. Hulle sien dan die leeu as Nebukadnesar wat op die krokodil, die farao, jag maak. Nebukadnesar is die leeu wat voortdurend op die loer is vir prooi om te bespring. Farao is die krokodil wat in die Nyl op en af beweeg en met sy neusgate die water laat opborrel en met sy pote dit troebel maak. Hierdie troebel water met sy vrugbare sluik is die seën vir Egipte. Maar skielik en onverwags kom daar uit die oerwoud 'n nuwe gevaar tevoorskyn . . . die leeu in die persoon van Nebukadnesar. Na 'n titaniese stryd word die krokodil oorweldig. Hy word opgetrek na die oop veld, buite sy element en ver weg van die rivier waar hy die alleenheerser is. Sonder die water van die Nyl kan Egipte nie bestaan nie. Dit is die bronaar van sy lewe.

Maar dit is nie die leeu wat die krokodil verslind nie, nie die volke wat die monster met die vangnet weg van die water trek nie, dit is die Here, Here, sê Esegiël. Al die skynende ligte aan die hemel, dié sal Ek om jou ontwil duister maak. Die lig van hierdie volk, wat op die troebel water van die Nyl vertrou het, sal deur die Here uitgedoof word. Die ster van die farao, wat soos 'n groot krokodil oor die waters heers, groot gebiede beheers, sal verdof.

God beskik oor die waters van die Nyl. Hy laat die son en maan en sterre skyn. Farao was groot, nie omdat hy geweldige besproeiingswerke aangelê het nie, maar omdat God water gestuur het. Die eer kom God toe. En as 'n mens dié eer wil inpalm, sal sy lig spoedig verdof en uitgaan. Maar wie vertrou op die ware Lig, Jesus Christus, laat hy nie die water vertroebel nie maar sy lig laat hy skyn voor die mense sodat hulle die Vader in die hemel kan verheerlik.

8 Augustus. **Lees** Eseg. 33:1-20. **Teks:** Eseg. 33:11.

DIE VERLOSSER VAN DIE SONDE.

Die woord van die Here het deur die profete tot Israel gekom. Jeremia en Esegiël het aanhoudend gewaarsku dat die volk op die Here alleen moet vertrou. Maar Israel het hom aan hierdie waarskuwings nie gesteur nie; Jerusalem is tog onaantasbaar. Wie sal dit durf waag om Jerusalem te beleër. Net so seker as wat die son in die môre opkom en in die aand ondergaan, net so seker is die Here aan Jerusalem verbonde. God sal Jerusalem nooit in die hande van die vyand laat val nie. Dit was die heerlike optimisme van die volk.

Dan kom 'n vlugteling by die ballinge aan met die tyding: die stad is ingeneem. Onder sulke omstandighede roep Israel uit: Gewis, ons oortredinge en ons sondes is op ons, en daardeur teer ons weg — hoe kan ons dan lewe?

Nou verander die heerlike optimisme in die uiterse pessimisme. Voorheen het hulle lig gesien waar daar geen lig was nie. Nou is dit so donker dat hulle geen hoop meer koester nie. Tog is daar in die klaaglied 'n element wat die hoop laat opflikker. Daar is weer 'n skuldbesef aanwesig.

Daarom kan die profeet ook troos: So waar as Ek leef, spreek die Here Here, gewis, Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe.

Die woord van die profete, die Bybel, sê aan ons dat ons sondaars is, dat ons geneig is om op aardse dinge, op Jerusalem, te vertrou. Maar as ons tot die besef kom dat ons in gevaar verkeer as ons uitroep: hoe kan ons dan lewe, dan soek en dan vind ons Hom wat Jerusalem nie in die steek gelaat het nie, maar tot sy redding gekom het. Dan vind ons Jesus Christus wat ons toeroep: bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het by julle gekom.

9 Augustus. **Lees** Eseg. 34:1-10. **Teks:** Eseg. 34:7.

DIE WOORD VAN DIE HERE.

As ons op die terrein van die kerk aan die herders dink, dink ons in die eerste plek aan predikante. Hoewel dit heel toepaslik in ons tekstvers is om onder herders predikante te verstaan, het Esegiël egter nie die predikant nie, maar die koning in gedagte. Die koning moet die skape, sy onderdane, beskerm. Hy moet voor hulle uit trek. Hy moet aan hulle weiding verskaf. Nou word die herderkonings daarvan beskuldig dat hulle nie die skape versorg nie, maar net aan hulle self weiding verskaf het. Hulle het net aan hulle eie voordeel gedink en nie die belange van hulle onderdane nie.

Maar ons moet ook hier dink aan die herders en leraars. Hulle is die mense wat die Woord spreek. Hulle is baie selde hoorders. Sondag na Sondag staan hulle op die kansels om die Woord van die Here aan die gemeente te bring. Hulle spreek die Woord, maar hoor hulle nie die Woord nie? As dit die geval is verskaf hulle net aan hulle self weiding. Ook die predikant moet die Woord hoor. In sy studeerkamer is hy besig met die Woord. Hy buig oor die Woord, hy buig voor die Woord sodat hy vir die gemeente kan sê: So spreek die Here. Dan verskaf hy weiding aan die kudde.

Dit is egter nie net die predikant nie, maar ook die gemeente wat die Woord van die Here gehoor het. Daarom spreek hierdie teks elkeen van ons aan. As ons die Woord gehoor het mag ons dit nie net vir onsself hou nie, maar moet ons dit uitdra sodat elke knie voor Hom sal buig en elke tong sal bely dat Jesus die Here is.

10 Augustus. **Lees** Eseg. 34:11-31. **Teks:** Eseg. 34:31.

DIE GOEIE HERDER.

Esegiël 34 is seker die mooiste hoofstuk in die hele boek. As ons lees van die herder en die skape is dit so asof ons nou met 'n hoofstuk uit die Nuwe Testament besig is. Dit is asof Jesus Christus self hier aan die woord is.

Hier word drie eienskappe van die Goeie Herder genoem. In die eerste plek sal Hy sy skape red op die dag van wolke en duisternis. Dit beteken in die dae van Esegiël, die terugkeer uit die ballingskap. In ons dae beteken dit dat die kudde weer na die Herder sal begin vra — die begin van die verlossing.

Dan sal Hy aan hulle 'n enkele herder gee sodat hulle nie langer vandag onder die sorg van hierdie een en môre onder die sorg van daardie een verkeer nie. Hierdie Herder, uit die geslag van Dawid, sal hulle as sy eiendom aanneem. Hy sal hulle laat wei en vir hulle 'n herder wees.

Hierdie Herder sal egter ook skeiding maak. Die wat na sy stem geluister het en Hom gevolg het sal veilig woon. Hulle wat hulle eie swakheid en sonde besef het en by Hom skuiling gaan soek het, sal beskut word. Hy sal 'n verbond van vrede met hulle sluit. Die wat Hom nie volg nie en na sy stem nie luister nie, sal verlore gaan.

Maar dit is ons troos dat ons van Jesus Christus kan sing: „Soos 'n herder soek die Heer elke skaap wat afgedwaal het, bring dit na die kudde weer, waarvoor Hy so duur betaal het."

11 Augustus. **Lees** Eseg. 36:16-32. **Teks:** Eseg. 36:23b.

GOD BEWYS SY ANDERSHEID.

Israel word uit ballingskap verlos. Die belofte van die terugkeer is deur Israel gehoor. Hierdie verlossing waaraan Israel sal deel hê, is God se werk — sy werk aan hulle. In hierdie werk van Hom, word sy genade oor die volk geopenbaar.

Immers, van Israel se kant was daar geen rede waarom God moes verlos nie. Die volk kon hulle alleen maar skaam en oor hulle weë bloos. Om deur God verlos te word was vir die volk geen reg nie. Dit is God self wat verlos om op daardie wyse die eer van sy Naam te herstel.

Die ander volke het met die God van Israel gespot. Hy was vir hulle maar net soos hulle eie afgode. Vir hulle was God maar net dood. Hier waar sy volk in ballingskap weggevoer is, daar is hulle skynbaar sonder God — en bly God skynbaar ver van sy volk af, want Hy is dood.

Eers as God verlos, word daar geskrik vir die andersheid van God. Juis in die verlossing word die volle heerskap van die ewige God in die hemel, selfs oor die afgode, getoon. Want wat die afgode kan doen, doen Hy ook, maar wat Hy doen, kan hulle nie doen nie. Dan kan God aanbid word, „want daar is geen ander God wat so kan verlos nie."

In die Babiloniese ballingskap het God sy andersheid aan die volke geopenbaar. Aan die kruis van Golgotha het God sy andersheid aan die wêreld geopenbaar. Uit Babel is 'n volk verlos van die ballingskap uit die vreemdelingskap onder die mag van Satan en die dood.

Deur die kruisgebeure is die eer van God herstel. Daar word nie die grootheid en voortreflikheid van die mens tentoongestel nie, daar kan aanskou word die grootheid van God se liefde. Wie glo dat daar verlossing deur die sterwe van Jesus Christus aan die kruis gekom het, die weet dat God self sy Naam geheilig het.

12 Augustus. **Lees** Eseg. 37:1-3. **Teks:** Eseg. 37:3.

BY GOD IS DIE ONMOONTLIKE MOONTLIK.

In hierdie visioen van Esegiël, lê daar voor hom 'n vallei vol mensebeendere. Dit getuig van 'n slagveld waar mense die stryd verloor het en gesterwe het. In hierdie vallei kan die stilte van die dood gehoor word. Deur die felheid van die Oosterse son is hierdie beendere geheel en al uitgedor. Daar is geen spier, senuwee of vel wat hulle nog aanmekaar bind nie. Wat hierdie bene aanbetref, kan daar alleen sprake wees van „Stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer."

Op die vraag „Mensekind, kan hierdie bene weer lewendig word?" kan daar net een moontlike antwoord klink, en dit is „nee." Nee, al maak die mediese wetenskap aanspraak op die mag om die lewe van die mens te verleng, is daar nog geen moontlikheid om uit verdorde bene, lewendige mense voort te bring nie.

Dit is die visioen van die toestand van Israel in die ballingskap — hulpeloos en hopeloos. Menslikerwys gesproke is daar vir Israel geen verwagting meer nie. Hulle het uitgedroog en het verdor op die velde van Babilon gelê. Vir Esegiël is daar geen denkbare wyse waarop hierdie volk weer die lewendige Godsvolk kan word nie. Alleen maar: „Here HERE, U weet dit." Dit is die ander moontlikheid, dat by God die onmoontlike moontlik is.

En dit, geagte leser, is die vertroosting aan 'n wêreld en aan mense wat dood is vanweë die sonde en die misdade. Nie by ons, o Here, maar by U alleen is die redding en die ewigheid, „want by U is die fontein van die lewe."

13 Augustus. **Lees** Eseg. 37:4-8. **Teks:** Eseg. 37:4.

DIE WOORD BRING LEWE.

Daar is die vraag: „Op watter wyse werk God waardeur die onmoontlike moontlik word?"

Om dit te doen, gebruik God vir Esegiël — nie ter wille van sy eie voortreflikheid nie, maar omdat God 'n woord in die mond van Esegiël lê wat hy moet uitspreek teenoor hierdie doodsbeendere. Hy moet pro-

feteer — Hy moet die Woord van God oor hierdie dorre bene laat weerklink. Wat Esegiël hoor, nadat die beendere gehoor het, is 'n geluid wat die grafstilte verbreek. 'n Geluid wat al sterker word weerklink in die vallei van die dood, dit swel aan tot die gedreun van 'n aardbewing.

Tot Esegiël se verbasing het die profesie hierdie magtige uitwerking. Die bene wat oral verspreid was, het nader na mekaar gekom, en dan so dat die bene bymekaar pas. Dit is nie gedrogte wat ontstaan het nie, maar komplete geraamtes. Maar ook is dit nie die einde nie! Spiere, senuwees, vleis en vel word op hulle plekke geplaas. Nou is daar nie in hierdie dal net geraamtes en afskuwelike skelette nie, maar . . . mense.

En dit is moontlik, omdat die verkondiging van die Woord van God skeppend en herskeppend werk. Immers, so bely die kerk, dat juis deur die hoor van die gepredikte (=verkondigde) Woord van God, word die geloof in die mens gebou en word dit versterk. Wie die geloof in Jesus Christus het, dié het die lewe, dié het 'n nuwe skepsel geword — kyk, die ou dinge het verbygegaan, dit het alles nuut geword

As die Woord van God oor ons sou swyg, of as ons dit nie in ons doodsheid wil hoor nie, dan bly ons dood, dan is daar geen lewe in ons nie.

14 Augustus **Lees** Eseg. 37:9-14. Teks: Eseg. **37:4.**

DIE GEES GEE LEWENSKRAGTIGHEID.

God is nie klaar met hierdie doodsbeendere op die oomblik as Hy been by been versamel het en dit met spier, senuwee en vel aan mekaar gebind het nie. Nee, die lewe deur die Gees het ontbreek. Eers as die Gees op grond van die profesie van Esegiël uit die vier windstreke sal kom en op hierdie gevormde mense sal blaas, dan sal hulle lewenskragtig word.

Die Gees is soos die wind. Dit is geheimsinnig; dit kan nie in die hand gevat en soos 'n kosbare geskenk in die vertoonkas weggebêre word nie. Maar tog is die bestaan en die werking van die Gees, net soos dié van die wind, 'n werklikheid. Waar die Gees kom, daar word gewerk, daar het dit 'n uitwerking, daar gebeur iets. Die Gees is krag. Die koms van die Gees na die doodmoeë volk van God in ballingskap, en na die mens wat tot die dood toe afgemat is deur sy sonde en ongeregtigheid, bring lewensasem. Dit gee lewenskrag. Want die Gees kom om te getuig saam met ons gees „dat ons kinders van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede-erfgename van Christus . . . "

Deur die werking van die Gees het daar 'n „wedergeboorte" plaasgevind. Die oue mens is afgesterwe, dit was maar net doodsbeendere, 'n nuwe mens het opgestaan, ja, 'n ontsaglike groot leër.

Deur die Gees het 'n slagveld van doodsbeendere tot 'n strydende leër verander. Dit is die doel van God se werk met sy kerk. Hy wil nie 'n kerk van geraamtes hê waarin die een been op die ander been pas nie; nie 'n kerk van mense van vlees en bloed . . . maar die Gees was nie daarin nie. Net so min wil God 'n kerk hê van mense wat darem op hulle voete op-die-plek-rus staan. Nee, van Israel het God gemaak wat Hy as doel vir sy kerk het — 'n strydende kerk, 'n geweldige groot leër, groot en magtig omdat God deur sy Gees ons vir die stryd sal toerus.

15 Augustus. **Lees** Eseg. 37:15-23. **Teks:** Eseg. 37:19.

EEN IN SY HAND.

Die tyd van die ballingskap van Israel onder die heidense koning Nebukadnesar, was 'n sombere tyd in die geskiedenis van die Godsvolk. God laat aan hierdie volk profeteer: „ . . . en hulle sal een word in my hand." Hulle wat hier verstrooid is, die volk van God, die koninkryke van Israel en Juda, elkeen met al hulle stamme, hulle sal een word. Al die kinders van Israel sal versamel word uit al die streke waarheen hulle weggevoer is of weggetrek het. Hulle sal deur God bymekaargemaak word soos 'n hen haar kuikens. Hulle sal teruggelei word na hulle land.

Dit wat God hier in die Ou Testament beloof het aan sy volk Israel, is bewaarheid in die Nuwe Testament deur die koms van Jesus Christus na die wêreld toe. Immers in Jesus Christus het God na ons gekom in ons verstrooidheid en in ons verdwaaldheid om ons as sy volk in sy hand te neem en ons te bewaar in sy genade. Jesus Christus is die soekende hand van God na die mens op aarde. Dit is helaas egter die hand wat deur die wêreld nie geken, nie geëer en nie aangeneem is nie. Daardie hand is aan die kruishout vasgespyker met 'n spotskrif bokant sy hoof: „Jesus, die Nasarener, die Koning van die Jode." Die Satan wou Jesus tot niet maak, maar nogtans het Hy deur hierdie smadelike dood heen daarin geslaag om uit die ganse verdorwe menslike geslag vir Hom 'n gemeente tot die ewige lewe te kies. En hierdie gemeente, hulle wat in Hom as Saligmaker glo, sal altyd in eenheid in sy hand bewaar wees.

16 Augustus. **Lees** Eseg. 38:1-23. **Teks:** Eseg. 38:7a.

WEES GEREED.

In sy tweede brief aan die Thessalonicense sê Paulus dat die dag van Christus nie sal kom nie tensy die mens van sonde, die seun van die verderf geopenbaar is. Ja, die teëstander wat hom verhef bo God moet eers verskyn. Met hierdie „mens van sonde", „die seun van die verderf" word niemand anders bedoel as die „vleesgeworde duiwel" wat hier vlak voor die koms van Jesus Christus die septer swaai nie.

Voordat Eseg.ël in hoofstuk 40 'n skildering gee van die nuwe Godsryk, gee hy hier 'n aanduiding van die laaste aanval op die „kerk" deur hierdie geheimsinnige Gog.

Dit is die uitverkorene teenoor wie die Antichris sy oorlog wil voer. Die weerlose skape van Christus, die kerk wat oor geen leër of ammunisie beskik nie, is voor die loop van die Antichris geplaas. Dit is die wrede lus van die Antichris om die heiliges soos honde te sien sterwe, alleen om dat hy die Christus haat en die Christen hom walg.

Dan klink die bevel van die Here. Hierdie bevel is nie net 'n dringende waarskuwing aan die kerk van die Here gerig om te waak en voorbereid te wees as die Antichris kom nie. Nee, hy kom verseker, want God het hom opgeroep tot 'n tweestryd oor die mens en die wêreld.

Die kerk van die Here moet gemobiliseer wees. Vir die kerk in sy stryd teen die Antichris word daar nooit wapenstilstand afgekondig nie. Inteendeel, die stryd is tot die bitter einde.

Om gereed te wees, beteken om in Jesus Christus ingelyf te wees. Hy wat deur sy sterwe en opstanding die oorwinning oor die sonde en dood bewerk het, Hy sal ook hier oorwin, want Hy het die kop van die slang vermorsel.

17 Augustus. Lees Eseg. 40:1-5 Teks: Eseg. 40:5a.

GOD OMMUUR SY STAD.

In die gees verkeer Esegiël in Jerusalem. Voor die ballingskap het hy ook in die gees in Jerusalem verkeer. Wat hy nou sien, is veel mooier en beter as dit wat hy toe gesien het. Destyds het hy aanskou hoe die tempel gevul was met gruwelikhede en afgode, maar nou sien hy die nuwe tempel. Dit is die tempel van die stad waarheen Israel sal terugkeer. Van daardie stad word gesê dat 'n muur aan die buitekant al rondom is.

Dit beteken as hierdie nuwe stad 'n muur rondom het, hierdie muur ju's dien om soos 'n skans hierdie stad te beskerm. Waar hulle terugkeer na hierdie stad, beteken dit dat die volk net deur die poorte aan die Ooste, Noorde en Suide kon ingaan. Hierdie muur se doel is om hulle wat nie in hierdie stad tuishoort nie, daaruit te weer.

Wat die kerk en ook die ewige koninkryk van God aanbetref, dit wat in die toekoms lê, is daar sprake van 'n muur daaromheen. Die koninkryk is nie soos 'n tuin sonder omheining waar elkeen kan instap en uitstap soos hulle begeer nie. Inteendeel, Jesus praat self van die sleutels van die koninkryk van die hemele waarmee oop en toegesluit moet word. Wat sou sleutels beteken het as daar nie 'n poort of 'n deur was wat oop en toegesluit moet word nie? Wat sou die deur beteken het as daar nie 'n muur was nie?

Maar tog het God die verskriklikheid van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat met 'n muur omring is, weggeneem deur sy Seun Jesus Christus. Heerlik om uit die mond van hierdie Jesus te hoor: „Ek is die deur; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word, e nhy sal ingaan en uitgaan en weiding vind."

18 Augustus. Lees Eseg. 43:1-12. Teks: Eseg. 43:7.

GEESTELIKE TEMPEL VAN DIE CHRISTELIKE GEMEENTE.

Die boek Esegiël begin met onheilsprofesieë oor Israel en die volke, maar vanaf die veertigste hoofstuk kondig die profeet heilsprofesieë vir Israel aan en daarby die uitsig op die herstelde heiligdom. Dit laaste deel van die boek word gevorm deur 'n groot visioen, waarin die profeet 'n blik op die herstelde samelewing van Israel rondom die nuwe tempel in Jerusalem ontvang. In hierdie Skrifgedeelte ontvang Esegiël die visioen en word hy aangespreek as „mensekind." Dit word gedoen om die profeet daaraan te herinner dat, ten spyte van die feit dat hy met visioene en openbaringe begenadig word, hy tog 'n aardse wese bly, 'n swakke sterweling is en as sondaar onder sondaars verkeer. En dan word die profeet meegedeel dat die Here ewig sy intrek onder Israel gaan neem en die tempel sal hê as die plek van sy troon en sy voetsole. Die Here sal in die tempel vertoef sonder dat daar inbreuk gemaak word op sy heiligheid, soos dit vroeër die geval was. Hierdie ewige inwoning van God sou egter nie plaasvind in die tempel van die herboude stad ná die ballingskap nie.

Die ewige inwoning van God sou eers 'n werklikheid word in die geestelike tempel van die Christelike gemeente, want Christus moes eers sterwe vir die sondes — ook dáárdie sondes, wat in ons teksvers genoem word.

Van hierdie inwoning van God sy Heilige Gees in die lewende tempel van die kerk, word gesê dat dit 'n ewige inwoning sal wees. Dit geld nie net vir die kerk se aardse bestaan nie, maar ook in die ryk van die heerlikheid (Openb. 21:3). Die ewige inwoning van God deur sy Gees in die geestelike tempel van die kerk, verseker die gelowiges van een allesbepalende en allerbelangrikste feit en dit is: al sou die Nuwe Testamentiese kerk, altans solank as hy op aarde is, nie sonder sonde wees nie, sal God daarvoor sorg dat die sonde nooit die lewende gemeenskap met Hom in die Gees sal verbreek nie.

Die herstellingsvisioen van Esegiël het dus betrekking op 'n voortsetting, maar ook op 'n vernuwing van dit wat onder die Ou Verband of Bedeling bestaan het. Christus lui die Nuwe Verband in, waar geen gruwels, wat die Naam van God onteer, die ewige gemeenskap tussen God en sy volk tot niet sal kan maak nie.

19 Augustus. Lees Eseg. 44:1-9. Teks: Eeseg. 44:9

LIGGAAMLIKE EN GEESTELIKE BESNYDENIS.

Nadat God se inwoning in die tempel in 'n visioen aan Esegiël meegedeel is, ontvang die profeet ook die berig dat geen uitlander, onbesnedene van hart of onbesnedene van vlees in die heiligdom toegelaat mag word nie.

Hierdie uitlanders was krygsgevangenes wat gebruik is as tempelslawe. Hulle het nie die besnydenis as teken van die verbond ondergaan nie en hulle hart het ook nie 'n deel aan daardie verbond gehad nie. Die teenwoordigheid van die slawe was 'n verbreking van die verbond en op hierdie wyse is onwettige elemente in die erediens ingedra.

Só het die volk hom aan sy verpligtinge onttrek deur te dink: as die erediens maar voortgaan, gee ons nie om wie dit verrig nie. Hierdie redenering van Israel het beteken dat hy ontrou geword het aan sy roeping. Solank as die uitlander en die afvallige Israeliet nie deur middel van bekering van die hart en deur besnydenis tot die Godsvolk toetree nie, is die heiligdom vir hulle verlode gebied. Dit is opvallend dat die liggaamlike besnydenis nie op die voorgrond staan nie, maar dat die meeste nadruk lê op die eienskap van besnydenis van die hart.

In die simboliese toekomsperspektief is die besnydenis van die hart die allerbelangrikste vereiste. Paulus het dit ook begryp en daarom sê hy in Romeine 2:29: „Maar hy is 'n Jood wat dit in die verborgene is, en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie." Dit gaan hou om die gemeenskap met die lewende God, wie se ewige teenwoordigheid aangekondig word in die geestelike tempel van die gemeente. In dié tempel is daar nie plek vir vreemdelinge nie, dit wil sê: geen plek vir hulle wat van God vervreemd is of vervreemd geraak het nie. Alleen hulle wat in Christus, die ware wynstok, as lewende lote ingelyf is sal deel hê aan die waaragtige gemeenskap met God.

20 Augustus. Lees Eseg. 44:10-31. Teks: Eseg. 44:30.

ONS OFFERS AAN CHRISTUS, ONS HOËPRIESTER.

In hierdie Skrifgedeelte word daar onderskeid gemaak tussen die Leviete en die Levitiese priesters, die kinders van Sadok. Eersgenoemde groep was dié mense wat die trou teenoor die Here nie bewaar nie. Toe Israel begin afdwaal het, het hulle nie vasgestaan en opgeroep tot inkeer

en terugkeer tot God nie. As straf daarvoor word hulle nou gedegradeer tot die verrigting van ondergeskikte werksaamhede. Hulle word uitgesluit van die hoër tempeldienste.

Die tweede groep was hulle wat wél getrou gebly het tydens Israel se afdwaling. Aan hulle word die groot voorreg verleen om in die nuwe tempel die eintlike erediens waar te neem. En omdat hulle geroep word om hierdie besondere roeping te vervul, is daar ook besondere voorwaardes wat vir hulle voorgeskryf word met betrekking tot hulle kleding,hare, huwelik, houding by sterfgevalle, lewensonderhoud, voedsel ensovoorts.

Hierdie tweede groep se roeping dui vir ons aan dat daar by Israel ná die ballingskap tog 'n priesterskap sal wees wat aan die Here getrou is. Vanweë sy roeping en diens aan die Allerhoogste moet die volk hulle offergawes aan die priester gee.

In hierdie gedagte skuil reeds die bekendmaking van 'n nuwe bedeling wat in waarlik getroue geestelike priesterskap sal bring. Dit verwys na die koms van die Hoëpriester van die Nuwe Testament — Jesus Christus. Hy was die Vleklose, die Volmaakte. Van hierdie Hoëpriester, wat die vervanger is van die priester en hoëpriester van die Ou Bedeling, sê Hebreërs 9:11 en 12: „Maar Christus, wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met die hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie, ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, eenmaal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweegbring." Daarom bring ons uit dankbaarheid vir die verlossing ons offergawes aan Hom en dien ons Hom deur ons erediensbywoning, ons Skriflesing, gebede en ons liedere — ja, met ons hele hart en lewe.

21 Augustus. **Lees** Eseg. 45:7-17. **Teks:** Eseg. 45:17.

DIE SELFOFFER VAN CHRISTUS.

Ná die ballingskap gaan God in Israel en onder Israel voort met die gedagte dat Hy vir hulle 'n God sal wees en dat hulle vir Hom 'n volk moet wees.

In vers 7 begin Esegiël aandui dat die persoon en die werk van die vors as uiters belangrike elemente beskou sal word in die verwerkliking van die verbondshouding tussen die Heer en sy volk. Die vors of koning word deur die Allerhoogste tot hierdie diens geroep. Om die geroepe koning se werk op 'n stewige- en korrekte basis te plaas, word in vers 9 gesê dat die vorste van Israel alle geweld en verdrukking moet verwyder en dat hulle reg en geregtigheid moet beoefen op alle lewensterreine. Hierdie oproep word gedoen om vorige wanpraktyke van die vorste te veroordeel en om aan te kondig dat aan al hierdie dinge 'n einde gemaak moet word. Dit is interessant dat daar niks gesê word oor die koning se pligte as staatshoof nie. Eers word verwys na 'n staking van die onderdrukking van sy onderdane en dan word sy „verpligting" omskryf in ons teksvers. Die taak van die koning gaan dus grotendeels en by uitstek op in die bereiding van die offers, soos byvoorbeeld die sondoffer, spysoffer, brandoffer en dankoffer. Hy berei hierdie offers om versoening te doen vir die huis van Israel. Van tyd tot tyd moet hierdie offers gebring word, sodat die disharmonie tussen God en sy volk, vanweë die sonde, weer in harmonie verander kan word. Die koning tree dus plaasvervangend op vir die volk — hy offer namens hulle.

In hierdie koningsfirguur kan ons 'n verwysing sien na die Messias, die Gesalfde van God. In hierdie herstellingsvisioen van Esegiël word die Middelaar, Jesus Christus, gesimboliseer. Hy het ook gekom om reg en geregtigheid te laat geskied onder sy onderdane, maar Hy het veral gekom om ons met God te versoen. Hierdie versoening het Hy met 'n offer bewerkstellig — die offer van sy liggaam aan die kruis op Golgotha. Nou het ons 'n Verlosser wat eens en vir altyd die disharmonie tussen ons en God in harmonie verander het.

22 Augustus. Lees Eseg. 46:1-12. Teks: Eseg. 46:3.

DIE EREDIENS VAN DIE VOLK.

In die vorige oordenking het ons verwys na die belangrikheid van die koning in die godsdienstige lewe van die Israelitiese volk. Hy moes al die offers berei om versoening te doen vir die hus van Israel.

Dit is egter belangrik om daarop te wys dat die aanbidding van en diens aan God nie net by die koningsfiguur se offers begin en geëindig het nie. Hy het wél namens die volk geoffer om die gebroke verbondsverhouding tussen die Heer en sy volk van weë die sonde, te herstel, maar dit het nie beteken dat die volk onthef was van sy verantwoordelikheid om ook vanuit homself die Here te dien nie. Hulle kon nie net altyd ontvang en nooit iets van hulleself gee nie.

Daarom wys ons teksvers op hierdie diens van die volk deur te begin met die woord „ook." Dit sluit hulle diens in by dié van die vors. Hulle moet aanbied voor die ingang van die poort op die sabbatte en op die nuwemane. Dit wil sê dat die volk op die feesdae moet aanbied wat aan die Here toegewy is. In Israel se geval het die nuwemaansfees gaandeweg minder betekenis gekry, sodat veral die Sabbat die dag van die Here was.

Die Godsvolk van die Nuwe Testament word ook opgeroep tot erediens aan en voor die aangesig van God. Die gemeente kan nie net altyd passief wees en net ontvang van die kant van die predikant, ouderling en diaken nie. In die amptelike erediens op die eerste dag van die week, die opstandingsdag van Jesus Christus, moet die gemeente ook in aanbidding gee, deur middel van gebede, lofliedere en offergawes.

Die gemeente verword nie tot Sondags-Christendom nie, maar dien die Here ook gedurende die week in sy huisgodsdiens, sy binnekamer en deur middel van sy hele lewenshouding teenoor sy medebroeders en susters in Christus. Só word elke dag van die gelowige tot erediens aan God.

23 Augustus. Lees Eseg. 47:1-12. Teks: Eseg. 47:2.

STROME VAN LEWENDE WATER.

Hierdie Skrifgedeelte het, soos die meeste gedeeltes vanaf die veertigste hoofstuk, 'n simboliese betekenis.

Die stroom wat uit die tempel vloei kan verklaar word as die gemeente van die Nuwe Verbond. Joël het al geprofeteer van „'n bron wat sal ontspring uit die huis van die Here." (3:8). Daarin moet ons 'n bron van goestelike lewe en krag sien wat van die kerk van Christus uitgaan. In Johannes 7:38 het Jesus self gesê: „Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei."

En nou lees ons dat hierdie stroom van water toeneem in krag. Dit kan alleen verklaar word as die werk van die Heilige Gees. Hierdie lewende water loop in die Dooie See in met sy soutwater, sodat daar uiteindelik 'n ongelooflike rykdom aan lewende vis gevind sal kan word. Dit moet ons verstaan as die krag van die Gees wat uitgaan na die wêreld toe om dit tot lewe te wek. Die Dooie See is dus die wêreld en die rykdom aan vis is die simbool van die rykdom en die veelvormigheid van die lewe van die Gees. Die bome wat langs die stroom staan verwelk nooit en lewer wondelike vrugte. Dit gebeur met alle mense wat leef vanuit die stroom met lewende water wat meer en meer word. So word die krag van die Gees deur die werk van die kerk ook steeds groter.

Dan is daar „moerasse" en „kuile" van die Dooie See wat nie deur die water genees word nie. Hulle word aan die sout prysgegee. Hier moet ons dink aan die dele van die wêreld wat nie deur die seënryke werking van die lewe van die Gees vanuit die gemeente van Christus geraak word nie. En net soos die moerasse en kuile rondom die Dooie See deur verdamping tot dorre sout word, sal die bogenoemde wêrelddele tot die absolute voleinding van die dood kom. Ons sal onsself weer moet afvra of ons, die gelowiges in die kerk, nog 'n lewende stroom water in die wêreld is.

24 Augustus. **Lees** Eseg. 48:30-35. **Teks:** Eseg. 48:35.

DIE NUWE JERUSALEM.

In hierdie Skrifgedeelte bereik die simboliek 'n duidelike eskatologiese perspektief, dit wil sê: daar word 'n blik gewerp op die diepte van die laaste dinge wat moet gebeur. Wanneer daar van die stad sprake is, is die parallel met die nuwe Jerusalem onmiskenbaar. In Openbaring 21:10 word van hierdie stad geprofeteer.

Ons vind die ooreenkoms van die twee stede merkwaardig. Hulle mate is dieselfde, albei het twaalf poorte, drie in elk van die vier windrigtings en die poorte is vernoem na die twaalf stamme van Israel. Verder het nóg die stad Jerusalem na die ballingskap nóg die nuwe Jerusalem 'n tempel. (Hier kan ons Openb. 21:22 lees).

Hoewel die heiligdom of tempel buitekant die stad lê, getuig die naam van die stad nogtans van die seënende en heiligende teenwoordigheid van die Here. Die stad, waarvan Esegiël praat, is die simbool van daardie stad waar die kerk triomfantelik sal kan leef onder die beskerming en toesig van God.

En so eindig die profesie van Esegiël. Hy moes met 'n besonder skerp oordeelprediking begin, maar hierdie afsluiting van hom doen hy met 'n uitsig op die allerhoogste geluksaligheid.

Die ou Jerusalem het die eer van die Here laat verdwyn, omdat hierdie ou stad deur en deur verdorwe was. Maar die profeet keer sy sienersblik weg van die ou stad af na die nuwe Jerusalem. „En daarin sal nie inkom iets wat onreinheid en gruwelikheid en leuens doen nie; maar net wat geskrywe is in die boek van die Lam." En die naam van die stad sal vir ewig wees: Die Here is daar! Dit is ook die troos vir die Nuwe Testamentiese gemeente. Hoewel hy in hierdie wêreld worstel om sy lewe in die wêreldstede volgens God se voorskrifte te hou, is daar altyd die uitsig op die hemelse stad waar sonde en ellende nie meer te vinde is nie. Hierna verlang die kerk!

25 Augustus. Lees Dan. 1:1-21. Teks: Dan. 1:7.

NAAMSVERANDERING.

Gedurende die regering van Jojakim is Daniël saam met 'n aantal jong seuns uit die koninklike geslag en uit die edeles van Juda na Babel geneem. Aspenas, die owerste van die hofdienaars, is deur Nebukadnesar beveel om die voortreflikstes wat liggaamlike gestalte sowel as intellektuele aanleg betref, uit te soek dat hulle in sy palies kon dien. Onder hulle was Daniël, Hananja, Misael en Asarja. Allereers is hulle name verander in Beltsasar, Sadrag, Mesag en Abednego. Die jeug van Israel wat uit Jerusalem na Babel gedeporteer is, is deurdrenk met 'n heidense gees. Hierdie verbondskinders moet totaal verbabiloniseer word, daarom die naamsverandering. Verder moes hulle eet van die spys van die koning en drink van die wyn wat hy gedrink het. Hierdie voorskrif bring hulle in konflik met die spys- en reinheidswette waarmee hulle grootgeword het.

Wanneer ons merk dat die boek Daniël in sy geskiedskrywing ook 'n profetiese boek is, dan tref twee name ons direk hier by die begin van Daniël: Jerusalem en Babel. Jerusalem die Godstad en Babel sinnebeeld van die ryk van die duisternis.Jerusalem — Babel: dit is die groot teenstelling wat alle eeue beheers — die magtige worsteling tussen die ryk van God en die ryk van Satan, kerk en wêreld, Christus en Antichris.

Terwyl Johannes in die Openbaringboek die eindstryd en die segepraal van Christus uitroep, beskryf Daniël 'n fase van die stryd. In hierdie stryd word die jeug betrek. Op Daniël en sy vriende, nie ouer as veertien jaar nie, rig hierdie stryd hom met lis en nie geweld nie. Deur 'n sistematiese gelykskakelingsprogram ongemerk moet hulle vir Babel gewen word. Geluk dit die koning om hierdie jongmense van die koninklike geslag van Juda, na liggaam en siel tot egte Babiloniërs te maak, hulle te vervreem van hulle godsdiens en sedes, dan sou hulle op hulle beurt weer invloed hê op hul volk en sodoende sal die volk van God dan volkome opgelos en ingesluk word deur die magtige Babiloniese ryk. Hierdie jongmanne moet radikaal breek met hul verlede en godsdiens. In hul name klink daar iets deur van God — Daniël beteken „God is Regter" — en dit moet verander word. Hulle moet name dra wat die lof van die afgode van Babel verkondig.

Ons word Christene genoem. Waarom? Omdat ons die heerskappy van Christus in ons familielewe erken. Met die gesindheid: Spreek Here, U dienskneg luister; met die oog gerig o pdie lewende God, luisterende na sy Woord terwyl ons aan ons familie en volk gebonde bly, weeg Babel nie teen Jerusalem nie. Dan verpletter Babel homself teen jongmanne soos Daniël. „Want uit die mond van kinders en suigelinge het Ek sterkte gegrondves."

26 Augustus. Lees Dan. 2:1-26. Teks: Dan. 2:17, 18a.

KRAG VAN DIE GEBED.

Die droom van Nebukadnesar het 'n groot indruk op sy gemoed gemaak, en hy wil weet wat die droom beteken. Daarvoor laat roep hy sy geleerdes, beweerders, towenaars en Chaldeërs. Die koning vra egter nie net die uitlegging nie, maar om hulle te toets eis hy ook van hulle om te sê wat die droom was. Teen hierdie toets was hulle nie bestand nie. Die koning het hulle met die dood bedreig, en hy wil hierdie bedreiging nou ten uitvoer bring. Ariog, die beuel van die koning, is reeds

op pad om die wyse manne van Babel te gaan haal om hulle in stukke te kap. Hy kom ook by Daniël en sy metgeselle. Hulle is nie gevra om die droom bekend te maak nie, maar by die teregstelling word hulle nie oorgeslaan nie.

Daniël het Arioq 'n slim en verstandige antwoord gegee en uitstel verkry. Die tyd van uitstel gebruik hy en sy vriende om barmhartigheid van God af te smeek, sodat hulle nie met die orige wyse manne van Babel omgebring sou word nie. God verhoor Daniël en sy vriende se gebed, en hulle sowel as die Chaldiërs ontkom die vreeslike doodstraf. In 'n naggesig het God aan Daniël die geheim geopenbaar.

Daniël en sy vriende raak in die noodsituasie, toe hulle lewe bedreig word, nie panikerig nie. Hulle roep tot God om hulp. Hulle weet: „God is vir ons 'n toevlug en sterkte; as hulp in benoudhede is Hy in hoë mate beproef."

Deur hierdie geloofsdaad van Daniël en sy vriende skenk God redding aan hulle en die wyses van Babilon. Deur die gebed kom daar 'n einde aan die verwarring van Babilon.

Jesus Christus skenk ons die sekerheid. Hy is die Voorbidder by die Vader, dat ons sal lewe in ewigheid as ons glo.

27 Augustus. **Lees** Dan. 2:27-49. **Teks:** Dan. 2:36.

DIE DROOM VAN NEBUKADNESAR.

Daniël verskyn voor koning Nebukadnesar en vertel die droom en gee daarna die betekenis. Daarmee gee hy te kenne dat dit 'n Goddelike openbaring is. Teen die verwagting van Nebukadnesar in, kom God in hierdie droom om te sê dat nie die ryk van Nebukadnesar of enige ryk ná hom enige betekenis het nie; iets heeltemal anders is dit wat die loop van sake en die bestemming van die wêreld sal bepaal.

Daniël vertel dat die koning in sy droom 'n groot en skrikwekkende beeld gesien het. Die beeld was nie aantreklik mooi nie, hoeseer dit ook geglans het. Die geskiedenis van die wêreld, volgens sy tydvakke in die beeld voorgestel, is inderdaad vol verskrikking. Die hoof was van goud; dit is Nebukadnesar self. Daarna kom daar ander koninkryke voorgestel in die bors van silwer, die buik van koper, die bene van yster, die voete van yster en klei wat nie wou meng nie. Die wêreldse magte is dus aan die agteruitgaan.

Maar daar kom iets anders, van buite af, sonder toedoen van mense: 'n klip wat die beeld omstamp en verbrysel sodat daar geen spoor meer gevind is nie, en die klip self het die hele aarde gevul. Dit beteken dat die God van die hemel 'n ander koninkryk sal verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, maar wat die ander koninkryke sal verbrysel en self vir ewig sal bestaan. Hierdie ewige koninkryk is van heeltemal ander geaardheid en ander herkoms as die aardse koninkryke. Dit is die koninkryk van God. Dit maak 'n einde aan alle aardse glorie. Nie in die lyn van die gedagtes van Nebukadnesar sal die wêreld kulmineer nie; die koninkryk van God sal triomfeer.

Ook aan ons word dit verkondig. Hoe dit presies in vervulling gaan weet ons nie; dit kan ons aan God oorlaat. Hoeveel mensegeslagte die verskriklike beeld nog moet aanstaar, al is dit ook maar sy voete van yster en klei, weet ons nie. Maar oor die einduitslag hoef ons nie in twyfel te verkeer nie: die oorwinning behoort aan God en aan almal wat aan sy koninkryk behoort.

28 Augustus. **Lees** Dan. 3:1-30. **Teks:** Dan. 3:17, 18.

DIE KEUSE: WÊRELDRYK OF GODSRYK.

Nebukadnesar laat maak 'n goue beeld. By die onthulling van hierdie beeld moet alle hoogwaardigheidsbekleërs teenwoordig wees, en op die teken van allerlei musiekinstrumente moet hulle die beeld aanbid. Hy wat nie neerval en aanbid nie, sal op die daad binne-in die brandende vuuroond gegooi word.

Sadrag, Mesag en Abednego het die gebod van die koning oortree. Hierdie drie vriende van Daniël ken die wet van God: „Jy mag geen ander gode voor My aangesig hê nie . . . Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie." Hulle moes die beslisde keuse maak: God of mammon. Die Chaldeeuse manne kla hulle aan by die koning; haat, jaloesie en godsdienstige ywer was hulle dryfveer.

Die drie vriende word deur die koning tot verantwoording geroep, maar hulle beswyk nie, nog voor beloftes nog voor dreigemente. Of God hulle sal verlos — wat die koning ontken — het geen invloed op hulle keuse nie — hulle sal nie voor die beeld kniel nie.

Hulle word in die vuuroond gegooi as straf. Maar — hulle brand nie dood nie en hulle boeie is los. 'n Vierde man wat soos 'n godsman lyk, is by hulle. Verbaas kom die magtige Nebukadnesar nader en roep: „Knegte van die allerhoogste God, gaan uit en kom hier." Nou is die engel weg. God het die engel gestuur as bewys van sy bemoeienis met sy troue diensknegte.

Die vurige oond van hierdie wêreld brand nog altyd en hierdie drie manne was die voorlopers van die gemeente van Jesus Christus wat telkens in die geskiedenis moes kies en altyd weer sal moet kies of hy wil lewe en die goue beeld van die wêreldmag wil aanbid of deur die vlamme wil gaan. Maar die vierde met die vorm van 'n godeseun, sê duidelik vir ons: Jesus Christus leef en Hy bewaar sy gemeente wat getrou bly, tot in ewigheid.

29 Augustus. **Lees** Dan. 4:1-37. **Teks:** Dan 4:29, 30.

EK, NEBUKADNESAR!

Nebukadnesar vertel sy droom. As Daniël die droom hoor, verstaan hy deur Goddelike verligting wat dit beteken, en dit is so vreeslik dat hy verstom staan.

Die groot boom is u, o koning, wat ook groot en sterk is en onder wie se heerskappy almal staan. Maar soos die boom omgekap is, so sal u ook verneder word; die koning sal 'n dier word, hy sal saam met die diere in die veld wees en plante eet; hy sal uit die mensdom verstoot word en deur die dou van die hemel natgemaak word, net soos die boom se penwortel. Die penwortel bly egter bewaar. Hierdie „dierword" is tydelik, sewe tydperke. Dit is 'n strafmaatreël van die Allerhoogste sodat die magtige koning, wat telkens weer vergeet wat hy reeds twee keer moes erken, tog weer erken dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens, en dat Hy dit gee aan wie Hy wil. As die koning God erken, sal sy koningskap bestendig word. Dan volg 'n waarskuwing van Daniël aan die koning: Breek met u sondes, u ongeregtigheid, deur genade te bewys aan die ellendiges. Hier word

aan Nebukadnesar die altyd geldende evangelie verkondig: bekering, bekering! Dan is daar uitkoms. Terselfdertyd teken Daniël in hierdie paar woorde 'n skerp beeld van die lewe van Nebukadnesar: dit was vol sonde en ongeregtigheid, 'n lewe van eie-roem en glorie, sonder om aan die ellendiges genade te bewys. Die Here het egter hulle geroep gehoor.

Hirdie raad het die koning verontagsaam. Twaalf maande later, terwyl Nebukadnesar spog met sy bouwerke en homself verheerlik, bring God hom tot 'n val. Van hoogheidswaan verval hy in 'n geestessiekte waarin hy dink hy is 'n bees. Hy word verstoot en moet leef soos 'n dier.

Na sewe tydperke keer sy verstand terug en loof hy die Allerhoogste. Nou staan sy paleis weer vir hom oop.

Die sonde van die grootheidswaan dryf ons almal weg van God. Ons moet verlos word van die sondige „ek." God en my naaste moet ek voor alles liefhê. En dit kan alleen wanneer die krag en liefde van Jesus Christus in ons lewe kom: Hy wat van Homself getuig: „Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie."

30 Augustus. **Lees** Dan. 5:1-30. **Teks:** Dan. 5:25.

GEWEEG EN TE LIG BEVIND.

Terwyl die leër van Cyrus voor die poorte van Babilon lê, hou Belsasar, die kleinseun van Nebukadnesar 'n feesmaal. Terwyl hulle drink en feesvier, kry Belsasar die godslasterlike idee om by die fees gebruik te maak van die goue- en silwerkomme en skale wat uit die tempel van die Here in Jerusalem buitgemaak is. Hulle drink daaruit en prys hulle gode. Dit is heiligskennis! Nouliks is hulle hiermee besig of die koning sien 'n hand wat teen die muur skryf. Die koning word bleek van skrik, angstige gedagtes vervul hom en hardop roep hy om sy besweerders en waarseërs. Hulle kan nie help nie. Die koningin-moeder herinner Belsasar aan Daniël.

Daniël word geroep en die koning maak aan hom baie beloftes as hy die skrif op die muur kan lees. Daniël wys die geskenke van die hand en bestraf die koning deur hom te herinner aan Nebukadnesar se oormoed en dat hy God ook nou verontagsaam het. Die God in wie se hand sy asem is en voor wie al sy paaie is, het hy nie geëer nie. God waarsku die koning nog deur op die muur te skryf: „mené, mené, tekél, ufarsin." (getel, getel, geweeg en brokstukke). Daniël verklaar die Aramese woorde: Jy, Belsasar, se koningskap is deur God getel, jy is te lig bevind en jou koningskap is verdeel en aan die Meders en Perse gegee. Dieselfde nag val die ryk en sterf die koning.

As ons lewe in die weegskaal van God kom — wat sal die resultaat wees? Waarmee het ons ons dae gevul en watter inhoud het ons daaraan gegee? Weeg maar die dag wat verby is — is hier selfverloëning en verheerliking van God, naasteliefde, bekering, stryd teen die sonde?

Goddank, God het nog meer geskryf as die vier onheilspellende woorde aan Belsasar. In Gods woord staan daar vier ander verskriklike, dog vir die geloof, heerlike woorde: „Eli, Eli, lama sabagtani?" (My God, my God, waarom het U My verlaat?). Sodat ons tot God geneem en nimmermeer deur Hom verlaat sal word nie! Wie dit glo se lewe kry inhoud.

31 Augustus. **Lees** Dan. 6:1-29. **Teks:** Dan. 6:11.

VOLHARDING IN DIE GEBED.

Darius, die Meder, stel Daniël aan as een van sy drie ministers — later oor sy hele koninkryk. Deur afguns gedryf, oorreed die ander die koning om 'n wet uit te vaardig dat elkeen wat gedurende dertig dae 'n versoek rig aan enige god of mens, behalwe aan die koning, in die leeukuil gegooi sal word.

Die gebed van Daniël, wat hy drie maal op 'n dag tot sy God gebid het, is daarmee ook verbied. Nou is daar konflik tussen Daniël en die koning, konflik op godsdienstige gebied. In wese is dit dieselfde en die waarvoor Daniël en sy vriende te staan gekom het toe hulle die onreine spys van die koninklike tafel moes eet; dieselfde konflik waarvoor die vriende gestaan het toe hulle die goue beeld moes aanbid.

Daniël verontagsaam die bevel van die koning en word in die leeukuil gegooi, maar hy bly behoue deur God se genade.

Soos Daniël alleen uit die geloof kon lewe, so ons ook. Soos Daniël is ons anker: Gods Woord. Te midde van 'n wêreld van korrupsie, van menslike ydelheid en sluheid wat ons wil dwing om ontrou aan God en sy diens te wees, moet ons sonder kompromis vashou aan die waarheid van Gods Woord en Gods versoening. Woord en sakrament is al wat ons het — hulle is die basis van ons hoop en die mikpunt van Satans aanvalle.

Die belofte van redding is vir ons in Jesus Christus die Here wat in die dood ingegaan het sodat ons kan lewe.

Daniël is nie gelei deur doodsveragting nie, maar deur Godsverwagting. Hoeveel Jerusalem, dit is die tempel, offer en Messiasbelofte vir hom beteken, toon sy trou aan ons. Daniël ken die oop graf en opgestane Here nie, ons wel. Sy Jerusalem was 'n ruïne in die Weste — ons tempel is Gods hemel doorbo. Hoe ryk is ons Pinksterbedeling!

1 September. **Lees** Dan. 8:1-12. **Teks:** Dan. 8:17.

..... DIE WÊRELD VAN DIE EINDTYD.

Die uitleg van hierdie hoofstuk is skynbaar nie moeilik nie. Die ram wat uit die ooste kom, is die koning van die Mede en Perse wat na Belsasar se dood driekwart van die bewoonde wêreld oorwin het. Die harige bokram uit die weste is die koning van Griekeland, Alexander die Grote wat met ongelooflike spoed en onweerstaanbare krag die ganse bewoonde wêreld van sy tyd onderwerp het. Spoedig na sy dood het sy magtige ryk verbrokkel in vier koninkryke.

Waarom skryf Daniël daaroor? Dit is tog bekende wêreldgeskiedenis en ons hoef nie die Bybel daarvoor te raadpleeg nie. Ons moet leer om nie die Bybel met die wêreldgebeure (koerante) uit te lê nie maar om soos Daniël die wêreldgebeure in die lig van Godsopenbaring te sien: „Let op mensekind, want die gesig sien op die tyd van die einde." (vers 17).

Hierdie magstryd tussen volkere en nasies, hierdie oorloë en gerugte van oorloë is tekens van die eindtyd. Die magstryd tussen Oos en Wes, die wapenwedloop, die gevaar van 'n kernoorlog, waar gaan dit eindig? In hierdie stryd tussen nasies sal geen oorwinnaar wees nie. Alle horings hoe sterk en magtig ookal verbrokkel een of ander tyd.

Uit die ruïnes van die stryd om wêreldheerskappy, op die verrottende materiaal van chaos en anargie groei welig — die gestalte van die antichris van wie Antiochus Epifanes 'n verteenwoordiger was. En hierdie klein horinkie soek nie net militêre en politieke mag nie maar hy stoot ook na die Pragtige Land, na die stad en die volk van God (v9) ja, teen God self.(v12).

Hoe fel dan ook die aanslag van die antichris, die uitslag is gewaarborg op Golgotha deur Hom, aan wie gegee is alle mag in die hemel en op aarde.

2 September. **Lees** Dan. 8:12-27. **Teks:** Dan. 8:25.

DIE VYAND VAN DIE EINDTYD.

Die klein horinkie het al groter geword. Antiochus Epifanes was nie tevrede om die heilige land en sy mense polities onder sy heerskappy te bring nie. Hy wou die volk van God kultureel-godsdienstig onderhorig maak. Hy wou een groot ryk hê met een kultuur, die Hellenistiese, en een godsdiens, die Griekse veelgodendom.

Hy het in die proses van Hellenisering van die volk van God van twee middele gebruik gemaak. Eerstens: Lis — En op grond van sy slimheid sal hy met geluk bedrog pleeg (vers 25). Met lis en sluheid het hy gou onder die Jode self bondgenote gevind wat die Griekse kultuur en godsdiens, of 'n samesmelting van die Griekse en Joodse, aanvaar het.

Tweedens: Geweld — Omdat die geloof van die volk van God en sy tradisies in die pad bly staan het van sy planne het Antiochus die tempel van die Here ontheilig, die offerandes verbied en die brandofferaltaar ontheilig. Besit van afskrifte van die wet, onderhouding van die Sabbat en die besnydenis is met die dood strafbaar gemaak. Godsdiensvervolging het plaasgevind.

Meer nog as in die dae van Alexander die Grote, toe die wêreld klein geword het vanweë die verkeer wat tussen lande plaasgevind het, na sy veroweringstogte, leef ons vandag in 'n krimpende wêreld. Radio en televisie, makrostralers het die wêreld klein gemaak. Dit skep goeie geleentheid vir die aanslag van die antichris met sy strewe na een wêreldkultuur, een wêreldregering, een wêreldtaal, een wêreld (af)god en (af)godsdiens.

Die wapens het nie verander nie — lis en sluheid om die volk, veral die jeug, afvallig te maak van godsdiens en tradisies ontbreek nie. Die propaganda vir die diens van die afval, rewolusie, die omkering, hoor ons daagliks. Daarom: Beproef de geeste of hulle uit God is.

Geweld sal nie uitbly nie. As dit met die groen hout gebeur het hoeveel te meer met die droeë. Wat die uiteinde van die mag van die antichris sal wees weet ons. „maar hy sal sonder toedoen van mensehand verbreek word."

3 September. **Lees** Dan. 9:1-21. **Teks:** Dan. 9:19.

VEROOTMOEDIGING.

Daniël is besig om te bid. Dat die nood van ballingskap en verdrukkinge van die eindtyd hom op die knieë sou bring, dit kan ons begryp. Nood leer bid, so sê ons.

Maar die inhoud van sy gebed is soveel anders as wat ons sou verwag. Hy kla en murmureer nie. Hy kom nie in opstand teen die sware lot wat op die volk neergekom het nie. Hy vaar nie uit teen die verowe-

naars wat soveel onreg pleeg nie. En daar is soveel dinge wat hy kon vra, soveel wat hulle in ballingskap moes ontbeer — hul vryheid, eie huis.

Hy bid, maar hy sê nie: ‚Gee' nie, maar ‚vergewe.' Die grootste nood lê nie buite nie maar binne — die sondeskuld. Die skuld pak hy op niemand anders nie. „Here aan ons sondeskuld. Die skuld pak hy op aan ons konings, aan ons owerstes en aan ons vaders, omdat ons teen u gesondig het" (vers 8).

En as hy pleit om vergiffenis dan doen hy dit „om U Naam ontwil." Dit beteken: Hy pleit om genade alleen „Want nie op grond van ons geregtigheid werp ons ons smekinge voor u aangesig neer nie maar op grond van u grote barmhartigheid (vers 18).

Deur hulle toedoen het Jerusalem en die volk van God, die heiligdom van God, ja, God self die voorwerp van spot en hoon in die oë van die nasies geword. Nou bid Daniël: ‚Om U Naam ontwil' dit wil sê dat die Heer uitkoms sal gee sodat sy Naam nie langer gesmaad sal word nie maar geëer sal word. Daniël se gebed is 'n gebed om die eer van Gods Naam.

Nood leer nie só bid nie, alleen die Woord van God. Jesus het nie net ons leer bid nie maar self vir ons ingetree. Hy is ons voorspraak by die Vader. Alles wat julle die Vader in my Naam mag vra sal julie ontvang.

4 September. **Lees** Dan. 10:1-12. **Teks:** Dan. 10:12.

BID EN WERK.

In Jerusalem was die teruggekeerde volk besig met die herbou van Jerusalem. Cyrus het die Jode verlof gegee om terug te keer na Jerusalem.

Dit was nie net die mense met die troffel en die swaard in die hand by die mure van Jerusalem wat 'n taak gehad het nie. Ver daarvandaan nog steeds in ballingskap was Daniël besig om te bid.

Dit lyk so ondaadwerklik om te vas en te bid en te wag op die openbaring van die Here en dit vir een en twintig dae lank. Maar die opbou van Jerusalem, die werk van die kerk, het nie net 'n horisontale vlak (troffel en swaard) nie maar ook 'n vertikale dimensie (Woord en gebed). As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou, as die Here die stad nie bewaar nie tevergeefs waak die wagter (Ps. 127).

En op die vier en twintigste dag van die eerste maand het die engel na Daniël gekom. Sy gebede is verhoor. — Die vier en twintigste dag van die eerste maand. — Dit is die groot versoendag, die herdenking tydens paasfees van die verlossing uit die slawehuis van Egipte. Gods genade, Gods verlossingsdade is die grond vir die volharding in gebed. Die verhoring van die gebed staan vas.

„Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie? (Rom. 8:32).

5 September. **Lees** Dan. 10:12-21. **Teks:** Dan. 10:13.

WEES STERK!

Daar word gesê dat alle groot gevegte in die lug beslis word. 'n Behoorlike lugmag is van deursleggewende belang in enige militêre opset. Niemand durf vandag die propaganda oor die lug deur middel van radio en televisie onderskat nie.

In hierdie Skrifgedeelte gaan dit ook, by wyse van spreke, om 'n geveg wat in die lug beslis is. Terwyl Daniël gebid en gevas het en skynbaar nodeloos drie weke lank gewag het op die verhoring van sy gebed, in dié tyd was die stryd in die lug lank reeds aan die gang „want van die eerste dag af is jy verhoor . . . maar die vors van die koninkryk van die Perse het een en twintig dae lank teenoor my gestaan en kyk Michael . . . het gekom om my te help."

Die voorstelling is blykbaar dat elke volk sy eie vors (engelmag) het en dat Michael die vors van die volk van God is (Vgl. Deutr. 32:8). Agter die stryd van volkere en nasies woed die stryd tussen engele en demone. Die eintlike stryd van die volk van God is teen die bose geeste. Welke gestalte hierdie teenstand van die geeste was of dit geeste was wat die goedgesinde Persiese konings teen die Jode probeer aanhits het, en of dit bose geeste was wat die godsdiens en tradisies van die volk van God wou vernietig deur in te ruil vir die Griekse kultuur en afgodediens, die gees van wêreldgelykvormigheid, dit word nie uitdruklik gesê nie.

Dit weet ons: „Ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie maar teen die owerhede, teen die magte teen die wêreldhesers van die duisternis van hierdie eeu teen die bose geeste in die lug." (Ef. 6)

Hiervan is ons versekerd: „ . . dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte . . . ons kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus onse Here is nie." (Rom. 8:38). Wees Sterk!

6 September. **Lees** Dan. 12:1-4. **Teks:** Dan. 12:1.

BOEK VAN DIE LEWE.

In tye van verguising en vernedering is dit vir die gelowiges tot groot troos om te weet dat hulle eenmaal hierna sal glinster soos glans van die uitspansel en sal skitter soos sterre.

Vir hulle wat met hulle lewe moet boet onder godsdiensvervolginge is daar die hoop en die troos van die opstanding tot die ewige lewe.

In die eindtyd wanneer die antichris sy swartlys opstel en slegs diegene met die merkteken van die dier (Openb. 13) en diegene wat die beeld aanbid gespaar sal word en mag lewe, is dit tot groot troos en bemoediging om te weet dat daar ook 'n ander lys name naamlik die in die Boek van die Lewe is.

Die Boek is sekerlik nie daar omdat die Here miskien sy kinders sal vergeet nie en daarom hulle name moet opskryf nie. Die boek is daar tot ons troos, dat ons nooit onder welke omstandighede ooit sal vergeet dat God ons uitverkies het in Jesus Christus van voor die grondlegging van die wêreld nie. Hy sal ons nie vergeet nie.

Hoe weet ek my naam is in die Boek van die Lewe? Dit is belangrik om dit te weet want „ . . . as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die Boek van die Lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp. (Openb. 20:15). Ons het as'tware 'n afskrf van die Boek van die Lewe waarin ons kan lees of ons gered word of nie naamlik die Bybel. Die Boek van die Lewe word ook die Boek van die Lam genoem, dié Lam wat die sonde van die wêreld wegneem. Van hierdie Lam getuig die Bybel dat wie in Hom glo nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal beërwe.

7 September. **Lees** Dan. 12:4-13. **Teks:** Dan. 12:7.

HOELANK?

'n Tyd, tye en 'n halwe tyd — dit was die antwoord op die vraag: Hoelank? Wat is 'n „tyd?" Is dit 'n „jaar" en die tydperk dan „drie en 'n halwe jaar?" Of is dit 'n onbekende tydperk?

Die antwoord is vaag en tog is dit 'n duidelike antwoord:

Eerstens: Vir die wat vra uit nuuskierigheid — Juis die onbepaalbaarheid van die „tyd, tye en 'n halwe tyd" sê: „Dit kom julle nie toe om die tye en geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie."

Tweedens: Is dit 'n antwoord, 'n duidelike troosvolle antwoord, op die vraag van die lydende vervolgde Godsvolk wat vra: Hoelank tot hulle die mag van die heilige volk geheel verbrysel het? Tot daar 'n einde kom aan die verbryseling van die mag van die verbryselaar van die heilige volk? Hoelank nog?

Die tyd, tye en 'n halwe tyd mag 'n vir-ons-onbekende-tyd wees, maar dis 'n bepaalde tyd, die afgesproke tyd. Die aanslag van die antichris sal nie onbepaald voortgaan nie maar slegs tot op die tyd deur God bepaal. Drie en 'n halwe tyd is die helfte van sewe. Die tirannie van die bose sal as'tware middeldeur gebreek word. God se tyd vir ons is die voltal, sewe.

In die volheid van die tyd het God sy Seun gestuur . . . Dis al wat saak maak. God het tyd vir ons. Christus is ons geleentheid. Daniël kan getroos sy einde tegemoet gaan „en jy sal rus en weer opstaan tot jou bestemming aan die einde van die dae." „Leer ons om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom!"

8 September **Lees** Pred. 1:1-11. **Teks:** Pred. 1:2.

IS ALLES TEVERGEEFS?

Alles tevrgeefs, sê die Prediker. Dit is die tema van hierdie paar verse waarin Prediker die mens en die hele skepping vasgevang sien in 'n moeitevolle en eindelose kringloop. 'n Kringloop van kom en gaan sonder iets nuuts waarin die mens hom vermoei sonder resultaat en sonder blywende en betekenisvolle vrug op sy arbeid.

Is alles so tevergeefs? Eindig alles maar net waar dit begin het? Is daar niks nuuts nie en word deur menslike arbeid en moeite werklik niks blywends bereik nie? In die natuur is daar inderdaad 'n bepaalde kringloop, maar dit staan nie los en onafhanklik van die lewe van die mens nie. Die lewe van die mens kan ook 'n sinnelose en niksbeduidende kringloop wees en word, as dit 'n eensame lewe is. Maar die

lewe van die mens is nie 'n eensame geskiedenis nie. Dit is 'n geskiedenis van God en die mense. Beter gesê, dit is die geskiedenis van God met die mense. Waar God in skepping en geskiedenis werk, is niks tevergeefs en 'n gejaag na wind nie, en God werk altyd in die geskiedenis van sy skepping.

God laat nie die geskiedenis van sy skepping en skepsel maar soos 'n opgewende horlosie 'n tevergeefse kringloop loop nie. Die Bybel wat die openbaring is van die geskiedenis van God met sy skepping en met die mens, is een deurlopende verkondiging van die groot dade van God in die geskiedenis. Dit is 'n geskiedenis van verkiesing en verlossing, van roeping en opdrag, van belofte en vervulling. Dit is heilsgeskiedenis. Geskiedenis met voortgang en met einddoel waarop dit afstuur. Wat tyd en wat inhoud betref sal dit tot 'n hoogtepunt gebring word en hoe nader aan die einde hoe groter die verwagting en die spanning.

Ons leef in die volheid van die tyd wat aangebreek het toe God sy Seun gestuur het. In Hom het God alles nuut gemaak en sal Hy ook alles nuut maak in die voleinding van die tyd en die geskiedenis. Wie in Christus is, is 'n nuwe skepsel en saam met hom wag ook die skepping op die dag wanneer God openbaar sal maak wie sy kinders is. Dan word ook die skepping self vrygemaak van die slawerny van die verganklikheid.

Kyk, dan is alles nuut en niks was tevergeefs nie. Dan het God se heilsplan sy doel volkome bereik. Wie aan hierdie geskiedenis deel het en in die heilsplan van God betrek is, sy arbeid en moeite het betekenis want dit is alles en moet alles wees tot lof van God wat werk en verlos. En die skepping is nie tevergeefs daar nie. Dit dien die mens, sodat die mens sy God kan dien.

9 September. **Lees** Pred. 1:12-18. **Teks:** Pred. 1:18.

DIE WARE WYSHEID.

Verdriet en smart! Dit, sê die Prediker, is al wat wysheid en kennis jou in die sak bring. Kan dit waar wees? Is dit in ooreenstemming met wat die Spreuke digter en die res van die Bybel oor wysheid en kennis sê? Is hier nie 'n groot misverstand nie? Ja, 'n misverstand moet dit wees, behalwe as die Prediker iets anders hiermee bedoel.

Ware wysheid en kennis is op sigself goed en 'n kosbare besit. Wysheid is 'n uitnemende gawe van God en om kennis te verkry en te vermeerder is 'n Godgegewe voorreg. Die besit van hierdie gawes kan geen verdriet en smart meebring nie, veeleer vreugde en geluk. Alleen wanneer dit met verkeerde motiewe gebruik word, bring dit vir die besitter daarvan verdriet en smart.

Wat uit God is, moet tot eer van God gebruik word. Elke gawe is ook 'n opdrag. Dit gaan nie om die wysheid ter wille van die wysheid of kennis ter wille van die kennis nie. Wysheid en kennis waarmee God nie geëer en gedien word nie is bloot menslike bindinge en is dwaasheid by God. God alleen is die bron van alle ware wysheid en kennis. Daarom is ware wysheid, kennis van God en wie God ken en eerbiedig vrees, is wys.

Die wysheid wat uit God is en die kennis van God, berus op die selfbekendmaking van God. Die diepte en ondeurgrondelikheid van die wysheid en kennis van God, is aan ons bekend gemaak deur die self-openbaring van God in sy Woord; meer nog, deur die vleesgeworde Woord. Hy is die Wysheid van God waardeur God die wysheid van hierdie wêreld dwaas gemaak het. En sy Gees verkondig aan ons die evangelie van die kruis, wat vir die wêreld 'n dwaasheid is. Maar dit is juis deur die prediking van hierdie dwaasheid van God, dat elkeen wat g'o gered word; gered word van die verdriet en smart van menslike wysheid oor ons bring. In die kruisgebeure leer ons die liefde van God ken. En die kennis, van die liefde van God in Christus Jesus, oortref alle kennis, want dit is die wysheid van God en die kennis wat ons vry maak.

10 September. **Lees** Pred. 2:1-11. **Teks:** Pred. 2:11.

VERKRY CHRISTUS AS WINS.

Die Prediker soek steeds na iets wat blywende betekenis het. Hierdie keer wend hy hom tot die vreugde en rykdom. Maar tevergeefs, ook hier moet hy teleurgesteld omdraai. Is daar vreugde in elke lag of kan wyn dit kunsmatig bring? Maak aardse besittings 'n mens ryk? Beslis nie. Na al hierdie dinge soek die heidene.

Maar wat is ware vreugde dan en wat maak 'n mens ryk? Ware, innige en onverganklike vreugde word alleen deur een woord uitgedruk: Evangelie! En die inhoud van hierdie evangelie, dit is rykdom. „Verheug jou!", is die inhoud daarvan.

Wie hierdie evangelie hoor en glo, hy het vreugde gevind. Hy het die koninkryk van God deelagtig geword en vir hom is alle ander dinge daarby gevoeg. Hy maak nie vir hom skatte bymekaar op die aarde nie maar in die hemel. Hy vergroot en vermeerder nie soos die ryk dwaas sy skure nie. Hy weet dat God aan dié wat Hy liefhet alles net so goed in die slaap gee, sonder dat hulle daarvoor gewerk het. Hy weet hy kan sonder geld en sonder prys, koop van die rykdom van die genade en liefde wat God gee. Hy weet dat al sou hy die hele wêreld win, hy daarby niks sal baat as hy selfs die geringste skade aan sy lewe ly nie.

Daarom ag hy alles skade om Christus as wins te verkry. Hy verlaat huis en vrou en ouers en broers en susters en besittings, en hy volg Hom wat nie 'n plek gehad het om sy hoof neer te lê nie. Hy kry dan veel meer as dit terug. Hy word 'n vreemdeling sonder burgerreg in hierdie wêreld omdat hy weet dat sy burgerskap in die hemel is. Hy kan dit doen omdat Christus wat ryk was arm geword het sodat ons deur sy armoede ryk kan word. Wie ter wille van Christus arm geword het en Christus as wins verkry het, vir hom word gesê: „Jy is ryk." By hierdie vreugde van sy onuitputlike rykdom, word ook nog 'n ander vreugde gegee. Hy kan en moet ander ryk maak. Hy moet met barmhartigheid gee en voed en klee met wat hy as gawes ontvang het. Maar bowenal moet hy ander ryk maak met die verkondiging van Hom, wat in ons armoede onder die sonde, ons rykdom is en sal bly.

11 September. **Lees** pred. 2:17-26. **Teks:** Pred. 2:25.

SONDER GOD, GEEN LEWE.

Die Prediker het uiteindelik uit alles wat hy ondersoek en op die proef gestel het, die heel belangrikste geleer. Hy het in die eerste plek geleer dat alle wysheid en kennis en vreugde en rykdom, uit die hand van God kom. Hy het in die tweede plek geleer dat geeneen van hierdie dinge bedoel is om in eiesinnigheid en eiegeregtigheid te gebruik en te misbruik nie. Hy het geleer dat 'n mens nie die gawes van God, kan losmaak van God nie.

Deur die gawes wat God gee, gee Hy Homself, gee Hy Homself as't ware prys, stig Hy gemeenskap met die mens. Daarom kan die mens nie hierdie gawes geniet sonder God nie. Hy kan en mag nie sonder God leef nie. As hy God van sy gawes losmaak, dan word alles vir die mens 'n bose, niksseggende en eindelose kringloop. Dan word die lewe 'n bodemlose put en 'n maalstroom wat dreig om hom na die diepte te suig. Dan word die wyheid vir hom dwaasheid, en sy kennis bring verdriet en smart. Dan lag hy met 'n traan en sy rykdom word 'n vloek.

Die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan. Wie aan God behoort, deel in hierdie rykdom; en behoort God aan hom, is God sy God, dan kan hy ook al die genietinge van hierdie rykdom hê. Sonder God besit ons nie meer hierdie dinge nie, maar word óns daardeur besit. Dan geniet ons dit nie meer in vryheid tot eer van God nie, maar het ons slawe daarvan geword en word ons daardeur regeer. Wat meer is, dan het ons God beroof van sy gawes en het ons daarvan geniet asof dit ons eie produkte was, sonder om die Gewer daarvan te dank.

Die grootste gawe van God, die genade van die lewe, het God in Christus gegee. Hy is dié gawe van God. Nooit het God Homself gegee soos in Christus nie. In en deur Hom het God vir ons geword: Immanuel, By ons is God. Wie kan dan sonder God wees? Wie kan dan geniet en wie kan lewe sonder Hom? Of ons lewe en of sterwe, ons behoort aan die Here. Laat ons dan leef tot eer van die Here, en sterwe ons, laat dit wees tot eer van die Here!

12 September. **Lees** Pred. 3:1-14. **Teks:** Pred. 3:1.

KOOP DIE TYD UIT.

Die Prediker het reg as hy sê dat daar vir elke saak 'n tyd is. So het elkeen van ons dit immers ondervind. Dit is egter nie die tyd op sigself waaroor hy wyshede kwytraak nie. Die belangrikste is die inhoud waarmee die tyd gevul word. Vir die een mens is tyd kosbaar omdat hy dit vul met dade. Vir hom is tyd gelyk aan gebeurtenisse; hy maak geskiedenis in die tyd. Vir ander beteken tyd nie veel nie en vlieg dit nutteloos verby, omdat hy hom met nietighede besig hou of die tyd ongebruik laat verbygaan. Dit is bekend dat mense wat die minste tyd het, die meeste daarvan benut en die meeste daarmee doen.

Tyd behoort aan God. Ons tyd is in sy hand. Omdat Hy ewig is, kan Hy alleen tyd gee en daarom is ons tyd, gegewe tyd. Dit beteken dat die tyd nie aan ons behoort om willekeurig daarmee te maak wat ons goed dink nie. Tyd roep ons op tot daadkrag. Tyd is nie aan ons gegee om bloot te sit en wag om te sien wat die toeval sal bring nie. Nee, tyd moet benut word, en verspeelde tyd is gesteelde tyd.

Die tyd waarin ons leef is 'n tyd van hoogspanning. Dit is tyd om uit die slaap wakker te word want die waaragtige Lig, wat elke mens verlig, skyn alreeds. Ons staan reeds in die volheid van die tyd en dit is die laaste uur. Die koms van Christus het die begin van hierdie eindtyd ingelui en sy wederkoms sal die einde hiervan wees. Daarom leef ons tussen die tye, tussen koms en koms van Christus.

In hierdie tyd vra elke tydstip vir die grootste erns en nugterheid, vir toegewydheid en geloofsbeslissing. Dit is die tyd van geen tyd meer nie. Geen tyd meer vir die werke van die duisternis nie, maar wel die tyd om die wapens van die lig in die hand te neem. Dit is kosbare tyd en daarom tyd wat uitgekoop moet word.

Bo hierdie tyd en oor hierdie tyd leef en regeer die ewige God. Hy het ons tye gevul met sy genadewerk aan en in ons. In Christus het Hy ons tyd gevul en daaraan sin en betekenis gegee. In Christus is ons tyd verankerd. Sy verlede, hede en toekoms is ook ons verlede, hede en toekoms. Hy is dieselfde: gister, vandag en tot in ewigheid. Laat Christus die inhoud van ons tyd wees. Dan verander tyd vir ons in ewigheid en sterflikheid in onverganklikheid.

13 September. **Lees** Pred. 5:1-6. **Teks:** Pred. 5:3.

BETAAL JOU GELOFTES.

Elkeen van ons het seker al in ons lewe een of ander gelofte aan God gedoen. Hoeveel het hulle geloftes betaal? Die meeste geloftes word uitgespreek in nood. Wanneer ons in nood is, belowe ons so maklik. Nood leer bid.

Die Prediker waarsku en maan tot versigtigheid. Hy sê nie dat ons nie 'n gelofte aan God moet doen nie. Hy waarsku slegs teen 'n oorhaastige en onversigtige gelofte. Elke gelofte moet 'n saak van erns wees. Dit is beter om nie te belowe nie, as om te belowe en nie te betaal nie. Hier lê ons probleem. Daar was al so baie geloftes en so min van hulle is betaal.

Dit is 'n voorreg om aan God 'n gelofte te kan doen. 'n Groter voorreg is dit om te betaal. Omdat God die God van die beloftes is, mag ons 'n gelofte aan Hom doen. Omdat Hy getrou is om te doen wat Hy beloof het, moet ons ons geloftes aan die Here betaal. Die woord vra die daad. Eintlik moet ons hele lewe aan God gewy wees, 'n gelofte wat aan God betaal moet word.

Die God van die beloftes is die God van die verbond. God het na ons toe gekom en 'n ewige verbond met ons gesluit. Met die bloed van sy Seun het Hy dit beseël. God se woord word altyd daad, is self reeds daad. Hy het Hom verbind om sy verbond te hou, maar ook ons verbind om daaraan gehoorsaam te wees. Deur die doop het God hierdie verbond gewaarborg en deur ons belydenis het ons aan Hom trou belowe. Hierdeur het ons kinders van die belofte geword maar ook mense van die gelofte.

Ons is gebind om te betaal, te betaal met niks minder nie as met ons lewe as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer. Hierdie offer bring ons deur Jesus Christus. Hy maak dit welgevallig voor God. Ons bring dit as lid van sy gemeente, in teenwoordigheid van sy ganse volk. As verbondskinders het ons sy belofte ontvang, as verbondskinders moet ons ons geloftes betaal. Dit is 'n dankbaarheidsdaad. Dit is verkondigingsdaad. Verkondiging van die groot dade van die God wat sy beloftes vervul. Betaal jou geloftes!

14 September. **Lees** Pred. 11:9-12:8. **Teks:** Pred. 12:1.

DINK AAN JOU SKEPPER.

Hoe groot en hoe goed is die God wat jonkheid gegee het! Jonkheid was vir alle tye en by alle geslagte aangeskrewe. Die gawes en voorregte van jonk wees en die gesondheid en krag van die jeug, stel 'n mens tot byna onbeperkte hoogtes instaat. Byna geen uitdaging is te groot nie en die selfvertroue loop oor.

Maar gepaardgaande met die jonkheid dreig daar ook altyd 'n diepe afgrond. Dit is die afgrond van God-loosheid, van nie aan jou Skepper te dink nie. As die krag van jou jeug reg ingespan word, as jou pad suiwer gehou word, as jou lewe gerig word na God en sy Woord, dan is die jonkheid een groot vreugde. Nie almal ken hierdie jonkheid nie. Vir baie is die jonkheid in 'n oogwink verby en baie gou slegs 'n herinnering, en dikwels 'n onaangename herinnering waarvan 'n mens liewer wil vergeet. Vir hoe baie het die lewenslustigheid en vryheid van jonk wees nie oornag verander is verslawing en 'n troostelose lewensbankrotskap nie.

Eintlik ken die Christen geen ouderdom nie. Sy lewe is 'n ewige jeug. Hy is in Christus weer gebore. Hy is 'n nuwe skepsel. Hy het die ou mens gekruisig, afgesterwe om in 'n nuwe, godsalige lewe te wandel. Hy word dag na dag vernuwe. Dié wat op die Here wag, kry nuwe krag.

Wie reg en sinvol jonk was, word nooit oud nie. Vir hom word die jonkheid nie slegs 'n herinnering van die verlede nie. Hy bly jonk en ervaar en belewe sy jonkheid elke dag weer en elke dag intenser. Sy jonkheid word nie 'n skuldlas, 'n blok aan die been, 'n donker verlede nie. Sy jonkheid is vir hom kosbare bouwerk op die fondament Christus Jesus. Sy verlede is sy toekoms, want in sy jonkheid het hy vir die toekoms gebou. Wie op Christus bou, bou altyd vir die toekoms, en sy toekoms is lewe en vrede in God.

Soos hy jongmens was so is hy oumens. Hy verwelk nie, hy word ryp en die rypheid is die vrug van 'n verantwoordelike, sinvolle lewe. Hy tel sy dae só dat hy 'n wyse hart mag bekom. God vergeet ons nooit. Dink aan jou Skepper!

15 September. **Lees** Rigt. 1:1-7. **Teks:** Rigt. 1:2.

VRAAG EN ANTWOORD.

Die uittog uit Egipte en die intog in die beloofde land het aan die volk erfdeel was in Timnat-Serag. In die laaste tyd van sy lewe was daar blykbaar vrede en rus gewees. Israel het in hierdie tyd die vrugte van sy oorwinning geniet. Na sy dood breek die tyd weer aan om die wapens op te neem. Josua se belofte (Jos. 24) moes verkry word en daarom moes die oorblywende heidense volke verdelg word.

Die volk het egter nou nie meer 'n voorganger soos Moses en Josua nie. Tog wil die volk nie optrek sonder om God te raadpleeg nie. Hulle vra die leiding van God deur die hoëpriester wat in dié tyd Eleazar was. Hulle vra: „wie van ons moet eerste optrek . . . ?" Dit was eintlik nie nodig om so te vra nie, want elke stam was in sy eie grondgebied self verantwoordelik om die Kanaäniete uit eie gebied te verdryf. Tog is dit verstaanbaar en 'n wyse vraag. Daar moet 'n bepaalde stam wees wat die stryd begin as 'n teken vir die ander stamme. As dit egter plaasvind deur die beskikking van God dan is dit 'n waarborg dat die hele volk sy roeping sal verstaan. Die stryd teen die heidense volkere sal dan verstaan word as opdrag van God in die beloofde land.

Dat die Israeliete met hierdie vraag aan die Here reg gehandel het, word duidelik uit die antwoord van die Here God. Juda kry die goddelike voorkeur. Die antwoord het ook 'n belofte wat ooreenstem met die belofte aan Josua (Jos. 1:3) en daarom geld dit ook vir al die ander stamme as hulle maar net optree. God se Woord is 'n Woord met 'n belofte wat sy guns en seëninge inhou. Die Woord word gehoor as in die geloof gevra word en in gehoorsaamheid geluister word.

16 September. **Lees** Rigt. 2:1-5. **Teks:** Rigt. 2:3.

ONGEHOORSAAMHEID WORD GESTRAF.

Verskillende stamme het opgetree om in hulle eie gebiede die Kanaänitiese volkere uit te delg. Hulle het sommige toegelaat om in hulle midde te woon en met hulle ooreenkomste aangegaan. Dit was menslike handelinge en die verhoudinge wat daar ontstaan het, word geskiedenis.

Maar dan kom God se oordeel oor hierdie optrede. Hy praat met hulle en wys hulle op hulle nalatigheid. Wat hulle gedoen het, kon hulle nie maar net doen as optrede van mense nie, maar hulle moes optree in hulle gebondenheid aan God. Dit was nie net geskiedenis van mense nie, maar dit is ook die geskiedenis van God se leiding met Israel.

„Die Engel van die Here" het met hulle gepraat. die Engel van die Here is nooit 'n menslike gesant of profeet nie. Hy is dié persoon in wie God Homself openbaar. Daarom is dit eintlik God self wat hier spreek. Hy herinner hulle aan daardie bepaalde gebondenheid wat tussen God en hulle bestaan omdat Hy hulle tot sy eiendom gemaak het. Dat hulle 'n volk mag wees, uit Egipteland uitgered is en ingebring is in die beloofde land, is hulle aan God te danke. Hulle moes die land beskou het as eiendom van God en daarom alle oorblyfsels van afgodery in die land vernietig het. Hulle moes nie ooreenkomste aangegaan het nie. Hulle het hulle skuldig gemaak aan die sonde van Agan om van die bangoed te spaar. Dit is ongehoorsaamheid aan die Woord van die Here.

Hierdie ongehoorsaamheid straf God. Altyddeur sal hulle herinner word daaraan as hierdie heidense volke vir hulle soos 'n strik sal wees. Straf en tug roep op tot berou en 'n nuwe gehoorsaamheid aan God. Vir Israel was dit goed dat hulle weer tot daar kom, vir ons ook.

17 September. **Lees** Rigt. 2:10-16. **Teks:** Rigt. 2:14.

GOD HERINNER.

Die uittog uit Egipte en die intog in die beloofde land het aan die volk Israel ook die optrede van God bekend gemaak. Die geslag van daardie tyd het alles belewe hoedat God vir hulle opgetree het. By elke geleentheid soos by die Rooi See, Sianaï en die deurtog deur die Jordaan het hulle as'tware gesien hoedat God vir hulle gestry het. Die geslag het oud geword en gesterwe.

Toe kom die nuwe geslag. Hulle lewe in die land Palestina. Hulle het nie belewe wat die vadere belewe het nie. Die verlossingsdade van God was nie hulle eie ervaringe nie. Hulle het nie waardering vir die vryheid en rus nie. Die aanwesigheid van die Kanaäniete wat nog oorgebly het, is nie iets abnormaal nie. Hierdie geslag het geleidelik gekom. Daarom het daar by die ouere geslag wat nog gelewe het, ook verslapping gekom.

Saam met die verloop kom ook die verval in die godsdiens. Omdat hulle nie soos die vadere gesien het nie, het hulle eers so in die algemeen van God losgeraak. Later begin hulle om die afgode van die heidene te vereer. Al het hulle God nog geken, was Hy nie meer vir hulle die enige God nie. Vroeg oortree hulle al die eerste gebod. Hulle vergeet die uitredding deur die hand van God en het nie meer dankbaarheid nie. Die afgode wat deur die optrede van God as magteloos uitgewys is, word nou deur hulle vereer.

Dit laat God nie ongestraf nie. Hy verkoop hulle en lewer hulle uit en gee hulle prys aan hulle vyande wat hulle beroof. So word hulle geslaan deur die sterke hand van die Here. Gedurig herinner Hy dat Hy 'n jaloerse God oor sy eiendom is. God maak sy belofte waar: sy bedreiginge teen ongehoorsaamheid en vergeetagtigheid.

18 September. **Lees** Rigt. 2:17-23. **Teks:** Rigt. 2:18.

STRAF EN VADERLIKE SORG.

Die Here verwerp nie die volk nie. As hulle heeltemal in die noute is, stuur Hy manne om hulle te red. Hy gee hulle 'n voorganger, 'n rigter. Hierdie manne „verwek" Hy, dit wil sê, Hy roep hulle, gee hulle 'n taak en skenk hulle die nodige bekwaamheid. Hulle handel nie op hulle eie gesag nie. So gee God self elke keer aan sy volk uitredding en laat hulle terugkeer na Hom.

Tog luister die volk nie eers na hulle rigters nie. En dit was dan 'n daad van God in sy goedgunstigheid om die rigters te gee. Met 'n sigbare leier was dit makliker om nie agter die afgode aan te loop nie. Deur nie te luister nie, maak Israel hulle skuld al groter. Hulle het egter gesien dat elke keer as 'n rigter optree belewe hulle 'n tydperk van bloei en seën. Hulle kon besef dat die Here hulle aanhoor as hulle kla en kerm onder die verdrukking en aan hulle 'n rigter gee wat Hy sterk en ondersteun. Hierdie bemoeienis van God het hulle nie ter harte geneem nie. Elke keer het hulle weggebreek van die gebondenheid aan God en is hulle boosheid erger as die van die vadere. Die godsdienstige toestand was nooit gesond nie, maar nou word dit duidelik dat die innerlike bedorwenheid nooit uitgeroei is nie. God word toornig. Hy kla hulle aan dat hulle nie hou by die verbond nie. Die verbond gee aan hulle voorregte, maar ook verpligtinge. Hulle wou net die voorregte, maar vergeet die die verpligtinge, daarom wysig God die voorregte. Hy sal nie al die nasies voor hulle uit verdrywe nie. Hulle sal daar bly as 'n straf en hulle gedurig op die proef stel. God gee geleentheid om 'n duidelike keuse te maak wie hulle wil dien. In hierdie optrede van God is daar regverdige straf, maar ook vaderlike liefde en opvoedkundige wysheid.

19 September. **Lees** Rigt. 3:5-11. **Teks:** Rigt. 3:9.

DIE EERSTE RIGTER.

Die boek Rigters beskrywe hier die toestad wat geleidelik ontstaan het na die dood van Josua. Die Israeliete het rustig in die land gewoon omring deur die oorspronklike bewoners wat eintlik hulle vyande was. Met verloop van tyd gooi hulle alle grense oorboord en vind daar 'n proses van vermenging plaas. Hulle gee hulle dogters as vroue vir die

heidene en neem heidene as vroue vir hulle seuns. In die oë van God was dit erger as die verbond wat hulle met die Gibeoniete in Josua 9 gesluit het. Dit bring mee dat die kinders van hierdie gemengde huwelike doen wat God mishaag.

Toornig hieroor gee God hulle oor aan 'n onbekende koning Kusan Ristaïm van Mesopotamië. God gebruik dié onbekende om Israel te tug. Dit het ook die gewenste uitwerking, want hulle wend hulle weer tot die Here om hulp. Hulle roep tot die Here, letterlik: hulle skreeu tot die Here. Hulle erken dat hulle hierdie onderdrukking ernstig voel, maar bely ook dat dit die gevolg is daarvan dat hulle die Here vergeet het.

Die troue God antwoord op die hulpgeroep. Hy gee aan hulle die eerste rigter in die persoon van Ontniël. Hy was die jonger broer van Kaleb en so 'n veteenwoordiger van die ouere geslag. Sy optrede geskied onder die leiding van God, daarom dat hy die oorhand oor die vreemde koning kry. God gee weer deur sy daad die rus en vrede en bewerk 'n terugkeer na Hom.

Al is die mens besig om met al sy planne God te vergeet, bly God aan sy verbond getrou. Al vergeet die mens tussen al sy bedrywighede onder mekaar, dan nog handel God om die mens te buig na Hom toe.

20 September. **Lees** Rigt. 3:12-31. **Teks:** Rigt. 3:15.

DIE GOD VAN GESLAG TOT GESLAG.

Dit sal nou telkemale gebeur dat daar van die volk Israel berig sal word: „En die kinders van Israel het weer gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here." Elke nuwe geslag het maar weer weggedwaal en God vergeet. Elke geslag moes Hy eers weer straf en tug. So doen God dit weer deur Eglon die koning van die Moabiete. Vir agtien jaar betaal Israel belasting aan hom. Dit word elke jaar na hom weggebring. Maar dit doen Israel goed. Hulle kom tot inkeer en buig weer voor die Here neer.

So roep God die tweede rigter Ehud uit die geslag van Gera, 'n kleinseun van Benjamin. Blykbaar het hy meer kere die belasting weggebring, want hy ken die plek en die omstandighede van Eglon. Hy maak gebruik van sy linkshandigheid om die goed versorgde koning onverwags om die lewe te bring. Dikwels word dié daad van Ehud veroordeel. Die Heilige Skrif berig dit egter in bepaalde omstandighede. Daarom mag dit ook nooit aangegryp word as 'n bewys dat sluipmoord toegelaat word nie. Dit is hier die begin van die bevryding van die volk van God.

Hy volg dit op om die Israeliete tot die stryd op te roep met die belofte dat die Here hulle vyand in hulle hande gee. Vir die volgende tagtig jaar kom daar nie weer invalle van daardie kant. Opnuut het God as Verlosser opgetree. God is opmerksaam oor sy volk. Hy weet ook wat nodig is en wat om te gee. Dit is eintlik net die mense wat nog altyd moet leer om te weet dat God wel gee. God kan red en red ook as die mens dit net glo.

21 September. **Lees** Rigt. 4:1-16. **Teks:** Rigt. 4:4.

DEBORA EN BARAK.

Israel se wegdwaal van God vind hierdie keer plaas vanuit die noorde, want daar het hulle die invloed van Ehud se optrede die minste ondervind. Weer straf God. Nou doen hy dit deur die hand van Jabin wat toegerus was met 'n groot krygsmag. Na twintig jaar leer Israel eers om hulle tot die Here te wend. Andermaal verhoor God hulle. Hy gebruik hierdie keer twee mense: Debora en Barak.

Debora is 'n profetes en God gebruik haar om sy Woord bekend te maak. Sy oefen die regspraak uit. Dit was nie die gewoonte in daardie tyd dat in die hoogste gesag 'n vrou die regspraak beoefen het nie. Dat God die manne verbygegaan het, wys op sy afkeurende oordeel oor die peil van die geestelike en nasionale lewe van die volk.

Deur 'n goddelike aanwysing roep sy Barak op om 10,000 man bymekaar te maak uit Naftali en Sebulon. Sy gee aan hom die opdrag van God om na Kison op te trek met 'n belofte dat die Here Jabin in sy hand sal gee. Barak wys egter die swakheid van sy vertroue op God. Die belofte moes hom aangespoor het. Hy dring egter daarop aan dat Debora saam met hom moet optrek. Hy sou nie so skuldig gewees het as dit maar net 'n wens was nie. Hy maak dit egter 'n voorwaarde en daarom maak hy hom skuldig aan kleingelowigheid en 'n gebrek aan gehoorsaamheid. Debora het dit afgekeur deur aan hom te sê dat hy nie die eer vir die oorwinning sou kry nie.

Tog het die Here Sisera met die geweldige krygsmag in verwarring gebring voor Barak uit. God gee deur hierdie twee mense die uitredding. Toe kon Debora in haar lofsang God prys: „Here toe U uitgetrek het . . . toe U voorgestap het uit die veld van Edom, het die aarde gebeef." (:4).

22 September. **Lees** Rigt. 6:1-10. **Teks:** Rigt. 6:1-4.

ISRAEL VERLOOR SY BESTAANSREG.

Die jarelange aanvalle op Israel deur die rowerbendes van die Midianiete, bring die volk tot die rand van ondergang. En nou was dit nie maar net 'n geval van voedselskaarste en moeilikhede wat hulle ondervind het om goeie oeste te verseker nie. Dit was baie erger. Israel se hele bestaan was afhanklik van die feit dat God aan hulle die land en die besittings gegee het. En nou word die bestaansreg geskud. Israel word ongehoorsaam en doen wat verkeerd was in die oë van die Here. Die antwoord van God daarop is die feit dat Israel die land wat God hulle gegee het, verloor, 'n Paar spelonke. op moeilike toeganklike bergpieke, 'n paar plekkies waar hulle hul gespaarde voedsel kan obberg — dit is al wat hulle nog van die land besit. Die res is deur die Midianiete ingeneem.

Die hulpgeskreeu van die geteisterde volk word dan gevolg deur die openbaarmaking van Israel se skuld en sonde. In 'n paar sinne vertel die profeet die geskiedenis van die volk. Dit is 'n reddingsgeskiedenis. Uitredding uit Egipte, verdrywing van die Kanaäniete, inbesitname van 'n mooi land. Dit was die gang van die volk as gevolg van die barmhartige sorg van God. Hulle kon so lewe en bestaan op grond van die heerskappy van God oor hulle. Maar nou het Israel alles verwoes deur hulle ongehoorsaamheid. En daarmee eindig die woord van die profeet. In werklikheid is daar ook niks te sê nie. God het sy goeie gawes gegee en Israel

het dit misbruik. In ondankbaarheid en goddeloosheid het hulle die goedheid van God vertrap. Die logiese uiteinde van die saak is dit: Die volk het sy land en daarmee sy bestaansreg verloor. Die volk het ook sy roeping en die begenadiging van God verloor. So 'n volk moet ondergaan en sterwe. Dit gebeur egter nie. God begin weer 'n nuwe handeling met sy volk. Hy stuur 'n redder.

So handel God ook in die Nuwe Testament. Wanneer die wêreld deur sy ongehoorsaamheid en opstandigheid alle reg op voortbestaan verloor het; en op die rand van die afgrond staan en wankel, dan stuur die Here sy eie Seun as Verlosser en Saligmaker.

23 September. **Lees** Rigt. 6:11-40. **Teks:** Rigt. 6:14-16.

DIE ROEPING VAN GIDEON.

In sy goddelike eienaardigheid kies God vir Gideon om sy volk te verlos. Daar word vir hom gesê: „Die Here is met jou, dapper held." Maar Gideon weet nie dat hy 'n dapper held is nie. Hy lyk ook allermins na 'n onverskrokke stryder en oorwinnaar. Tot sover was sy optrede beslis nie die van 'n dapper held nie. Op die oomblik wanneer God se opdrag tot hom kom, is hy juis besig om 'n bietjie koring in 'n parskuip uit te slaan. Hy kruip weg vir die broodrowers, die Midianiete. Met sy hele persoon is hy beeld van die Israelietiese onmag en vreesagtigheid. Die man wat hier geroep word tot 'n besondere taak is beslis nie goed toegerus nie. Dat die Here wat vroeër verlos het, dit ook nou kan doen, kan hy nie aanvaar nie. Die dinge wat nou met hulle gebeur het, is in direkte teenspraak met dit wat die vadere aan hulle vertel het. Daarom verweer Gideon hom teen die opdrag van God deur te wys op die onmoontlike van dit wat God van hom verwag. Hy sê: „Ag, Here Here waarmee sou ek Israel verlos? Kyk my geslag is die swakste in Manasse, en ek self die geringste in my familie." Maar ook die probleem van gebrek aan politieke en militêre mag word deur God uitgstryk deurdat Hy belowe: „Ek sal met jou wees." Gideon moet dit verstaan. Dit kom nie aan op sy krag en vaardigheid nie. Die enigste wat belangrik is, is die feit dat God hom stuur en dat God met hom sal wees.

En nou doen God dit altyd op hierdie manier. Sy krag word in swakheid volbring. Wanneer God sy Seun Jesus Christus stuur as Verlosser, — dan word Hy as 'n swakke kind gebore in 'n stal in Betlehem. Hy hang as hulpelose aan die kruis. Maar Hy is oorwinnaar. Die Oorwinnaar wat kan sê: „Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde."

24 September. **Lees** Rigt. 7:1-25. **Teks:** Rigt. 1:7-7.

GOD GEE GIDEON DIE OORWINNING OOR DIE MIDIANIETE.

Dit word hier baie duidelik gestel dat die verlossing van Israel en die bevryding van die besette land, eintlik God se besluit is. Dit is daarom ook sy werk. Tweemaal word die troepemag van Israel dan ook verminder. Eers word die wat vreesbevange is, weggestuur. Maar ook die oorblywende, vasberade en dapper manne word verder uitgedun. Uiteindelik bly net drie honderd man oor. Hulle is die werktuig van verlossing. En in hulle militêre swakheid en weerloosheid is hulle getuies daarvan dat dit God is wat hier as redder handel. God het die leërmag van die Midianiete in Gideon se hand gegee nog voordat hy aanval.

Dit hoor Gideon ook in die laer van die vyand. Die droom wat 'n soldaat daar aan sy kamerade vertel is 'n beeld wat in daardie situasie baie duidelik spreek. Die tent dui op die nomade wat die land ingeneem het, en die garsbrood is beeld van die gevestigde boere. Die droombeeld gee dan ook duidelik te kenne dat die Israelitiese boere die laer van die Midianiete sal oorrompel en verwoes. Nou weet Gideon ook verseker. Dit is tyd om op te tree. Uit die beskrywing van die aanval op die vyandelike laer blyk dit dat Gideon en sy manne tog nie veel gedoen het nie. Hulle het net op die ramshorings geblaas, die kruike, wat die fakkels bedek het, stukkend geslaan en die krygsgeskreeu aangehef: „Die swaard van die Here en van Gideon." Hieruit word dit nou duidelik dat dit God is wat hier optree. Hy rig sy heerskappy op. Die mense wat daarby betrokke is, doen feitlik niks. Wanneer die manne van Efraim Gideon later verwyt dat hy hulle met sy optrede van groot roem beroof het, dan antwoord hy baie beskeie dat hulle baie meer gedoen het deurdat hulle die vyandelike vorste gedood het. En die antwoord beteken God het gehandel. Hy is Heer en Koning.

25 September. **Lees** Rigt. 8:22-35. **Teks:** Rigt. 8:23.

GIDEON WEIER DIE KONINGSKAP.

As beloning vir die reddende daad van Gideon word hom die koningskap aangebied. Hy wys dit egter van die hand. Hy doen dit nie uit vrees vir die vyandigheid van ander stamme nie, maar omdat hy weet: In hierdie land en oor hierdie volk kan daar net een koning wees naamlik die Here. In plaas van die koningskap vra Gideon egter van die goud wat gebuit is van die vyand. Daarvan maak hy 'n Efod, 'n skouerkleed wat in sy woonplek opgestel word. Dit gee aanleiding tot afgodery onder die volk. In die laaste gedeelte van die geskiedenis van Gideon word die verderwing aangetoon wat daar oor sy huis kom. Die Midianitiese gevaar was voorlopig verby en vir veertig jaar kon die volk rus en vrede geniet. Dit was egter ook net beperk tot die lewenstyd van Gideon. Na sy dood begin die Baäldiens weer opbloei en dit word duidelik dat die goeie reddingswerk van Gideon maar van korte duur was. En nou ontstaan die vraag: Waar sou Israel 'n redder kry wie se werk nie net vir 'n kort tydjie sou bly staan nie, maar wat vir altyd sou geld? Waar sou Israel 'n redder vind wat werklik die koningsheerskappy van God sou bestendig? Waar sou hulle een vind wat meer sou wees as al die leiers van Israel? Die antwoord op al die vrae bly lank uit. Ons lees eers in die Nuwe Testament. Daar word die antwoord gegee in die sending van die Seun van God, Jesus Christus.

26 September. **Lees** Rigt. 9:1-6. **Teks:** Rigt. 9:6.

DIE KONINGSKAP VAN ABIMELEG.

Die rigters wat deur God aan die spits van die volk gestel is, was werktuie van die Godsheerskappy. Deur hulle het God die stamme aan die lewe gehou. Deur hulle het Hy telkens die dodelike gevaar waarin Israel beland het, afgewend en sy koningsreg op die volk vasgestel. Maar in die verloop van die geskiedenis word die vraag na 'n koning al sterker. Sonder 'n koning word die lewe van die volk deur regloosheid bedreig. God se gebooie vir die samelewing word na willekeur oortree

en elkeen handel na goeddunke. Die koning in Israel moes egter 'n besondere koning wees. Hy moes een wees wat die koningheerskappy van God steeds sou laat geld. En dan kom Abimeleg om die koningskap vir homself op te eis. Met behulp van 'n klomp deugniete en deur middel van geld afkomstig uit die Baältempel, verwerf hy vir homself 'n aantal volgelinge. Hy vermoor sy sewentig broers en laat homself as koning uitroep. Dit was eintlik nie so 'n vreemde en ongehoorde manier van optrede in daardie tyd nie. Maar in hierdie land en onder hierdie volk sou soiets nie deug nie. Hierdie volk was volk wat onder de heerskappy van God gestaan het. 'n Koning vir hierdie volk moes nie 'n dwingeland wees nie. Heerskappy deur middel van geweld sou hier nie deug nie. As een wat nie vir die amp geskik is nie dit nou self gryp, word hy deur God vernietig. God beskik 'n onenigheid tussen Abimeleg en sy volgelinge. As hulle die vyand aanval word hulle verslaan en Abimeleg sneuwel. Hierdie koningskap word dus verpletter omdat dit die teëspel van die goddelike koningsheerskappy was. Die koning van Israel moes 'n kneg wees. Van so 'n een hoor ons in die Mattheüs evangelie. „Maar Jesus het hulle na Hom geroep en gesê: Julle weet dat die owerstes van die nasies oor hulle heers en die groot manne oor hulle gesag uitoefen; maar so moet dit onder julle nie wees nie; maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienskneg wees; net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie." (Matth. 20:25-28).

27 September. **Lees** Rigt. 9:7-57. **Teks:** Rigt. 9:8-15.

DIE FABEL VAN JOTAM.

Met die moord op die seuns van Gideon, was Jotam die enigste wat die slagting vrygespring het. Wanneer hy hoor dat Abimeleg homself as koning laat uitroep het, dan spreek hy 'n oordeel oor die koningskap uit in die vorm van 'n fabel. Hy vertel van die bome wat 'n koningsverkiesing gehou het. Eers word die vrugtebome die koningskap aangebied, omdat hulle sulke vrugbare en waardevolle diens lewer. Maar juis ter wille van die diens wat hulle lewer, wys die een na die ander die aanbod van die hand. Nie een wil 'n vrugbare lewe prysgee ter wille van 'n onvrugbare geswewe oor ander bome nie. Uiteindelik is dit die steekdoring wat die aanbod aanvaar. Hy verrig nie vrugbare diens nie. Daarby beskik hy ook oor die middele om die onderdane in toom te hou; naamlik stekende dorings. Die steekdoring verklaar verder dat sy troue onderdane sal kan skuil in sy skaduwee. Hier word natuurlik fyn gespot. Die steekdoringstruik kan tog nie skaduwee bied nie en kan ook nie die seders van die Libannon vernietig nie. En nou wil Jotam nie met die fabel te kenne gee dat die koningskap deur Israel verwerp moet word as 'n dwaling nie. Hy wil alleen aantoon dat die een wat nou in Israel as koning opgestaan het, nie geskik is vir die amp nie. Hy is 'n dwingeland. Hy bied nie beskutting en beskerming nie, maar met sy magsmiddele dryf hy die volk die afgrond in. Dat so 'n koningskap onder die vloek van God staan, blyk dan ook duidelik uit die verdere verloop van die geskiedenis. Maar nou vra hierdie geskiedenis ook die vraag: Wie is dan die koning by wie die volk werklik rus, veiligheid en beskerming sou vind? Wie se heerskappy sal nié een van geweld wees nie? Die ant-

woord lees ons in die gelykenis van die mosterdsaad waar Jesus sy koningskap verkondig. Daar is nie sprake van geweldsheerskappy nie, maar van 'n stille, onstuitbare groeikrag. Die teken van sy koningsheerskappy is ook nie 'n kwetsende doringstruik nie, maar 'n vrugdraende wynstok, of 'n boom waaronder almal beskutting kan vind.

28 September. **Lees** Rigt. 10:1-18. **Teks:** Rigt. 10:16.

DIE HERE VERGEEF MENIGVULDIGLIK.

Van die rigters Tola en Jair word daar min gesê. Daar word eintlik niks vermeld van enige politieke of godsdienstige bedrywighede nie. Een saak is egter duidelik. God laat sy volk nooit alleen nie. Hy stuur altyd weer manne wat sy heerskappy aan die volk verkondig. So lewe die volk steeds onder die beskermende heerskappy van God. Hy bly getrou. Israel verval egter weer in die ou sonde om die weg van God te verlaat. Hierdie keer is die afgode van die buurvolke die groot struikelblok vir Israel. Israel word afgodsdienaars. En weer is God onverbiddelik in sy eis om gehoorsaamheid. Sy toorn ontvlam teen die volk. God gee hulle oor aan die vreemde heersers. As die nood hoog word, kom daar berou en Israel draai terug na hulle God. Hierdie keer is die terugkeer egter nie so 'n eenvoudige saak nie. God het hulle nou al telkemale gered. Maar die verlostes het hulle Heer net so dikwels weer verlaat, verstoot en verag. Nou moet Israel besef; Die feit dat God hulle Heer is, is 'n ernstige saak. Dit kan nie maar na willekeur weggeskuif word nie. Israel moet begryp: God kan dit nie maar oogluikend toelaat dat sy reg vertrap word nie. Sy orde moet bly. Daarom word die volk vir agtien jaar lank oorgegee aan 'n verdrukker. Maar dan word God ongeduldig oor die moeite en nood van Israel. Hy kom sy volk weer tot hulp. En nou kan die vraag gestel word: Waarom is God so geduldig en lankmoedig? Waarom verdra hy die sonde van sy volk so lank? In die nuwe Testament hoor ons van die sending, die kruisiging en die opstanding van Jesus Christus. Dan word dit duidelik: Die oomblik het aangebreek waarop die sonde nie langer geduld kan word nie, maar gestraf moet word. Maar die straffende hand van God tref nie sy volk nie. Die straf wat vir ons die vrede bring, tref Jesus Christus. En deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.

29 September **Lees** Rigt. 11:1-11. **Teks:** Rigt. 11:11.

WANHOPIG, MAAR TOG HOOPVOL.

Jefta het 'n veelbewoë lewe gehad. Sy vader was een van die aansienlikes onder die Oos-Jordaanse Israeliete. As oudste seun sou hy die vernaamste erfgenaam word. Hy is 'n jong man met uitstekende voorregte en sou op 'n gesette tyd geroep word om, net soos sy vader, 'n leidende rol in die gemeenskap te speel.

Na die dood van sy vader het alles om hom ineengestort. Sy stiefbroers, (sy eie moeder is oorlede) het hom met minagting behandel. Hy moes aanhoor dat hy 'n buite-egtelike kind is. Met leedvermaak klink die woorde van sy stiefbroers: „Jy mag in ons familie nie erwe nie, want jy is die seun van 'n ander vrou."

Hy voel 'n wrok teenoor sy oorlede vader wat hom hierdie dinge aangedoen het en vlug noordwaarts na die land Tob. Daar versamel hy 'n aantal ruwe manne om hom en lewe van diefstal en roof.

Na verloop van jare is sy volk in nood. Die Ammoniete bedreig Israel. Dieselfde inwoners van Gilead, wat hom vroeër uitgestoot het, stuur nou oudstes om sy bystand te vra. Omdat Jefta sy volk liefhet, besluit hy om die bystand te verleen. Ons lees in vers 11: „So het Jefta dan met die oudstes van Gilead saamgegaan, en die volk het hom as hoof en aanvoerder oor hulle aangestel, en Jefta het al sy woorde voor die aangesig van die Here in Mispa gespreek."

Wat opval is dat Jefta nieteenstaande alle onreg deur sy volk hom aangedoen, die Naam van die Here bewaar het. Wat Jefta van sy vader en andere gehoor het, het lewend in sy siel gebly. In hierdie harde leerskool het God Jefta nie losgelaat nie. Voor die stryd begin, stel Jefta hom voor die aangesig van God.

So bring die Here God ons ook dikwels in allerlei beproewings. Dit is ook waar dat ons in die beproewinge ons ook dikwels losmaak van die hemelse Vader. Dan vertoef ons soos Jefta en die verlore seun in die vreemde, waar niks bevredig nie en die heimlike verlange na die liefde van die Vader al sterker word.

As ons maar net in ons afdwaling soos Jefta, die Naam van die Here in ons hart bewaar, dan sal die liefde tot God, al is dit by tye sluimerende, tog nog in ons harte lewend bly. Soos Jefta voor die aangesig van die Here gekom het, soos die verlore seun tot sy vader teruggekeer het, so kan ons terugkeer tot God. Daar is dan ook geen rede vir ons om oor ons eie gebreke wanhopig te word nie, as ons maar net volhou in die loopbaan van ons roeping, volhardende in God bly glo.

30 September. **Lees** Rigt. 11:29-33. **Teks:** Rigt. 11:30-31.

JEFTA SE ONVERSIGTIGE BELOFTE.

Die stryd van Jefta teen die Ammoniete was onvermydelik. 'n Geweldige terugslag tref Jefta toe die stam van Efraïm hom geen hulp wil verleen in sy stryd met die Ammoniete nie. In hierdie omstandighede doen Jefta iets vreesliks. Hy soek sy krag nie in gebed nie, maar neem sy toevlug tot 'n gelofte. „As U werklik die kinders van Ammon in my hand gee, dan sal wat uitgaan, wat uit die deure van my huis uitgaan my tegemoet, as ek in vrede terugkom van die kinders van Ammon, aan die Here behoort, en ek sal dit as brandoffer bring." Op heidense wyse probeer Jefta God beïnvloed, deur aan God 'n mense-offer aan te bied. Wat was sy droefheid groot toe dit sy enigste dogter is, wat hy moes offer.

Reeds die Ou Testament spreek met afsku van ouers wat hul kinders ten offer bring. Dit word as 'n gruwel van die Kanaäniete beskrywe. Jefta het vermoedelik aan 'n slaaf of slavin gedink, maar sekerlik nie aan sy enigste dogter nie. As Jefta in die Hebreërsbrief in die ry van geloofshelde genoem word, dan blyk sy geloof nie uit sy offer nie maar wel dat hy een van die manne was wat koninkryke oorweldig het, dapper in die oorlog gewees het en leërs van vreemdes op die vlug gedryf het. In die offer van sy dogter vind ons by Jefta eerder 'n uiting van wangeloof of bygeloof. In die gelofte aan God en in die offer van sy dogter, is daar niks wat ons kan prys nie.

Swaar het Jefta in dit alles gesondig. Ons is die Woord van God dankbaar dat mense soos Jefta en ook Paulus as sondaars gesien word. Hulle pad is ons pad. Hulle, het soos ons, strompel voort as nietige mense, geklee in 'n sondaarspak. Daarom sê God's Woord: „Waarlik die allerheiligstes, solank as hulle in hierdie lewe is, het maar 'n klein beginsel van hierdie gehoorsaamheid."

Deur God's genade hoef ons nie meer offers te bring om God's guns te ontvang nie. God het uit liefde sy eie Seun Jesus Christus, ter versoening van ons skuld aan die kruis van Golgotha ge-offer. So sing ons ook in Gesang 126:3

Ja, dis volbring en U, my Vader,
aanvaar die offer van u Seun;
gee dat ek op u roepstem nader
en in vertroue daarop steun.
Dis alles uit genade, Here,
uit onverdienste guns gegee.
So kan 'n sondaar, U ter ere,
vrymoedig tot u voetbank tree.

So vind ons en Jefta in die offer van Christus, vergifnis vir ons sondes. As ons geloftes aan die Here doen, moet dit bo alles wees na die gebod van die Here om die Here onse God lief te hê met ons hele hart, met ons hele siel en met ons hele verstand en ons naaste soos onsself. Dit moet 'n daad van geloof wees, en nie van wangeloof of bygeloof nie.

1 Oktober. **Lees** Rigt. 11:34-40. **Teks:** Rigt. 11:35.

'N GELOFTE BIND.

Hoewel Jefta 'n ongelukkige gelofte aan die Here gemaak het, het hy hom tog deur die belofte gebind gevoel om dit uit te voer. Daarom sê hy teenoor sy dogter: „Want ek het my mond geopen teenoor die Here, en ek kan nie terugtrek nie."

In ons godsdienstige en geloofslewe kom daar ook geleenthede wanneer ons aan die Here geloftes doen. Dit het gebeur toe ons as doopouers na ons geloofsbelydenis voor die aangesig van God moes belowe om ons kinders, as hulle tot hulle verstand gekom het, in die leer van die saligheid na ons vermoë te onderrig of te laat onderrig. Hierdie belofte word ook die doopbelofte genoem.

En tog is daar baie ouers wat hierdie belofte nie nakom nie. Na die bediening van die heilige doop word die belofte vergeet, die kerk van die Heer word vergeet, die Woord en die beloftes van die Here word vergeet. Dan word dit ook ontsettend waar van ons, dat ons besig is en gaan wees om ons kinders te vergeet. Dan vergeet so baie ouers dat hulle kinders die eiendom van die Here is. Sodanige ouers weet nie waar hul kinders in die aande hul bevind nie, hulle weet nie wat hul kinders doen nie en word dikwels later wreed deur die handelswyse van hul kinders ontnugter.

Ons het by die openbare belydenis van die geloof ook belowe om saam te werk tot die bloei van die Godsryk in die algemeen en van die eie kerk in die besonder, terwyl ons ons aan die kerklike opsig en tug onderwerp.

En tog is daar baie wat ook hierdie belofte nie nakom nie. Baie lidmate van die kerk het passiewe toeskouers geword. In hule geestelike lewe het hulle verstar en verdor geraak. Die liefde tot God het verkoel en die verlange na sy Woord het gekwyn. Die lig van die geloof het in hulle harte verdof or hulle het dit onder die maatemmer verberg. Hulle is nie meer instrumente in die hand van God vir die uitbreiding van sy Koninkryk op aarde nie. Hulle leef nie meer tot eer van die Here nie.

Ten slotte is met die huweliksbevestiging deur die man en vrou trou aan mekaar belowe voor die aangesig van God. En tog is daar soveel huwelike wat op die rotse beland deur egbreuk en ander misdrywe. As ons ons beloftes nie hou nie weet dan dat God ons oor al hierdie dinge in die oordeel sal bring.

2 Oktober. **Lees** Rigt. 13:1-25. **Teks:** Rigt. 13:5.

AAN GOD GEWY.

'n Engel kondig die toekomstige geboorte van Simson aan. Ons dink hierby ook aan die aankondiging van die geboorte van Jesus Christus toe Gabriël vir Maria gesê het: „Want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos." So heet dit dit ook van Simson: „Hy sal Israel begin verlos uit die hand van die Filistyne." Omdat Simson ook 'n verlosser sou wees, moes sy moeder voor sy geboorte haarself heilig deur die voorgeskrewe lewenswandel.

Die engel sê verder: „ . . . want die seun sal van die moederskoot af 'n nasireër van God wees." Wat dit beteken om 'n nasireër te wees, word in Numeri 6 beskrywe. 'n Nasireër moes hom van enige wyn en sterk drank weerhou, gedurende sy wyding aan die Here mag geen skeermes oor sy hoof gaan nie en geen dode mag deur hom aangeraak word nie. Simson sou dus 'n nasireër, gewy aan God wees van die moederskoot af tot die dag van sy dood toe.

Hoe min het hiervan tereggekom. Simson word 'n teuellose figuur, sy lewenswerk was 'n mislukking; hy het nie geslaag om sy volk uit die hande van die Filistyne te verlos nie. Sy lewe is verknoei en die groot verwagtings is verydel. Hy staan geestelik bekend as 'n swakkeling, wat die beste kanse deur sy vingers laat glip het.

So het God die Vader in die heilige doop ook aan ons betuig en verseël dat Hy 'n ewige genadeverbond met ons oprig, ons en ons kinders tot sy kinders en erfgename aanneem en daarom ons met alle goeie dinge wil versorg en alle kwaad van ons wil afweer. Die Heilige Gees verseker ons ook deur die heilige doop dat Hy in ons wil woon en ons tot lidmate van Christus wil heilig deur ons te laat toekom wat ons in Christus besit, naamlik die afwassing van ons sondes en die daaglikse vernuwing van ons lewe, totdat ons eindelik onder die gemeente van die uitverkorenes in die ewige lewe onbevlek gestel sal word. (Doopformulier) Maar ons word hierdeur verplig tot 'n nuwe gehoorsaamheid dat ons hierdie enige God moet aanhang, vertrou en liefhê met ons hele hart, met ons hele siel, met ons hele gemoed en met al ons kragte. Ons moet die wêreld versaak, ons oue mens kruisig en in 'n nuwe godsalige lewe wandel.

Ons lewe moet dus ook soos Simsin s'n aan God gewy wees. Besin tog of u en u kinders se lewe aan God gewy is. Is ons en ons kinders se lewe nie ook maar 'n verknoeide lewe nie? Ons dank ons hemelse Vader dat Hy ons so liefgehad het, dat Hy sy Seun gestuur het, „want dit is Hy wat sy volk van hul sondes sal verlos." So is daar vir Simson vir u en my nog genade by God. Bely dus u skuld, verloën u self en volg Christus na om so die ewige lewe deelagtig te word.

3 Oktober. **Lees** Rigt. 15:14-18. **Teks:** Rigt. **15:18.**

'N TOEVALLIGE GEBED.

Daar is baie mense wat deur die lewe gaan sonder om tot God te bid. Die behoefte aan gebed word in baie gevalle nie meer gevoel nie, die hulp en bystand van God word nie meer gesoek nie. Blykbaar ontbreek die besef dat ons sonder God's seëninge niks kan doen nie. So lewe baie van dag tot dag, werk hulle van dag tot dag, en stort hul hulself in een avontuur na die ander.

So 'n mens was ook Simson. Selfs toe sy eie volksgenote hom geboeid oorgelewer het in die hande van die Filistyne, het hy nie tot God gebid nie, maar alleen van Israel die menslike waarborg gevra dat hulle hom nie sal aanval nie. In die meeste van die moeilike situasies waarin hy beland het, hoor ons nooit van 'n biddende Simson nie.

Tog het Simson na die slag met die Filistyne, waarin hy 'n duisend man met 'n eselskakebeen gedood het tot God geroep. In sy dors het daar dus 'n oomblik van magteloosheid aangebreek, toe hy tot God gesê het: „U het deur die hand van u kneg hierdie groot verlossing gegee, en moet ek nou van dors sterwe en in die hand van die onbesnedenes val?"

So gebeur dit dat baie mense eers in hul uiterste magteloosheid hul nietigheid besef. Eers wanneer totale ondergang dreig, word tot God geroep, en dan baie maal met die gesindheid van 'n Simson, wat biddend aan God eise gestel het, so asof God verplig is om te help. Sodanige eisende gebed, wat die mens se verdienste voorhou, getuig egter nie van werklike toekeer tot die Here nie, omdat die skuldbelydenis daarin ontbreek. Simson weet nie dat deur eers sy eie skuld te bely, hy met vrymoedigheid tot God kan roep nie.

In ons gebede is ons dikwels ook veels te hoogmoedig. Ons gebede kan so maklik van selfsug getuig. Dit kan so maklik getuig van die bevordering van eie belange, of van 'n verlange na uitredding uit 'n tydelike krisis. Ons gebed moet wees 'n gebed tot eer van God en in die gesindheid van die bede van die Psalmdigter: „O Here maak my lewend om u Naam's ontwil."

4 Oktober. **Lees** Rigt. 15:14-20. **Teks:** Rigt. **15:19.**

GEBEDSVERHORING DEUR GOD'S GENADE.

Simson se gebed is egter verhoor. „Toe kloof God die holte wat by Legi is, en daar kom water uit; en hy het gedrink, en sy gees het teruggekom, en hy het weer opgelewe." Het die Here God dan hier 'n gebed verhoor wat nie opreg was nie? Enersyds spreek hier die wonderlike genade van God wat Hy aan ons skenk, al is alles in ons geloofslewe nie in orde nie. Al het Simson nie gebid nie, het God hom

tog in die lewe gehou omdat Hy die eerste en die laaste is. Nooit kan die kerk genoeg getuig van die eensydige handeling van God, soos dit in en deur Jesus Christus openbaar word. Ons het Hom nie liefgehad nie, maar Hy het ons liefgehad.

Helaas het hierdie gebedsverhoring nie tot 'n gesprek tussen Simson en sy God gelei nie. Die gesprek was tog so noodsaaklik. Seën en uitredding kan ons tog so argeloos maak, dat ons tot die ware ontmoeting met God nie kom nie. Dit is duidelik sigbaar in die verdere lewe van Simson. Daar is geen skaamte, geen verwondering, geen dankbaarheid, as hy werklik opstaan nie. Nog roekeloser stort hy hom opnuut in allerlei avonture, totdat hy geheel ten ondergaan. In sy ondergang sou Simson uiteindelik hom tot God wend.

Dit leer ons hoe gevaarlik dit is as ons die redding van die Here as iets vanselfsprekends sien. Dat God ons hoor, dat God ons help en red, ook wanneer ons dit nie gevra het nie, is nie 'n versekering dat ons lewe veilig is nie.

Dit moet eerder by ons 'n Llywende verwondering werk oor die genadige en barmhartige handelinge van God wat nêrens so genadig is as in die oorgawe van sy Seun Jesus Christus, vir die honger en dors van ons siele. Dit is bekering, wanneer ons, ons aan sy liefde gewonne gee, want „wie van hierdie water drink, sal in ewigheid nie weer dors kry nie."

5 Oktober. **Lees** Rigt. 16:21-31. **Teks:** Rigt. 16:28.

SONDAARSGELOOF.

Simson se swakheid teenoor vroue het hom ten slotte in die ellende gestort. Delila het deur haar trane en geneul die geheim van Simson se krag te wete gekom. Nadat sy hare afgesny is en die nasireërbelofte so verbreek is, het die Here God van Simson gewyk, waarop die Filistyne sy oë uitgesteek het. Magteloos word hy deur die Filistyne weggelei en in die gevangenis gebring, waar hy sy dae moes deurbring met die maal van graan.

Dit was in die ou Ooste 'n werk wat net deur vroue gedoen is, en gewoonlik deur die geringste van die slavinne. Hierdie werk is knielend verrig en dit dui op die voortdurende vernedering van Simson, die hele dag lank. Hierdie vernedering is hom deur die Filistyne aangedoen. Dis egter ook waar dat hy in die duisternis van sy blindheid homself kon afvra of dit nie deur eie skuld en dwaasheid was dat hy in hierdie vernedering en ellende gestort is nie.

Die belangrikste waarheid is egter dat Simson nie geweet het dat sy vernedering van die Here gekom het nie. Alles het onder leiding van die Here meegewerk om hom tot die besef van sy volkome afhanklikheid van God te bring. Die held moes 'n blinde slaaf word, voordat hy gebuig kon word.

Terwyl hy nou as blinde die fees van die Filistyne tot hulle vermaak moes opluister, het Simson weer tot God gebid. „Here, Here dink tog aan my en versterk my tog net hierdie keer o God." Hierdie gebed is tog so anders as toe hy gebid het in sy vrees dat hy van dors mag versmag. Dis die gebed van 'n mens wat sy lewe verknoei het, die gebed van 'n mens wat hom van sy skuld bewus is. Dis die gebed van 'n mens wat weet dat hy aan God geen eise kan stel nie. Dis die gebed van

'n verlore mens wat 'n beroep doen op die genade van God. Alles is verlore, deur eie skuld, maar ook nog as alles verlore is, kan God redding gee. Hier is die geloof van Simson: dis sondaarsgeloof, 'n roep om herstel van wat deur eie sonde verlore gegaan het.

Dit is die plek waar God ons wil bring. Hy wil ons bring op die plek waar geen selfverheffing meer bestaan nie. Alleen in ons vernedering en skuldbesef kan ons ons verlorenheid bely. Die geloof bestaan alleen daar waar ons nog saam met die tollenaar bid: „Here wees my sondaar genadig."

So word Simson se geskiedenis ten slotte 'n troos vir elkeen wat sy lewe verknoei het. Soos die moordenaar aan die kruis, so het Simson in die laaste oomblik nog genade by God gevind. So sê die Here vir elkeen wat met berou oor hul sonde tot Hom kom „Julle sonde is vergewe."

6 Oktober. **Lees** Rigt. 17:1-6. **Teks:** Rigt. **17:2b.**

GODSDIENS SONDER GELOOF.

Wanneer ons hierdie gedeelte uit Rigters lees, tref 'n mens daarin al die elemente van die Israelitiese godsdiens aan. Pragtig is selfs die betekenis van die naam Miga. „Wie is soos die Here?" Daar is die moederlike bede: „Mag jy geseënd wees deur die Here my seun!" Miga het selfs 'n godshuis gehad waar hy een van sy seuns aangestel het as priester vir hom. Groot bedrae geld was aangewend om hierdie godshuis indrukwekkend te maak met gesnede en gegote beelde.

Te midde van al hierdie uiterlikhede is daar geen diepte, geen geloof, geen God en geen karakter nie. Dit pla hoegenaamd nie dat geld van jou moeder gesteel word nie, dat jy sonder meer enigiemand aanstel as priester nie. Hier is geen sprake van ware aanbidding of gehoorsaamheid aan God nie. Inteendeel, jy beoefen die godsdiens soos wat jy goed vind in jou eie oë.

Al is ons godsdiens hoe indrukwekkend en verfraai met al die uiterlike elemente is dit waardeloos. Darenteen, sonder al hierdie elemente maar gevul met godsvrees, godsliefde, naasteliefde oorkoepel met Christus, dan word die godsdiens 'n krag tot saligheid en 'n lewe hier met gemoedsrus en innerlike vrede.

Vra daarom na die wil van God en soek sy koninkryk en al hierdie ander dinge sal vir jou bygevoeg word.

7 Oktober. **Lees** Rigt. 18:1-7. **Teks:** Rigt. 18:1.

SWERWERS OP SOEK.

Die kinders van Dan was swerwers wat geen vaste woonplek gehad het nie. Vir hulle was daar geen erfdeel waar hulle permanente tuistes kon oprig om rustig en veilig te woon nie.

Die Daniete het egter nie sommer blindelings rondgeswerf nie. Nee, toe hulle by die huis van Miga kom en daar 'n priester vind het hulle volgens gebruik, hom gevra om tussenbeide te tree en vir God te vra, of dit enige sin het om verder te soek en of hulle omswerwinge veilig sal wees.

Ons weet wat dit beteken om swerwers te wees, om van die een plek na 'n ander te gaan sonder dat jy weet wanneer om te moet trek. Daar tree onder sulke omstandighede 'n gees van verbrokkeling in.

Ons begryp wat dit vir die Daniete beteken het dat die Here hulle gelei het na Lais, of soos dit later geheet het, Dan. 'n Plek van veiligheid, voorspoed en vrede. 'n Plek waar daar aan niks gebrek is nie.

So is die mens hier op aarde in sy wese 'n swerwer. Geen ware tuiste nie, 'n lewe vol gevare, gebreke en ontberings.

Goddank egter dat ons in Gods Woord weet dat daar tog eenmaal vir ons 'n plek sal wees waar ons ewig geluksalig in voorspoed en vrede sal lewe. Die plek waar Christus heen opgevaar het om vir ons plek te berei, 'n plek met vele wonings waar ons omswerwinge vir altyd verby sal wees.

Wat 'n heerlike toekomsverwagting vir elkeen wat die Here vrees en volg waar Hy ons heen lei.

8 Oktober. **Lees** Rigt. 19:15-21. **Teks:** Rigt. 19:20.

BARMHARTIGHEID TEENOOR VREEMDES.

Dit is 'n eensaam Leviet wat as vreemdeling agter die gebergtes van Efraim vertoef het, wat hier terug op reis is vanaf Betlehem-Juda. Hy gaan na sy woonplek agter die gebergte van Efraim, nadat hy sy bywyf weer gaan haal het by haar vader.

Op hierdie reis moes hulle oornag by Gibea, 'n stad wat aan die Benjaminiete behoort het. Hier was egter vir hulle geen onderdak by die die inwoners nie. Niemand wou hulle oor hulle ontferm nie, behalwe 'n ander vreemdeling, 'n ou man wat tydelik hier woonagtig was.

Terwyl die Leviet en sy geselskap op die plein sonder skuiling wou oornag, kom die ou man en neem hulle in sy huis en gee vir hulle te ete en te drinke.

Hierdie verhaal laat 'n mens baie dink aan die geskiedenis van die barmhartige Samiritaan wat onmiddelik bereid was om 'n helpende hand uit te steek tot hulle wat in nood en ellende verkeer sonder om ooit enige vergoeding te verwag.

So immers het ons Here Jesus ons ook geleer om saam met ons naaste te lewe. Ook dan wanneer ons mekaar nie eers ken nie. Ons moet altyd 'n oog en 'n oop hand hê vir hulle wat in nood verkeer.

Die Here Jesus het verlossend en begenadigend na die aarde gekom, nie net vir 'n deel van die mensdom nie maar vir alle sondaars wat op die plein van nood en dood verkeer om aan hulle te skenk uit die volheid van sy heerlikheid en genade. Niemand het nodig om die koue en gevare van die nag buite te ontbeer nie.

„Almal wat vermoeid en belas is, kom na My toe en Ek sal julle rus gee."

9 Oktober. **Lees** Rigt. 20:18-28. **Teks:** Rigt. 20:23.

GEHOORSAAMHEID AAN GOD.

Een van die onaangenaamste dinge in die lewe van 'n volk, is broederoorlog. Ken ons dit nie in ons eie volk se geskiedenis nie? Dan wanneer broer teen broer, vader teen seun en seun teen vader die wapen moet opneem. Dit is iets waaraan 'n mens nie eers twee keer wil dink nie. Oorlog in die gewone sin van die woord is al erg genoeg, hoeveel erger waneer volksgenote met mekaar oorlog moet voer en die wapen teen mekaar moet opneem.

Dit was die bittere ervaring wat die Verbondsvolk van God moes belewe in die Rigtersperiode. Asgevolg van die misdaad van die Benjaminiete teenoor die Leviet wie se bywyf deur hulle verkrag, onteer en eintlik sodoende vermoor is, kry Israel opdrag van die Here om die stam van Benjamin te vernietig.

Vir Israel was dit alles behalwe aangenaam, vandaar dat die kinders van Israel geween het voor die aangesig vn die Here en sodoende die Here geraadpleeg het of hulle dan regtig teen die kinders van Benjamin moet optrek. Maar dan kom die Woord van die Here „Trek teen hom op."

Dit voel nie vir die mens swaar om die Here te gehoorsaam wanneer dinge in jou kraam pas nie. Maar wanneer jy gevra word om goed en bloed op te offer, ween jy en deins jy terug. Net soos dit vir Christus bitter was om die Mara beker te ledig. Daardie beker toe Jesus soos 'n lam deur sy volk ter slagting gelei was. „Nogtans nie my wil nie, maar laat u wil geskied."

Dit is ware gehoorsaamheid aan God wanneer jy die wil van die Here doen ongeag hoe jy self daaroor voel en dink. „Nie elkeen wat vir my sê Here, Here, sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil van my Vader doen."

10 Oktober. **Lees:** Rigters 21:1-7. **Teks:** Rigt. 21:3.

MENSLIKE OOTMOED EN BEROU.

Die Here het Israel beveel om die stam van Benjamin tot algehele neerlaag te beveg, wat hulle dan ook met toewyding en deeglikheid gedoen het. Israel self het nie sonder ontsettende verliese die oorlog gevoer nie. Maar tog het hulle met die nodige lis daarin geslaag om die stam tot oorgawe te dwing totdat slegs van al die duisende maar 600 man oorgebly het. Hierdie 600 man het die woestyn ingevlug en vir vier maande lank by die rots van Rimmon geskuil. Daarna het Israel omgedraai en die kinders van Benjamin uitgeroei, die manne, vroue, kinders en diere, sodat daar geen toekoms vir Benjamin oorgebly het nie.

Vanweë die eed wat Israel voorheen by Mispa gesweer het kon hulle ook geen dogters van hulle eie aan die manne van Benjamin gee sodat daar weer 'n geslag gebore kon word nie.

Dit alles het Israel met deeglikheid en nougesetheid gedoen. Maar nou dat alles afgehandel is, tree die reaksie in. Nou tree die medemenslikheid in, so erg dat hulle met 'n groot geween voor die aangesig van die Here verskyn het met die versugting. „Waarom, O Here, God van Israel, het dit in Israel gebeur dat daar vandag een stam uit Israel vermis word?"

So is dit altyd met die gelowige gesteld. Hy kan nie toekyk dat sy medevolksgenote kaalgestroop word nie en sonder toekoms moet ondergaan nie. Die geloof leer tog immers ook die barmhartigheid!

11 Oktober. **Lees** Rigt. 21:8-13. **Teks:** Rigt. 21:8.

WERK EN MOENIE SKUIL NIE.

Hoe jammer is die verskynsel onder volkere dat daar altyd 'n gedeelte van die volk is wat agter ander skuil as daar gewerk of geveg moet word. Graag leef jy saam met andere in die vettigheid van die land, maar wanneer daar opgeroep word om daadwerklik op te tree, bly jy weg.

Dit was dan ook die geval met Israel toe die volk opgeroep was na die groot vergadering te Mispa toe daar beraadslag moes word vir optrede teen die boosheid van die kinders van Benjamin. Toe het niemand opgedaag uit Jabes in Gilead nie. Hierdie ontdekking is gemaak na die oorlog teen Benjamin toe daar gesoek was vir die 600 oorlewende Benjaminiete by Rimmon.

Die ontrouheid van die inwoners van Jabes was vir Israel 'n oplossing vir die probleem vir die voortbestaan van die stam van Benjamin sonder dat Israel ontrou hoef te wees aan hulle eedswering om nie een van hulle eie dogters vir die Benjaminiete te gee nie.

So het dit dan gekom dat die inwoners van Jabes gestraf word en al die stamme behou word.

Hierdie verskynsel van mense om agter ander te skuil wanneer daar opgeoffer moet word, tref ons oral aan. So kan ons ook nie maar net met die hande gevou sit om in alles te deel en nie daarvoor te werk nie. So kan ons nie maar net met die hande gevou sit en wag om te deel in die vreugde van die hiernamaals nie. Elkeen moet uitgaan en getuig en werk uit dankbaarheid vir dit wat ons in Christus Jesus het. Ek kan nie maar net my talente begrawe en hoop dat met my sal goed gaan nie. Die geloof roep immers op tot 'n lewe van dankbaarheid in diens van God en sy Woord.

12 Oktober. Lees Rigt. 21:19125. Teks: Rigt. 21:25.

DIE HERE IS KONING.

Opvallend is dit hoe dikwels die skrywer van Rigters hierdie sinsnede aanhaal: „In die dae was daar geen koning in Israel nie; elkeen het gedoen wat reg was in sy oë." So asof die skrywer verskoning soek vir die afdwalinge van Israel. Op ander plekke wil dit voorkom of Israel minderwaardig voel teenoor die ander volke wat wel gespog het met hulle koningshuise.

Die feit bly egter staan dat dit die Here was wat nie aan hulle 'n koning wou gee nie. Op grond hiervan het Gideon gesê: „Ek wil nie oor julle heers nie, en ook my seun mag nie oor julle heers nie. Die Here sal oor julle heers."

Die Here het die volk uit die slawehuis uitgelei om as vrye volk te lewe. En wanneer hierdie vryheid bedreig word gee die Here Rigters as bevryders. Die vryheid van Israel bestaan daarin dat die Here in eie persoon die koning van Israel is.

Nie dat die Here hiermee elke vorm van vors of heerser as 'n bedreiging vir die vryheid sien nie, maar die volk moet leer dat al is daar 'n vors, dan staan daardie vors in die diens van die Here, die eintlike Koning. Die vors of rigter tree maar slegs op as 'n instrument van God. Hy ontvang sy wysheid en leierskap van God en nie uit homself nie. Vandaar dat daar in die Christelike wêreld geen plek kan wees vir 'n diktator nie. Omdat 'n diktator uit eie krag en vermoë regeer sonder om iemand anders in aanmerking te neem.

Vandaar dat 'n demokratiese regering die enigste vorm van regeringstelsel is wat kan funksioneer met God as die enigste Koning. 'n Regering wat altyd opsien na God om leiding en genade.

Wanneer hierdie korrelasie nie meer bestaan en geld nie, sal dit ook met ons volk gaan soos met Israel. Dan doen elkeen wat goed is in sy eie oë.

So het die Here ook ons volk geseën om as geroepe volk van Hom te lewe. Om dan uiteindelik deur Hom as ons Koning deur Christus bevry te word van die slawehuis van sonde en dood.

13 Oktober. **Lees Job. 1:1-12.** **Teks: Job. 1:7**

GOD SKENK RUS.

Tot die geeste wat voor God verskyn, behoort ook die Satan. In 1 Petrus 5vers 8 lees ons: „Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind." Dit sluit aan by die gedagtegang in ons teksvers. Die satan is in die eerste plek teëstander, aanklaer.

Wanneer die satan gevra word waarvandaan hy kom, word hy deur die Here in die sitting tot verantwoording geroep. Die satan gee 'n onskuldige voorstelling van sy doen en late. Maar hy karkteriseer sy bestaan raak as hy sê: „Van 'n swerftog oor die aarde, wat ek deurkruis het." Dit het hy gedoen om te weerstaan, om klagtes en beskuldigings te kan indien, om „die broeders te verkla." Dit is die bose strewe. Hy is die groot vyand van God, wat ook Jesus versoek, in Judas vaar en die gelowiges versoek.

Hy swerf. Van God staan geskryf dat Hy woon. Die satan is 'n swerwer. God skenk rus, maar die satan ewige onrus. Rusteloos doen hy nog sy „teëstanderswerk." Ons weet sy tyd is kort. Maar hy is fel. Daarom:

„Gord ons in eie krag ons aan,
dan is die stryd verlore;
slegs Een kan Satans mag weerstaan.
deur God daartoe verkore.
Vra u sy Naam, so weet
dat Hy die Christus heet;
gaan Hy voor in gevaar,
Heer van sy eng'leskaar-
die sege is ons beskore."

14 Oktober. **Lees Job 1:13-22.** **Teks: Job 1:21.**

LOOF GOD.

Ten aanhore van al sy rampe skeur Job sy klere en skeer hy sy hoof. Dit is bekende rougebruike. 'n Sierlike oorkleed en baard (wat as sierade beskou is) pas nie by droefheid nie. Verder roep hy uit: „Naak het ek uit my moeder se skoot gekom, en naak sal ek daarheen terugkeer."

Job sal niks kan meeneem nie. Hy het immers ook geen reg op besit nie. (Hoe anders klink dit nie as die taal van die ryk dwaas nie, wat steeds praat van sy opbrengste en sy goed nie!) Alles hang van Gods beskikking af. Hy handel na sy vrymagtige welbehae en is aan niemand verantwoording verskuldig nie.

Besit is 'n gawe, afhanklik van Gods welbehae, van sy soewereine beskikking. Ook verlies van goedere geskied volgens dieselfde beskikkingsreg van God. Selfs as jy alles verloor, word jou verhouding teenoor God nie anders nie. Gesang 68: „ . . . dit is maar geleende goed uit U milde owervloed." Die roemtaal van Job klink duidelik: „Die Here het gegee, en die Here het geneem: die Naam van die Here sy geloofd!"

Dit begryp die wêreldling nie. Dit kan hy Job nie nasê nie. Die gelowige egter, van alle eeue, het dit Job nagesê. Maar uit homself is hy daartoe nie instaat nie. Dit is ook die Here wat gee, wat berusting skenk, wat in staat stel om te loof. Kan u dit Job nasê? Kan u die tugroede kus en u kruis geduldig dra? Die gelowige roem nie alleen in die hoop van die heerlikheid nie, maar ook in die verdrukkinge.

15 Oktober. Lees Job 2:1-6. **Teks:** Job 2:6.

CHRISTUS SE LEWE NIE GESPAAR NIE.

Job het bae teëspoed ondervind. Dit word in die eerste hoofstuk aan ons meegedeel. Job is die aangevogtene. Die satan sê: „ . . . en alles wat iemand het, sal hy gee vir sy lewe . . ." Die mens se lewe is sy hoogste goed. Om die lewe te behou sal hy alles opoffer. Die satan sê dat Job se godsvrug nie waaragtig is nie; dit sal wel blyk as hy ook in sy lewe aangetas word. (Tot nog toe het hy slegs eiendom en kinders verloor).

Die satan eis dan ook dat Job self aangetas word in sy gebeente en vlees, in sy lewe. En die Here sê aan die satan: „Kyk, hy is in jou hand; spaar net sy lewe." Die satan gaan heen en tref Job met bose swere, van sy voetsool tot skedel.

Die Nuwe Testament ken egter Een wat „die groot aangevogtene" genoem kan word. Wat God nie met Job laat doen nie, dit het Hy „gewaag" met sy Seun, sy Enigste: „ontneem Hom alles, ook sy lewe." Ons hoor die Here Jesus sê: „Nou is my siel ontsteld, en wat sal Ek sê? Vader, red My uit hierdie uur? Maar hierom het Ek in hierdie uur gekom. Vader, verheerlik U Naam!"

Ons nagmaalsformulier stel dit so treffend: „ . . . ja, sy geseënde liggaam aan die kruis laat spyker het, om die skuldbrief van ons sondes daaraan vas te nael; en het so ons vervloeking op Hom gelaai om ons met seëninge te vervul . . ."

16 Oktober. Lees Job. 2:7-13. **Teks:** Job 2:10.

AANBIDDING SONDER VOORDEEL.

Ons lees in die voorafgaande verse dat Job met bose swere getref is, van sy voetsool tot sy skedel. Hy het ook 'n potskerf geneem om hom daarmee te krap, terwyl hy in as sit. Terwyl Job daar so sit kom sy vrou by hom. Later kom ook sy vriende. Die besoeke is eintlik versoekinge vir hom.

Van sy vrou het ons nie vroeër verneem nie. Sy is egter ten nouste by Job se rampe betrek. Sy is hom egter nie tot steun nie, maar eerder helpster van die satan. Haar woord is kort maar fel: „Volhard jy jou nog in jou vroomheid? Seën God, en sterf!"

Sy laat God los, hy nie. Daarom berispe hy haar: „Soos 'n dwaas praat, praat jy! Die goeie sou ons van God aanneem, en nie ook die slegte nie?" Job sê in sy lyding God nie vaarwel nie, inteendeel hy prys God. Hy aanbid sonder voordeel. Dit is sy godsdiens: aanbidding van die soewereine God. Dit bly die geval selfs as die toets verswaar word. (Ook Eli het, toe hy slegte tyding ontvang het, gesê „Hy is die Here; laat Hom doen wat goed is in sy oë.")

Job erken dat hy alles van God moet aanvaar. Job dien God nie om voordeel nie. Dien u, vereer u, aanbid u Hom in sy soewereine grootheid? Kan u ook dra wat Hy u oplê sonder klae?

Ges. 21:

„Is dit suurheid, is dit soetheid,
in aanbidding swyg ons stil;
want die wesenlike Goedheid
maak dit goed deur dit te wil."

17 Oktober. **Lees** Job 3:1-9. **Teks:** Job 3:1.

STRYD OM GOD TEEN GOD.

Job se vriende aanskou sy ellende. Hulle skeur elkeen sy mantel en strooi stof oor hulle hoofde. Dit is uitinge van rou. Hulle gaan sit by hom op die grond sewe dae en sewe nagte lank. Dit sal egter blyk dat hulle niestaande die geskeurheid van klere en stof op die hoofde hulle bedenkinge het.

Die maat van Job se lyding is vol. Hy kan homself nie langer beteuel nie en breek los in hartsogtelike klag waarin hy die dag van sy geboorte vervloek. So sondig hy tans ook met sy lippe. Daar het verandering in sy sielelewe gekom. Is die satan nie besig om die oorwinning te behaal nie? Sal hy nie God „seën" soos die satan begeer nie: God vloek?

Sy lyding het sy gemoedsrus versteur. Hy is verskrik, vreesagtig. Tog vervloek hy nie God soos die satan hoop nie. Hoe diep hy ookal onder die golwe van sy lewensleed wegsink, hy wil aan God vashou.

Elke mens ken tye van twyfel en smart. Die digter van Psalm 39 het ook smart ervaar. Hy getuig dat hy aanvanklik geswyg het, maar dat hy tog „ver van die goeie was." Sy hart het warm in sy binneste geword; 'n vuur het ontvlam by sy gesug. Hy kon nie langer swyg nie. Die opgekropte leed het uitgebars. Maar wanneer hy sy hoop op God vestig en bid om uitredding vir sy siel, word alles vir hom anders. Dan swyg hy, maar nie soos voorheen nie. Nou swyg hy omdat hy nie wil spreek en sy mond oopmaak nie.

Sy siel is nou stil tot God. Die lyding is nog daar, maar die verwyte en bitterheid het verdwyn. Dit het plekgemaak vir die ervaring van Gods troosvolle nabyheid.

18 Oktober. **Lees** Job 4:1-11. **Teks** Job 4:6.

DIE WERKE VAN GOD OPENBAAR.

Job ontvang besoek van sy vriende: Elifas, Bildad en Sofar. Elifas, die oudste voer die woord. Hy sê: vroeër het Job dikwels moedelose mense vermaan en bemoedig, maar nou dat teenspoed hom tref is hy moedeloos. Maar Job is tog 'n godvresende man? Om die rede verbaas Elifas hom oor Job se klag. Hy vra: „Is jou Godsvrees nie jou hoop, jou vrome wandel nie jou verwagting nie."

Elifas se woorde is nie so onskuldig bedoel nie. Daarom maak hy nie 'n bewering nie, maar stel 'n vraag. Agter sy vraag lê 'n stille verwyt dat daar iets aan Job se vroomheid skort. Hy wil eintlik sê: dit is iets ontsettend wat hier gebeur het, maar dit moet 'n oorsaak hê. Job, God doen geen onregverdige dade nie. Job was met al sy vroomheid 'n stille sondaar gewees; hy het self die ellende oor hom gebring en onafwendbaar gemaak.

Maar ons weet dat Job nie om sonde ly nie, maar ten gevolge van die geding tussen God en die satan.

Aan die kant van Job se vriende gaan staan ook die dissipels van die Here as hulle vra: „Rabbi, wie het gesondig, hierdie man of sy ouers, dat hy blind gebore is?" Luister wat sê Jesus: „Hy het nie gesondig nie, en sy ouers ook nie; maar die werke van God moet in hom openbaar word!"

Ges. 21:

„. . . tot u diens, Heer, maak ons vaardig,
of ons val en of ons staan.
Word u luister maar bewonder,
doen dan vry al wat U wil;
dryf ons bo of gaan ons onder,
in u doen berus ons stil."

19 Oktober. **Lees** Job 7:1-10. **Teks:** Job 7:1(a).

IMMANEUL.

Job spreek nou nie meer sy vriende aan nie, maar hy verval in alleenspraak. Hy vra: „Het die mens nie 'n stryd op die aarde nie?" Dit is 'n aangrypende klag. Die stryd waarvan Job hier spreek, is nie soseer die stryd om bestaan nie, maar die stryd om die lewe, die stryd om aan God vas te hou. Wat hy sê klink wrang. Tog is dit 'n soek na God.

Daarom is dit 'n stryd om nie in sy leed onder te gaan nie, maar om staande te bly en om God te verstaan en aan God te bly vashou. En as Job aan die einde voor God buig wat hom uit die storm antwoord (Job 38), dan is dit nie 'n buig voor die onbekende nie, maar juis voor die groot Bekende. Dan kan Job sê: Volgens hoorsê het ek van U gehoor maar nou het my oog U gesien."

Die gryse Simeon het toe hy die Verlosser in sy arms geneem het, gesê: „Nou laat U, Here, u dienskneg gaan in vrede volgens U woord, omdat my oë u heil gesien het . . .

Ons het ook die groot Bekende in Christus leer ken. Ons ken God as Immanuel, God met ons. Hy word in Christus „klaarder sigbaar en duideliker kenbaar." Ons kan aan Hom vashou; Hy is in lewe en in sterwe ons enigste Troos. Ons weet ook in ons stryd slaan sy oog ons vriendelik gade, steun ons sy genade.

20 Oktober. **Lees** Job 8. **Teks:** Job 8:8-9.

LEER VAN DIE VOORGESLAGTE.

Job worstel met die vrae wat in sy woelige hart en siel opkom, maar hy kom daarmee nie verder nie. Hy kan God se handelinge en weg nie verstaan nie.

En nou ontvang hy die raad van ons teks: „Doen tog navraag by die vorige geslag en gee ag op wat hulle vaders nagespeur het." Dit is inderdaad die enigste weg van die enkeling, wat baie dinge nie in die regte

verhoudings kan sien nie, omdat hy slegs die klein bestek van sy eie lewe en daarvan ook nog net 'n gedeelte sien. Die goeie dae wat agter die rug is, vergeet hy gou en omdat hy die toekoms nie ken nie, sit hy met sy gedagtes gevange in die nood van die hede.

Die mens moet hom soms losmaak van die probleme van die oomblik en 'n langer tydperk gaan ondersoek. Om net terug te kyk na sy eie lewe, sal nie help nie, „want ons is van gister." Ons lewe is daarvoor te kort, soos 'n skaduwee op die aarde wat kom en gou weer verdwyn. Maar as ons terugkyk en leer uit die ervaring van die vroeëre geslagte, word dit vir ons duidelik dat die lewe nie so duister en raaiselagtig is as wat ons op grond van die hede gedink het nie. Die getuienis van die vorige geslagte leer ons. „God verwerp die vrome nie en Hy vat kwaaddoeners nie aan die hand nie." Die kort bestek van jou eie nood laat jou soms andersom dink, maar as jy geheelgetuienis van vorige geslagte gesien het, weet jy dat daar rede vir en vastheid in God se handelinge is, waarop jy kan vertrou.

21 Oktober. **Lees** Job 9:1-13. **Teks:** Job 9:2, 3.

MAGTELOOSHEID TEENOOR GOD.

Die mens is altyd geneig om te twis en te stry en hom op daardie wyse te regverdig. Selfs teenoor God kan daar so'n neiging bestaan.

Job deins vir so'n gedagte terug, omdat hy sy eie kleinheid en magteloosheid teenoor God alte goed besef. God is Skepper van hemel en aarde, wat sonder moeite berge kan versit en omkeer in sy toorn. Sy almag ken geen perke en Hy kan doen wat Hy wil sonder om met iemand rekening te hou. Met Hom te twis of jou by Hom te probeer regverdig sal'n opperste dwaasheid wees en reeds voor die begin 'n verlore stryd.

Dit is sekerlik nie maklik nie om dit te moet erken en bely nie. Dit kom immers neer op die erkenning van die mens se totale magteloosheid, terwyl hy van nature so graag sy mag wil vertoon en tenminste heer en meester wil wees van sy eie lewe. Job het sy magteloosheid erken toe hy gesien het dat hy dit nie is nie. Maar hy erken ook sy onbekwaamheid en onkundigheid teenoor God, Wie se vrae geen mens kan beantwoord nie. Job is letterlik en figuurlik op die ashoop, want hy het niks waarmee hy hom by God kan regverdig nie.

Hierdie gevoel van magteloosheid hoef jou egter nie in wanhoop te verteer nie. Veeleer kan dit jou op die regte pad bring-op jou knieë-voor God, sodat jy jou geheel en al sal oorgee in sy hande.

22 Oktober. **Lees** Job 9:14-21. **Teks:** Job 9:15.

ALLEEN GENADE.

Solank as jy nog krag het om te veg en wapens in jou hande voel, sal jy die stryd nie gewonne gee nie.

Maar gelukkig is jy as jy gou insien dat jy niks het waarmee jy teen God kan stry nie. Want dan kapituleer jy en in plek van verwyte en waaroms bid jy maar alleen om genade. Maar kan jy dit doen met enige hoop?

Dit lyk asof Job om genade gesmeek het, omdat daar niks anders meer oorgebly het nie. Net uit magteloosheid en uit wanhoop. Want hy sien God as'n ongenaakbare Regter, by Wie selfs die onskuldige by voorbaat verlore is, omdat hy nie eers sy saak kan stel nie.

Die Christen nader God egter anders, want hy weet dat sy Regter ook sy Redder is, wat daardie nietige wurm van 'n mens nie wil vertrap nie, wat geen behae in die dood van die sondaar het nie. Al moet hy dan ook kapituleer, al het hy ook niks waarmee hy hom voor God kan regverdig nie — sy gebed is geen teken van wanhoop nie. Inteendeel, hy bid om genade met die sekerheid van die verhoring en met volle hoop, omdat iemand in sy hopelose en verlore saak tussenbeide getree het, omdat hy, die hulpelose, in Christus 'n advokaat gevind het, wat vir hom pleit op grond van sy offer op Golgota.

23 Oktober. **Lees** Job 10:8-12. **Teks:** Job 10:9.

DIE SKEPSEL PLEIT BY SY SKEPPER.

In hierdie gedeelte probeer Job God met Homself konfronteer. Want skepping en vernietiging is sulke teenstrydighede dat God nie tegelyk beide kan wees nie. Hy is die Skepper, ook Job se Skepper. Waarom wil Hy hom dan vernietig? Of waarom het Hy hom dan geskape?

„Bedink tog dat U my soos klei gevorm het", so pleit Job in die hoop dat God nie die werk van sy hande sal vernietig nie.

Inderdaad, dit is nooit die bedoeling van God nie, want Hy het die wêreld wat Hy geskape het, lief (Joh. 3:16) en die mens, die kroon van sy skepping, in die besonder. Hy het hom immers geskape tot sy eie eer en verheerliking. En wanneer Job ook in sy lyding en vernedering volhard in die geloof, en daarmee die doel van Satan verydel, sal hy aanvaar dat God nooit daarop uit was om hom sonder rede te vernietig nie. God het hom slegs gebruik waarvoor hy geskape was: tot God se eer en verheerliking, tot 'n getuienis in die wêreld.

Vra nooit van die Skepper waarom Hy u geskape het nie, maar onderwerp u gehoorsaam aan sy wil en U sal sien dat U lewe sinvol en betekenisvol is vir Gods koninkryk.

24 Oktober. **Lees** Job 11:1-12. **Teks:** Job 11:7.

GODS DIEPTES KEN JY NIE, MAAR HY KEN JOU SONDES.

In hierdie hoofstuk word weer antwoord gesoek op die onbeantwoorde vrae. Tog worstel die mens daarmee tevergeefs en daarom roep hy: Maar, ag, as God maar wou spreek . . . en jou bekend wou maak dat die verborgenhede van die wysheid die insig verdubbel! Maar God spreek nie.

Die dieptes van God bly dus onpeilbaar. Dit kan slegs vergelyk word met die hoogtes van die hemel en die diptes van die doderyk. Dit is langer as die aarde en breër as die see. „Wat kan jy doen? Wat kan jy weet?"

Teenoor so 'n God is jy magteloos, want „As Hy verbyskuiwe en gevange geneem en 'n regsvergadering oproep — wie sal Hom dan teëhou?" Daarby ken Hy alle valsheid en ongregtigheid sonder dat Hy moeite daarvoor hoef te doen. Hy sien dit sommer by die eerste blik.

As dit nie help om van so 'n God weg te vlug of jou sondes voor Hom weg te steek nie, is die enigste wat oorbly om Hom te probeer nader. Natuurlik nie met jou eie waarde of trotsheid nie. Want wat is jy? Ook nie met jou argumente nie. Want wat kan jy doen? Maar in die geloof met nederigheid, met die belydenis van jou skuld.

25 Oktober. **Lees** Job 11:13-20. **Teks:** Job 11:13-15.

BEREI DIE HART EN BID.

Al kan die mens die dieptes van God nie peil nie, hoef hy nie wanhopig te word teenoor God nie, want daar is altyd 'n weg wat vir hom oop bly, naamlik die van bekering en gebed. En dit is die raad wat Sofar vir Job gee. „Berei jou hart en laat geen onreg in jou tente woon nie en staan dan voor God met uitgebreide hande (met leë hande) met die erkenning dat jy niks het waarop jy kan vertrou nie. Dan sal jy beter dae kan verwag.

Hierdie raad is nog altyd goeie raad en nie net vir hulle wat soos Job in die grootste nood en beproewing is nie, maar vir almal. Want die beproewing is nie die straf vanweë die sonde of die identifikasie van de sondaar soos Sofar en sy tydgenote gedink het nie, maar die middel waardeur God sy werk in die mens wil openbaar. (Joh. 9:3).

Die Heilige Skrif leer ons ook dat al die mense sondaars is. Daarom moet dan nie net die beproefdes nie, maar al die mense met bereide harte en uitgebreide hande die Here nader, want niemand kan op eie regverdigheid of verdienstelike werke roem nie. Daar is slegs hoop as die Here die uitgebreide hande vul met die rykdom van sy vergewing en genade.

26 Oktober. **Lees** Job 14. **Teks:** Job 14:1-3.

DIE SWAK MENS EN DIE STERKE GOD.

In hierdie hoofstuk hou Job hom besig met die uitvoerige bespreking van die kortstondigheid en die swakheid van die lewe. „Die mens, uit 'n vrou gebore," — dus elke mens — „is kort van dae en sat van onrus." Job is nie die enigste wat die saak so beskou nie. In Psalm 90 kry ons dieselfde gedagtes en die aartsvader Jakob het, toe hy reeds 130 jaar oud was, vir Farao dieselfde gesê: „Min in getal en vol teëspoed was die dae van my lewensjare" (Gen. 47:9). „Hy spruit uit soos 'n blom en verwelk; ook vlug hy soos 'n skaduwee en hou nie stand nie", sê Vader Jakob.

Maar nou wil Job hierdie feit as 'n pleigrond aanvoer by God: „En oor so een maak U die oë oop en U bring my voor U gereg." Job voel dat so 'n optrede onwaardig is vir God wat so groot en magtig is. Ons dink hier aan die Romeinse spreekwoord: „'n Arend vang nie mossies nie" — hy hou hom nie besig met so 'n onwaardige prooi nie, hy kyk nie eers daarna nie. Maar God maak sy oë oop (dit wil sê ondersoek en let op die sondes) oor 'n klein nietige mens en bring hom voor die gereg.

Job weet natuurlik nie dat sy ellende deur die toedoen van Satan ontstaan het nie. God het hom nie agter die skerms laat kyk nie, want dan sou die toets wat hy moes deurstaan, nie eg gewees het nie. Daarom trek Job hier 'n totaal verkeerde konklusie. Tog het hy reg aangevoel: God speel nie 'n wrede spel met die klein mens, soos 'n kat met 'n muis nie. God vernietig hom nie en verlustig Hom nie in die magtelose gespartel van sy skepsel nie, maar God het die mens te hulp gesnel en hom gered met die opoffering van sy eie Seun.

27 Oktober. **Lees** Job 15:1-11. **Teks:** Job 15:11.

TROOS WAT GEEN TROOS IS NIE.

Elifas, een van Job se drie vriende wat gekom het om Job te „troos" in sy smart, begin in hierdie gedeelte met sy tweede toespraak. Net soos Job se ander twee vriende het Elifas ook gedink dat Job homself in sy ellende hou omdat hy die raad en troos wat sy vriende hom aangebied het, verwerp het.

Hulle het hulle raad en troos mooi name gegee. Hulle raad het hulle vir Job voorgehou as die goeie raad van godvresendes en hulle troos het hulle die vertroostinge van God genoem. Hulle raad en troos was: Job, moet tog nie so opstandig wees nie. Beoefen geduld. Wees deemoedig. Dan sal jou geluk en voorspoed weer na jou terugkom. Mooi vroom raad en troos. Maar Job het dit verwerp met sy hele hart.

Met striemende woorde verwyt Elifas hom: Is die vertroostinge van God vir jou te min . . . ?

Was dit regtig troos van God? Kan Job self deur sy eie geduld en sy eie deemoed vir hom voorspoed en vrede vesdien? Nee, Job weet hy kan nie! Sy vriende het geen troos nie. Dit is nie van God nie. Dit is 'n troos wat geen troos is nie.

Net wat God gee en nie wat onsself kan verdien nie, is werklike troos.

Omdat Job sy vriende se troos verwerp het, leer hy ons om elke dag te bid: Here, verlos ons van onsself, sodat ons op U alleen kan vertrou.

28 Oktober. **Lees** Job 16:1-5. **Teks:** Job 16:5.

TROOSTERS WAT SPOT VERDIEN.

Op die striemende verwyte van Elifas veral antwoord Job met vlymskerp spot. Sy vriende, sy raadgewers, begryp van sy ellende niks. Van sy worsteling met God self verstaan hulle so min. Omdat hulle blykbaar Job se nood nie wil verstaan nie, blind en doof vir Job se ellende volhou met hulle eie gewaande wyshede, troos en teregwysing, maak hulle Job totaal magteloos. In 'n soort wanhoopspoging om deur sy vriende se onvermoë om te begryp, te breek, begin Job spot.

Hy stel aan sy vriende voor dat hulle plekke moet ruil. Hulle moet in sy nood ingaan sodat hy in hulle selfversekerde gerustheid kan gaan staan. Dan, só verseker hy hulle, troos met die woorde waarmee hulle hom wil troos.

Maar dit is juis Job se spot. Hy weet immers hoe onmoontlik dit is om in werklike lewensnood met gelyke slagspreuke, gebore uit menslike eiegeregtigheid, ooit werklik getroos te word. Dit is bitter spot — Hy beloof die onmoontlike omtrent soos wat 'n mens die maan vir 'n stout kind belowe as hy net stil bly!

Maar elkeen wat selfgenoegsaam só vashou aan die insigte dat hy die lewensnood van 'n ander wil oplos deur vir hom klippe vir brood te gee, elkeen wat 'n mens in nood wil troos met iets ander as God se genade, verdien om 'n treurige trooster genoem te word.

Maar toe Job gespot het, het hy ons nog iets geleer: Die gebed: Here verlos my van myself dat ek 'n oop oog en hart vir die naaste in sy lewensnood sal kry.

29 Oktober. **Lees** Job 16:6-17. **Teks:** Job 16:12(c).

GOD SE TEIKEN.

Job het God werklik ontmoet: dié God wat Homself werklik aan mense bekend maak. In hierdie gebeurtenis het hy nie te doene gekry met so 'n vriendelike vaderfiguur wat daar iewers anderkant die wolke 'n ewige rus geniet sonder om 'n vinger te verroer nie. Hy het te doene gekry met 'n Lewende God, wat Hom hier en nou intens besighou met mense.

Hierdie God het Job uitgeruk uit sy gewoonte-godsdiens waarvolgens dit met 'n goeie, vroom mens eenvoudig goed moet gaan. Die Here het Job onskuldig uitgelewe aan die diepste nood waarin 'n mens kan geraak. Aan hierdie nood gee Job uitdrukking . . . Hy het my vir Hom as teiken opgestel.

'n Teiken kan nie koes nie. En as God sy boog span dan tref sy pyle van grimmigheid elke keer dodelik sekuur die teiken.

Vir elke mens is daar só baie waaroms waarop hy geen ander antwoord kan gee as net: . . . Hy het my vir Hom as teiken opgestel. Maar daar sit geloof daarin om hierdie antwoord te kan gee. Dit is mos net geloof wat kan erken dat dit heeltemal binne God se reg is om enige mens — ook vir my — as teiken op te stel, om grimmig te wees.

Wie dit nie kan aanvaar nie, kan op stuk van sake seker ook nie die kruis van Golgota aanvaar nie. Ook dit is binne sy reg om sy Seun in my plek as teiken te stel.

30 Oktober. **Lees** Job 18:5-14. **Teks:** Job 18:14.

VERGEEFS GETUIENIS AANGAANDE GOD.

Job se vriende hou vol om te dink dat 'n mens se hele lewe en lot uiteindelik maar net in sy hande lê. Vir hulle bly dit so dat 'n mens bloot sy eie doen en late sy geluk of sy ongeluk verseël. Hulle is net soos so baie mense vandag nog. Selfs die godsdiens word as 'n soort geld beskou waarmee welvaart gekoop kan word. Hulle volhard daarmee om op 'n ander vlak as Job te dink en te leef. En ook Bildad herhaal in sy tweede toespraak maar net weer die bekuldiging dat dit Job se skuld en verdiende loon is dat hy in dié verskrikking beland het . . . dit laat hom aanstap na die koning van die verskrikking.

Hoe tevergeefs was Job se treffende getuienis aangaande God en die reg van God nie! Selfs nadat Job dit uitgespreek het, verstaan die vriende nog nie dat daar binne die reg van God totaal ander dinge op die spel is as hulle oppervlakkige oorsaak-en-gevolg gedagtes waarin hulle hulleself so veilig verskans voel. Tevergeefs Job se getuienis aangaande die ware, lewende God.

Tog moet ons nie te haastig oordeel oor die vriende van Job nie. Is ons self nie baie dikwels net soos hulle traag en onwillig om te hoor, wie God werklik is nie? En nou is die groot moeilikheid dit: As 'n mens nie kan hoor en aanvaar dat dit God se reg is om grimmig te wees nie, hoe kan ons dan hoor en aanvaar dat dit God se reg is om genadig te wees sonder oorsaak?

31 Oktober. **Lees** Job 19:25-29. **Teks:** Job 19:25.

KERKHERVORMING — PRYSGEE AAN GOD.

Job het God werklik ontmoet. Daarom het hy nog iets om teenoor sy vriende te sê. Hulle het nie verstaan nie en dit ook nie aanvaar dat dit God se reg is om grimmig te wees nie. Job het waarskynlik ook nie verwag dat die nuwe wat hy nog aangaande God te sê het, enige verskil sou maak nie. Dit is egter vir hom geen rede om daaroor te swyg nie. Die feit dat hy God in sy lewe teengekom het, laat hom jubelend teenoor sy beskuldigende vriende getuig dat God sy Helper is. Hy sal uiteindelik oor die stof opstaan en oor die aardse lewe oordeel. Dan sal Hy reg aan Job laat geskied. So rus Job se hele lewe tot in die laaste oordeel slegs in die hand van sy God.

Hierdie dinge het Job nie uit ervaring geleer nie. Wat hy gesien het was smarte. God het hom aan sy nek gegryp sê hy. God se beproewing het pynlik oor hom heengegaan. Tog juig hy dat al sou sy vel daardeur afgeskeur wees, hy God tog nog sal „sien" as die Een wat op sy eie, wonderbaarlike wyse met hom besig is. Daarom kan hy nie swyg nie. Hierdie ander wonderlike waarheid, dat die grimmige God ook die Genadige is en dat sy uiteindelike redding deur die oordeel heen voltrek word moet hy uitroep — of iemand dit wil verstaan of nie!

Dit is die vrug van die kerkhervorming dat ons vandag openlik in die wêreld mag bely dat 'n mens se lewe nie hopeloos is nie. God is ons Verdediger. Maar ek, ek weet my Verlosser leef; . . .

1 November. **Lees** Job 21:6-18. **Teks:** Job 21:6.

DIE LEWE IS BAIE ONVERSTAANBAAR.

Job se vriende het probeer om hom te troos met 'n teorie, 'n storie wat alles maklik maak. Dit teken alles met reguit lyne en maak so van die lewe 'n oop boek waarin elkeen eintlik alles kan verstaan. Hulle het beweer dat 'n mens se goeie lewe voorspoed bring en 'n slegte lewe straf en teenspoed aan hierdie kant van die graf.

Job verwerp hierdie gedagtes, want die harde werklikheid is anders. Daar is dit so dikwels juis net anders as wat sy vriende beweer. Daar is dit juis so dikwels die goddelose wat 'n groot gesin, aardse oorvloed, sang en blydskap ondervind. Daar is dit juis die goddelose wat so dikwels bo uitkom, oor ander heers en in hierdie lewe die toon aangee. Dit lyk soms selfs asof die Tien Gebooie nie waar is dat die misdade van die vaders aan die derde en die vierde geslag van die wat God haat, besoek word nie.

Daar kan eenvoudig net nie allerhande reglynige afleidings uit die verskynsels van daardie lewe gemaak word nie. Voorspoed is nie altyd en sondermeer gelyk te stel met godsvrug en seën nie. Wat soms na 'n geweldige beproewing lyk, kan jius 'n onverdiende seën wees.

Dit pas ons net nie om allerlei afleidings uit die lewe te maak nie. Dit pas ons om eerder soos Job te sê: „Ja, as ek daaraan dink, is ek glad verslae, en verskrikking gryp my vlees aan."

2 November. **Lees** Job 21:22-34. **Teks:** Job 21:34 (b)

NET TROUBREUK BLY OOR.

Job gaan nog verder. Hy wys daarop dat dieselfde lot almal tref: almal sterwe en word begrawe en vergaan. Al het die een rus en vrede in sy lewe geken en die ander rampspoed — niemand word hierdie laaste feit gespaar nie.

Die opvallendste is egter nog dat dit soms lyk asof dit juis die goddelose is van wie daar by sy dood en selfs daarna die grootste ophef gemaak word. Soms word hy na sy dood nog selfs met grafoffers vereer.

Dit is alles anders as wat Job se vriende vir hom wou vertel. Dit is anders as die antwoorde wat hulle op Job se angstige vrae gegee het. Nou verwyt Job hulle. Hulle antwoorde was troubreuk! Troubreuk teenoor God en teenor hom.

Teenoor God troubreuk omdat hulle Hom nie geken het en nie betuig het soos wat Hy werklik is en doen nie. Teenoor Job was dit troubreuk omdat hulle hom wou vertroos met 'n mensgemaakte boodskap.

Alle mensgemaakte troosboodskappe is so 'n dubbele troubreuk: teenoor God en medemens.

Mag God ons van so 'n troubreuk bewaar!

3 November. **Lees** Kol. 1:9-14. **Teks:** Kol. 1:13 en 14.

ONS HEER EN HOOF.

Jesus Christus is die Heer en Hoof van die kerk maar ook van die hele wêreld. Die aarde behoort immers aan Hom en die wat daarin woon.

In die lewe sien ons ander magte wat ook werksaam is en die magte lê op die lewe van die mens beslag. Bose magte, wêreldse magte, drifte en hartstogte. Dit is magte van die duisternis.

Teenoor hierdie magte is God werksaam in ons lewe om ons te bevry. In Christus Jesus het Hy ons uit hierdie magte van duisternis weggeruk, want hierdie magte het onwettig oor ons geheers. Dit het in die paradys met die sondeval 'n greep op ons gekry. Dit het ons gelei tot ongehoorsaamheid aan God en ongeloof en insinking in sonde.

Hieruit het God ons weggeruk. Dit beteken dat God ons daarvan vrygemaak het. Soos om 'n mens uit die duisternis na die lig te bring, uit slawebande na vryheid en uit die mag van Satan na Gods mag.

Nou het ons 'n nuwe Heer en Hoof, Jesus Christus. Hierdie heerskappy is nie 'n vreemde nie. Ons is nou soos kinders wat teruggekom het na hulle vader se huis, en hierdie huis is 'n huis van liefde.

Geen ander mag heers oor my nie, ek behoort nou met liggaam en siel aan my Saligmaker.

4 November. **Lees** Kol. 1:24-29. **Teks:** Kol. 1:27.

CHRISTUS ONS HOOP.

In die gemeente van Kolosse beweer sekere mense dat Christus se verlossing aan die kruis nie voldoende is vir my saligheid nie. Allerlei ander sisteme, tussen persone en magte moet help om die volkome verlossing te bereik. Paulus skryf aan hulle dat dit nie so is nie. Die dinge van God wat nog altyd verborge was vir die oog van die mens kan alleen op een manier tot die mens kom en dit is deur Jesus Christus. Die pad na God is nie van ons af na bo nie, maar van God af na ons toe.

So het ons Here Jesus dan ook na ons gekom en in Hom ken ons God nou in sy volle heerlikheid. God is ons Vader wat ons die lewe, die lig en die versoening van ons sonde geskenk het.

Die volle heerlikheid van hierdie dinge vir ons is 'n belofte wat God aan ons skenk — in Christus wat onder ons woon.

Maar nou glo ons nie alleen ter wille van vandag nie. God het ons hoop gegee op die toekoms. Vir my is daar ook 'n deel in die ryk van God wat nog sal kom. Want eendag sal alles nuut gemaak word en die ryk van die heerlikheid gevestig word. Ek is by hierdie toekomsplan van God ingesluit en Christus wat onder julle woon is die waarborg daarvan.

Christus onder julle wat julle ken as Jesus van Nasareth is die hoop van die komende heerlikheid.

5 November. **Lees** Kol. 2:1-5. **Teks:** Kol. 2:3.

DIE WARE SKAT.

Die volle sekerheid, diepe insig en volmaakte kennis in al die verborgenhede van God! Dit is die belofte wat aan die gemeente van Kolosse gemaak word. Hulle sal dinge te wete kom wat normaalweg vir die oog van die mens weggesteek is. Vrae oor lewe en dood en oor die toekoms na die dood. Paulus sien hoe die mens van sy tyd worstel met hierdie vrae en wil daarop antwoord.

In Kolosse het daar 'n sekte bestaan wat beweer het dat hulle antwoorde op al hierdie vrae het. Hulle het geheime kennis. Engele het dit aan hulle openbaar. Maar hulle was 'n klein groepie en hulle was die uitverkorenes. Ander mense het nie in hulle private besit, om die geheime te ken, gedeel nie.

Teenoor hulle en alle gelowiges in Kolosse sê Paulus — daar is maar een manier om God te ken en om sy geheim te verstaan: Dit is Christus, want Hy is die volle wysheid van God. In Hom is al die skatte opgesluit. Hy leer ons wie God is en in Hom leer ons God ken. Hy vertel ons van Gods heilsweg met ons, van dood en lewe na die dood. Verlossing en liefde, genade en versoening leer ons deur Hom alleen ken. Al die ander dinge is ydelheid. In die kennis wat ons in Christus ontvang lê die ware skatte van wysheid opgesluit.

6 November. **Lees** Kol. 2:8-13. **Teks:** Kol 2:10.

'N HEERLIKE GESKENK VAN GOD.

Die apostel Paulus wil graag aan die gemeente van Kolosse sê watter heerlike geskenk God deur Jesus Christus aan hulle gegee het. Hy was 'n mens maar ook waarlik God, want in Hom het God onder hulle gewoon. Dus God in 'n menslike liggaam. God en mens. Hierdie groot misterie van alle tye het vir julle groot betekenis. Deur Christus het julle nou die volheid van God ontvang.

Nou was daar mense in Kolosse wat beweer dat as 'n mens die volle verlossing wil bekom, dan moet jy deel wees van hulle groep. Saam met hulle moet jy dan sekere reëls nakom soos byvoorbeeld die Sabbat op spesiale manier onderhou, seremonies nakom, weier om wapens te dra en sekere sedelike voorwaardes nakom. Op die manier sal 'n mens jouself opbou en geestelik versterk en die verlossing tot 'n mate self verkry.

Aan hulle en aan die gemeente sê Paulus: Hierdie volheid van Gods verlossing en genade het julle alreeds deur Christus verkry. Julle hoef nie ontredderd en onseker te soek na ander maniere om sekerheid te verkry oor julle plekke in die verbond van God nie. Julle het sy volheid reeds ontvang want dit is as 'n gawe deur Christus aan julle geskenk. Geen mag kan dit ooit weer van julle wegneem nie.

7 November. **Lees** Kol. 3:1-4. **Teks:** Kol. 3:2.

DIE DINGE DAARBO.

Ons moet dink aan die dinge wat daarbo is en nie aan die dinge wat op die aarde is nie. So op die klank af klink dit of ons teks ons aanspoor om na verhewe dinge te soek. Nou verwys die apostel na 'n groep mense in Kolosse vir wie die verhewe en hemelse dinge bestaan het uit 'n mens se soektog na saligheid en die saligheid bestaan uit korrekte eet en drink gewoontes, regte feeste en sabbatviering, sekere beginsels na te streef en die regte gebooie na te kom. Salig en verheffend het hulle die hoë waardes nagestreef en dit as dinge van bo beskou.

Op die wyse kan 'n mens nogal vergeet dat gedagtes, hoe pragtig en lofwaardig ookal, tog maar uit die hart en verstand van 'n mens kom. Modes en gewoontes hoe voortreflik, tog maar menslike voorskrifte is. En dit is van die aarde. Dit is tydelike dinge wat verbygaan.

Bedink wat daarbo is, Christus wat julle verlos het. Bedink die genade, die geregtigheid en die saligheid wat vanuit die hemel deur Christus na julle gekom het. Hou op hierdie wyse vas aan julle Hoof en Heer en soek julle saligheid by Hom wat aan die kruis vir julle gesterf het. So sal daar ryke vrugte van die geloof en dankbaarheid in julle lewe wees.

8 November. **Lees** Kol. 3:5-11. **Teks:** Kol. 3:8 en 11.

DIE OU KLEED AFLÊ.

Julle moet nou al die dinge van die ou mens aflê: opvlieëndheid, woede, laster, kwaadwilligheid ensovoorts. Nie lank gelede nie was julle nog heidene en het julle in die tradisie van die heidendom geleef. Julle het geen geestelike en liggamlike dissipline geken nie. Oor hierdie ou en sondige mens het die toorn van God gekom.

Nou het ons Here Jesus na die wêreld gekom en ons skuldige lewe aan die kruis gedra, totdat Hy daaronder beswyk het. Soos 'n vuil kleed het Hy die sondige hart van die heidendom afgetrek, die ontug en kwaadwilligheid. Dit heers nie meer oor ons nie want dit is dood en begrawe.

Nou kan ons anders lewe want die Here het ons 'n nuwe kleed gegee . . . ons is hernu tot die ware kennis van die beeld van God. Hier in die gemeente van die Heer kom die nuwe mens tot sy reg. Hulle is nou 'n nuwe gemeenskap en daar leef 'n nuwe gesindheid in hulle harte. Dit is die tederheid van hart, die sagmoedigheid en die liefde. Sonder die gesindheid van Christus is die lewe hard en genadeloos, maar in hierdie gesindheid van die Heer kan ons mekaar liefhê en vergewe. En al sou ons in die gemeente van die Heer nooit die volmaaktheid bereik nie, laat ons leef uit dankbaarheid vir hierdie nuwe kleed wat Christus aan ons daagliks skenk.

9 November. **Lees** Kol. 3:18-25. **Teks:** Kol. 3:18.

DIE GESINDHEID VAN CHRISTUS.

Kort tevore, so skryf die apostel Paulus aan sy gemeente, was julle nog heidene en het in die duisternis van die heidendom geleef. Nou het Jesus Christus julle na die lig gebring. Wandel in die lig en in die gesindheid van Christus Jesus. Die gesindheid van Christus raak ons lewens op alle terreine. Die evangelie bring verandering in die struktuur van die gemeenskap en in die verhouding van mense onder mekaar, veral in die huwelik, in die huisgesin en die verhouding van baas aan kneg. In al hierdie verhoudings ontplooi die liefde van Christus en bring veranderings.

Vroeër het die vrou alleen bestaan as besitting van die man en hy het haar oorheers. Sy het geen reg gehad nie. Mans julle moet julle vroue liefhê soos wat die Here sy gemeente lief het. Die vrou sal haar man dien, nie as slaaf nie, maar soos wat sy die Here dien in opregtheid, omdat sy weet dat sy in haar man se liefde gekoester word. Hulle sal mekaar help en een vlees wees.

So sal ouers hulle kinders liefhê en die kinders in liefde onderdanig wees. Daar moet tug en orde wees in die huis, maar bo alles moet die gesindheid van Christus in julle wees.

10 November. **Lees** Job 29:1-6. **Teks:** Job 29:3.

DIE GEHEIM VAN GELUK.

Die man wat hier praat, Job, het niks en niemand oor nie. Besittings, dierbares, vriende, aansien is van hom afgestroop. En God het hom aan die duiwel oorgegee . . .

Hy doen die één ding wat in sy barre eensaamheid moontlik is: hy praat . . . met homself. En sy oë is hunkerend vasgenael aan die geluk wat agter hom lê.

Hoe kan die glorie van gister en eergister glinster voor hom wat dit vir altyd verloor het! „Die verste berge is die blouste." Dis in elk geval so. Hoeveel meer vir hierdie man wat van sulke onvergelyklike hoogtes af neergestort is in hierdie bodemlose diepte. Met die beeldryke idioom eie aan die oosterling skilder hy die oordadige volheid van die beker wat vir hom geskink was. Let op vers 6.

Maar let veral waarop sy blik in die verte in die eerste en oorheersende plek so verlangend rus: nie die besittings wat hy so oorvloedig gehad het nie; nie die gesondheid wat hom geskenk was nie; en ook nie die eer wat hy ontvang en die aansien wat hom geskenk was nie; dáárby kom — hy én ons — later. Die ganse voorgrond van die oorstelpende skouspel word geheel en al gevul deur . . . God, sy bewaring (vers 2) en sy verborge teenwoordigheid (vers 4). Die speerpunt van die pyn van gemis in sy huidige ellende lê daar waar die dieptepunt van sy geluk gelê het in die dae wat was, naamlik by die ongebroke, en nou verlore, gemeenskap met God.

Nie dat dit toe alles sonskyn was nie! Wie sonskyn ken, heg nie waarde aan 'n „lamp bo sy hoof" nie. Maar wie die lamp bo sy hoof hét, wat die ongebroke gemeenskap met God is, vrees die duisternis nie. Dit kan maar kom. Hy „deurwandel" dit. Hy is nie van sonskyn afhanklik nie. Vir hom is „die duisternis soos die lig" (Ps. 139:12).

Die geheim van Job se bruisende, oorvloeiende geluk? „Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid . . ."

11 November. **Lees** Job 29:7-11. **Teks:** Job 29:11.

WAT BYGEVOEG WORD.

„. . . en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word", sal die Here Christus later in die Nuwe Testament belowe. Hoe hierdie belofte aan hom letterlik vervul is, onthou Job met tere weemoed. Die ongesteurde gemeenskap met God was sy kosbaarste besitting. Die onvermengde eerbewys deur die mense was die bevestigende toegif wat hy ontvang het. Seuns en grysaards, vorste en edeles, het verenig in die erkenning van wat Job te aanskoue was, naamlik „die beginsel van die wysheid is die vrees van die ere, en kennis van die Heilige verstand" (Spreuke 9:10).

Daarop moet ons noukeurig let. Job verlang nie terug na die „kalklig" van aansien en verering, wat hy nou kwyt is, sonder meer nie. Nie eiewaan en ydelheid is die aanleiding tot sy droefheid nie. Hy treur oor die verlore betekenis van sy lewe. En die betekenis van sy lewe geleë in die getuieniskrag wat dit besit het. „Ek wat die toonbeeld van geloofskrag 'n geloofslig kan wees, en moes wees, het 'n toonbeeld van wanhopige verlorenheid geword." Daar is nie groter pyn as dit nie. Want die eer van God wat ek bely, is daarby haglik in gedrang.

Job se lewe was 'n getuienis van die waarheid dat „die wat op die Here vertrou, is soos die berg Sion wat nie wankel nie." As almal onseker is, het hulle koers. As almal radeloos is, weet hulle raad, met hulleself en met die wêreld. As almal vrees, sing hulle „lofliedere in die nag." En die aansien wat hy geniet het, was die bevestiging hiervan. Sulke aansien is kosbare besit. Dit dien daartoe dat „die mense . . . julle Vader, wat in die hemele is, verheerlik."

12 November. **Lees** Job 29:12-17. **Teks:** Job 29:14.

VER-DIEN-DE AANSIEN.

Hoe het Job aan so 'n hoë aansien gekom? Sy rykdom is nie die antwoord nie. Meesal ontvang die rykes eerder (dikwels ook heeltemal geregverdig) die wrewel en onguns van die volk as hulle dankbare verering, soos die geval met Job was. Mag en posisie het hy ook nie gehad nie. Nóg 'n titel, nóg 'n uniform het hy gedra. Om aansien te geniet, is nie dieselfde as om invloedryk te wees nie.

Die geheim van Job se aansien was die diensbaarheid van sy lewe Hy het dit ver-DIEN, dit wil sê hy het daarvoor gedien. Let op, in vers 9 en 10 verneem ons vorste en edeles het vir hom geswyg. Hier is nou egter geen vermelding van 'n gedienstigheid aan magtiges of invloedrykes nie. Inteendeel, ellendiges, wese, weduwees, blindes, lammes, behoeftiges en vreemdes, het gebaat by sy bemoeienis. Nederige solidariteit met die geringes en vreeslose beginselvastheid teenoor die magtiges was die geheim van die universele agting vir hom. Hierdie man het geweet: „as julle goed doen aan die wat aan julle goed doen, watter dank het julle?" En die belofte is aan hom vervul: „En jou Vader wat in die verborgene sien, Hy sal jou in die openbaar vergelde."

Ware leierskap is nederige loonlose dienslewering.

Samevattend sê Job: „Die geregtigheid was my kleed." Geregtigheid vir die Bybel is veel méér, en iets gans anders, as om net van botsings met die gereg weg te bly. Bybelse geregtigheid is tot oorlopens toe gevul met dienslewering, barmhartigheidsdiens. „Soek die reg, beteuel die verdrukker, doen reg aan die wees verdedig die saak van die weduwee." (Jes. 1:17).

Daarom vermaan die Nagmaalformulier ons ook om te gedenk dat Christus „alle geregtigheid vir ons volbring het."

13 November. **Lees** Job 29:18-20. **Teks:** Job 29:18.

DIE GROOT MISVERSTAND.

Die opregte gelowige is die maklikste slagoffer (om begryplike redes) van die noodlottige misverstand dat 'n mens op een of ander wyse 'n aanspraak sou kon verkry op die volgehoue guns van God. Jy verloor uit die oog dat die getuienis wat daar uit jou lewe opklink, die sprankie geregtigheid wat jy meen om te kan monster, die erkenning wat jy daarvoor van die mense kry, nie 'n prestasie is wat jy bereik het nie, maar genade wat jy ontvang. Nie God moet jou daarvoor dank nie, maar jy Hom. God is nie van jou afhanklik vir die lewering daarvan nie, jy is van Hom afhanklik. Dat Hy die getuienis van jou lewe wil gebruik, beteken nie dat Hy daarsonder raadop sou wees nie. Hy kan enige oomblik in sy wysheid verkies om daar 'n einde aan te maak. Jy word nooit vir Hom onmisbaar nie. Hy is onder geen verpligting of druk om jou te bly begenadig met hierdie vreugdeseën nie. Vir geen mens word dit ooit 'n vanselfsprekende, sekere beskikbare, besit nie.

Daarom moes die Israeliete in die woestyn elke môre buite die laer weer die dankbare ontdekking gaan maak: God gee vandag weer . . .

„So het ek dan gedink . . ." Job het aanvaar dat die gelukkige toestand lewenslank sou voortduur. Dit sê hy in ons drie verse met ses verskillende beelde. Dit was vir hom vanselfsprekend . . .

Maar die goeie God kan te enige tyd besluit om sy eer te laat vermeerder deur . . . jou vir die wolwe te gooi. Soos Job. En is jy dan nóg beskikbaar? Soos Job?

Die vraag van die boek Job lui: Waarom klem die man aan God vas? Is dit oor die seëninge, die weldade, die geluk? Met ander woorde, is dit selfsug? Of is dit ter wille van God self? Met ander woord, is dit liefde?

Maar dié vraag geld elke gelowige.

14 November. **Lees** Job. 29:21-25. **Teks:** Job 29:24.

'N AANGENAME GEUR.

Nogeens kom Job terug na die agting wat hy van die mense geniet het. Hy raak 'n aspek aan wat nog nie ter sprake gekom het nie, naamlik die werking wat sy woorde in openbare beraadslagings op ander uitgeoefen het. Gespanne en swygend het vorste en edelmanne gewag op die oomblik dat Job die woord sou neem het hy geëindig, was daar nóg aanvulling nóg meningsverskil. Sy woord was die finale woord, die verlossende woord, in vraagstukke waaruit daar skynbaar geen uitweg was nie. Soos die uitgedorde aarde smag na die lewegewende reën, is daar in onoplosbare probleemsituasies gewag op sy opinie.

En in sulke omstandighede was sy blote glimlag vir ander soos 'n ligstraal in hulle moedeloosheid. Sy aangesig is deur niks verdonker nie. Hy het geleef uit 'n onuitputlike bron van moed en besieling en optimisme. Hy kon lag in die aangesig van onvoorkombare berge. En sy lag het almal beweeg om sulke berge aan te durf. Want sy lag was uitdrukking van daardie geloof wat berge kan versit. Daarom het hy op sy beurt vir ander 'n onuitputlike bron van bemoediging en besieling en optimisme geword.

Daar is hier 'n kosbare herinnering aan daardie eerste Christelike gemeente in Jerusalem, waar die gemeente nog geleef het van die onmiddellike werklikheid van die opstanding van Christus. Van hulle verneem ons: „hulle het hulle voedsel met blydskap en eenvoudigheid van hart geniet, terwyl hulle God geprys het, en in guns was by die hele volk." Dit is wat Paulus ook bedoel met die mededeling: „Ons is 'n aangename geur van Christus tot eer van God. . ."

Jy kan nie 'n draer van die Blye Boodskap wees met 'n swartgallige, suur gesig nie.

15 November. **Lees Job 30:1-10.** **Teks:** Job 30:1.

SY SMAAD DRA.

Onbeskryflike kontras! Teenoor die vererende hoogagting van edeles en geringes gesamentlik, die vernederende bespotting deur uitvaagsels! Die mense wat hier beskryf word, is nie die verdruktes en ellendiges van hoofstuk 29 nie, maar uitgeworpe en verjaagde misdadigertipes wat geen plek in die samelewing het of verdien nie. Vir hulle het Job 'n voorwerp van bespotting geword. Hulle spuug hom in die gesig . . .

Inderwaarheid, God het hom „vir die wolwe gegooi."

Job dra geen kennis van die gesprek in die hemel (hoofstuk 1) waarvan sy bittere lot die resultaat is nie. Hoe ondeurgrondelik ook, dit het die hoë God behaag om sy eer teenoor die satan daarby op die spel te plaas dat 'n brose mensekind, selfs op so 'n pad, die hand van God nie sal loslaat nie, en nie sal ophou om beskikbaar te wees vir die eer van God nie.

So word Job, eeue voor die geboorte van Christus, in die lyn van ander groot lyers in die Ou Testament, soos Elia, Jeremia, die digters van Psalm 22 en 73, en ander, 'n eensaam begenadigde met die oproep: „Laat ons dan uitgaan na Hom toe buitekant die laer en sy smaad dra" (Heb. 13:13).

Wat is die afstand tussen Job en die skuim wat hóm hoon, in vergelyking met die afstand tussen Jesus Christus en die Romeinse soldate wat Hóm in die gesig spuug?

„Hy het Hóm verneder tot in die allerdiepste versmaadheid en angs van die hel, dat óns nimmermeer tot skande sou word nie" (Nagmaalsformulier).

16 November. **Lees** Job 30:11-23. **Teks:** Job 30:21.

DEUR GOD VERLAAT.

Job het in hoofstuk 29 begin deur met homself te praat. Nou hier, van vers 20 af, praat hy met God. En aan Hóm snik hy die dieptepunt van sy smart uit. Nie die verlies van sy besittings of sy aansien of sy gesondheid of sy familie of sy eer nie, maar die verlies van God self, is die afgrond wat nou voor hom gaap. Hy skreeu tot God om hom te behou. Hy roep na die God wat hom verlaat het, soos hy meen. Dat God hom nie antwoord nie, hom net maar aanstaar in sy verlorenheid, niks anders teen hom laat blyk as onbarmhartigheid nie, hom as 'n vyand behandel, is die enigste verwyt wat oor sy lippe breek.

Daarmee is die satan se insinuasie (Job 1:9) dat Job meer omgee vir die seëninge van God as vir God self, reeds beskaam . . . Job het getreur oor baie dinge, maar hy worstel net om . . . God.

Hoe sal 'n klein nietige mensie, verblind deur pyn en verdwaas in rou, wéét op watter wyse die goeie God voorsiening gemaak het om hom nog altyd vas te hou en te bewaar? Hoe kan Job weet dat dié God wat hom skynbaar so onbarmhartig aanstaar, 'n onverbiddelike perk gestel het: „spaar net sy lewe"? (Job 2:6). Dat die God wat, sover hy kan sien, hom verlaat het, met sy ganse Goddelike wese, in onbeskryflike ontferming, intens, persoonlik, onherroeplik, tot die dood toe, gemoeid is in hierdie stryd met die vors van die duisternis. Tot in die dood van sy Seun aan die kruis.

Hy alleen is ooit werklik deur God verlaat, aan die satan óórgelaat, „dat ons — en Job — tot God geneem en nimmer meer deur Hom verlaat sou word nie." (Nagmaalsformulier).

17 November. **Lees** Job 38. **Teks:** Job 38:2.

DIE RAADSBESLUIT TOT DUISTERNIS GEMAAK.

Met hierdie woord word Job tot swye geroep. Toe die leed in sy lewe gekom het, het Job begin praat en het hy baie dinge gesê. Job het gedink dat hy die reg het om te praat en aan te hou praat. Want die dinge wat daar met hom gebeur, stry dit nie teen elke vorm van reg nie? Is dit nie alles blote willekeur nie? Waar bly die reg? Is dit nie Hy wat die gesig van die regters toebind nie?

Job word tot swye geroep. Die Here gaan Job antwoord op sy klagte. Hy begin sy antwoord met hierdie bestraffende vraag:- Wie maak die raadsbesluite daar tot duisternis met woorde sonder kennis?

Job word geroep om homself rekenskap te gee van die dinge wat hy gesê het. Dink hy werklik dat wat met hom gebeur, buite die raad van God gebeur? Is daar vir hom werklik rede om God van willekeur te beskuldig, om die regverdigheid van God in twyfel te trek? Ook die gebeure in die lewe van Job lê nie buite die raadsbesluite van God nie. Ook dit het sin en doel en betekenis. Al begryp Job dit ook nie.

Hoe troos dit ons nie, wat dikwels in ons leed een is met Job in sy klagtes. Ook ons mag weet: selfs daar waar ons geen sin en doel sien nie, dit gebeur nie „sommer" nie. Ons is nie speelbal van die noodlot nie, maar bo alles staan daar die raad van God. Sonder sy wil sal daar ook met ons niks gebeur nie. En sy wil met ons, dit mag ons weet in Christus Jesus, is altyd heilswil.

18 November. **Lees** Job 38. **Teks:** Job 38.

GOD DIE SKEPPER.

Job het die wens uitgespreek:- Klaag dan maar aan, en ek sal antwoord; of ek sal spreek, en gee U my antwoord." En nou gaan die Here aan Job 'n paar vrae stel. Hy het mos gesê dat die Godsregering willekeurig is. Laat Job nou sê wie hy is wat met sy Maker durf twis? Job word ondervra aangaande die skepping! Eers omtrent die wêreld waarop hy woon. Ken hy die Wêreld? Waar was jy toe Ek die aarde gegrond het? Wie stel aan die see sy perke? Wie laat die son elke môre opgaan om die nag met sy werke van ongeregtigheid te verdrywe?

En dan moet Job na omhoog sien, na die hemel vol geheime. Sneeu en hael — wie beskik daaroor — Job? en die wolke en reën, die dou en die ryp?

Die sterrebeelde: die Diereriem, die Beer met sy kleintjies, die Sewester, die Orion — wie voeg hulle saam en hou hulle saam? Is dit nie God wat hulle na buite lei en na binne bring nie? En waar bly Job? Laat Job antwoord!

En ons wat ook so dikwels 'n vraagteken sit agter die Godsbestuur? As ons dit so hoor dan wil ons alleen maar dank dat die God wat hemel en aarde uit niks geskape het, om Christus ontwil my God en my Vader is.

19 November. **Lees** Job 39. **Teks:** Job 39.

DIE SORG VAN GOD.

God is nie alleen die Skepper nie, God is ook die onderhouer van alles. In hierdie hoofstuk word die sorg van God vir die wilde diere van die aarde geteken, die diere wat skynbaar na hulle eie wette lewe wat die mens nie in staat om te tem nie. Wie sorg vir hierdie diere? Wie sorg vir die leeu dat hy prooi het om te vang? Wie berei vir die kraai spys as sy kleintjies daarom roep? Die steenbok en die takbok word ook nie vergeet nie. Die wilde esel, hy wat lag oor die gewoel van die stad, wie het die wildernis sy huis gemaak en wie voorsien die groen van die berge as voedsel.

Die volstruis wat sommer haar eiers op die grond lê waar dit maklik stukkend getrap kan word, wat haar kleitjies hard behandel, wie sorg dat hulle voortbestaan?

Wie gee die perd sy sterkte en wie lê die valk en adelaar sy wette neer en bepaal sy woonplek?

Is dit nie alles die werk van Gods hande nie? Kan Job dit doen? Laat Job sy wysheid hierin toon as hy met sy Maker wil twis.

As ons die sorg van God so sien, dan sing ons Gesang 7:2:

Sy troue Vadersoë
sien alles van naby;
wie steun op sy vermoë,
dié dek en seën Hy.
Die swaweltjies behoed Hy,
bekleed met gras die dal;
die kleinste wurmpie voed Hy,
sorg vir die groot heelal.

Maar as ons so sing, waarom dan nog so bekommerd? Sal Hy nie saam met Christus ook aan alles genadiglik skenk nie?

20 November. **Lees** Job 39:34-38. **Teks:** Job 39:37.

MET DIE HAND OP DIE MOND.

Job gesê: So wil dan ook ek my mond nie hou nie, ek wil spreek in die benoudheid van my gees, ek wil klae in die bitterheid van my siel. Maar as Job gestel word voor die grootheid van God, as hy die sorg van God vir die diere van die veld sien, as hy die wysheid sien waarmee alles gereël word, dan bly daar vir Job net een ding oor om te doen: Ek lê my hand op my mond. Job wil nie meer praat nie, hy swyg in diepe eerbied.

Job het nog nie 'n antwoord gevind op die vraag nie: Waarom die lyding in sy lewe? maar by hierdie eerste spreke van God het dit vir Job duidelik geword: dat die God wat alles so met wysheid beskik en lei, hom ook nie prysgee nie. Dit is nie willekeur of die noodlot of toeval wat sy lewensgang bepaal nie. Al begryp hy nie en al verstaan hy nie, ook agter hierdie lyding in sy lewe lê daar Gods raadsbesluit, 'n plan. Sy lyding is nie doelloos en sinloos nie. Daarom lê hy sy hand op sy mond. Hy sal nie meer praat nie.

En ons met ons lyding? Hoe kan ons nie dikwels kla en kerm nie omdat ons vergeet wie God is. Ons praat maar deur en wil nie luister na wat God aan ons wil sê nie, na wat Hy aan ons wil sê in en deur die kruis van Jesus Christus nie. Wie daar by die kruis gehoor het wat God aan ons sê, hy sal ook in sy lyding doen wat Job gedoen het: Ek lê my hand op my mond. Hy weet dat hy in Christus 'n Vader in die hemel het wat alles laat meewerk ten goede.

21 November. **Lees** Job 42:1-6. **Teks:** Job 42.6.

SAL DIE MENS SWYG?

Vir 'n tweede maal spreek die Here met Job. Na die eerste spreke van God het Job gesê: Ek lê my hand op my mond. Job sal nie meer praat nie. Hy swyg. Hy wil nie langer met God twis nie. Hy besef nou sy kleinheid, en nietigheid, sy beperktheid en onvermoë.

Die Here neem egter nie genoeë met hierdie swye van Job nie. Hy verlang 'n mens wat sy lof besing. Daarom spreek Hy 'n tweede maal tot Job. En elke spreke van God is openbaring. God openbaar Hom aan Job in sy heerlikheid en majesteit, in sy genade en trou. En Job sê: Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien. Nou, nadat Job God so gesien het, kan hy nie langer swyg nie. Nou moet hy spreek: Daarom herroep ek en het ek berou in stof en as.

As ons so swygend, met die hand op die mond, ons weg gaan, is dit nie omdat ons nog net van hoorsê van Hom gehoor het nie? Ons mond weier om sy lof te sing, ons lewe spreek geen dankbaarheid nie, omdat ons Hom nog nie gesien het soos Hy is nie: in die grootheid van sy liefde, in sy onbegryplike genade nie.

En tog wil God dat ons Hom sal sien, soos Job Hom gesien het — nee-veel heerliker. Hy gee aan ons sy Woord waarin Christus geteken word asof voor ons oë gekruisig. Wie dit so gesien het, kan nie langer swyg nie. Sy mond gaan spreek, sy lewe gaan spreek, ook in lyding: Ek dank u dat u my liefgehad het dat U u Seun vir my gegee het.

22 November. **Lees** Job 42. **Teks:** Job 42:7.

NIE REG GESPREEK NIE.

Elifas, Bildad en Sofar het dit tog so opreg bedoel toe hulle met Job gespreek het. Hulle was oortuig dat hulle die wil van God in die leed van Job suiwer vertolk het. Hulle het met hulle spreke maar net een doel gehad: die eer van God en die verheerliking van sy Naam.

Maar nou moet hulle die oordeel van God oor hulle spreke aanhoor: Julle het nie reg gespreek nie. Wat 'n skokkende oordeel moes dit nie vir die vriende gewees het nie! Hier en daar het hulle wel dinge gesê wat waar is, maar die algemene strekking van hulle betoog was tog verkeerd, misleidend, nie reg nie. En hoeveel het hulle met hulle verkeerde spreke nie die lot van Job verswaar nie? Waarom het hierdie vriende dan so verkeerd gespreek? Kon dit nie wees omdat hulle, soos Job van homself sê, slegs van hoorsê van Hom gehoor het nie?

Is ons oortuig dat wat ons sê altyd reg is? Dit is seker nodig dat ons hier sekerheid sal hê, want hoeveel leed kan ons nie veroorsaak met 'n verkeerde spreke nie, hoe kan ons nie mislei en struikelblokke in die weg lê nie? Daarom is dit so nodig dat ons vir onsself goed rekenskap sal gee. Wie reg wil spreek, sal alleen moet naspreek wat God voorgespreek het. Wie reg wil spreek sal eers moet leer om te luister, goed te luister na wat God in sy Woord aan ons sê.

23 November. **Lees** Job 42. **Teks:** Job 42:8.

VOORBIDDER BY DIE VADER.

Aan die einde van die Boek word Elifas, Bildad en Sofar geteken in hulle skuld voor God. Die drie vriende het nie reg voor God gespreek nie, en die toorn van die Here het teen hulle ontvlam, maar daar is vir hulle ontkoming. Die Here laat hulle nie in hulle skuld nie. Hy open vir hulle 'n weg: „Neem dan nou vir julle sewe bulle en sewe ramme, en gaan na my kneg Job en bring 'n brandoffer vir julle, en laat my kneg Job vir julle bid." Dit was seker geen gemaklike opdrag vir hierdie drie vriende, wat hulleself so ver verhewe bo Job in hulle Godskennis ge-ag het, om nou na die Job te gaan dat hy vir hulle kon bid nie.

Die Here laat ons, wat ook dikwels so verkeerd spreek, nie in ons skuld nie. Ook vir ons skep Hy 'n uitweg. Ons sien Jesus aan die kruis hang en ons hoor Hom bid: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie. En, opgevaar na die hemel, sit Hy nog sy priesterlike werksaamhede voort waar Hy vir ons intree as voorbidder by die Vader.

Daar is maar net een weg: die weg wat voer oor Golgota heen. Daar is net Een na wie ons kan vlug met ons sonde en ons skuld. Maar, hoe dikwels is dit vir ons 'n nou poort, die selfverloëning, die afsien van eie deugde en bekwaamhede. Welgeluksalig is die mens wat so in sy Naam die knie buig. Vir hom word die belofte waar gemaak: „Ek sal aan julle nie die dwaasheid laat vergelde nie."

24 November. **Lees** I Pet. 1:1-12. **Teks:** I Pet. 1:1.

PETRUS, 'N APOSTEL VAN JESUS CHRISTUS.

Met hierdie woorde stel Petrus, die bekende apostel van Jesus Christus, homself voor wanneer hy hierdie twee briewe skryf. Hy is aan ons, en aan hulle aan wie hy hierdie briewe skryf, geen onbekende nie.

Simon Petrus is die seun van Jona, broer van die apostel Andreas. Hy was een van die eerste dissipels wat Jesus geroep het om Hom te

volg en hy het ook telkens op die voorgrond getree. Jesus het hom geroep vanwaar hy visser op die see was, tot visser van mense in sy diens.

Petrus, ook Cefas genoem, het hierdie naam gekry nadat hy die pragtige belydenis aangaande Jesus uitgespreek het, toe Jesus pertinent aan hulle gevra het: „Wie sê die mense dat Ek is?" Toe het Petrus gesê: „U is die Christus, die Seun van die lewende God."

'n Apostel is 'n uitgestuurde, 'n gevolmagtigde wat namens sy heer handel en spreek, dus iemand wat amptelik afgevaardig is om 'n bepaalde taak te verrig. Hy is dus 'n gestuurde wat in die plek van Jesus Christus optree.

Hierdie brief is geskryf uit „Babilon" dit wil sê Rome. So genoem omdat dit in ontsettende sedelike verval verkeer het en daarby besig was om die gemeente van Christus te verdruk.

Die brief is gerig aan die vreemdelinge van die verstrooiing in Pontus, Galasië, Kapadocië, Asië en Bithinië, gemeentes in Klein Asië wat vroeër waarskynlik deur Petrus besoek is. Aan hulle word die brief gebring deur Silvanus wat op die tweede sendingreis, 'n reisgenoot van Paulus was.

Die Christene in daardie gebiede het 'n moeilike lewe gehad omdat hulle deur die heidene verdruk en misken was. En nou skryf Petrus om hulle te bemoedig en wys telkens daarop dat die beproewing 'n loutering van die geloof is, soos goud deur vuur gelouter word. Hulle moet ook daarna streef om heilig te leef omdat hulle kosbaar is vir die Here, wat hulle nie met verganklike dinge gekoop het nie, maar met die kosbare bloed van Jesus Christus, ons Heer en Heiland, en bedoel dat hulle opgebou moet word soos 'n geestelike huis, 'n tempel van God.

Hy eindig sy skrywe aan htulle met 'n bede: „Mag die God van alle genade self, wat ons geroep het tot sy ewige heerlikheid in Christus Jesus, nadat ons 'n kort tydjie gely het, julle volmaak, bevestig, versterk en grondves."

Vandag nog wil hierdie brief, wanneer ons dit lees, ook elke Christen, oproep om steeds te volhard teneinde die einddoel van ons geloof in Jesus Christus die saligheid van ons siele te verkry. Laat dit ook ons doel en strewe wees.

25 November. **Lees** II Pet. 1:1-21. **Teks:** II Pet. 1:1.

GELOOF VERKRY DEUR JESUS CHRISTUS ONS SALIGMAKER.

Hierdie tweede brief is nie lank na die eerste brief geskryf nie. Die lesers aan wie die brief gerig is, word in algemene woorde aangedui as „die wat net so 'n kosbare geloof as ons verkry het!" Dit word gerig tot alle Christene, hoewel die skrywer veral bepaalde gemeentes wat deur die dwalleraars geteister word, in die oog kan hê.

Ook in hierdie brief bemoedig hy hulle sodat die Christelike deug in oefening gebring word, en hy doen dit met groot erns omdat hy daarvan bewus is dat „die aflegging van my tentwoning op hande is, soos onse Here Jesus Christus dit ook aan my bekend gemaak het."

In die gemeentes het daar twyfel ontstaan oor die belofte van die spoedige wederkoms van Christus, daarom het party ook gevra: „Waar is die belofte van sy wederkoms?" En in hierdie brief wil hy dit duidelik stel sodat die gelowiges moet weet dat die vertraging van sy wederkoms 'n teken is van die lankmoedigheid en verdraagsaamheid van God om

aan almal die geleentheid tot bekering te skenk. Daarom vermaan hy hulle om hulle te beywer om vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind te word wanneer Hy kom. Die dag van die Here sal kom, maar dit sal vir die goddelose spotters oordeel en ondergang beteken.

Ons leef nou tussen hemelvaart en wederkoms, die belofte dat Hy weer sal kom maak dit leefbaar. Ons is op pad na die tweede koms, na die vervulling van die belofte. Nou word van ons verwag om die goeie stryd van die geloof te stry en Jesus Christus te volg, dan alleen sal ons meer as oorwinnaars wees, deur Hom wat ons eerste liefgehad het.

Hy sluit dan ook sy brief in dié trant af. „Noudat julle dit dan vooruit weet, geliefdes, moet julle op julle hoede wees dat julle nie miskien meegesleep word deur die dwaling van sedelose mense en wegval uit julle vastigheid nie. Maar julle moet toeneem in die genade en kennis van onse Here en Saligmaker Jesus Christus. Aan Hom kom die heerlikheid toe, nou sowel as in die dag van die ewigheid. Amen."

26 November. **Lees** I Pet. 1:3-12. **Teks:** I Pet. 1:6-7.

GELOOF STEIER NIE TERUG NIE.

Petrus se brief is gerig aan die gelowiges wat 'n moeilike lewe het omdat hulle deur die heidene verdruk en misken word. Daar is wel nog nie openlike vervolging nie, maar hulle moet 'n moeilike stryd voer. En nou skryf hy aan hulle om hulle te bemoedig en wys daarop dat die beproewing 'n loutering van die geloof is wat kosbaarder is as goud wat deur vuur gelouter word.

Alleen dié geloof wat die proef deurstaan het is eg. Paulus het ook eenmaal die erns van die geloof beklemtoon toe hy geskryf het: „Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons openbaar sal word nie." Geloof steier dus nie terug nie, want beproewings wat die Christene ter wille van hulle geloof verduur, is kortstondig en gering in vergelyking met die groot en onvergankliike heerlikheid. God laat die mens nie onnodig ly nie, maar as Hy dit egter nodig ag, sal dit geskied tot heil van die mens en tot eer van God. Dit is heerlik en soet as ons weet die uitslag van ons stryd is reeds gestry, en die oorwinning is reeds behaal. Ja in ons lyding en stryd dra die opgestane Heer ons in sy deurboorde hande vir tyd en ewigheid. Ja ons lewensstryd is in werklikheid 'n smeltkroes en vuurproef waardeur ons gelouter word, sodat die egtheid van ons geloof daaruit na vore sal kom, en dit, sê ons teks, is baie kosbaarder as goud.

Die vraag is nou? Hoe aanvaar ons die loutering in ons lewe? Skreeu ons en bal ons die vuiste na die hemel en roep ons uit daar is geen God nie, of word ons soos Jakob by Pniel, 'n nuwe skepsel? Laat ons in Christus meer as oorwinnaars wees.

27 November. **Lees** I Pet. 2:18-21. **Teks:** I Pet. 2:21.

IN SY VOETSPORE VOLG.

Die apostel wil in hierdie hoofstuk en ook in die volgende een die pligte van die Christelike diensknegte en vroue beklemtoon. As die Christenslawe en vroue onverdiend ly, moet hulle dit geduldig en onderworpe verdra, as deel van hulle roeping in Christus en in navolging van Hom wie se lyding vir ons ook onverdiend was. En watter mooi navolgenswaardige voorbeeld het Hy nie gestel nie? Sy lyding is vir ons nie alleen 'n voorbeeld nie, maar dit is ook plaasbekledend.

Hy het tydens sy verhoor nie op die valse beskuldiginge van sy vyande geantwoord nie, maar alles aan die regverdige oordeel van God oorgelaat. En nou sê Petrus moet die vroue, net soos die slawe, aan die Christengeloof vashou en hulle stil en geduldig onderwerp om sodoende deur die voorbeeld van hulle rein en godvresende lewenswandel die ongelowige mens vir Christus te win.

In daardie dae was dit dikwels so dat die Christenvroue in moeilike omstandighede hulle geloof verloor het as hulle mans nog heidene was. So 'n man kon dit vir sy vrou baie moeilik gemaak het. Petrus wil, soos Paulus, dat so 'n huwelik sal voortbestaan want so 'n vrou kan die instrument wees om die man ook na Christus te bring.

Aan die manne, sê hy, dat hulle verstandig moet wees en hulle vroue taktvol, met begrip en insig moet lei. Hulle, man, vrou en slaaf moet die voorbeeld van Christus navolg, dan kan hulle reken op die belofte van God naamlik: „Die oë van die Here is op die regverdiges en sy ore tot hulle hulpgeroep."

Die voorbeeld van Jesus Christus, soos so treffend uitgebeeld in Jesaja 53, word ons voorgehou. Christus het ook vir ons gely en het vir ons 'n voorbeeld nagelaat, sodat ons sy voetstappe kan volg.

28 November. **Lees** I Pet. 5:1-9. **Teks:** I Pet. 5:7.

WERP JULLE BEKOMMERNISSE OP HOM . . . HY SORG.

Watter mens leef daar wat hierdie woord bekommernis nie ken nie? Ja soos donker spookgestaltes vergesel bekommernis, sorg en vrees die mensheid op sy lewenspad. Ons is almal geneig om bekommerd te wees, soms onnodig.

Bekommernis is 'n woord van wêreldwye omvang, daar is geen land ter wêreld, geen volk, geen mens, geen huis op aarde waar daar nooit kommer en sorge is nie. Dit maak die mens gespanne en eindelik ly 'n mens se gesondheid daaronder. Dit is nadelig vir siel en liggaam.

Ja sedert die sondeval het siekte en dood en bekommernis hulle verskyning gemaak op die terrein van die mens se lewe en oral is hierdie vretende mag besig om sy werk te doen en spore na te laat.

Ons teksvers verseker ons dat dit nie nodig is dat ons deur kommer verteer hoef te word nie. Ons kan immers ons laste nie alleen dra nie. God sal ons help sodat ook in die swaarste nag ons op die Heer alleen kan bly wag.

So was dit ook in daardie swart nag van Getsemané. Maar op die opstandingsdag van die Heer en Heiland, het Jesus Christus graf en dood en hel oorwin. Op die opstandingsdag het 'n paar bekommerde vroue nog gevra: „Wie sal die steen voor die opening van die graf wegrol?" En toe hulle daar kom was die steen reeds weggerol.
Hy sorg vir die voëls van die hemel en vir die lelies van die veld. Is die mens nie baie meer werd as hulle nie?

Laat ons Hom ken vanaf ons prille jeug tot in die ouderdom — dan geen angs en nood en kommer, want as God vir ons is wie kan dan ooit teen ons wees?

29 November. **Lees** I Pet. 5:6-9. **Teks:** I Pet. 5:8.

WEES NUGTER EN WAAK.

In die vorige teks het die apostel Petrus die mense aan wie hy die brief skryf, gewaarsku en gesê: Werp julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle. Nou gaan hy verder en sê: „Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind."

Ja die Christen moet te alle tye waaksaam wees, ook al weet hy dat hy sy bekommernis op God kan kan werp. Ons moet nie reken dat ons dan onaantasbaar is teen alle verleiding van die satan nie. Ook Paulus waarsku wanneer hy sê: „Waak, staan in die geloof, wees manlik, wees sterk" en elders: „Wees standvastig, onbeweeglik, altyd oorvloedig in die werk van Here" omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie tevrgeefs is nie.

Hy sê: „Wees nugter." Dit beteken, wees ingetoë, beheers, besonne, ernstig en wakker in gedrag en gedagtes. Nugter wees beteken die teendeel wees van die kinders van die duisternis en van die nag, wat dronk is deur die bekoringe van hierdie wêreld.

Hy sê ook: „Waak." Met die oog op die menigte bedreiginge van die welsyn van die gelowige, moet hy steeds wakker, op sy hoede wees. Ten opsigte van allerlei dwalinge moet hulle vasstaan en weier om na ander insigte beweeg te word en ywerig werksaam wees in die dinge van die Here. Trouens eenmaal het Jesus self ook gewaarsku toe Hy gesê het: „Waak en bid."

Hulle moet dus nugter wees en waak met die oog op die naderende koms van die dag van die Here. En hierdie waarskuwing het 'n integrale deel geword van die prediking van die apostels. Standvastig in die geloof dan kan ons meer as oorwinnaars wees.

Christus is immers oorwinnaar wat oor dood en graf en hel regeer en Hy kan ons ook verlos uit die mag van die Satan. Dan sal ons ook soos Paulus kan sê dat ons die goeie stryd gestry het en die geloof behou het.

30 November. **Lees** II Pet. 3:10-18. **Teks:** II Pet. 3:10a.

DIE WEDERKOMS.

Petrus skryf hierdie brief omdat daar in die gemeente twyfel begin ontstaan het oor die belofte van die spoedige wederkoms van Christus. Valse leraars wat onder die dekmantel van Christelike vryheid 'n los en sedelose lewe gelei het, het hulle verskyning gemaak. Hulle het die belofte van Jesus, dat Hy weer sal kom bestry en betwyfel. Hulle het ook aanhangers gekry. Dit het verslapping in die ywer en in die lewe van heiligheid en godsvrug gebring, gevolglik het baie die prooi van die verleiers geword. Nou vermaan Petrus hulle om vlekkeloos en onberispelik voor God bevind te word wanneer Hy kom. Hy sal kom soos 'n dief in die nag, wanneer niemand Hom sal verwag nie. Dan moet die kinders van God gereed wees.

Hulle wou, soos alle mense, weet presies wanneer die dag van die Here sal kom. Die gelowige moet geduldig wag en nie probeer om die tyd vir God te bereken nie. God het sy eie tyd en dis nie ons tyd nie, want een dag van God is soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag.

Die vertraging van sy tweede koms is 'n teken van die lankmoedigheid van God om almal 'n geleentheid tot bekering te skenk. God is geduldig in sy lankmoedigheid. Hy gee die wêreld tyd. Ja Hy gee ons tyd en geleentheid om die verlossing in Jesus Christus aan te gryp sodat soveel mense moontlik tot die geloof in Hom kan kom. Die dag van die Here kom gewis. Soek Hom terwyl Hy tevinde is. Roep Hom aan terwyl Hy naby is.

1 Desember. **Lees** Openb. 7:1-3. **Teks:** Openb. 7:3.

OP HULLE VOORHOOFDE VERSEËL.

Johannes het in hoofstuk 6 beskrywe hoedat hy in 'n visioen die ontvouing van die raadsplanne van God vir die aarde deur alle eeue tot aan die voleinding gesien het. Nou word hierdie gebeurtenisse in die volgende hoofstukke in meer besonderhede beskrywe.

Aan die begin van hoofstuk 7 word gepraat van vier engele, vier hoeke en vier winde. Die aarde word voorgestel as 'n vierhoek, met vier hoeke of windstreke. Die vier winde kan verderf oor die aarde laat heenstorm, maar hulle word beheers deur vier engele. 'n Ander engel kom van die opgang van die son, die oostekant, die kant waar die lig vandaan kom, waarvan die heil te wagte is, met die seël van die lewende God. Daarmee bring hy die eiendomsmerk aan op hulle wat aan God behoort

Hy proklameer die opdrag van God dat die engele die winde moet vashou totdat hierdie taak voltooi is, op die voorhoofde van al die gelowiges. Daardeur word hulle nie gevrywaar van smart en ellende nie, maar tog wel verseker van die ewige heerlikheid. So beskik God oor die lot van al sy kinders.

Deur die bloed van Jesus Christus, dra u en ek ook sy eiendomsmerk, die Doop.

2 Desember. **Lees** Openb. 7:4-8. **Teks:** Openb. 7:4.

HONDERD VIER EN VEERTIG DUISEND VERSEËLDES.

Daar is mense wat die getal 144 000 letterlik opneem en beweer dat daar in werklikheid net soveel (en nie een enkele meer nie) die ewige saligheid sal beërwe. Maar as ons bedink dat daar vandag ongeveer 800 miljoen Christene op die aarde lewe, saam met al die miljoene wat reeds heengegaan het en diè wat nog mag kom, dan besef ons dat hierdie syfer is soos 'n druppel in 'n emmer en 'n stoffie aan 'n weegskaal.

Die getal 144,000 is saamgestel uit 12x12x1000. Die syfer12 is 3x4 waar **drie** die drie-eenheid is en **vier** die vier windstreke van die aarde (die hele mensheid). Die getal 1000 s 10x10x10 en dui op die volheid van God se handeling (genade en oordeel) met die mensheid (kyk 10 gebooie, 10 plae, 10 jong meisies). Israel is die naam van seën wat aan Jacob gegee is, daarom is **kinders van Israel al** die deelgenote aan die seën van die Here.

Die 144,000 verseëldes uit al die stamme van Israel is in werklikheid 'n ontsaglike grote getal — die volle vrug van die verlossende inwerking van Christus op die mensheid.

Mag u en ek daar deel van uitmaak: Dan kan ons waarlik sy Naam bely, want Jesus het self gesê: „Elkeen wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek bely voor my Vader wat in die hemel is."

3 Desember. **Lees** Openb. 7:9-17. **Teks:** Openb. 7:17 (b).

GOD SAL ALLE TRANE . . . AFVEE.

Die twee geskrifte van Lukas naamlik die Lukas — evangelie en die boek Handelinge beskryf in werklikheid die segetog van die evangelie van Jesus Christus vanaf Betlehem tot in Rome. In die korte tydbestek van 60 jaar, het, nieteenstaande al die teenkanting van die duiwel, die evangelie gevorder tot in die sentrum van die destydse heidense Romeinse wêreldryk, Rome.

So beskryf die boek Openbaring die oorwinningstog van Jesus Christus se kerk oor die magte van die Bose. En alhoewel die kerk en die gelowiges afsonderlik by tye, en veral naby die eindtyd in toenemende mate, groot verdrukking sal ly, is die oorwinning deur Jesus Christus verseker.

So sien Johannes die vier en twintig ouderlinge (verteenwoordigers van geheel die kerk, al die gelowiges) voor die troon van God waar Hy alle trane sal afvee, en ewige vreugde sal hulle deel wees — die bron ook van ons onuitroeibare hoop.

4 Desember. **Lees** Openb. 8:1-3. **Teks:** Openb. 8:1 (b).

DIE SEWENDE SEËL OOPGEMAAK.

In Openbaring word die dinge wat in die kerk en in die wêreld sal gebeur nie in volgorde nie, maar wel in groot trekke weergegee wat in die loop van die eeue, tot en met die wederkoms van Christus telkens en telkens weer sal plaasvind, met die nadruk daarop dat die aanvalle van Satan al hewiger sal word. Met die magtige en troosryke sekerheid, dat Jesus Christus die Lam wat geslag is, maar later gekroon is en gaan sit het aan die regterhand van God, die gebeure van kerk en wêreld in sy hande hou. Eers wanneer Hy 'n seël verbreek, eers as Hy 'n engel sy basuin laat blaas, dan kom daar aksie.

Aan die begin van hoofstuk 8 lees ons, dat wanneer Christus die sewende seël oopmaak — die seël wat die raadsplanne van God verseël hou, dan staan die sewe engele gereed met hulle sewe basuine wat hulle van God ontvang het, om sy opdragte uit te voer.

Daarom kan ons vas en seker glo, dat ons ewige lot rus in die Almagtige Hand, wat ter wille van ons redding deurboor is.

5 Desember. **Lees** Openb. 8:4-6. **Teks:** Openb. 8:4.

DIE REUKWERK — MET DIE GEBEDE.

Die stilte in die hemel, beteken dat alles en almal om die troon van God wag in meelewende spanning op wat sal gebeur. Die gebede van die heiliges is onvolkome, maar as hulle gemeng word met hemelse wierook, word hulle deur God verhoor. As teken daarvan word die wierookbak op die aarde gegooi.

Die stemme en die aardbewing is die tekens dat die hele skepping in beroering kom weens die oordele van God wat op hande is. Maar die engele met hulle basuine wat gereedmaak om te blaas is die gevolg van die gebede wat met wierook voor God gebring is, sodat die ellende paal en perk gestel word. So is die gebede dan ingeskakel in die raadsplanne van God.

Net soos in die hele Heilige Skrif daar geen enkel voorbeeld is van 'n sondaar of sondares — maak nie saak aan watter kwaad hulle skuldig mag wees nie — wat werklik om genade gebid het en dit nie gekry het nie, so is daar vir elke gelowige, ondanks alle verdrukking en aanvegting — genade, behoud en ewige redding.

6 Desember. **Lees** Openb. 8:7-13. **Teks:** Openb. 8:6.

DIE EERSTE VIER ENGELE BLAAS HUL BASUINE.

Die eerste vier engele kry nou opdrag om hulle basuine te blaas, en sodoende word die lewe op aarde in vier opsigte bemoeilik. Die voedsel- en watervoorsiening word gedeeltelik getref, die verkeer met skepe op see word gedeeltelik getref, en die uitvoering van die dagtaak word gedeeltelik belemmer deurdat 'n derde van die son, die maan en sterre donker geword het.

Die oordele het nog vaste perk en getuig van God se lankmoedigheid, en daarom word die dinge gedeeltelik beskadig. Tog gaan dit reeds gepaard met lewensverlies by mens en dier.

Dan kondig 'n engel wat in die middel van die hemel vlieg 'n drievoudige weë aan, wat bedoel dat die oordele nou swaarder sal word wanneer die orige drie basuine geblaas sal word.

God sal sy vyande nie spaar nie, sy kinders word gelouter, en die ondertoon van al die strawwe bly steeds: Daar is nog tyd, daar is nog genade. Bekeer julle en glo in Jesus Christus.

7 Desember. **Lees** Openb. 10:1-11. **Teks:** Openb. 10:9.

IN DIE MAAG BITTER — IN DIE MOND SOET.

Die kerk word voortdurend opgewek om te getuig van Jesus Christus. Daarom moet Johanes die boekie opeet, die inhoud sy eiendom maak om die toekomstige dinge aan te kondig. Eers moet hy die raadsbesluite van God innerlik verwerk voordat hy dit kan bekend maak.

In sy mond is dit soet soos heuning, dit wil sê die evangelie, die blye boodskap van die oorwinning van Jesus Christus oor die magte van die duisternis, is aangenaam, maar dit laat 'n stryd ontbrand tussen goed en kwaad, tussen lig en duisternis, tussen waarheid en leuen, tussen die koninkryk van God en die magte van die Bose, wat bitter is, wat sleg is.

Nie deur mag en geweld nie, maar deur Woord en Gees, word sy koninkryk uitgebrei. U en ek moet deur gebed, woord en daad, medewerkers wees van die ryk, want dit staan onwankelbaar vas: Die goeie sal die kwaad oorwin, die Godsryk sal oor die satansryk triomfeer!

8 Desember. **Lees** Openb. 11:15-19. **Teks:** Openb. 11:15.

DIE KONINKRYKE VAN DIE WÊRELD HET DIE EIENDOM VAN ONSE HERE GEWORD EN VAN SY CHRISTUS, EN HY SAL AS KONING HEERS TOT IN ALLE EWIGHEID.

Die koms van Christus op aarde as Verlosser van sondaars word vooruit aangekondig deur die geskiedenis, die wette en seremonies en die woorde van die profete van die Ou Testament. In die Nuwe Testament kom die onmiddellike voorloper van Jesus te voorskyn, naamlik Johanes die Doper, wat deur Jesus self genoem word die Elia wat sou kom (Matt. 11).

In die gesigte van Johannes op Patmos (hoofstuk 11-14) lees ons van die koms van Christus en wat dit beteken.

In hoofstuk 11 het ons die voorlopers, die aankondigers. In verse 1-14 lees ons van die twee getuies. Dit is 'n Skrifgedeelte wat ons verleë laat, omdat ons nie weet wat dit alles beteken nie. Moontlik het Johannes Moses en Elia in gedagte. Wat egter duidelik is, is dat ons met die voorlopers te doene het, die manne wat die koms van Christus aankondig.

Dan kry ons in vers 15 die sewende engel wat die troonsbestyging van God en sy Christus aankondig. Nou word God waarlik Koning van die wêreld. Dit gebeur met die koms van Christus op Kersfees, omdat Hy kom om vir ons te proklameer dat die Koninkryk van God naby gekom het. Dit het 'n parallel aan die einde van die dae wanneer Hy kom om die Koningskap volkome uit te oefen. Die kerk van die Here juig en dank God, maar die nasies is vertoorn, omdat hulle die draak dien en die Koningskap van God nie aanvaar nie. Die stryd wat met die koms van Jesus ontketen word, is juis die stryd om die finale heerskappy van God oor die ganse wêreld.

9 Desember. **Lees** Openb. 12:1-6. **Teks:** Openb. 12:5.

EN SY HET 'N MANLIKE KIND GEBAAR . . .

Van die begin af tot nou toe het God baie tekens gegee vir hulle wat oë het om te sien en harte het om te verstaan. Maar die groot teken, die teken waardeur ons ook al die ander tekens kan verstaan, is: „Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immanuel noem" (Jes. 7:14). Mattheus en Lukas vertel ons hoe God hierdie profesie van Jesaja verwerklik het in die geboorte van die Here Jesus.

In die begin van Openbaring 12 vertel Johannes ons weer van hierdie geboorte, maar nou in ander lig gesien.

Die vrou uit wie die manlike kind gebore word, is vir Johannes die hemelkoningin, beklee met die son, die maan onder haar voete en 'n kroon van sterre op haar hoof. Hierdie hemelkoningin is tegelykertyd die hemelse Jerusalem, die ware kerk wat van die begin af aan God behoort het en nooit die knie voor Satan gebuig het nie. Die Immanuel, die manlike kind wat vir ons gebore is, se „uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid" (Miga 5:1). Daarom is hierde manlke kind ook die Goddelike regeerder wat al die nasies met 'n ystersepter sal regeer.

Die visioen van Johanes trek dus vir ons die gordyn van die ewigheid weg om vir ons te wys dat die geboorte van Christus die punt is waarheen die raadsplan van God vanuit die ewigheid beweeg, sodat die Goddelike Koningskap bevestig kan word. Om hierdie rede sê Johannes ook dat haar kind weggeruk is na God en sy troon (vers 5) sonder om die aardse lewe van Christus te noem. Die visioen van Johannes sien Christus as die Koning vanuit die ewigheid na die ewigheid, wat deur die Here se geboorte in aardse tydelikheid nie verander word nie.

10 Desember. **Lees** Openb. 12:1-9. **Teks:** Openb. 12:3.

EN 'N ANDER TEKEN HET IN DIE HEMEL VERSKYN . . .

Die hemelkoningin met haar manlike kind is 'n teken wat aan Johannes getoon word — maar 'n teken wat weerspreek word (Lukas 3:34). Wanneer die vrou verskyn en in haar weë en barendsnood uitroep, verskyn Satan, die groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings. Satan is die groot bederwer wat gedurig besig is om die goeie skepping van God te probeer bederf en die goeie werk van God te probeer vernietig. Daarom staan die draak voor die vrou en wag dat sy moet baar, sodat hy haar kind kan verslind.

Op 'n ander wyse word dieselfde gedagte vir ons in die evangelie verkondig: nog voor die geboorte van die Here Jesus word die bose magte saamgetrek om Hom te probeer vernietig. Toe Herodes hoor dat die Koning van die Jode gebore sou word, het hy 'n slinkse plan bedink om die Kindjie te kan doodmaak. Om hierdie rede moes Josef en Maria ook met die Kind na Egipte vlug.

Dit is egter nie al nie. Christus is die Verlosser uit die mag van die bose, Hy is die oorwinnaar oor die Satan en die finale beslissing tussen God en Satan. Daarom praat Johannes van die oorlog in die hemel. Hy vertel ons in hierdie Skrifgedeelte nie of die oorlog voor of tydens of na die aardse geboorte van Christus plaasvind nie. Op hierdie plek is dit egter nie belangrik nie. Wat belangrik is, is dat Christus nie net hier op aarde die stryd teen die bose voer nie en dat die verlossing uit die mag van die bose nie net vir die tydelike lewe hier op aarde betekenis het nie. Dit is 'n stryd en verlossing met Goddelike ewigheidsbetekenis. Daarom word ons uit die mag van die bose verlos om daardeur die **ewige** lewe te beërwe, terwyl hulle wat aan die bose behoort, vir ewig verlore gaan.

11 Desember. **Lees** Openb. 12:9-17. **Teks:** Openb. 12:13, 14.

. . . SODAT SY NA DIE WOESTYN, NA HAAR PLEK KON VLUG . . .

In die oorlog in die hemel word die draak oorwin en op die aarde neergewerp. Die hemel is nou skoon en die stem van 'n groot menigte in die hemel ruis in 'n loflied tot eer van God omdat die aanklaer teen die heiliges neergewerp is (vers 10). Satan is egter nie vernietig nie; hy is op die aarde neergewerp en gaan hier met sy bose werk voort, sodat die skrikwekkende wee oor die bewoners van die aarde uitgeroep word.

Hier op aarde gaan die stryd voort. Die manlike kind wat gebore word, word voor sy geboorte bedreig deur die bose en na sy geboorte hou die bose aan om aanvalle op Hom te loods. Met sy kruisiging oorwin die bose skynbaar, maar sy opstanding en hemelvaart toon dat Hy die oorwinnaar oor die bose is.

Na Jesus se hemelvaart rig die bose sy aanval op die vrou, dit wil sê die kerk. Dit begin by die stigting van die Nuwe Testamentiese kerk: met die uitstorting van die Heilige Gees spot die mense deur te sê die dissipels is dronk (Hand. 2:13). Daarna volg die vervolging van die Christene in Jerusalem wat so erg word dat daar gevaar is dat die kerk vernietig kan word. God red egter die kerk deur hom op arendsvleuels weg te voer (vergelyk Ex 19:4) na 'n plek in die woestyn (Pella) wat God vir sy gemeente as toevlugsoord voorberei het.

Daarmee verkondig die Skrif aan ons dat met die koms van Christus die Satan oorwin is, maar nog nie tot niet gemaak is nie. Die Satan weet sy tyd is kort (vers 12) en hy trek met al sy verwoede mag teen die kerk los. Vir die kerk is dit groot lyding, maar die kerk weet dat die hel self die gemeente van Christus nie kan oorweldig nie; die kerk weet dat die bose verslaan is en weldra tot niet gemaak sal word. Daarom bid die kerk gedurig: „Kom, Here Jesus, ja kom gou!" (Openb. 22:20).

12 Desember. **Lees** Openb. 13:1-10. **Teks:** Openb. **13:1.**

EK HET 'N DIER UIT DIE SEE SIEN OPKOM . . .

Die koms van die Here Jesus na die aarde toe, wat ons met Kersfees herdenk, is die uur van die ewige beslissing. Vanaf die val van Adam en Eva in die sonde het die sonde voortgewoeker en het die stryd al feller geword. Die hele geskiedenis trek saam in een punt: die geboorte van Christus, sy lewe, dood, opstanding en hemelvaart, waarmee God die oorwinnende slag teen Satan slaan. Hiervandaan tot die einde wanneer God die bose finaal sal vernietig en uitdelg, het ons die stryd waar Satan weet dat hy verslaan is, weet dat sy tyd kort is en nou alles in sy vermoë doen om nog te vernietig wat vernietig kan word en saam met hom in die ewige dood in te sleep wat hy in die hande kan kry.

Luther noem die bose die „aap van God." Ons sien in hoofstuk 13 duidelik hoe die bose God na-aap:

Ons het reeds gelees van die draak, naamlik Satan wat soos God die Allerhoogste wil wees. Hoofstuk 13 vertel ons van die antichris. Soos God die opperheerser is, is die draak die opperheerser van die ryk van die duisternis; soos Christus die openbaring van God op aarde is, so is die antichris die openbaring van de draak.

Vir Johannes was die Romeinse Ryk onder keiser Nero die antichris. Daar was 'n geloof in die tyd (ook onder die Christene) dat die vermoorde Nero weer sou terugkom om oor die Romeinse Ryk te regeer en Johannes dink waarskynlik aan die Romeinse Ryk onder hierdie teruggekeerde Nero as die antichris. Aan hierdie antichris is die mag gegee oor die hele aarde, ja self ook om die heiliges te oorwin (vers 7) — waarmee aangedui word dat God nog steeds oppermagtig is.

Deur die geskiedenis heen het die antichris hom in baie gestaltes geopenbaar. In ons eie dae dink ons onwillekeurig aan die kommunisme wat een derde van die mensdom onder sy mag het en besig is om die hele wêreld te probeer oorwin. Almal wie se name nie in die boek van die lewe van die Lam geskrywe is nie, sal hom aanbid (vers 8), maar die lydsaamheid en die geloof van die heiliges sal oorwin.

13 Desemebr. **Lees** Openb. 13:11-18. **Teks:** Openb. 13:11.

EN UIT DIE AARDE HET EK 'N ANDER DIER SIEN OPKOM . . .

Die Romeinse Ryk, die antichris, is die dier uit die see. Die dier uit die aarde is die magdom van priesters in diens van die antichris om sy mag oor almal uit te brei. In Johannes se dae word die aanbidding van die Romeinse keiser op almal afgedwing en die priesters van die keiserkultus is dwarsdeur die destydse wêreld versprei om die keiseraanbiddinge te propageer, om in elke tempel en kerk 'n keiserbeeld op te rig en met die mag van die Romeinse Ryk agter hulle 'n totalitêre mag op geestelike gebied uit te oefen.

Ook in ons dae is daar die antichris, die dier uit die see (wat vanoor die see kom), maar ook die dier uit die aarde. Die antichris het sy priesters en profete dwarsdeur die wêreld om sy naam te verkondig en te propageer —ook hier by ons; ook uit ons aarde het hulle opgekom. Hierdie priesters en profete het 'n wêreldmag agter hulle en allerlei wonders word vir ons vertel wat die antichris gedoen het. Nog groter is die wonders wat in sy naam belowe word, naamlik 'n enige wêreldvrede vir alle mense. En sy mag is totalitêr — hy gee sy teken aan die wat aan hom behoort en alleen hulle het voorregte, terwyl die res vervolg en verdruk word (verse 16, 17).

Die getal van die dier (666) wys op keiser Nero. Ons moenie allerlei speletjies met die getal probeer speel en dit op allerlei willekeurige magte en mense probeer toepas nie, want dit was 'n getal om in daardie dae op 'n geheime manier keiser Nero uit te wys. Ons moet liewer deur studie, bepeinsing en gebed die antigoddelike en antichristelike magte van vandag onderskei vir wat hulle is. Want soos die antichris was in die dae van Johannes, so is hy vandag nog, net sy uiterlike verskyningsvorm het verander; en soos gelowiges destyds deur geloof en lydsaamheid en volharding oorwin het, so sal ook ons vandag oorwin.

14 Desember. **Lees** Openb. 14:1-5. **Teks:** Openb. 14:3.

EN HULLE HET 'N NUWE LIED GESING . . .

Die geboorte van Christus is die begin van die laaste, finale stryd teen die bose. Dit is 'n ontsettende stryd wat in sy verskrikking alle menslike verbeelding te bowe gaan. Maar die gelowiges weet ook dat dit die begin van die finale oorwinning oor en die finale uitdelging van die bose is.

In de gesigte van Johannes word dit alles vir ons baie duidelik getoon: die hemelkoningin wat die manlike kind baar en die krampagtige pogings van die bose in sy verskillende gestaltes om die werk van God tot niet te maak.

Dit moet egter uitloop op die finale oorwinning waar die Lam met sy skare uitverkorenes op die hemelse Sionsberg in heerlikheid staan. Die skare sing 'n nuwe lied, 'n lied van so'n hemelse heerlikheid dat net hierdie hemelse skare dit kan leer, want hulle is heeltemaal van die aardse onvolmaaktheid vrygemaak.

Die skare wat sing is hulle wat hulle nie met vroue besoedel het nie, terwyl die diere uit die see en die aarde besoedel is met alles wat vuil is en veral die vrou gebruik. Die skare is hulle wat die Lam volg, terwyl

die diere en hulle volgelinge die draak volg. Die skare is gekoop vir God en die Lam; die ander is gekoop vir die draak. In die mond van die skare was geen bedrog nie, terwyl die draak die groot bedrieër is en al sy volgelinge leef van bedrog. Die skare is sonder gebrek, dus volmaak. As daar soiets kan bestaan, is die draak ook volmaak — die volmaakte boosheid.

Daarom sing die skare 'n nuwe lied, 'n lied wat net hulle kan leer.

15 Desember. **Lees** Openb. 15:1-8. **Teks:** Openb. 15:1-4.

GODS TOORN OPENBAAR SY HEILIGHEID.

In die laaste paar verse van hoofstuk 15 het Johannes die voleindigde toorn van God oor die goddelose wêreld geteken onder die beelde van die graanoes en die wynoes. In hoofstuk 15 gaan Johannes aantoon dat daardie voleindige toorn van God nie van haat spreek nie maar van sy heiligheid. Die toornige God is ook die heilige God. Die goddeloses word soos koring afgesny en soos druiwekorrels in die parskuip getrap. Die Psalmdigter sê mos:

„Soos was wat smelt voor hitte en vuur,
Het almal voor Gods glans geen duur
Wat goddelooslik lewe."

En die gelowiges? Soos Israel na die deurtog deur die Rooi See as oorwinnaars op die oorkantste wal van die Rooi See gestaan het sal die gelowiges ook eenkeer op die anderkantste wal van die see van God se oordele as oorwinnars staan. Soos Israel op die anderkanste wal die oorwinningslied gesing het, so sal die gelowiges ook eenmaal hul oorwinningslied sing. En daardie lied sal 'n magtige danklied wees. Hulle sal God roem en prys wat uit grondelose barmhartigheid sy Seun gegee het om die weg deur die see van sy toorn en oordele vir hulle te baan. Wie daardie weg bewandel sal nie in die see van Gods toorn en oordele ondergaan nie. Wie daardie weg bewandel kan nooit onveilig wees nie.

Is u op daardie pad?

16 Desember. **Lees** Openb. 15:5-8. **Teks:** Openb. 15:5-8.

GODS TOORN OPENBAAR SY HEERLIKHEID.

Die voleindigde toorn van God oor die goddeloses openbaar nie net sy heiligheid nie maar ook sy heerlikheid. Volgens vers 6 het die sewe engele met die sewe plae uit die tempel gekom. Die tempel is die woonplek van God. Hierdie engele kom dus van God af. Elkeen van hulle het 'n goue skaal in die hande. Die skale is vol van die grimmigheid van God. Hulle kom om die doodvonnis wat oor die goddelose wêreld uitgespreek is te voltrek. Die toorn van God het ontbrand oor die ongeregtigheid van die mense en dit kan nie meer gekeer word nie. Niemand kan ook meer vir die goddeloses as voorspraak gaan optree nie. Die tyd van genade is verby. Die uur van vergelding het aangebreek.

Wat 'n vreeslike gedagte. God wat sy Seun gegee het tot in die dood toe sal nie toelaat dat die kosbare bloed van sy Seun vir altyd vertrap word nie. Wie die heerlikheid van God nie in die krip van Betlehem en aan die kruis van Golgota wil raaksien nie, sal dit sien in die rook en vuur van die gerig. Wie die eer en die heerlikheid nie in hierdie lewe aan die Here wil gee nie sal dit eenmaal gee waar hulle buk en krul onder die oordele van die Here. Ons lewe nog in die welaangename tyd. Dit is nog die dag van verlossing. „Neig julle oor en kom na My toe, luister, en julle siel sal lewe."

17 Desember. **Lees** Openb. 16:1-9. **Teks:** Openb. 16:11.

GODS GRIMMIGHEID WORD OP DIE AARDE UITGESTORT.

Volgens vers 1 kry die sewe engele die opdrag om die skale wat vol is van die grimmigheid van God op die aarde uit te gooi. Volgens vers 2 is hulle gehoorsaam. En wat is die gevolg?

Toe die eerste engel sy skaal omkeer, het kwaai en bose swere aan die mense uitgekom. Wat 'n afskuwelike gesig! Wat 'n lyding!

Toe die tweede engel sy skaal omkeer, het die see een geweldige bloedplas geword en al die lewende wesens in die see het gesterwe.

Toe die derde engel sy skaal omkeer, het al die riviere en waterfonteine bloed geword. Moet dit vreeslik wees om van honger te sterwe net so vreeslik moet dit wees om van dors te sterwe.

Toe die vierde engel sy skaal omkeer, het die son soos 'n vuurbal geword wat alles verskroei en verbrand.

Dit was alles 'n totale ontwrigting. En wat dit nog erger maak is die erkenning dat dit hulle verdiende loon is. Dit is 'n pynlike besef dat God se oordele waaragtig en degverdig is. Selfs die engele bevestig dit. Gedurende Jesus se omwandeling op aarde het Hy tydig en ontydig by die mense aangedring tot lewensverandering. Eeuelank roep sy gesante al die mense tydig en ontydig op tot bekering. Het u daardie geroep al met 'n positiewe reaksie beantwoord? Het u die bose weë al verlaat?

18 Desember. **Lees** Openb. 16:1-9. **Teks:** Openb. 16:9.

GEEN BEKERING MAAR VERHARDING.

Volgens die eerste paar verse van hierdie hoofstuk het die eerste vier engele hulle vol van die grimmigheid van God op die aarde uitgestort. En wat was die uitwerking daarvan? In plaas van hulle te bekeer het hulle God gelaster. In plaas van tot God te roep om vergewing pak hulle die skuld vir hulle lyding op God. Hulle harte het dus totaal verhard geword.

En so gaan die onbekeerde die ewigheid in met afskuwelike lasteringe op die lippe, met vloeke in die mond en met haat in die hart. En wat sal die ewigheid vir so 'n mens wees? Wat kan dit anders wees as bitterheid en ellende? Dink maar aan die bitterheid en lyding van die rykman toe hy in die plek van die pyniging gekom het. Die ewige volkome lyding kom vir die ongelowiges na die finale oordeel waneer die goddelose na liggaam en siel vir ewig sal wegsink in die plek van pyniging. Sonder Christus in die ewigheid beteken 'n ewige geween en gekners van die tande. Met Christus in die ewigheid beteken volkome en nimmereindigende heerlikheid en saligheid.

19 Desember. **Lees** Openb. 16:10-21. **Tks:** Opnb. 16:17.

DIE VERDERE UITSTORTING VAN GODS GRIMMIGHEID.

In hierdie gedeelte vertel Johannes dat die ander drie engele ook hulle skale wat vol is van die grimmigheid van God op die aarde uitgooi. En wat is die gevolg? Die vyfde engel keer sy skaal om oor die dier. Die dier is die antichristelike staatsmag. Die dier wys dus op daardie staatsmag wat homself tot God verhef. Toe die engel die skaal daarop omkeer het die onderdane begin om hulle tonge te kou. Dit wys op namelose ellende en geweldige lyding.

Die sesde engel keer sy skaal op die Eufraat om en die gevolg was dat sy water opgedroog het. Net soos die waters van die Eufraat opgedroog het en Cyrus die geleentheid gegee het om Babel in te val, net so sal die goddelose wêreld die stad van die Christendom inval. Die hele goddelose wêreld sal die magte teen die Christendom saamspan en probeer om die Christendom te oorweldig.

Die sewende engel het sy skaal in die lug omgekeer. En die gevolg? Daar het donderstemme gekom en aardbewings ensovoorts. Alles word verpletter. Daar kom ook 'n stem van die troon van God wat sê: „Dit is verby."

Dit is vreeslik. Dat die goddeloses gestraf word is verstaanbaar maar dat hulle sò vreeslik gestraf word. Ja, so word elke veragter van God, van sy Woord en die sakramente gestraf. So straf God elke mens wie se sondes nie deur die bloed van Christus uitgewis is nie. Hy wat die versoening van Christus verag sal die beker van Gods grimmigheid tot die droesem toe moet ledig Jesus Christus het gekom om vir die gelowiges hulle skuld te betaal en plek te berei in die Vaderhuis.

20 Desember. **Lees** Openb. 17. **Teks:** Openb. 17:14.

DIE HEILIGES WORD VERVOLG.

Hoofstuk 16 is afgesluit met die woorde: „Dit is verby." Nou volg hoofstuk 17 waarin die laaste stuiptrekkings van die goddelose wêreld geteken word. Die slegte vrou stel hier die antichristelike verleidingsmag voor. Daardie antichristelike verleidingsmag doen alles in haar vermoë om die mense met die Here te laat breek en hulle van die Here af weg te lei. Sy is verder ook nog baie onverdraagsaam. Hierdie goddelose verleidingsmag kan dit net nie verdra dat party mense haar aanbiedinge verwerp nie. Sy kan ook nie begryp dat die heiliges nie bang is vir haar goddelose dreigemente nie, daarom vervolg sy hulle.

In elke tyd het sy haar vervolgingstegnieke. In die een tyd is die vervolging en verdrukking van die heiliges erger en bloediger as in 'n ander tyd. In die een tyd word hierdie heiliges op die brandstapels gepaas, dan weer word hulle voor die wildediere gegooi, en les bes word hulle uit hulle werk geskop.

Die gelowiges word vervolg en verdruk. Maar die gelowiges het tog 'n heerlike troos want hulle weet dat daardie vrou, die antichristelike verleidingsmag, verpletter sal word. Die gelowiges het die versekering dat hulle as oorwinnaars uit die stryd sal kom. Hulle sal miskien bebloed, gehawend en vermink daaruit kom, maar tog uit kom as oorwinnaars. As oorwinnaars omdat Jesus Christus die Oorwinnaar is en almal wat waarlik in Hom glo het deel in sy oorwinning.

21 Desember. **Lees** Openb. 18. **Teks:** Openb. 18:2.

DIE VAL VAN BABILON.

Hoofstuk 18 begin deur te sê dat 'n magtige engel uit die hemel neergedaal het en dat hy met 'n groot stem geroep het: „Geval, geval het die groot Babilon." Die stad staan nog en sy gaan nog voort met haar verleidingswerk maar haar val is so seker dat dit hier beskrywe word asof sy reeds geval het. Die eenmaal so pragtige en weelderige stad word nou woonplek van die duiwels en die versamelplek van allerhande onreine geeste en haatlike voëls. Babel gaan onder maar die

heiliges word toegeroep: „Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie gemeenskap met haar sondes mag hê en van haar plae ontvang nie." Die uitgaan uit Babel wil sê dat die Godsvolk geen gemeenskap met haar goddeloosheid moet hê nie. Hulle moet uitgaan sodat hulle nie verstrik raak in haar verleidinge en verlokkinge nie. Hulle moet uitgaan want wie sy hart op die wêreld sit, sal ook deel in die plae wat oor die wêreld kom.

Dit mag baie keer vir die Godsvolk lyk asof die Here hom vergeet het en asof die Here vir hom nie meer omgee nie. Dit mag baie keer vir die gelowiges lyk asof die Here hulle ellende nie raaksien nie en hulle hulpgeroepe nie hoor nie. Dit lyk maar net so. Dit is nie werklik so nie. Op sy tyd gryp Hy verlossend en reddend in. Die Here sluimer of slaap nie.

22 Desember. **Lees** Openb. 19:1-10. **Teks:** Openb. 19:1.

DIE MENIGTE IN DIE HEMEL JUIG.

Die groot menigte in die hemel loof die Here onse God omdat: Ten eerste, Babilon uitgedelg is Babilon — simbool van alles wat valse godsdiens is, van elke afval van die lewende God en van die wêreld-leuengees.

Met die val van Babilon word uitgedelg die totaal van alle antichristelike magte. Tot selfs die geringste teken van sonde, goddeloosheid en dood word vernietig. Die oordeel oor Babilon bring 'n toestand van uiterste ellende en verlatenheid oor die duiwelgesinde mense van die aarde.

Maar in die hemel is vreugde, gejuig, blydskap, „halleluja", „en aanbid. God wat op die troon sit." Die ganse kerk van die Oue en Nuwe Testament sing saam. Die kerk in die hemel kan nie ophou om die HERE te loof nie. „Die heil en die eer en die krag aan die Here onse God."

Vir ewig is die kerk van hierdie wêreld vry.

„Halleluja" is: Loof die Here!

Ten tweede juig die menigte in die hemel oor die bruilof van die Lam. Onse Here Jesus Christus is die Lam, die Bruidegom. Ps. 45:6-9; Joh. 3:28, 29; Matt. 25:1-13.

Die bruid is die hele kerk, al die gelowiges van alle tye, uit al die nasies. Die skoon wit linne waarmee die bruid van Christus beklee is, is die geloof en goeie werk van die gelowiges uit dankbaarheid vir al die weldade wat die Here aan sy kerk bewys het, vir die verlossing deur sy offer, „ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel." Ef. 2:10. 'n Ywerige lidmaat van die kerk is 'n gelowige van Christus Jesus. Die gelowige in Christus Jesus kry deel aan die bruilofsfees van die Lam in die hemel. „Salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam."

Bid God dat u gereed mag wees vir die ewigdurende verbintenis met Christus.

23 Desember. **Lees** Openb. 19:11-21. **Teks:** Openb. 19:11.

DIE FINALE OORWINNING VAN JESUS CHRISTUS OOR DIE ANTICHRIS.

Johannes het 'n visioen gehad. Hy het die hemel geopend gesien. Ook het hy 'n engel sien staan in die son. En hy het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien.

Die goddelose mense glo nie aan die wederkoms van Christus vir die laaste oordeel nie. Nee, die ongelowiges, die spotters en wêreldlinge leef te lekker voort van dag tot dag; hulle het hulle siele verruil vir die sondige, tydelike, wêreldse dinge; hulle bedink aardse dinge; hulle wandel as vyande van die kruis van Christus; hulle god is die buik en hulle eer is in hulle skande. Filipp. 3:18. Hierdie mense bly blind in hulle sonde en het nie berou nie.

Die gees van die antichris stook die heidendom op teen die Christendom, teen Christus en sy gelowiges.

En dan verskyn Christus op die toneel; soos 'n Oorwinnaar en die regverdige Regter. Op 'n wit perd. Nou kom Hy nie as die Man van Galilea nie, maar nou kom HY as Regter om ook almal te verdelg wat Hom teengestaan het.

'n Perd is die dier vir die oorlog. Wit is die kleur van oorwinning. Sy vurige oë dring deur tot in elke sondige gedagte, woord en daad. Hy kom volkome wraak neem op elke vorm van ongeregtigheid. Hy kom om die sonde, die duiwel, die dood en die hele duiwelryk totaal en finaal tot niet te maak.

Hy verpletter sy vyande eenvoudig met die Woorde van sy mond. Sy Woord is sy swaard. Deur sy Woord word sy vyande verslaan. Deur sy Woord word hulle geoordeel. Deur sy Woord ontvang hulle hulle volledige straf.

Woord van God is sy Naam.

Sy Naam is bo elke ander naam, en so is Hy die Koning van die konings en Here van die here.

24 Desember. **Lees** Openb. 20:1-15. **Teks:** Openb. 20:11.

DIE LAASTE OORDEEL.

In die profétiese rede oor die ewige lewe en die ewige straf, sê Jesus in Matt. 25:26: voor Hom, op sy heerlike troon, sal al die nasies versamel word, en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei. Die Koning sal vir dié wat aan sy regterhand is sê: Kom, geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle weggelê is van die grondlegging van die wêreld af. Vir dié aan sy linkerhand sal Hy sê: Gaan weg van My af, julle vervloektes, in die ewige vuur wat berei is vir die diuwel en sy engele.

En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe.

In Joh. 5:28, 29: „Daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling."

Alle mense, slegtes en goeies, wat ooit geleef het, van Adam af tot die laaste een kom in die oordeel. Almal sal voor God verskyn, klein en groot. Eens magtige heersers en onderdane, slimgeleerdes en domeenvoudiges, rykes en armes. Almal sal met eie liggame voor God staan.

Vir die slegtes en ongelowiges is daar nie hoop nie.

Die gelowiges het nie rede om bang te wees nie, want Jesus self tree vir hulle in.

Die Regter op die troon is God self. God oordeel almal op grond van hulle verhouding tot Jesus Christus, die Middelaar tussen God en die mense. Almal word geoordeel volgens wat daar in die boeke geskrywe

staan, volgens hulle werke. Die boeke getuig dat alles regverdig geskied. Elkeen sal ontvang volgens wat hy geoden het, goed of kwaad. Die wat nie geglo het nie, is veroordeel en word verwerp in die poel van vuur, die tweede dood, die ewige verwerping. Verskriklike werklikheid! Vir die wat in Jesus Christus geglo het is daar geen veroordeling nie. Vir altyd by Jesus. Geskrywe in die Boek van die Lewe.

25 Desember Lees Openb. 21:1-8. **Teks:** Openb. 21:6.

KERSFEES: CHRISTUS DIE BEGIN EN DIE EINDE.

Die engel het vir die herders gesê: „Vandag is gebore die Saligmaker wat Christus, die Here, is." Luk. 2:11. Toe Johannes, die Doper, na Christus verwys het, het hy gesê: „Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem." Joh. 1:29. Daarvoor moes Jesus die sonde-offer wees. Hy het die straf van die sonde gedra. Hy was gehoorsaam tot die dood toe, die dood van die kruis. „Daarom het God Hom 'n Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Christus Jesus sou buig elke knie wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader." Filipp. 2:9-11.

Die kindjie van Betlehem is die gekruisigde Christus van Golgota, is die Oorwinnaar oor die dood, is die Heer in die hemel aan God se regterhand waar Hy vir ons intree, ons Saligmaker en Here.

Die Skrif sê die wat in Hom glo het die ewige lewe, is oorwinnaars, oorwin die wêreld, is die kinders van die opstanding, is lewend gemaak saam met Christus, en saam opgewek en saam in die hemele gesit in Christus Jesus.

Hierdie woorde is getrou en waaragtig.

Die gelowige in Christus beërf alle, saam erfgenaam met Jesus Christus. Kersfees, boodskap van ewige redding vir die wat in Jesus Christus glo. Kersfees boodskap ook van ewige verwerping vir die wat Hom ongehoorsaam is; die wat hulle skaam vir sy evangelie; die ongelowiges wat openlik die evangelie verwerp en Christus teenstaan; die gruwelikes wat moord pleeg en bedrieg en afgode dien en leuenaars; die wat hulle nie bekeer tot God nie en hulle sondes bely nie.

Die water van die lewe is vir die wat hulle oorgegee het aan Jesus Christus en vergewing van sondes ontvang het.

Kersfees is die fees van die geloof in Jesus Christus, en van die hoop op die ewige heil, en van die liefde van God.

26 Desember. Lees Openb. 21:9-27. **Teks:** Openb. 21:27.

DIE KERK, DIE BRUID, DIE VROU VAN DIE LAM.

Wat glo ons van die heilige, algemene kerk?

Dat die Seun van God uit die ganse menslike geslag die uitverkorenes tot die ewige lewe, deur sy Woord en Gees vir Hom tot 'n gemeente byeenbring waarvan ons glo dat ons lewende lidmate is en dit ewig sal bly. Van die begin van die wêreld af tot aan die einde toe vergader, beskerm en onderhou Hy sy kerk. (Sondag 21).

Die opregte, ware gelowiges is dan ook intiem persoonlik die eiendom van die Here Jesus Christus. Al die were, lewende en gelowige lidmate van alle Christelike gemeentes vorm saam èèn kerk waarvan Jesus Christus die Hoof is. Van ewigheid af is hulle name geskrywe in die boek van die lewe van die Lam.

In die kerk is ons altyd by Christus omdat Hy altyd by ons is. In die kerk gaan dit om Christus alleen.

Al die gelowiges van die Oue en Nuwe Verbond is één in Christus. Die verlostes van die nuwe Jerusalem is van elke nasie in die skepping. Hier verstaan hulle mekaar en almal kan die woorde van die nuwe lied sing tot eer van God en Jesus Christus, Niks van enige sondigheid, onreinheid en leuenagtigheid sal daar wees nie — almal uitverkorenes van Jesus Christus en gered deur die geloof in sy Naam. In die Persoon van Jesus Christus woon God se heerlikheid tussen die gesaligdes. En hulle aanbid God onophoudelik.

Terwyl Babilon, beeld van al die teengoddelike magte, verdelg is in ewige verlatenheid en pyn, is in die nuwe Jerusalem 'n altydskynende lig, volmaaktheid en glorieryke vreugdeliedere.

Ons mag juig en jubel dat ons name geskrywe staan in die boek van die lewe van die Lam, op grond van ons geloof in Jesus Christus, die hoof en Heer van die kerk, waarvan ons lidmaat mag wees.

27 Desember. **Lees** Openb. 22:1-6. **Teks:** Openb. 22:1-6.

DIE PARADYS VAN GOD.

Hier eindig Johannes se visioen van die nuwe Jerusalem.

Hier word die lewe en seën en vrede van die verheerlikte kerk beskrywe in die beeld van die hemelse paradys. Aan die gemeente van Efese in Openb. 2:7 het die Here Jesus reeds laat weet: Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne-in die paradys van God is."

Die rivier van suiwer water was nie werklike rivier en werklike water en boom en vrugte nie, maar in visioentaal word die gelukkige, geseënde en gesaligde bestaan van die gelowiges in die hemelse gemeente vertel. Die hemelse Vader het die groot werk van sy genade volbring, en het alles in almal geword.

Die beeld van die aardse het verdwyn, en daarmee saam die moeite, kommer, hartseer, pyn en sonde, die straf en die dood. Die hemelse het ons deel geword met die bevryding van die sonde en die dood. „Soos ons die beeld van die aardse gedra het, so sal ons ook die beeld van die hemelse dra." 1 Kor. 15:49.

Die eerste Adam was 'n beeld van die tweede Adam, Jesus Christus.

Die tydelike Sabbat was die beeld van die ewige Sabbat.

Die eerste paradys was die beeld van die paradys van God in die nuwe Jerusalem, waar alles en almal heilig is. Deur Jesus Christus is die kerk oorwinnaar, sonder smet, onsterflik, hemels. Die Gees van Jesus en die Vader laat 'n aanhoudende stroom van seëninge oor die geheiligdes vloei. En die lewe van God in Christus vul die hele kerk met al sy verlostes. God se wil word deur almal gedoen. Daar is geen veroordeling meer nie. Ons sal Jesus Christus sien soos Hy is. Ons deel in volmaakte kennis van God.

Almal sing saam, dien saam, regeer saam met Christus. Konings en priesters van God, ons Vader. Dit hou nooit weer op nie.

28 Desember. **Lees** Openb. 22:6-21. **Teks:** Openb. 22:20.

DIE HERE JESUS KOM!

Met hierdie verse lees ons die slotrede van die boek Openbaring. Die hoofgedagte in hierdie slotrede is die spoedige koms van die Here Jesus Christus. Die HEER kom! Nie minder nie as sewe keer in hierdie paar verse word die opmerking gemaak dat die Here kom.

Dit is ook die hoofonderwerp van die hele boek dat die Here spoedig kom. Die kerk mag nooit vergeet nie dat die Here weer kom. Die lidmate van die kerk wat dit vergeet verflou in die geloof in Jesus, en die

Hy kom egter verseker, Hy kom so gou dit die regte tyd is. Die maat moet vol word. Al die gelowiges moet vooraf bymekaar gebring word. Die kerk moet eers vol word uit al die nasies van die uitverkorenes. Die totale afval moet plaasvind. Die antichris en al die goddelose magte moet saamnoer. Die Eose wêreldmag moet gevorm word.

Al hierdie dinge is besig om na die eindpunt toe te ontwikkel. En as dit voltooi is, kom Jesus.

Gedurende al hierdie voortgaande tye en ontwikkelinge, spreek die kerk die Here-God se vermaninge en tug, en bedien die kerk God, die Here, se beloftes en Woord.

Die gevolge van God se Woord is tweevoudig. Daar is diegene wat gehoor gee en luister en gered word. Daar is diegene wat ongehoorsaam bly en hulle verhard. Die groot verskil tussen die kinders van God en die mense van die wêreld sal al duideliker word. In die hemel kom net die wat gewas is in bloed van die Lam, dit is die wat in Jesus Christus geglo het, die Lam van God wat die sonde van die wéreld wegneem.

Die hele kerk sê aanhoudend saam: „Kom, Here Jesus!"

Die genade van onse Here Jesus sy met julle almal.

29 Desember. **Lees** Luk. 2:25:35. **Teks:** Luk. 2:25.

HEILSVERWAGTING.

Die oue aartsvader Jakob het terwyl hy sy seuns voor sy sterwe geseën het, uitgeroep: „Op U verlossing wag ek, Here!" Gen. 49:18.

Hierin spreek die sterk heilsverwagting waarin hy, soos baie voor en na hom gelowig kon sterwe, „sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit in die verte gesien en geglo en begroet" — Hebr. 11.

Hier is 'n heilsverwagting gegrond op die beloftes en die getrouheid van God en wat op Gods tyd vervul sal word.

God self het hierdie heilsverwagting deur die eeue heen in die harte van sy uitverkorenes brandende gehou.

Die gelowiges het gesing, die profete het getuig, die offerdiens het dit afgebeeld: Die Messias kom!

Hoe wonderlik spreek hierdie heilsverwagting by die vrome Simeon waar hy die Christuskind in sy arms neem en met 'n blye, dankbare lofsang Hom groet! Innig het hy van God gebid en begeer om nie te sterwe nie voordat hy nie die Christus van die Here gesien en gehuldig het nie. Die Heilige Gees het dit so aan hom openbaar en vervul toe hy deur die Gees in die tempel gekom het en Maria en Josef die kindjie Jesus in die tempel gebring het.

Heerlige oomblikke! Heerlike gewaarwordinge! Hy mag aanskou, ja in sy arms neem die langverwagte Heiland, die Saligheid van God.

Met diepe ontroering bruis dit op uit sy brandende hart tot lof van God.

„Nou laat U, Here u dienskneg gaan in vrede na u woord, omdat my oë u verlossing gesien het, wat U berei het voor die oë van al die volke- 'n lig tot verligting van die nasies en tot heerlikheid van u volk Israel."

Leef die heilverwagting ook in ons harte? Is ook ons deur die Gees gelei en het ons die Kindjie Jesus, ons Verlosser, met die geloofsoog aanskou?

Kan ons die einde van die jaar, ja, ons lewenseinde tegemoet gaan in volle vrede?

Laat ons dit van God gelowig bid.

30 Desember. **Lees** Luk. 2:36-40. **Teks:** Luk 2:38.

GESEËNDE VOORBEELD.

Die vorige Skrifgedeelte skilder voor ons gees die gryse Simeon van wie mooi dinge gesê word. Hy was „regverdig en vroom en het die vertroosting van Israel verwag en die Heilige Gees was op hom."

Ons sien hom in die tempel in sielsontroering met die Kindjie Jesus in sy arms en ons verneem sy heerlike getuienis aangaande Jesus.

God het dit in sy alwysheid so beskik dat ook 'n vrou, Anna, die profetes, daar in die tempel van Jesus getuig. Sy was 'n weduwee van omtrent vier en tagtig jaar. Ook van haar word mooi en heerlike dinge gesê. Sy was 'n vrome vrou van onberispelike karakter. Sy het nie weggebly van die tempel nie en met vaste en gebede God gedien nag en dag. Sy het die huis van die Here liefgehad. Sy kon saam met Dawid sê: „My siel verlang, ja, smag na die voorhowe van die Here."

Sy was 'n vrou van groot selfverloëning. Vir die opbouing en verryking van haar geestelike lewe het sy haarself geen moeite gespaar nie. Verskonings maak om God te dien was eenvoudig buite haar gedagte. Sy het in gedurige geloofsgemeenskap met God gelewe.

Dit was ook aan haar gegun om die langverwagte Messias te sien, voordat sy in vrede sterwe. Haar geloof is in aanskoue en haar hoop in sekerheid verwissel.

Die kroon op 'n lewe van toewyding en liefdediens deur die geloof in God.

Mag ons genade ontvang om die voorbeeld van Simeon en Anna en sovele gelowiges in die Here te volg. Dat dit ook van ons gesê mag word dat ons nie weggebly het van die huis van die Here nie, maar Hom in sy huis prys en met gebede dien. Wat 'n seën sal dit nie in die gemeente van Christus bring nie en vreugde en vrede in ons huise en harte tot verheerliking van God.

31 Desember. **Lees** Luk. 3:1-20. **Teks:** Luk. 3:4.

EVANGELIEVERKONDIGING.

Johannes die Doper tree op as die eerste groot boeteprediker van die Nuwe Testament. Hy kondig die koms van die nuwe hemelse koninkryk aan. Hy roep tot bekering almal wat na hom toe kom. „Bekeer julle want die koninkryk van die hemele het naby gekom."

Die skare is aangegryp deur sy prediking, ja so dat terwyl die volk in afwagting was hulle oorweeg het of Johannes nie miskien die Christus was nie.

Johannes stel dit baie duidelik dat hy slegs die wegbereider van Christus is. Hy doop wel met water, maar Hy kom, sê Johannes „wat sterker as ek, wie se skoenriem ek nie waardig is om los te maak nie. Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur."

Daar wag vir die volk, die gemeente van die Here nog heerlike dinge. Dink aan die Pinksterdag. Dink aan die genadewerkinge van die Heilige Gees in die harte van mense die eeue deur.

Johannes wil die oë van sy volk en vereerders van homself afwend, en dit op Christus rig. Jesus Christus moet die middelpunt van al hulle verwagtings wees, en ook Hy alleen.

Wat hom, Johannes, betref, hy wil minder word sodat Christus meer kan word. Hy is maar 'n stem, 'n uitverkore werking in die hand van God. Daarin lê ook die volmag van sy roeping. Daar moet nie na hom geluister word nie, maar deur hom na die stem van Godswoord.

Deur die stem, die klank van die goddelike woord, die evangeliestem, word ondanks al die teenstand en vyandskap die eeue deur die koninkryk van God uitgebrei. Deur sy Woord en Gees vergader God vir Hom nog steeds die uitverkorenes tot die ewige lewe.

In die prediking van die Woord is ons oë die afgelope jaar weer eens gerig op Jesus, die Gekruisigde, opgestane en verheerlikte Here, ons enigste Middelaar, Verlosser, Hoof en Heer.

Daarom bly dit vir die toekoms ook ons diepste geloofsoortuiging: „Die Woord van die Here bly tot in ewigheid."

En dit is die woord wat aan julle verkondig is.